University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

# NARRATIEWE PASTORALE EGSKEIDINGSMEDIASIE: STORIES VAN HOOP

deur

**JAN ADRIAAN BOTHA**

**Voorgelê ter vervulling van die graad**

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

**in**

**PRAKTIESE TEOLOGIE**

**aan die**

**Fakulteit Teologie**

**van die**

**Universiteit van Pretoria**

**Studieleier: Prof JC Müller**

**Pretoria**

**November 2003**

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

# DANKBETUIGINGS

Dit is vir my 'n voorreg om by die voltooiing van die navorsingstudie my dank en waardering aan die volgende persone en instansies te betuig:

- Ek wil in die eerste plek al die lof, eer, dank en aanbidding aan God my Vader en Skepper, aan Jesus Christus, my persoonlike Verlosser en aan die Heilige Gees wat in en deur my werk, bring. Ek weet dat die woorde van Joh.10:28 nog al die jare my gedra het ten spyte van moeilike tye waar Jesus sê: "Niks of niemand kan julle uit My hand ruk nie." Dankie dat U genade nog altyd vir my genoeg was en dat U my nog altyd vasgehou het. Ek hoop van harte dat U sal glimlag oor my lewe en die pad vorentoe.
- Ek wil net baie dankie sê aan my vrou Hanlie, wat my die afgelope twee en 'n half jaar emosioneel en geestelik ondersteun en gedra het. Dankie ook vir haar insette as medenavorser in my navorsing asook vir al die tikwerk, die redigering en proeflees daarvan, asook vir al die harde werk en deursettingsvermoë saam met my.
- Aan my dogter Marie-Louise wat self as 'n medenavorser opgetree het met al die jare se deel van emosies, menswees en liefde na die egskeiding wat ons saam moes verwerk het.
- Aan my ma, Lulu Botha wat deur jare se gebede, ondersteuning, liefde en aanvaarding, altyd daar was ten spyte van moeilike omstandighede. Pa Japie, wat reeds drie jaar gelede oorlede is, al die dank en eer vir al sy opregte belangstelling, ondersteuning en liefde. Ek dink hy sal vandag ook kan glimlag ...... Dankie vir twee ouers wat my van kleintyd af deur hul lewens gewys het wat liefde is, en hoe Jesus sigbaar kan raak deur 'n mens se voorbeeld ook op aarde.
- 'n Woord van dank aan my skoonouers, pa Johan en ma Douwlien, vir hul gebede, ondersteuning, liefde en aanvaarding deur al die jare. Dankie dat julle altyd daar was vir my en my positief aangemoedig en ondersteun het in my studies en ons sterk gemaak het in ons bediening. Ons is trots op julle en kan ook Jesus in al julle

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

doen en late sien. Dit straal ook uit as ‘n voorbeeld aan soveel ander mense, in wie se lewens julle ook elke dag ‘n verskil maak.

- Aan die res van ons familie, broers, susters en andere wat ons die afgelope twee en ‘n half jaar ondersteun het, en altyd beskikbaar was vir raad en leiding. Dankie vir julle vriendskap en die verskil wat julle ook deur die uitlewing van jul Christenskap daarbuite maak.
- My navorsingsleier, prof. Julian Müller, wat my die afgelope drie jaar begelei het en my toegerus het in die narratiewe paradigma om wyer en nog meer kreatief te dink.
- ‘n Woord van dank aan my MA en PhD studiegroep, wat die afgelope drie jaar waardevolle insette in my eie menswees asook in my navorsing gelewer het. Julle het ook as medenavorsers opgetree en dit word opreg waardeer.
- Aan Retha Kruidenier van die Algemene Inligtingsdiens, die biblioteek te UP, vir al haar geduld, harde werk en opsoek van bronne en verwysings in die hele navorsingsproses. Dankie vir jou vriendelikheid en al die harde werk. Ek kon altyd op jou staat maak.
- Aan die Universiteit van Pretoria, vir die finansiële steun vir die voltooiing van die PhD graad.
- ‘n Paar woorde van dank aan mev. Maretha Conradie, ons goeie vriendin, wat die taalversorging van die navorsing so noukeurig en korrek hanteer het. Dankie vir al die jare se ondersteuning en liefde en dat jy altyd daar is.
- Aan mev. Caroline Huyser, vir al die ure wat ons saam gesit en tik het by die rekenaar, wat nog soms gestol het ook en vir al die lekker lag. Jy was altyd ‘n staatmaker en al die aande wat ons vir drie ure moes sit en werk, was die moeite werd, omdat jy altyd professioneel opgetree het.
- Die NG Gemeente Florauna, vir die langverlof en al die ondersteuning en gebede van gemeentelede word opreg waardeer.
- Aan my kollegas by NG Gemeente Florauna, Schalk Naudé, Frik du Plooy, Herman Carelsen, Pieter Badenhorst, Wynand Olivier, Sors Geldenhuys, oom Albertus van Wyk, oom Kobie Lubbe en Heidi Venter, vir al die gebede en ondersteuning en

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

wonderlike samewerking die afgelope jare. Dankie vir dit wat julle in my menswees en geestelike lewe belê het en vir ons spesiale vriendskap.

- Aan al my medenavorsers die afgelope vyftien jaar in die spreekkamer, met wie ek bevoorreg was om iets van God se liefde en genade te deel. Uit al hierdie sessies en navorsingsgesprekke is my lewe só verryk! Dankie vir talle stories van hoop wat ons die afgelope jare saam kon skryf ten spyte van die gebrokenheid waarbinne ons almal lewe.
- 'n Woord van dank aan al die professionele kollegas, maatskaplike werkers, sielkundiges, prokureurs, dokters asook aan die Nasionale Hoofbestuur van SAAM (Suid-Afrikaanse Assosiasie van Mediasie), met wie ek die afgelope jare kon saamwerk en kon deel. Julle insette het alles daartoe bygedra om my eie lewe te verruim en my weereens laat besef het hoe belangrik spanwerk is om daarbuite 'n verskil te maak.

Ek bid dat die woorde van Rom.15:13 uit Die Boodskap waar sal wees van my en elkeen van ons se lewens op die pad vorentoe, waar ons elke dag gestalte moet gee aan stories van hoop ..... "Ek bid dat God in wie julle julle hoop stel, julle lewe sal vol maak met blydskap en vrede. Dan sal julle wat so vasberade in Hom glo, en wat die krag van die Heilige Gees in julle lewe ervaar, nog meer uitsien na die koms van die Here."

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

# OPSOMMING

Hierdie navorsing is vanuit 'n postmoderne, pastoraal-narratiewe hoek aangepak. Daar is spesifiek op aksieverhale binne 'n narratiewe pastorale egskeidingsmediasie situasie gefokus. Uit dié verhale is daar dan gepoog om saam met my medenavorsers te delf om saam stories van hoop te ontdek.

In Hoofstuk 1 val die soeklig kortliks op die aksie en aksieverhale wat ondersoek is. Die basiese vertrekpunt van my navorsingsbenadering is vanuit die vyf bewegings (Müller 1999:77) wat soos volg uiteengesit word: die noodverhaal, die verledeverhaal, die verduisterde toekomsverhaal, die ge-herinterpreteerde verledeverhaal en die verbeelde (of hoopvolle) toekomsverhaal.

Die oorhoofse tema vir die organisering van my navorsing steun op 'n artikel geskryf deur Müller (2001:64) met die titel: "Therapy as Fiction writing".

Anne Lamott het in haar boek in 1995: "Bird by bird", verwys na Alice Adams se formule vir verhaalskrywing wat sy ontwikkel het. Dit is 'n uiters bruikbare formule vir verhaalontwikkeling. Müller, Van Deventer en Human (2001) het hieruit 'n artikel naamlik: "Fiction writing as methophor for research: A narrative approach" geskryf. Die ABDCE skryfformule is hieruit ontwikkel. Dit skep die ideale ruimte waarbinne narratief-gebaseerde navorsing gedoen kan word. My navorsing is dus teen die agtergrond van aksieverhale ("action"), agtergrondsbegrippe ("background"), die verdere ontwikkeling van die navorsing ("development"), die soeke na 'n moontlike klimaks ("climax") asook die beweeg na die einde ("ending"), ontwikkel.

In Hoofstuk 2 word daar in detail gekyk na die agtergrondsbegrippe en die verdere ontwikkeling daarvan. Die fokus val op 'n noodsaaklike paradigmaskuif wat verder ontwikkel moet word. Daar word na die nodige agtergrondsbegrippe en verdere

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

ontwikkeling daarvan gekyk ten opsigte van die volgende drie temas: die postmoderne - 'n nuwe era wat aangebreek het, die wetenskaplik-filosofiese begronding van die navorsing, asook na die narratiewe paradigma.

Hoofstuk 3 fokus op die gesin, die proses van egskeiding, die kinders as gemarginaliseerdes asook op die proses van egskeidingsmediasie. Die temas word toegelig met die nodige agtergrondsbegrippe en vandaar verder ontwikkel.

In Hoofstuk 4 word daar na die teologiese en pastorale verantwoording van die navorsing gekyk. Die fokus val hier op die teologie, die praktiese teologie, die narratiewe praktiese teologie, die rol van die navorser/terapeut in die navorsingsproses, en dan ten slotte op die narratiewe pastoraat. Die belangrikste agtergrondsbegrippe word uit verskillende hoeke belig en die navorsingsvelde word verder ontwikkel.

Hoofstuk 5 behels 'n breë beskrywing van die aksieverhale. Sewe medenavorsers kom aan die woord. Ons tree in gesprek en probeer saam na moontlike stories van hoop soek. Die navorsing moet teen die geïdentifiseerde agtergrondsbegrippe en moontlike ontwikkeling van stories van hoop gesien word. Saam word daar ook gedelf om by die klimaks van die navorsing uit te kom. Is 'n "suksesvolle" egskeiding moontlik deur middel van narratiewe pastorale egskeidingsmediasie?

Hoofstuk 6 handel oor 'n moontlike einde .... 'n tyd om te reflekteer ....... 'n Kritiese refleksie op die navorsing is noodsaaklik. Sekere afleidings en aanbevelings word gemaak en ek deel ook my eie persoonlike ervaring ten opsigte van die navorsingsproses. Die einde is en bly altyd 'n oop proses en daar ontstaan vrae wat moontlike verdere navorsing vereis. Daar is nie 'n punt aan die einde van die navorsing nie, wel 'n komma, .........

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

## SUMMARY

This research has been conducted from a post modern, pastoral-narrative point of view. The focus is on action stories in a narrative pastoral divorce mediation situation. From these stories my co-researchers and I have tried to discover new stories of hope.

Chapter 1 focuses on action (the problem) and action stories that have been the object of the research. The research has been approached from five 'movements' (Müller 199:77). It can be explained in the following way: the story of the problem, the story of the past, the story of the clouded future, the re-authoring of the problem past story and the imaginary (hopeful) story of the future.

The main theme for the organising of my research was inspired or motivated by an article, written by Müller (2001:64): "Therapy as Fiction writing".

In her book, "Bird by bird" (1995) Anne Lamott quotes a formula created by Alice Adams to explain the process of writing a story. Keeping this in mind, Müller, Van Deventer and 'Human (2001) wrote an article: "Fiction writing as metaphor for research: A narrative approach". This article partly led to the creation of the ABDCE formula for writing. Hence the ideal opportunity was created for researching the method or therapy-based narrative principle. My research has been undertaken with 'action' as backdrop and to use the 'background' to explore the action and then to develop it, looking for a possible 'climax' as well as a process or developing to an 'ending' was developed.

Chapter 2 discusses the detail of background terms and their developing. The focus is on an essential shift of paradigm that should be exploited in view of the following three themes: post modernism: a new era has dawn, the scientific-philosophical foundation for the research and the narrative paradigm.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Chapter 3 revolves around the family, the divorce process, the children as marginalised and the process of divorce mediation. These themes are explained and developed with the use of the necessary background.

Chapter 4 is a theological and pastoral verification of the research. The focus is theology, practical theology, narrative practical theology, the role of the researcher/therapist in the research process and the narrative pastorate. The most important terms are discussed from several angles and the field of research is extended.

Chapter 5 consists of a summary of the action stories. Seven co-researchers take turns in telling their story. In the discussion we look for possible stories of hope. The research has to be evaluated against the identified terms and the possible development of stories of hope. As a team the co-researchers and I will look for a climax in our research process. Is a "successful" divorce possible by means of narrative, pastoral divorce mediation?

Chapter 6 discusses a possible ending … a time to reflect … a critical reflection on the research is essential. Conclusions are made and recommendation are suggested. I share my personal experience about the research process. The ending stays an open process. New questions arise which might lead to new research.

This research does not end with a full stop, but with a comma, …

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

# PASTORALE NARRATIEWE EGSKEIDINGSMEDIASIE: STORIES VAN HOOP

## INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1**
**NAVORSINGSORIËNTERING – AKSIE EN AKSIESTORIES**


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.2 | Aktualiteit van die navorsing | 3 |
| 1.3 | Die navorsingsgaping | 6 |
| 1.4 | Navorsingsvrae | 6 |
| 1.5 | Navorsingsdoel | 7 |
| 1.6 | Posisionering | 8 |
| 1.7 | Begripsverheldering | 27 |
| 1.7.1 | Die narratiewe | 27 |
| 1.7.2 | Pastorale terapie | 28 |
| 1.7.3 | Narratiewe pastorale terapie | 30 |
| 1.7.4 | Egskeidingsmediasie | 32 |
| 1.7.5 | Stories van hoop | 34 |
| 1.8 | Voorlopige navorsingsprosedure | 36 |
| 1.9 | Etiese oorwegings | 40 |
| 1.10 | Die hantering van bronne | 41 |
| 1.11 | Navorsingsverloop | 41 |

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

## HOOFSTUK 2

## ‘N NOODSAAKLIKE PARADIGMASKUIF – AGTERGROND EN VERDERE ONTWIKKELING


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Inleiding | 43 |
| 2.2 | ‘n Nuwe era het aangebreek | 43 |
| 2.3 | Die begrippe modern en postmodern | 45 |
| 2.3.1 | Eerste-orde-kubernetika | 47 |
| 2.3.2 | Tweede-orde-kubernetika | 48 |
| 2.3.3 | Derde-orde-kubernetika | 49 |
| 2.4 | Prosesse van oorgang | 51 |
| 2.5 | Kenmerke van postmoderniteit in teenstelling met modernisme | 54 |
| 2.5.1 | Meta-narratiewe word gediskrediteer | 54 |
| 2.5.2 | Pluraliteit word teenoor essensiële gestel | 56 |
| 2.5.3 | Die objektief denkende subjek het nie meer bestaansreg nie | 57 |
| 2.5.4 | ‘n Breër rasionaliteit teenoor die eng rasionalisme van die modernisme | 59 |
| 2.5.5 | Retoriek teenoor semantiek | 59 |
| 2.5.6 | Gemarginaliseerde stemme moet gehoor word | 59 |
| 2.6 | Die wetenskaplik-filosofiese begronding | 60 |
| 2.6.1 | Inleiding | 60 |
| 2.6.2 | Die sosialekonstruksiediskoers | 60 |
| 2.6.3 | Empiriese navorsing in ‘n postmoderne paradigma | 64 |
| 2.6.4 | Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing | 65 |
| 2.6.5 | Metodologiese vereistes | 69 |
| 2.6.5.1 | Betroubaarheid | 69 |
| 2.6.5.2 | Geldigheid | 70 |
| 2.6.5.3 | Veralgemening | 71 |
| 2.7 | Dominante uitgangspunte van die sosialekonstruksiediskoers | 72 |
| 2.7.1 | Die reïfikasie van kennis | 72 |
| 2.7.2 | Om kennis as verskynsel te verstaan | 72 |

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

2.7.3 Taal en die metaforiese gebruik daarvan 73
2.7.4 Taal skep betekenis 73
2.8 Die narratiewe diskoers 74
2.8.1 Inleiding 74
2.8.2 Beskrywende en Verhalende navorsing 76
2.8.3 Drie tipes narratiewes 78
2.8.4 Ken die lewe deur geleefde ervaring 79
2.8.5 Dekonstruksie, rekonstruksie en ko-konstruksie 81
2.8.6 Dekonstruksie 81
2.8.7 Dekonstruktiewe luister 82
2.8.8 Eksternalisering 83
2.8.9 Die terapeutiese houding in die narratiewe 83
2.8.10 Kenmerke van die narratiewe 85
2.8.11 Belangrike narratiewe waardes 87
2.8.12 Navorsingsuitkomste 88
2.8.13 Aannames ten opsigte van narratiewe navorsing 90
2.8.14 Kwalitatiewe onderhoude 92
2.8.15 My narratiewe navorsingskeuse 92
2.8.16 Narratiewe egskeidingsmediasie 93
2.8.16.1 Eksternalisering in egskeidingsmediasie en konflikhantering 94
2.8.16.2 Narratiewe egskeidingsmediasie 96

**HOOFSTUK 3**

**EGSKEIDINGSMEDIASIE – AGTERGROND EN VERDERE ONTWIKKELING**

3.1 Inleiding 98
3.2 Definisies van die gesin 99
3.3 Definisies van egskeiding 101
3.4 Statistiek oor egskeiding 102

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)


| | | |
|---|---|---|
| 3.5 | Tipiese kenmerke van 'n verbrokkelende huwelik | 113 |
| 3.6 | Die krisis van egskeiding | 113 |
| 3.7 | Die profiel van die geskeide persoon | 115 |
| 3.8 | Die egskeidingsproses | 117 |
| 3.8.1 | Individuele bewuswording (keuse tot egskeiding) | 117 |
| 3.8.2 | Gesinsbewuswording (aankondiging) | 117 |
| 3.8.3 | Sisteemskeiding (skeiding) | 118 |
| 3.8.4 | Sisteemherorganisering (formele skeiding) | 119 |
| 3.8.5 | Herdefiniëring van die sisteem (gevolge van die skeiding) | 120 |
| 3.9 | Die stadiums gedurende die egskeidingsproses | 120 |
| 3.10 | Die reaksies op die egskeiding | 122 |
| 3.11 | Die rouproses tydens die egskeiding | 123 |
| 3.12 | Kinders as die gemarginaliseerdes in die egskeidingsproses | 124 |
| 3.13 | Die inherente regte van die kinders | 126 |
| 3.14 | Om die kinders in te lig oor die egskeiding | 128 |
| 3.15 | Stadiums van egskeiding vir die kind | 129 |
| 3.16 | Die invloed van die egskeiding op die kinders | 129 |
| 3.17 | Psigologiese take wat die kinders moet verrig | 131 |
| 3.17.1 | Verstaan die egskeiding | 131 |
| 3.17.2 | Strategiese onttrekking | 131 |
| 3.17.3 | Verwerking van skuld | 131 |
| 3.17.4 | Erkenning van die realiteit van die breek in die huwelik van die ouers | 132 |
| 3.17.5 | Losmaking van ouerlike konflikte en krisisse. Hervatting van gebruiklike werksaamhede | 132 |
| 3.17.6 | Hantering van die verlies | 133 |
| 3.17.7 | Hantering van selfverwyt en woede | 133 |
| 3.17.8 | Die aanvaarding van die permanentheid van die egskeiding | 134 |
| 3.17.9 | Realistiese hoop met betrekking tot verhoudings | 134 |
| 3.18 | Die egskeiding en die kinders se aanpassing daarby | 135 |
| 3.19 | Egskeiding en die kind se reaksies daarop | 139 |

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

3.20 Kinders se behoeftes tydens die egskeiding 140
3.21 Egskeiding en die rouproses by die kind/kinders 141
3.22 Potensiële probleemterreine vir die kind wie se ouers skei 141
3.23 Die noodsaaklike identifisering van kinders se behoeftes en reaksies in verhouding met hulle ouderdom 142
3.24 ‘n “Suksesvolle” egskeiding blyk tog moontlik te wees 144
3.25 Egskeidingsmediasie – ‘n Historiese oorsig 145
3.26 Die teoretiese onderbou van mediasie 148
3.27 Verskillende definisies van mediasie 149
3.28 Verskillende soorte mediasie 151
3.29 Mediasie doelwitte 152
3.30 Stellings deur mediators gedeel 153
3.31 Die voordele en nadele van mediasie 154
3.32 Die mediasieproses 156
3.32.1 Oriënteringsfase 156
3.32.2 Kontrakteringsfase 158
3.32.3 Probleemoplossing- en onderhandelingsfase 159
3.32.4 Skikkingsfase 160
3.32.5 Opvolgfase 161
3.33 Die rol van mag tydens die mediasieproses 161
3.34 Samevatting 161

**HOOFSTUK 4**

**TEOLOGIESE EN PASTORALE VERANTWOORDING – AGTERGROND EN VERDERE ONTWIKKELING**

4.1 Inleiding 165
4.1.1 Teologie as mensewerk 171
4.1.2 Objek van die teologie 172

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

4.1.3 Die hantering van die Bybel 174
4.1.4 Die rol van die Heilige Gees in ons teologie 177
4.2 Praktiese Teologie 178
4.2.1 Die Verbond en die koninkryksperspektief 180
4.3 Narratiewe Praktiese Teologie 181
4.3.1 Deskriptiewe of analise beweging 183
4.3.2 Historiese beweging 184
4.3.3 Sistematiese beweging 184
4.3.4 Strategiese beweging 185
4.3.5 Praktyk na teorie en terug na praktyk 186
4.3.6 Praktiese teologie as 'n kritiese gesprek 187
4.4 Die rol van die pastor/terapeut/navorser in die navorsingsproses 189
4.5 Narratiewe pastoraat 193
4.5.1 Verskillende benaderings tot die pastoraat 193
4.5.2 Drie verskillende vorme van pastoraat 196
4.5.3 Die gespreksagenda en vyf bewegings in die narratiewe pastoraat 197
4.5.4 Tegnieke in die rekonstruksie (fasilitering) van 'n toekomsverhaal 201

**HOOFSTUK 5**
**MOONTLIKE STORIES VAN HOOP …….. – 'N MOONTLIKE KLIMAKS**

5.1 Inleiding 205
5.2 Moontlike definisies van hoop 206
5.3 Twee belangrike kategorieë van hoop 208
5.4 Boustene van Christelike hoop 209
5.5 Die rol van hoop in die terapeutiese proses 210
5.6 Vyf belangrike elemente van hoop 211
5.7 Bybelse hoop 213
5.8 Bydraende faktore tot hopeloosheid (despair) 218

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)


5.9 Die ontginning van toekomstories 221
5.10 Strategieë vir die ontginning van toekomstories 224
5.11 Dekonstruksie as 'n belangrike hulpmiddel in die skep van hoop 226
5.12 Die "reframing" van toekomstories 226
5.13 Metodes vir die "envisioning" van 'n nuwe toekoms 227
5.14 Refleksie 228
5.15 Die verhale van die navorser, medenavorsers en navorsingsliteratuur 230
5.16 'n Kritiese refleksie op die klimaks van die navorsing 268
5.17 'n Aantal gemene delers in die navorsingsgesprekke 274
5.18 Om op te som – enkele gedagtes 275
5.19 Skep 'n wen-wen-situasie 277
5.20 Die skep van verwagting en hoop 279
5.21 'n "Suksesvolle" egskeiding 279

**HOOFSTUK 6**

**'N TYD OM TE REFLEKTEER ……… - 'N MOONTLIKE EINDE ……..**

6.1 Inleiding 281
6.2 Narratiewe navorsing 282
6.3 Enkele kritiese opmerkings oor die narratiewe benadering 284
6.4 'n Kritiese evaluering van die positiewe en negatiewe in die narratiewe benadering 285
6.5 Die navorsingsproses 286
6.6 Navorsingsvrae en navorsingsdoel 288
6.7 Moontlike verdere navorsing 290
6.8 Etiese verantwoordelikheid 291
6.9 Wat het ek hieruit geleer? 292

# HOOFSTUK 1

# NAVORSINGSORIËNTERING – AKSIE EN AKSIESTORIES

## 1.1 Inleiding

> "Persons in crisis were caught between a hermeneutic of despair and a hermeneutic of hope and experience was … a loss of the sense of continuity, with the accompanying difficulty in moving into the open-ended future with hope and faith" (Gerkin, 1984:12).

Egskeiding is sekerlik een van die mees traumatiese gebeure. Albei partye, kinders, families en vriende word direk daardeur geraak. Talle verhale van vernietiging, beskuldiging, gebrokenheid, leuens, haat, teleurstelling en hopeloosheid is goed aan ons bekend. Die trauma van egskeiding raak ons almal.

Eric Eberhardt (1996:24) sê:

> "Stories can exude both pleasure and pain. Our interest in the stories of others tell about themselves, and their activities are indicating of how their pleasure or pain touches our own pleasure or pain….."

Fay (2000:2) sê:

> "When individuals experience critical events that challenge their understanding of their world and their place in the world, they use language (stories) to describe those experiences. The terms trauma or traumatic are often used. These terms refer to the experience of an individual that is having difficulty in integrating his/her preferred worldview with the worldview related to a specific (traumatic) experience. These individuals ….. construct a self-story to make sense of all experiences, including those that do not make sense."

Egskeiding is 'n geweldige krisis of trauma. Dit word verskillend beleef en geïnterpreteer deur die betrokke partye, die kinders, familie en vriende. Dit word deur almal as 'n verlies beleef, 'n verlies aan verhoudings, soms vertroue, finansies, intimiteit, liefde en respek asook emosionele en fisiese sekuriteit. Daar is drie basiese vlakke wat geïdentifiseer word wanneer mense 'n verlies ervaar. Aphrodite Matsakis (1994:260) beweer die volgende: "The first level is the loss of specific people or things or the physical, emotional, or spiritual aspects of the self that have been lost. The tangible kind of losses may be obvious, such as the loss of a body part, or the loss of one's house, or the death of a loved one. A change in one's mental or physical ability, such as the inability to express or enjoyment of sexual intimacy, can be experienced as the death of a part of the self. Less apparent losses can be comparable in their impact. Trauma survivors may lose faith in God and lack a sense of awe and wonder about creation. They may disavow the goodness of humanity and the integrity of the agencies or people connected to the traumatic event. Spiritual losses also may be reflected in a lack of hope in the future, the loss of trust, a sense of no longer being a whole person, the inability to respond spontaneously and optimistically, and the loss of childlike innocence."

Trauma word op verskeie maniere gedefinieer. Bisbey (1998:27) formuleer dit soos volg: "A trauma is any event or experience that is outside the person's usual or ordinary experience and expectations about the way in which the world works and/or the way in which people treat each other".

Ondanks die gebrokenheid en trauma is daar tog ook verhale van hoop en verwagting. Verhale wat vertel van nog 'n kans. Nog 'n kans om geluk te vind, te leer uit die foute van die verlede, maar ook nog 'n kans om doelgerig en sinvol te lewe; 'n lewe wat sinvol gelewe word en waar liefde, drome, en hoop 'n lewenswyse word. Talle "suksesverhale" bevestig dat iets soos 'n "suksesvolle" egskeiding moontlik is. Stories van hoop is een van die hoofkomponente van die verhale. Verskeie skrywers reflekteer dat 'n traumatiese situasie gesien kan word as 'n geleentheid van groei (McGee 1968:319; Stone 1976:20; Brandon 1975:245; Wiseman 1975:205; Collins 1980:19; Clinebell 1981:111; van Niekerk 1981:126; Sullender 1985:65; Slaikeu 1990:65). Bogenoemde beklemtoon dat groei en

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

heelwording kan plaasvind ondanks smart en verhale van trauma in die mens se lewe. Egskeidingsmediasie kan dien as ‘n diskoers wat funksioneel aangewend word binne die egskeidingsituasie.

Talle verhale van hoop dien as stille getuienis van die helende proses. Met behulp van narratiewe pastorale egskeidingsmediasie word die nood en vasgeloopte verhale en stories deur middel van ‘n verbeelde toekomsverhaal omgeskakel in stories van hoop.

## 1.2 Aktualiteit van die navorsing

Die Hoexter kommissie van ondersoek na die strukture en funksionering van die howe in Suid-Afrika het in 1983 die volgende aanbeveel:

> “The commission recommended that the family court be created, which would unify the existing children’s court, juvenile court and maintenance court, and that it has concurrent jurisdiction with the Supreme Court to hear divorce actions and ancillary applications. The proposed family court would have
>
> a) a social component, to be known as the family court counseling service. The service would provide
>
> i) a reception process, where problems would be sifted and classified, where legal advice and social counseling would be available, and where marriages which might be saved could be identified and the parties referred for marriage counseling;
>
> ii) a conciliation process for couples who had no hope of saving their marriages;
>
> iii) a supporting service to the court in the shape of social welfare investigations, either by the counseling service’s staff or by an approved outside agency.
>
> b) a court component.”

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Dié aanbevelings van die kommissie het positiewe resultate opgelewer, al het dit 'n paar jaar geduur voor dit geïmplementeer is. Die volgende resultate het hieruit voortgevloei:

- Die Kantoor van die Gesinsadvokaat funksioneer sedert 1 Oktober 1990 in Pretoria. Ander kantore het sedertdien landwyd geopen.
- Die Gesinshof funksioneer sedert 1 April 1990 in Johannesburg. Intussen is kantore in Kaapstad en Pietermaritzburg, wat as loodsprojek dien, gevestig.
- Mediasie is 'n noodsaaklike metode om letigasie in die Hooggeregshof te verminder. Dit verseker dat partye tot 'n sinvolle skikking toestem en kan dus die druk in die Hooggeregshof aansienlik verminder.
- Op 30 September 2001, is 'n nuwe hof geopen wat spesialiseer in gesinsgeweld in Pretoria.

Volgens die jongste statistiese gegewens van Statistiek Suid-Afrika, soos op 26 Maart 2003, word die volgende gegewens bekend gemaak. Die aantal amptelike aangetekende huwelike wat in 2002 voltrek was in Suid-Afrika was 143 391 wat 'n toename van 2 933 was in vergelyking met die 140 458 in 1999. Die Statistiekdiens toon dan ook aan dat die egskeidingsyfer van 1999 (37 098) hoër was as in 2000 (34 102). Dit het tot gevolg dat die egskeidingsyfer vir getroude pare heelwat laer was in 2000 (595 per 100 000 getroude pare). Die statistiek van 1990, ± tien jaar gelede het daarop gedui dat sowat 20 031 pare geskei het teenoor 24 266 pare in 1992. Die statistiek asook ander toepaslike syfers word in Hoofstuk 3, paragraaf 4 verder verfyn en deur staafdiagramme en lyngrafieke weergegee.

Volgens Hoffmann (1992:54) kan die Kantoor van die Gesinsadvokaat gesien word as 'n embrionale vorm wat sal ontwikkel (tot volledigheid) binne 'n model vir gesinshowe. Beeld (24/1/97) berig dat die egskeidingsyfer die afgelope paar jaar dramaties toegeneem het. Volgens die Suid-Afrikaanse statistiekdiens het 31 500 egpare in 1995 geskei. Sowat 40 000 kinders is direk daardeur geraak. Altesame 16 788 wit egpare, 8 174 swart egpare, 5 029 bruin egpare en 1 601 Indiër egpare het in die skeihof beland. Die Rekord (24/9/1999)

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

beweer dat egskeiding die afgelope 40 jaar vier maal verdubbel het. Volgens Beeld (30/6/1998) verklaar meneer Prinsloo, die hoofgriffier van Pretoria se Hooggeregshof dat 'n gemiddeld van 180 pare weekliks in dié hof skei.

Omdat ek self direk betrokke was en is by mediasie op verskillende vlakke, asook talle gesprekke gevoer het met verskillende rolspelers soos die gesinsadvokaat, kinderkommissaris, prokureurs, sielkundiges, maatskaplike werkers, beraders en predikante, kan ek tot die volgende gevolgtrekkings kom:

- Egskeiding is en bly 'n traumatiese ervaring in al die partye se lewens.
- Geskeides beleef 'n onmag ten opsigte van die prosedure en hantering van die egskeidingsgeding.
- Die gemeenskap en kerke is bekommerd oor die emosionele skade wat aangerig word en is voor, tydens en ná die egskeiding, asook die negatiewe invloed wat dit op albei partye, die kinders, familie en gemeenskap het.
- Noodverhale kan deur middel van pastorale egskeidingsmediasie ontwikkel en groei tot verbeelde toekomsverhale waarin die stories van hoop al meer gestalte kan kry, met die nodige begeleiding.

Met die nodige begeleiding kan verhale van nood en moedeloosheid/wanhoop omgeskep word in toekomsverhale van hoop en verwagting. Egskeidingsmediasie kan geplaas word teen dié breë agtergrond oor die aktualiteit van die navorsing en navorsingsarea. Dit vind binne 'n bepaalde huweliksverband (konteks) plaas wat binne 'n bepaalde tyd (geskiedenis) ontstaan en afgespeel het. In dié mediasieproses leef dit voort in die verhale (narratiewe) van die mense.

Deur stories van hoop te konstrueer word heler en gelukkiger mense toegerus vir die verantwoordelikhede voor, tydens en ná die egskeiding. In die narratiewe mediasie word albei partye en al die rolspelers as medenavorsers betrek.

## 1.3 Die navorsingsgaping

Omdat ek self deur 'n egskeiding is en weet hoe dit jou lewe en die van al die ander partye beïnvloed, het ek besluit om my navorsing hierop toe te spits. Toe ek na moontlike bronne en selfs inligting op die internet begin soek het, het ek weereens tot die besef gekom dat daar nog baie min op plaaslike en selfs internasionale gebied hieroor geskryf is. In Suid-Afrika is daar ongeveer eenhonderd geregistreerde mediators wat by SAAM (Suid-Afrikaanse Assosiasie van Mediasie) geregistreer is. Die meeste van die geregistreerde lede is gewoonlik prokureurs, advokate, sielkundiges, maatskaplike werkers en slegs drie persone wat in die teologie gekwalifiseer is. Om dus reg aan die tema te laat geskied, wou ek juis vanuit 'n pastorale narratiewe hoek na egskeidingsmediasie kyk. In Suid-Afrika is daar werklik geen stof beskikbaar vanuit dié bepaalde hoek nie. Omdat ek elke dag in die spreekkamer met talle traumatiese situasies en stories wat in doodloopstrate geeïndig het werk, het ek ook die gaping geïdentifiseer. Die gaping kan alleen sinvol gevul word indien daar meer navorsing vanuit die pastoraal narratiewe hoek gedoen word. Die navorsing sal dan gepubliseer en bekend gestel moet word om sodoende nog meer mediators by die proses van mediasie te betrek. Dit het my in my werk by die hoofgesinsadvokaat asook in die spreekkamer opgeval, dat daar wel 'n moontlikheid bestaan dat stories van hoop kan ontwikkel ten spyte van die trauma en seer. Die stories van hoop kan dan benut word om al die betrokke partye en in die geval van die navorsing, die medenavorsers, te begelei om saam sinvol voort te lewe.

## 1.4 Navorsingsvrae

My eie egskeiding en die betrokkenheid by mediasie het my al meer bewus gemaak van die trauma tydens egskeiding. My eie belewenis asook talle sessies in die spreekkamer en gesprekke met ander rolspelers het die volgende vrae na vore laat kom:

- Talle mense skei soos aangedui in die voorafgaande statistiek. Hoe hanteer hulle hierdie trauma?

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Is mense bewus van mediasie as ‘n alternatiewe metode van egskeiding?
- Kan konflik voor, tydens en ná die egskeiding nie méér sinvol hanteer word nie?
- Moet daar gefikseer word op die probleme?
- Is die rolspelers soos die gesinsadvokaat, kinderkommissaris, prokureurs, sielkundiges, maatskaplike werkers, beraders en predikante voldoende opgelei en toegerus om die behoeftes van die partye asook die trauma ten opsigte van die egskeiding, te hanteer?
- Hoe kan mediasie met behulp van die narratiewe metode meewerk en of bydra om meer sinvol tot ‘n “suksesvolle” egskeiding aanleiding te gee?
- Watter rol kan goed opgeleide en toegeruste terapeute speel in die mediasie-proses?
- Hoe kan stories van hoop ontwikkel word tydens die mediasie-sessies?
- Hoe sal die stories van hoop hulle/ons eie stories raak en beïnvloed?

Uit die bogenoemde kan ek my navorsingstema soos volg formuleer:
**Narratiewe pastorale egskeidingsmediasie: Stories van hoop**

### 1.5 Navorsingsdoel

Die bogenoemde vrae dien as dryfveer vir my navorsing. Drie vrae word gestel as kompas of rigtinggewende vrae vir die studie:

- Kan pastorale narratiewe mediasie benut word om die trauma van ‘n egskeiding beter te hanteer?
- Is die sinvolle hantering van die nood en vasgeloopte verhale voor, tydens en ná die egskeiding moontlik?
- Is verbeelde toekomsverhale, waar stories van hoop geskep en ontwikkel word, moontlik?

Die oogmerke met my studie is dus om:

- Egskeidingsmediasie as sulks te omskryf deur middel van die geleefde ervaring van my medenavorsers/partye.
- Samewerkend met die medenavorsers deur die verstaan en vertolking van die egskeiding, 'n "suksesvolle" egskeiding te ervaar/beleef, waar stories van hoop beleef word.
- Om te reflekteer oor die positiewe bydrae wat die stories van hoop in die hele verhaal gespeel het.

### 1.6 Posisionering

Ek posisioneer myself binne die postmoderne denkskema. Postmodern dui nie net op 'n nuwe tydvak nie, dit is 'n totale paradigmaverskuiwing (Müller 1996:54,55). Die werklikheid word as meerdimensioneel gesien en beleef.

Die sosiale konstruksie teorie word as onderbou gebruik. Gergen (1994:68) omskryf dit as volg:

> "From a constructionist perspective neither "mind" nor "world" is granted ontological status, thus removing the very grounding assumptions of constructivism. Nor do extreme forms of constructivism, which reduce the world to mental construction, become a satisfying replacement. For the constructionist, terms for both world and mind are constituents of discursive practices; they are integers within language and thus themselves socially contested and negotiated. Social constructivism, then, is neither dualist nor monist .... but social constructionism traces the sources of human interaction to relationships and the very understanding of "individual functioning" to communal interchange."

Die aksie wat ek gekies het om na te vors, sal dan ook vanuit 'n pastoraal-narratiewe perspektief gedoen word. Omdat egskeidingsmediasie een van die spesialisvelde in my pastorale spreekkamer is, is daar talle verhale van hoop wat "gehoor" moet word. Ek wil

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

die hele navorsingsproses vanuit ‘n narratiewe hoek laat vloei (Müller, van Deventer en Human 2001).

Die narratiewe verleen hom daartoe dat die persone en prosesse wat nagevors word, deel word van die gesprek/navorsing. Sodoende word die “stem” van die navorsing gehoor. Dit verseker dat die navorser nie die kopiereg van die verhaal vir homself/ haarself toe-eien nie, maar geleenthede skep waar al die betrokkenes (navorser, medenavorsers en materiaal) deelneem om ‘n nuwe verhaal te skep. Die tipe navorsing is dus nie klinies en koud nie, maar vars, oop en dinamies. Ek tree op as ‘n gespreksgenoot. ‘n Gespreksgenoot wat respek het vir die ander gesprekgenote. Ek wil nie my ander gespreksgenote “pathologize or victimize” (Graham 2000:112) nie. Hiervolgens gebruik ek ook nie begrippe soos “navorsingsopjekte” of “navorsing-populasie” nie, maar eerder aanspreekvorme soos “deelnemende navorsers” of “medenavorsers”.

Müller (2002:1) sê:

> “The narrative researcher has subjective integrity in mind and strives for participatory interaction. This position is not the same as the so-called “insider” position of the researcher, as in opposition to the “outsider” position of previous models. We agree with Dreyer (1998:20) that it makes more sense for the researcher to embody the dialectics between the insider and outsider perspective. When we strive in our narrative approach for participatory interaction, we want to accommodate this paradox or dialectic, which is pre-requisite for research with integrity.”

Ek tree ook nie op as die “expert” nie maar wil deelnemend as medenavorser funksioneer binne die hele proses.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Müller (2002a:2) sê:

> "The "not-knowing" position on the one hand allows the co-researcher(s) to tell their stories they live in everyday life, and on the other hand allows the researcher to follow these stories of the co-researcher(s) as they have been constructed within a lived social reality. With a narrative approach we would rather invite respondents to tell their stories in their own way and to speak in their own voices. We will allow them to control the topics raised. We will try to facilitate a situation where they can tell their stories un-interrupted."

Bird (2001:10) sluit hierby aan:

> "Therapist should position herself/himself relationally which position is maintained through a "relational form of consciousness."

Saam, as medenavorsers, sal daar na stories van hoop gedelf word. Dit sal as fondamente dien binne die hele proses wat kan meehelp om 'n oop en sinvolle toekoms te skep. Omdat talle, ja byna alle verhoudings, direk deur die trauma van egskeiding geraak word, is dit noodsaaklik om op verhoudingsbou te konsentreer. Stories en verhale wat saambind en daardeur nuwe verhoudings stimuleer, moet sodoende ontgin word om tot hulle volle potensiaal te ontwikkel. Die stigting van netwerke van verhoudings, om sodoende die medenavorsers te ondersteun, is dus uiters belangrik.

Volgens Müller (2002:1) is dit belangrik om die dinamiek van verhoudings en hulle effek op die traumatiese ervaring te ontdek. Die netwerk van verhoudings sluit die volgende in:

- Die ontwikkeling van 'n terapeutiese verhouding.
- Die verhouding van sowel die navorser as medenavorser binne 'n "traumatiese gebeurtenis" (egskeiding is ook so 'n traumatiese gebeurtenis).
- Verhoudings met "significant others" in die skadu van die traumatiese ervaringe.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Müller (2002:6) sê:

> "When someone describes his/her traumatic experience, he/she is actually describing a relationship with that experience. The user of the words is referring to a relationship, which is developing in accordance with a particular worldview."

Dit is ook vir my belangrik om nie analities op te tree nie, aangesien dit meer geskoei is op die positiwistiese model en meer mag aan my as navorser oor my medenavorsers gee. Daarom is dit belangrik om binne die narratiewe meer met interpretasie te werk as analities. Hiervolgens is die navorser eerder 'n fasiliteerder van interpretasies. Hy/sy luister en nooi die verteller van die stories eerder uit om sy/haar eie interpretasie te doen.

My basiese vertrekpunt is om by Müller (2000:72vv) se voorgestelde "vyf bewegings" aan te sluit. Dit val in vyf danspassies uiteen, naamlik die noodverhaal, die verledeverhaal, die verduisterde toekomsverhaal, die ge-herinterpreteerde verledeverhaal, asook die verbeelde toekomsverhaal. Omdat dit juis oor stories van hoop gaan, vind ek uit die aard daarvan hoofsaaklik aansluiting by die vyfde dans, naamlik die verbeelde toekomsverhaal. Die ander vier danse sal egter ook verreken word in die navorsing.

Müller (2001:64) se artikel " Therapy as fiction writing" het die metafoor van skryf, veral vir verhaalskrywing, gebruik om vir hom 'n deur oop te maak ten opsigte van verhale en terapie. Hierdie skat vir die skryfkuns het dus 'n skat vir terapie geword. In 1995 het Lamott in haar boek "Bird by Bird" na Alice Adams verwys wat 'n formule vir verhaalskrywing ontwikkel het, wat uiters bruikbaar was vir verhaalontwikkeling. Müller het die verhalende benadering tot terapie en navorsing verder ontwikkel in 'n volgende artikel "Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach" (Müller, van Deventer en Human 2001). Die ontwikkeling van stories word hier voorop gestel.

Die metafoor wat ek in hierdie studie gebruik, is dié van Müller et al (2001:1-9) en staan bekend as die ABDCE-metafoor. A staan vir aksie (action), B vir agtergrond (background), D vir ontwikkeling (development), C vir klimaks (climax) en E vir einde (end). Die metafoor

plaas volgens Müller (2001:65) die klem op “the wholeness” van die terapeutiese proses. Dit het die ontwikkeling van een aaneenlopende of konstante storie in gedagte. Die ruimte word nou geskep waarin die storie volledig kan ontwikkel.

Ek gaan vervolgens ‘n meer gedetaileerde opsomming gee van hierdie oorhoofse skema vir die organisering van my navorsing. Die ABDCE metafoor gaan gebruik word vir die doel:

- **Aksie (“Action”)** - Dit is hier waar die aksie navorsing/storie begin. Müller, Van Deventer en Human (2001:2) haal vir Lamott (1995:62) aan wat die volgende sê: “you begin with action that is compelling enough to draw us in, make us want to know more”. In ‘n modernistiese aanslag word daar gewoonlik met die probleém gewerk, en dít word in die navorsing spesifiek dan nagevors, met die moontlikheid van oplossings. In ‘n narratiewe paradigma word daar verkies om eerder nie van ‘n probleem te praat nie, maar word daar eerder met aksies, en spesifiek die aksiestories van die medenavorsers gewerk. Indien daar met die aksiestories gewerk word, het die narratiewe navorser gewoonlik ‘n dekonstruktiewe agenda. Met behulp hiervan kan alles in die stories “unpacked” word, en kan daar na alternatiewe stories gesoek word. Dié stories word dan gesamentlik in die navorsingsproses ontwikkel. Hiervolgens word nie net die probleemareas van die lewe of van die medenavorsers nagevors nie, maar wel elke aksie wat ‘n moontlike alternatiewe storie kan bevat. Deel van die aksie gaan juis oor die feit dat die “nou” van die storie aangespreek word. Dit is ‘n fyn kuns wat die navorser moet bemeester om juis in die “nou” te funksioneer in die navorsings en terapeutieseproses. Lamott (1995:48) word deur Müller et al (2001:2) aangehaal en stel dit soos volg: “not the last now, not the next now, this now”. In aansluiting hierby vra sy dan ‘n belangrike vraag naamlik: “what holds the ectoplasm together - what are person’s routines, beliefs?” Die volgende aanhaling van Andre Dubus wat sy dan aanhaal word gewoonlik gebruik om met haar studente oor karakter te praat:

> “I love short stories because I believe they are the way we live. They are what our friends tell us, in their pain and joy, their passion and rage, their yearning and their cry against injustice. We can sit all night with our friend while he talks about the end of his marriage and what we finally get is a collection of stories about passion, tenderness, misunderstanding, sorrow, money; those hours and days and moments when he was absolutely married, whether he and his wife were screaming at each other, or sulking around the house, or making love. While his marriage was dying he was also working; spending evenings with his friends, rearing children; but those are other stories. Which is why, days after hearing a painful story by a friend, we see him and say: How are you? We know that by now he may have another story to tell, or he may be in the middle of one, and we hope it is joyful”.

Die narratiewe benadering is die “nou” aksie, en daarom dinamies van aard. Dit is daarom belangrik dat ons vervolgens gaan kyk hoe dit in die navorsing toegepas word. Volgens (Müller et al 2001:3): “This ‘now’ must be described as a very first step of narrative research. In the first instance the researcher must try to see what is happening. A good empirical look at people and the action in which they are involved and an honest and serious effort to describe the “now” of the action. Not the past, or what should be, but the “now”. Om dit sinvol te doen, gebruik hy die metafoor van spoorsny. Om sinvol in die “nou” te bly moet daar op die spoor gefokus word wat voor jou is. Indien jy op iets anders fokus, of op ander spore, verloor jy die spoor voor jou. Dit is ook belangrik dat die navorsing as ‘n vorm van praktiese wysheid gedoen moet word. Hierdeur word daar verseker dat die stories van mense en gemeenskappe hoog geag en waardeer word. Daar moet gepoog word om die habitus, “which refers to a kind of practical knowledge within human social action enacts and constructs culture - a synthesis of structure and agency: a ‘system of structured, structuring dispositions ... constituted in practice and .... always oriented towards practical functions’ (Graham 2000:109) soos aangehaal deur (Müller et al 2001:3)”.

Daar is dan ook 'n tweede aksie betrokke naamlik die interaksie van die navorser met die aksie wat nagevors word. Deur ons interaksie met die aksie word ons deel van hierdie aksie en dit is daarom van kardinale belang dat die navorser so deursigtig as moontlik sal weer deur die hele proses. In hierdie hele proses van navorsing moet daar gekyk word na die modes van interaksie met die aksie. Verskillende metodes kan aangewend word deur die navorser om die stories van die aksie te hoor. Daar moet ook gekyk word na die beperkinge en grense van die studie. Dit sou onder andere beteken dat daar gefokus moet word op 'n spesifieke aksie of aksieveld. In die navorsing sal die navorser en medenavorsers bogenoemde altyd moet verreken.

Die aksie wat ek gekies het om spesifiek na te vors, is pastorale narratiewe egskeidingsmediasie: stories van hoop. My eie storie het direk daartoe bygedra dat ek hierdie aksie gekies het om my navorsing daar rondom te bou. Ek gaan nou taamlik breedvoerig 'n uiteensetting gee van my eie storie en hoe dit direk aansluit by die aksie en aksiestories in my navorsing.

Ek is op 9 Augustus 1957 in Fauresmith in die Vrystaat gebore waar my pa stadsklerk en my ma onderwyseres was. Ons verhuis in 1959 na Bultfontein waar ek my laerskool opleiding tot in standerd 4 voltooi het. In 1969 verhuis ons na Senekal waar ek my skoolloopbaan in 1975 voltooi het. Daarna het ek voltyds aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat studeer. Die daaropvolgende nege jaar het ek die volgende kwalifikasies daar verwerf: B.A.graad (Admissie) - 1979; B.A.Hons.graad (in Wysbegeerte) - 1980; BTh graad - 1983 en 'n na-graadse diploma in Teologie - 1984. In 1980 het ek voltyds as assistant-bestuurder by PJ de Villiers Boekhandel in die stad gewerk, terwyl ek ook voltyds my honneursgraad verwerf het. Na voltooiing van my studies in 1984 aan die Kweekskool in Bloemfontein, is ek gelegitimeer as Proponent in die NG Kerk. Gedurende 1985 en 1986 was ek Diensplig Kapelaan by 1 Valskerm Bataljon te Bloemfontein. In die twee jaar was ek vir ongeveer nege maande vir korter en langer tydperke in die grensoorlog betrokke. In Oktober 1986 het die Weermag my 'n voltydse werk aangebied as gevolg van

my betrokkenheid by die Jeug en Junior Rapportryer-beweging. Na deeglike oorweging en afhanklike soeke na leiding van die Here, het ek die pos in die Weermag aanvaar en sodoende ook my status verloor. Ek het 16 Februarie 1987 diens aanvaar in Pretoria.

Ek is op 15 Mei 1980 met Corlia Potgieter, wat toe 'n maatskaplike werker was, getroud. Na 'n huwelik van vyf jaar is Marie-Louise ons dogter, op 11 Mei 1985 gebore. Verskeie faktore het daartoe bygedra dat die huwelik oor 'n tydperk verbrokkel het, en is ons einde 1986 uitmekaar. Ons is op 28 April 1987 finaal geskei. Ek en Hanlie Marnewick het mekaar intussen leer ken en is op 12 Desember 1987 getroud. Sy was 'n onderwyseres by die Hoër Tegniese Skool Sasolburg. Na ons troue het ons ons in Pretoria gevestig. Hanlie is tans dosent in Wiskunde aan die Fakulteit Opvoedkunde by die Universiteit van Pretoria en besig met haar MEd studies. My dogter Marie-Louise is tans in matriek aan die Hoërskool Oranje Meisies in Bloemfontein. Sy is 'n baie sportiewe jongmens en akademies gemiddelde mens. Van na die egskeiding het ons al die jare nog 'n baie hegte en emosioneel gesonde pa-dogter verhouding. In die navorsingstudie sal daar ook van haar kennis gebruik word as medenavorser oor die jare.

Ek was vanaf 16 Februarie 1987 in diens van die Weermag waar ek veral betrokke was by Kommunikasie Operasies en die Inligtingsafdeling van die SAGD (Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens). Vir drie jaar lank was ek in diens van die Weermag en het die tyd benut om verskillende spesialis kursusse daar te doen. Ek is ook in 1989 deur die Hoof van die Weermag, as een van drie kandidate in die land, aanbeveel om 'n gesogte inligtingskursus in Taiwan by te woon. Op die laaste nippertjie het die Taiwanse regering die kursus gekanselleer. Ek het intussen by UNISA ingeskryf vir verdere studies en 'n nagraadse sertifikaat in Huweliksberaad en Voorligting in 1988 voltooi. Verder het ek ook in Sielkunde en Bedryfsielkunde aan UNISA verder studeer, en dit in 1990 voltooi. As gevolg van die trauma van die egskeiding en al die blootstelling in die grensoorlog, het ek besluit om in die pastoraat te spesialiseer. Ek het talle kursusse en seminare wat daaroor handel, bygewoon en het sodoende die drie jaar in die Weermag gebruik om 'n deeltydse pastorale spreekkamer van die grond af te bring. Op 31 Maart 1990 het ek uit diens van

die Weermag getree om voltyds die Pastorale Krisis- en Verrykingskliniek te bedryf. My tuisgemeente Floraunapark, het my as Leraarshulp vir die tydperk 3 April 1990 tot 30 April 1993 gebruik. Ek het my veral op die jeugwerk toegespits. Ek het ook verskeie SEVTO Teologiese kursusse sedert 1990 aan die Universiteit van Pretoria bygewoon. In 1992 het ek die spesialis kursus in mediasie gedoen, en tree sederdien as ‘n egskeidingsmediator op. Ek is ook geregistreer by die Suid-Afrikaanse Assosiasie vir Mediasie (SAAM). Die afgelope drie jaar is ek bevoorreg om op die Nasionale Hoofbestuur van die organisasie te dien. Die hoofbestuurslede en ander professionele persone in die organisasie het dan ook as medenavorsers in my navorsing opgetree. Die kursus in Christelike Aktiewe Terapie van Mensana asook Perspektief in Menswees se kursusse is in die periode 1988 tot 1992 voltooi. Talle kursusse en seminare by FAMSA, SANKA en SANRA is die afgelope paar jaar deur my aangebied en bygewoon. Ek is as mede-dosent en samesteller saam met prof. Lien van Niekerk van die Fakulteit Opvoedkunde by UNISA aangestel, vir ‘n een-jaar sertifikaat kursus in geestelike jeugberaad vanaf 1997 tot 2001. In 1995 het ek en my vrou ‘n korrespondensiekursus ontwikkel in persoonlikheidsvernuwing en -ontwikkeling, wat deur die Voorligter en Kerkbode bekend gestel was, en landswyd aangekoop was. Lapa Uitgewers het my in 2001 genader om as een van die skrywers op te tree om ‘n artikel in die boek: “Ja vir Jesus, nee vir die kerk” te skryf. Ek doen ook op ‘n gereelde basis boekkeuringswerk vir Lapa Uitgewers. In 1998 het ek by die Instituut vir Terapeutiese Navorsing van UNISA ingeskryf vir ‘n MA graad in Pastorale Terapie. Ek het die eksamen suksesvol voltooi, maar as gevolg van omstandighede het ek my MA skripsie met hulle toestemming aan prof. Julian Müller by die Universiteit van Pretoria voorgelê. Hulle dit dit so aanvaar en het ek my MA graad in Gesinsterapie in September 2001 daar verwerf. Sederdien is ek ‘n ingeskrewe student vir my PhD graad by die Universiteit van Pretoria en beoog om dit einde 2003 te voltooi.

Ek was betrokke by kerklike aangeleenthede op die kampus en diaken gedurende die tydperk 1977 tot 1979 en vanaf 1979 tot 1987, ouderling in verskeie gemeentes waaronder Hugenoot, Bloemfontein-Wes en Estoire. Ek was ook voorsitter van die BKJA en Ringvoorsitter van die BKJA Bloemfontein en het ook op verskeie redaksies en komitees

op Kweekskool gedien. Pastorale dienste is ook gelewer by Aurora Kliniek vir Alkoholiste en Dwelmafhanlikes, Oranje Hospitaal vir Psigiatriese pasiënte asook huisvader en pastorale begeleier by Susanna Coetzee Tehuis vir ongehude moeders te Bloemfontein. By al die instansies was ek vir ten minste drie jaar betrokke. Ek word tydens my verblyf in die SAGD Offisiersmenasie te Voortrekkerhoogte, op 17 Mei 1987 gekies as ouderling, maar bedank dit as gevolg van my werksomstandighede. Ek word op 10 Januarie 1988 gekies as ouderling en my vrou as diaken in die gemeente Tekbasis. Daar tree ek op as voorsitter van die BKJA, word verkies as onderleier-ouderling en ons albei tree op as kategete. Ons verhuis einde Augustus 1988 na Floraunapark waar ek as ouderling verkies word. As leraarshulp het ek ook drie jaar diens gelewer in die gemeente. Ek het ook 'n deeltydse pos vanaf 1 Februarie 1996 in die NG Gemeente Floraunapark, waar ek hoofsaaklik verantwoordelik is vir die jeugwerk asook vier preekbeute in 'n maand. Ek het 'n Sinodale aanstelling as pastor by Berg-en-Dal tehuis vir ongetroude moeders vanaf 1 Februarie 1996 tot 31 Desember 1998 om die pastorale werk te hanteer. Die afgelope jaar en 'n half tree ek op as die voorsitter van die Beheerraad van Berg-en-Dal tehuis vir ongetroude moeders. Die afgelope drie jaar tree Hanlie op as voorsitter van die Vrouediens van die makro NG Gemeente Florauna.

Die Minister van Justisie het my in 1991 aangestel as Gesinsraadgewer in die Kantoor van die Gesinsadvokaat. In die hoedanigheid het ek die afgelope paar jaar diens gelewer en saamgewerk met advokaat Francis Bosman, die Hoof Gesinsadvokaat. Die afgelope twaalf jaar was en is ek ook betrokke as Pastorale Konsultant by Castle Carey, Kliniek vir Alkoholisme en Chemiese Afhanklikheid, waar ek groepwerk met die pasiënte asook motiveringsessies vir die personeel aangebied het. Pastorale sessies word ook die afgelope elf jaar aangebied by Tutela, Plek van Veiligheid aan die kinders asook 2-weeklikse Bybelstudie en motiveringsessies aan die personeel van die inrigting. Ek tree die afgelope sewe jaar op as die voorsitter van die pastorale- en geestelike werkgroep by Tutela. Talle seminare, openbare optredes, manne-, vroue- en ander kampe en motiveringsaksies word op 'n gereelde basis aan verskeie organisasies soos die SAP, Weermag, Verpleegstudente, gemeentes en besigheidsgroepe aangebied. Ek is ook

betrokke by gereelde radiopraatjies by Radio Sonder Grense, Radio Kansel en Radio Pretoria.

Ek doen aansoek om herstel van bevoegdheid/status en word op 17 November 1995 gelegitimeer as proponent in die NG Kerk familie. Ek het ook 'n deeltydse pos vanaf 1 Februarie 1996 in die NG Gemeente Floraunapark, waar ek hoofsaaklik verantwoordelik was vir die jeugwerk asook vier preekbeute in die maand. Floraunapark en Pretoria-Noord NG Gemeentes het op 2 Desember 1997 saamgesmelt, om die makro-gemeente Florauna te vorm. Op 20 September 1998 het ek die beroep as tentmaker aanvaar as vyfde predikant in die gemeente Florauna. My mede-leraars op daardie stadium was Dr. Herman Carelsen, Dr. Frikkie du Plooy, Ds. Schalk Naudé en Ds. Rosché Vermaak. Op ringsvlak is ek voorsitter van die retreat-kommissie wat omsien na die predikante en hul behoeftes, asook mede-verantwoordelike predikant vir die hoërskoolse- en naskoolse jeug. Die afgelope twee jaar tree ek op as ondervoorsitter van die Ring van Pretoria-Noord. Die Ring het vir my en my vrou Hanlie, aangewys as die predikantspaar wat na die vroue van die ringspredikante moet omsien. Ek word in Oktober 2003 aangewys as voorsitter van die kommissie van die Ring van Pretoria-Noord, wat met die ander ringe in ons gebied moet koördineer ten opsigte van die samesmelting van al die ringe noord van die berg.

Ek was en is aktief betrokke by die volgende gemeenskapsorganisasies:

- **Die Junior Rapportryer Beweging** - Ek is in 1976 ingestel as lid van die beweging en 1978 word ek as bestuurslid en sekretaris van die korps gekies. Vanaf 1979 tot 1982 tree ek op as voorsitter van die studentekorps, Die Bult, en dien ook van 1979 tot 1982 op die Streekraad van die Bloemfonteinse Junior Rapportryer Korpse. Daar is 25 korpse in die streekraad waarop ek gedien het, eers as penningmeester en vir twee jaar as voorsitter. In 1992 word ek gekies as raadslid op die Nasionale Hoofbestuur van die beweging in die RSA vir die streek Vrystaat en Noord-Kaap wat uit 66 korpse bestaan. Op 24 jarige ouderdom is ek die jongste raadslid in die gesiedenis van die

beweging en die Rapportraad. Vanaf 1984 dien ek op die Raad van die Beweging in die RSA tot 1986. Ek stig 16 nuwe korpse in die streek en ontvang die hoogste toekenning van die beweging in 1986, naamlik die goue lapelwapen van die Rapportraad. Ek word in 1988 deur die Raad gekoöpteer vir die nuwe projek Junior Stadsrade, van die Beweging.

- **Bloemfonteinse Kultuurraad van die FAK** - Die Kultuurraad bestaan uit 115 ge-affilieerde groepe en organisasies in die Vrystaat. Ek dien sedert 1980 op die Raad en word in 1983 verkies tot onder-voorsitter van die Raad en beklee die pos tot 1985.
- **Oranje Jeug** - Die Administrateur van die Vrystaat, mnr. Louis Botha, het my as lid benoem op die uitvoerende bestuur van die organisasie in die Vrystaat. Die organisasie beywer hom vir die belange van die na-skoolse jeug ek dien gedurende 1980 tot 1986 op die uitvoerende bestuur en tree ook vir die tydperk as onder-voorsitter op vir die organisasie.
- **Die Geloftefees Komitee** - Ek het vir twee jaar op die Sentrale Gelofteskomitee in Bloemfontein gedien namens die jeug in die Vrystaat.
- **Bloemfonteinse Junior Stadsraad** - Ek tree op as stigterslid van die Stadsraad in 1981. Dit word as 'n nasionale projek van die Junior Rapportryer Beweging in die RSA aanvaar onder my leiding. Talle ander Junior Stadsrade word so landwyd gestig.
- **Kovsie 31-10-31 en Jong Dames Dinamiek** - Die Studenteraad van die UOVS wys my aan as voorsitter van 'n komitee om die stigting te begin en waar te neem van beide die dames organisasies op die kampus in 1979 en 1983 onderskeidelik.
- **Afrikaanse Studentebond** - Ek is sedert 1976 betrokke by die werksaamhede op die kampus en dien op verskeie komitees, in 1979 en 1980 dien ek ook op die Hoofbestuur van die ASB op die kampus van die UOVS.
- **Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys** - Ek is sedert 1976 lid en dien op hulle Jeugkomitee en is ook voorsitter van die komitee sedert 1984. Tree landwyd op as kursusleier met kampe, seminare en kursusse vir die Vereniging. Sedert 1986 was ek nie meer betrokke by bogenoemde organisasie nie, as gevolg van hul politieke betrokkenheid.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- **ACSV** - Ek dien op die Beheerkomitee van die Afrikaanse Christen Studente-vereniging van die Vrystaat vir twee jaar vanaf 1983 tot 1985.
- **ATKV** - As lewenslange lid van die ATKV is ek sedert 1997 onder-voorsitter van die Nasionale tak Leierbelang. Die tak val direk onder die hoofbestuur van die ATKV en tree landswyd op as inisieerder en organiseerder in alle leierontwikkeling en -sake.
- **Lidmaatskap** - Ek is en was ook lid van:

  RGN
  FAK - lewenslid
  ATKV - lewenslid
  Ruiterwag - tot met uittrede
  SAAM (Suid-Afrikaanse Assosiasie van Mediasie)
  SAAP (Suid-Afrikaanse Assosiasie van Pastorale Werk)
  Raad van Beraders van Suid-Afrika
  Afrikanerbond

Ek het aan die volgende sportsoorte deelgeneem en die volgende stokperdjies bedryf:

- Op skool het ek deelgeneem aan atletiek, krieket, rugby en stoei. Ek het my koshuis tydens studentejare verteenwoordig in rugby asook vir UOVS en Suid-Afrikaanse Universiteite gestoei. Tydens my dienspligjare het ek 1 Valskerm Bataljon verteenwoordig in snoeker en ek het ook die Skerpskutter Balkie in Skietkuns verower in die eenheid. Tans beoefen ek sport op sosiale vlak, speel muurbal en draf.
- Uit die aard van my beroep lees ek baie oor my vakgebied, afrikaanse leesstof en geskiedenis.
- Ek luister graag musiek en het 'n groot versameling plate, kasette en CD's.
- Ek boer sedert 1976 op grootskaal met rooi faktor kanaries, zebra vinke, gouldian vinke asook wilde voëls, en neem gereeld aan skoue deel. Ek is ook sedert 1991 'n Nasionale Beoordelaar en tree landswyd as Beoordelaar op by skoue. Vanaf 15 Julie 1993 tot 16 Julie 1996, dien ek op die Nasionale Hoofbestuur van die Suid-Afrikaanse Nasionale Kouvoël Vereniging. Ek het die afgelope jare vyf keer as Nasionale

University of Pretoria etd – Botha, J A  (2004)

Hoofbeoordelaar by die Suid-Afrikaanse Nasionale Kouvoël Skou opgetree. ‘n Reeks artikels van my oor red factor kanaries, is die afgelope paar maande in die Nasionale voëltydskrif, Wingnut, gepubliseer.

Bogenoemde uiteensetting vorm alles deel van my eie verhaal en dit moet ook in my navorsing, deur myself asook my medenavorsers, verreken word. Gedurende hierdie jare het daar sekere gemeenskapsake uitgestaan wat ‘n invloed op my denke en optrede uitgeoefen het. Die Republiekwording in 1961 en daarmee gepaardgaande Nasionale ontwaking, het ‘n rol gespeel, alhoewel ek nooit direk by enige politieke party of groepering betrokke was nie. Die breëre gemeenskapsbelange en kulturele behoeftes het vir my groot uitdagings gebied en as ‘n belangrike leerskool in my ontwikkeling en denke gefunksioneer. Die eerste maanlanding het op ons as kinders ‘n ongelooflike invloed gehad. Dit het ons as gesin aangegryp waar ons saam op die bed gelê en radio geluister het, en so alles wat plaasgevind het, gevolg het. Iets heeltemal buite ons begrip en leefwêreld wat ons tog aangespreek en wyer oor alles laat dink het. Die vrylating van president Nelson Mandela en al die veranderinge sedert 1994, het beslis ook ‘n groot invloed op my uitgeoefen. Die wen van die wêreldbeker wedstryd in 1995, was seker een van die grootste stories van hoop in ons nuwe geskiedenis, maar ook in my lewe. Die gebeure rondom 11 September 2001 in Amerika, het ons almal se wêreld radikaal geraak. Dit was tydens die Noord-Transvaalse Sinodesitting toe alles gebeur het, en ons as Sinode, geskok deur die trauma, spontaan vir sake rondom die situasie begin bid het.

My en Hanlie se oorsese besoek in 1994 aan Europa en spesifiek Nederland, Frankryk, Duitsland en Switzerland, het ons eie horisonne verbreed en was ‘n verrykende ervaring. Een van die mees uitstaande ervaringe in ons lewe was ons besoek in 2002 aan Rusland. Jy kan nooit weer dieselfde wees as jy die “sluimerende reus” en sy mense besoek het nie. Die kultuur en ongelooflike godsdiensbelewing van die mense, het ons aangegryp. Dit alles vorm deel van ons eie storie en het ons eie perspektiewe verbreed en verdiep. Aan die einde van die navorsing dink ek behoort daar beslis nog nuwe stories by dit wat reeds gesê is, toegevoeg te word......

Sewe verdere aksieverhale word volledig in Hoofstuk 5 uiteengesit. Ek volstaan dus hier net met my eie aksieverhaal.

- **Agtergrond ("Background")** - Dit is belangrik dat elke aksie in hierdie storie en in die navorsing teen 'n bepaalde agtergrond gesien en verstaan moet word. Ek het reeds by die aksie gedeelte beskryf hoe ek by hierdie aksie uitgekom het, en gaan dit dus nie weer herhaal nie. Müller et al (2001:4) haal vir Lamott (1995:62) aan wat die volgende sê: "background is where you let us see and know who these people are, how they've come to be together, what was going on before the opening of the story". Sy verduidelik dit verder baie prakties deur die voorbeeld van die ontwerper van 'n verhaal of 'n storie of 'n film en stel dit soos volg:

> "It may help you to know that the room (or ship or the office or the meadow) looks like where the action will take place. You want to know its feel, its temperature, its colors. Just as everyone is a walking advertisement for who he or she is, so every room is a little showcase of its occupants' values and personalities. Every room is about memory. Every room is about layers of information about our past and present and who we are, our shrines and quirks and hopes and sorrows, our attempts to prove that we exist and are more or less Okay. You can see, in our rooms, how much light we need - how many light bulbs, candles, skylights we have - and in how we keep things lit you can see how we try to comfort ourselves. The mix in our rooms is so touching: the clutter and the cracks in the wall belie a bleakness or brokenness in our lives, while photos and a few rare objects show our pride, our rare shining moments".

Dit gaan hier om 'n kamer en elke kamer kan sekere herinneringe verteenwoordig. Persone wat hul lewensverhale met ons deel in die navorsingsproses, doen dit nie net omtrent die "nou" nie, maar keer meeste van die tyd terug na die kamers en plekke van die verlede. Sodoende werk ons saam met hulle aan die oprigting van die agtergrond waarteen die aksie gaan plaasvind.

Müller et al (2001:5) verduidelik hoe hierdie prosesse by dié van Browning (1991:46) aansluit: "The first movement of this process (action) and this second one (background) together, can be compared to his first, second and third movement: descriptive, historical, and systematic. He describes his first movement as horizon analysis. '.... it attempts the horizon of cultural and religious meanings that surround our religious and secular practices.' He uses the term 'thick description' and emphasizes the necessity to interpret the action that is being researched against the backdrop of different perspectives: Sociology, psychology, economy, etc. After this thick description, and as part of it the background should also be extended to the historical perspective and the systematic concepts already developed, concerning the specific, or related actions". In dié hele proses moet die storie teen die huidige agtergrond van die sosio-politiese en ekonomiese geplaas word, waarbinne die navorser en medenavorsers besig is om hulle eie stories te lewe.

Verskillende kamers gaan bekyk word in Hoofstuk 2, 3 en 4. In Hoofstuk 2 gaan daar spesifiek na die agtergrond en ontwikkeling van die postmodernisme, wetenskaplik-filosofiese begrensing en narratiewe diskoers gekyk word. In Hoofstuk 3 gaan daar spesifiek na die agtergrond en ontwikkeling van die gesin en die egskeidingsituasie, asook na narratiewe egskeidingsmediasie gekyk word. In Hoofstuk 4 gaan dié kamers teologiese en pastorale verder belig word, en daar gaan ook spesifiek na die agtergrond en ontwikkeling daarvan gekyk word.

- **Ontwikkeling ("development")** - Indien ons met die agtergrond begin besig raak, moet die navorsingstorie ook verder ontwikkel. Lamott (1995:62) sê: "then you develop these people so that we learn what they care the most about. The plot - the drama, the actions, the tensions - will grow out of that". Müller et al (2001:5) haal vir Lamott (1995:39) aan as sy oor die waarde van skryf praat, en dit verglyk met die metafoor van 'n "Polaroid":

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

> "....is very much like watching a Polaroid develop. You can't - and, in fact, you are not supposed to - know exactly what the picture is going to look like until it has finished developing. First you just point at what has your attention and take the picture... maybe your Polaroid was supposed to be a picture of that boy standing against the fence, and you didn't notice until the last minute that a family was standing a few feet away from him.... Then the film emerges from the camera with a grayish green murkiness that gradually becomes clearer and clearer, and finally you see the husband and wife holding their baby with two children standing beside them. And at first it all seems very sweet, but the shadows begin to appear....".

In hierdie hele proses weet niemand, nie die navorser en/of medenavorsers presies hoe die foto gaan lyk voor dit nie finaal ontwikkel is nie. Die volledige foto kan nog nie tot sy reg kom nie, omdat die hele proses aan die gang is met die egskeidingsmediase. Eers later sal daar gesien kan word of die ontwikkeling sinvol was of vrugte afgewerp het, en daar sodoende stories van hoop ontstaan het. Dit sou belangrik wees om in dié geval al die verskillende stories, aksiestories, agtergrondstories, die navorser se eie storie, stories vanuit die literatuur en navorsingsonderhoude met mekaar in verband te bring. Alle moontlike verbande moet gelê word om sodoende alles tot 'n geheel saam te bind. Dit is ook belangrik dat al die stemme gehoor moet word, veral die gemarginaliseerde stemme van die kinders asook van die vrou, voor, tydens en na die egskeidingsituasie. Gesprekke moet heen en weer gereflekteer word om sodoende die onverwagte en onvoorsiene ontwikkelings wat mag plaasvind, sinvol te hanteer. In die navorsingsproses gaan dit nie net om stories wat vertel moet word nie, maar ook stories wat ontwikkel moet word. Müller et al (2001:7) stel dit soos volg: "the narrative researcher is looking and waiting for new, better stories to develop. As researchers we have an interest of emancipation. Gergen (1999:5) says: ".... in the hands of these scholars, the data dramatically succeeded in bringing provocative ideas about human interaction to life, thus generating debate and dialogue".

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- **Klimaks ("climax")** - Al die los punte word nou bymekaar gebring en vasgeknoop, om sodoende by die klimaks uit te kom. Dit is hiér waar die navorsingsproses as te ware sy klimaks bereik, en waar verstaan plaasvind. Müller et al (2001:7) haal vir Lamott (1995:62,82-83) aan deur te sê:

> "You move them along until everything comes together in the climax, after which things are different for the main characters, different in some real way...... When you write about your characters, we want to know all about their lives and colors and growth. But we also want to know who they are when stripped of the surface show. So if you want to get to know your characters, you have to hang out with them long enough to see beyond all the things they aren't. You may try to get them to do something because it would be convenient plotwise, or you might want to pigeonhole them so you can maintain control. But with luck their tendrils will sneak out the sides of the box you've put them in, and you will finally have to admit that who they are isn't who you thought they were".

Die klimaks is nie iets wat dadelik ontwikkel nie, want dit hang saam met die kompleksiteit van die storie wat beskryf word. In my navorsingsverhaal wil ek deur middel van my navorsingsgesprekke so breedvoering as moontlik met die medenavorsers in gesprek tree en bly. In die proses sal die nuuskurigheid van almal toeneem. Sodoende sal almal angstig wag vir die knoop van die navorsing om te ontwikkel. Die knoop moet op so manier ontwikkel word dat die navorsingsintegriteit ten alle koste gehandhaaf word. Indien die uitkoms of klimaks vooruit aan die navorser bekend word, het die proses van die navorsing nog nie eers begin nie (Müller et al 2001:8). In die narratiewe navorsingsproses is dit dus belangrik dat daar saam met die medenavorsers, wat die kinders insluit, saam gewag word dat die knoop van die navorsing kan ontwikkel. As dít plaasvind, is almal wat betrokke is gewoonlik baie verlig en kan saam deel in die vreugde wat ontstaan het as gevolg van die stories van hoop.

In Hoofstuk 5 gaan dit juis oor moontlike stories van hoop en die klimaks van die navorsing word ook in dié hoofstuk bereik. Soos reeds by "aksie" gemeld, is daar in Hoofstuk 5 ook aksiestories van die medenavorsers. Uit hierdie aksiestories gaan ons saam nuwe stories van hoop ontdek en ontwikkel.

- **Die einde ("ending")** - Müller et al (2001:8) haal vir Lamott (1995:62) aan wat sê: "and then there is the ending: what is our sense of who these people are now, what are they left with, what happened, and what did it mean?" Die navorser en medenavorsers kan soms moedeloos raak in die navorsingsproses en dit is wanneer die navorser soos 'n skrywer, die mootlikheid moet benut om vír en mét mense te droom. Lamott (1995:231) vat dit saam deur te sê:

> "You are lucky to be one of those people who wishes to build sand castles with word, who is willing to create a place where your imagination can wander. We build this place with sand of memories: these castles are our memories and inventiveness made tangible. So part of us believes that when the tide starts coming in, we won't really have lost anything, because actually only a symbol of it was there in the sand. Another part of us thinks we'll figure out a way to divert the ocean. This is what separates artists from ordinary people: the belief, deep in our hearts, that if we build our castles well enough, somehow the ocean won't wash them away. I think this is a wonderful kind of person to be".

Dit is gewoonlik op dié stadium dat die navorser soms wonder: wat het ek bereik? 'n Klomp harde werk en ure se navorsing is hierin geploeg, en was dit alles die moeite werd? Dit gaan dus nou nie meer net om 'n blote refleksie op die verskillende stories of 'n mooi samevatting waarby daar saam uitgekom is nie. Daar moet altyd ruimte gelaat word vir nuwe stories, vir meér nuwe stories. Die einde van die navorsing is altyd oop sodat verdere ruimtes in die toekoms ontgin kan word. In die pastorale narratiewe egskeidingmediasie situasie sal daar altyd ruimtes wees wat in die toekoms ontgin kan word deur die navorsers. Dit sal dus onmoontlik wees om die uiteinde van die navorsing te bepaal. Die afloop daarvan

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

kan aangenaam of onaangenaam wees vir die navorser sowel as vir die medenavorsers asook die lesers.

Navorsing kan alleenlik sinvol geskied indien die navorser sekere verbintenis en geduld toon, in en teenoor die proses. Lamott (1995:19) stel dit baie treffend:

> "....thirty years ago my older brother, who was ten years old at the time, was trying to get a report on birds written that he'd had three months to write, which was due the next day. We were out to our family cabin in Bolinas, and he was at the kitchen table close to tears, surrounded by binder paper and pencils and unopened books on birds, immobilized by the hugeness of the task ahead. Then my father sat down beside him, put his arm around my brother's shoulder, and said, "Bird by bird, buddy. Just take it bird by bird".

## 1.7 Begripsverheldering

Ek maak gebruik van die narratiewe paradigma om sodoende by my medenavorsers se stories/verhale uit te kom. Gedurende die proses moet daar 'n openheid en eerlikheid wees tussen almal betrokke om sodoende nuwe stories van hoop te skep as resultaat van die hele proses.

### 1.7.1 Die narratiewe

White & Epston (1990:10) omskryf die narratiewe soos volg:

> "In striving to make sense of experiences and of life, people arrange their experiences of events in sequences across time in such a way as to arrive at a coherent account of themselves and the world around them….(t)his…. can be referred to as a story or self narrative."

Volgens Kotzé & Kotzé (1993:107) kan self-narratief soos volg weergegee word:

> "Mense gee betekenis aan hulle lewens deur die stories wat hulle oor hul lewens konstrueer. Hierdie lewens is veel ryker as die stories wat hulle daaroor konstrueer. Eendersyds konstrueer mense lewenstories gebaseer op hulle ervaring van die lewe terwyl hierdie stories andersyds weer die lewe van mense vorm. Lewe en stories staan dus rekursief in relasie tot mekaar. Die storie van mense oor hulle lewens word deur 'n verskeidenheid diskoerse wat wissel in dominansie gekenmerk. Die meer dominante diskoerse in die storie speel 'n groter rol in die vorming van die lewe en die stories daaroor, as die minder dominante of alternatiewe diskoerse."

Feministiese teoloë soos Isherwood en McEwan (1993:87) "suggested various strategies to promote this transformation. Some strategies come to mind when one thinks about the role of religious discourses. Such strategies include:

- Questioning assumptions about the role of women held by societies and churches;
- Dismantling sexist command structures in churches;
- Placing reflections on theology in the context of women's lives;
- Giving a voice to the voiceless;
- Supporting the oppressed;
- Acting as leaven to achieve a transformation of church culture and
- The introduction of new values."

Stories van die medenavorsers bevat dikwels elemente van bogenoemde. Gemarginaliseerde verhale moet veral aandag geniet in die egskeidingsproses, aangesien dit juis dié persone is wat dikwels aanklop vir mediasie.

### 1.7.2 Pastorale terapie

Sowel die woord pastoraal as terapie is Griekse woorde wat in die Bybel gebruik word (Newman 1971). Talle wetenskaplikes gebruik die woord pastorale terapie (Dill 1996 & Louw 1993). Die begrip pastorale terapie is 'n sinoniem vir die begrip pastorale berading

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

volgens De Jongh van Arkel (1991:14) en Strunk (1993:92). Dit is nie moontlik om God die objek van die teologie te maak nie, maar dit is tóg moonlik om mense se taal en aksies die objek te maak:

> "That reflect their reality coram Deo (cf. Kotzé 1992), the object of scientific study" (Louw 1993:).

Volgens Le Roux (1996:17) gaan dit nie oor relativisme nie maar om die volgende:

> "Spelende omgang met die teks lei nie tot vaste waarhede wat vir almal herkenbaar is nie. Wat eerder gebeur, is dat ons telkens anders na die teks kyk en met verskillende betekenismoontlikhede kan speel. En dit is nie 'n vorm van relativisme nie, maar van egte verstaan. Ons verstaan eers eg wanneer die spel met die teks telkens nuwe en ander moontlikhede open. Om met 'n teks te speel, is geen ondermyning van die waarheid nie. In die spelende worsteling met die teks groei daar betekenis. Dit is net anders. Dit is nie 'n waarheid wat vir almal toegangklik en aanvaabaar is nie. Dit is nie 'n waarheid wat empiries-klinies en tot almal se bevrediging geabstraeer en beskryf kan word nie. Hierdie waarheid is 'n waarheid-vir-my."

Omdat ek nie vaste strukture voorop wil stel nie maar juis oop en soekend saam met die medenavorsers met hulle verhale wil omgaan, skep die uitgangspunt juis vir my daardie ruimte om dit sinvol te doen.

"The pastoral therapist has the responsibility to facilitate the maintenance, further development as well as decontruction of the person's spiritual story. This dialoguing is done within his/her tradition on the one hand, and facilitating the growth and creative development of particular life stories on the other hand" (Gerkin 1997:113). "Quoting of referring to Scripture during therapy does not necessarily make it pastoral. When Scripture is used, it should be in terms of contextual interpretation – "the interpretation reached through dialogical conversation… that both partners in conversation subscribe to" (Myburg 2000:80). The voiced text lingers in a "zone of imagination" (Brueggemann

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

1993:62) as new constructs emerge. By means of conversation in therapy, we are on route to co-formulating an understanding of God. By engaging in a conversation in which at the appropriate time, as indicated by the client, alternative voices are introduced, the person in therapy may gradually turn to a "healing spiritual talk"" (Andrews & Kotzé 2000:323).

In Hoofstuk 5 kyk ek saam met my medenavorsers in detail na pastorale terapie asook na die toepaslikheid daarvan ten opsigte van die stories van hoop tydens die egskeidingsmediasie-proses.

### 1.7.3 Narratiewe pastorale terapie

Soos met narratiewe terapie, gaan dit hier oor mense se individuele, sosiale en taalkundige konstruksies van hul self-narratiewe wat hul eie lewe konstitueer. Dill (1996:51) reflekteer oor 'n narratiewe pastorale terapie soos volg:

> "The approach involves a hermeneutic process wherein the pastoral therapist and the client endeavour to co-construct new and alternative self-narratives in the light of the Greater Story of God. However implicit or explicit the Story of God may be."

Gerkin (1986:59) sê:

> "Narrative practical theology is, therefore, an ongoing hermeneutical process within the immediate storied context of ministry. The intention of the process is the transformation of the human story both individual and corporate, in ways that open the future of that story to creative possibilities."

Binne bogenoemde konteks speel die stories van hoop en wanhoop af. Omdat dit 'n voortgaande en ontwikkelende proses is, word stories van hoop 'n moontlikheid.

University of Pretoria etd – Botha, J A  (2004)

"Sevenhuijsen (1998:131) describes care as the "repairing of citizens so that they can once more take part in their normal social participation".  In a pastoral therapeutic dialogue, a theological tradition can function, through language, as "a participant in a dialogue" (Pieters quoted by Botha 1998:160), which means that the "story of God, becomes a conversational partner" (Botha 1998:160).  We can treat the great story of God, i.e. our theological tradition, as another cultural discourse that participates in the conversation."

Die gemeenskap van gelowiges, omgeegroepe en spesiale projekte kan ook binne breër gemeenskapsverband die rol van omgee en uitreikgemeenskappe vervul.  Hierin word God se storie dan 'n werklikheid wat beleef kan word ten spyte van die gebrokenheid, trauma en seer.

Müller (1996:173 e v) sluit by hierdie tema aan wanneer hy sê dat daar 'n samekoms moet plaasvind tussen die verhale van God en die mense en gespreksgenote se persoonlike verhale.  Die verhale van mense moet in verband gebring word met die Groot Verhaal van God.  Dit gebeur egter net suksesvol wanneer die pastor se eie verhaal en die Groot Verhaal van God ineengevleg is.  Narratiewe teologie help ons dus om vanuit die nadenke oor die wesenlike narratiewe aard van ons Christelike geloof, verhale met mekaar in verband te bring, en dan spesifiek die Groot Verhale van die Christelike geloofstradisie met mense se persoonlike verhale.  Browning (1991:36) sien die taak van die praktiese teologie as "critical reflection on the church's dialogue with Christian sources and other communities of experience and interpretation with the aim of guiding its action toward social and individual transformation."

Sosiale en persoonlike verandering asook vernuwing is alleen moontlik as sowel die navorser/pastor as medenavorsers oop en toeganklik is vir mekaar se verhale.  Dié openheid kan dan binne die ruimte van die mediasiesessies tot stories van hoop ontwikkel word.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

"The pastor may be a source of hope for healing and transformation. Hope is a powerful force for change. Hope involves new perspectives and possibilities when all seems lost. Hope is an antidote for despair. It is the faith that life will rise out of death" (Rodgers & Pryor 1998:46,99).

### 1.7.4 Egskeidingsmediasie

Van Staden (1992:6) omskryf die begrip egskeiding soos volg:

> "Egskeiding is die wetlike beëindiging van 'n huwelik deur 'n hofbesluit waar dit die traumatiese proses van vernietiging van die huweliksverhouding impliseer, met die gepaardgaande verandering van die gesinstruktuur – en funksionering asook die onderlinge interaksie van die gesinslede, wat aanpassings in kommunikasie en die ondersteunende netwerk meebring."

Mediasie word as 'n wisselterm/sinoniem vir bemiddeling gebruik. Die "Dictionary of Pastoral Care and Counselling" (1990:695) definieer bemiddeling as:

> "A dispute-resolution process in which an independent and third party helps disputants to settle a conflict in a mutually acceptable fashion. The disputing parties are active participants."

Folberg & Taylor (1984:7) omskryf mediasie as:

> "The process whereby the participants with the assistance of a neutral person or persons systematically identify disputed issues in order to develop options, consider alternatives, and reach a consensual settlement that will accommodate their needs. Mediation is a process that emphasizes the participants own responsibilities for making decisions that effect their lives."

As gevolg van 'n "thin description" (Morgan 2000:13) ontstaan daar gewoonlik probleme omdat die verhaal nie deeglik ontgin is nie. Die ideaal sou dus wees om meer detail

rondom die verhaal te bekom en sodoende saam tot gevolgtrekkings te kom wat meer gewig dra. Uit hierdie krisisse, trauma en pyn van die egskeiding kom die medenavorsers dikwels tot die gevolgtrekking dat hulle, ten spyte van alles, sekere sterk punte in hul eie verhaal en lewe ontdek het wat hulle beter toerus vir die toekoms.

In die proses van narratiewe pastorale egskeidingsmediasie gaan dit juis om die “hoor” van gemarginaliseerde stories om sodoende saam ‘n aksieverhaal te ontsluit wat dan stories van hoop ontwikkel en bevestig. Dié stories van hoop help ons almal om sinvol voort te lewe.

Deur aktief te luister na die medenavorsers se verhale van die verlede, kry die navorser die geleentheid om ‘n “community of care” (Fulton, Viv, Ray & Kotzé 2000:318) daar te stel. Volgens Poling (1991:146-152) kan “loving communities” ontstaan wat regtig omgee vir mense gedurende die seer en dramatiese gebeure in hul lewe. Hierdie groepe is inklusief en regverdig en akkommodeer hierdie persone sodoende met gemak. Poling (1991:148) beweer dat ‘n “inclusive community values personal experience and diversity as otherness an difference. In a loving community no one becomes marginalized due to painfull experiences such as abuse (egskeiding). A just community addresses injustices and works toward accountability when power is abused, and towards the protection of those suffering.” Die krisis en trauma van egskeiding asook die gepaardgaande belewing van verlies op verskillende vlakke, kan binne ‘n “community of care” baie doeltreffend hanteer word. Die geweld, fisies en emosioneel asook die misbruik van mag, kan juis in so ‘n “loving community” baie sinvol ondervang word. Hierdie onderlinge sorg en omgee binne hierdie nuwe ondersteuningstrukture kan daadwerklik daartoe bydrae dat daar baie minder trauma, seer en verwerping beleef word.

Bogenoemde gemeenskappe is binne die bereik van almal wat sou wou deel vorm daarvan. Soos reeds aangedui, bestaan daar reeds talle geleenthede wat net deur die persone benut moet word.

### 1.7.5 Stories van hoop

Naudé (2002:197) haal AW Tozer aan wat beweer "dat 'n mens ongeveer veertig dae sonder kos kan bly leef, omtrent drie dae sonder water, nagenoeg agt minute sonder suurstof …… maar net enkele sekondes sonder hoop."

Ek wil dus stories van hoop teen die agtergrond van narratiewe pastorale egskeidingsmediasie navors. Die stories van hoop staan dus voorop. Ek sluit dus aan by Laas, een van my medenavorsers in die PhD groep by die Universiteit van Pretoria, wat die klem laat val op die verhaal wat nagevors moet word en nie die verskynsel nie. Die verhale word dus teen die agtergrond van die verskynsel nagevors. Hy gebruik die metafoor van 'n foto. Op die foto wat in fokus is, is die roos pragtig, so duidelik dat tot die blink doudruppel daarop gesien kan word. Die roos in sy studie is die verhale oor verbeelding in terapie (die roos in my studie is die verhale oor hoop in pastorale narratiewe egskeidingsmediasie). Die roos staan in 'n tuin teen die agtergrond van plante, struike, gras en ander blomme. Die agtergrond van my studie is die verskynsel van verbeelding (stories van hoop) in terapie.

Moltmann (1988:17) sê oor hoop die volgende: "mense kan hoop hê vir die toekoms as hulle die moonlikhede van môre ernstig opneem en hulle nie laat vasbind aan die slegte rekord van gister nie."

Hoop en verbeelding word soms as sinonieme gebruik. Brueggemann (1993:14) sê dat hoop voortvloei uit die profetiese verbeelding. Dit is primêr 'n teologiese konsep wat in die taal van die verbond tussen 'n persoonlike God en gemeenskap gevoer moet word. Hoop word gefundeer in die trou van die Verbondsgod wat Hom in die Bybel aan ons openbaar. "Hope, the conviction that God will bring things to full, glorious completion, is not an explanation of anything. Indeed, biblical hope most often has little suggestion about how to get from here to there. It is rather an exultant, celebrative conviction that God will not quit until God has had God's full way in the world" (Brueggemann 1993:40).

Lester (1995:62) haal vir Lynch aan wat hoop definieer as " …. a fundamental knowledge and feeling that there is a way out of difficulty …. that we as human persons can somehow handle and manage internal and external reality …". Ek sal in hoofstuk vyf meer volledig inspeel op die definisie en tema. Dit is tog ook interessant om kennis te neem van Nydam (1997:74) se siening dat hoop by Lester nie 'n individuele en privaat proses is nie, maar dat hoop binne bepaalde menslike sisteme gegenereer word. Hoop word dus binne betekenisvolle gemeenskappe gegenereer.

'n Afrikaan, Augustine Nwoye, lê klem op die "hope-healing communities in contemporary Africa" (2002:61). Narratiewe stories help die persone om hoop te vind in hul moeilike omstandighede en binne bepaalde gemeenskappe in Afrika.

Weingarten (2000:11) sê dat die Westerse kultuur slegs individuele hoop voorop stel en min aandag skenk aan gemeenskaplike hoop binne die gemeenskap of kerklike tradisie. Sy glo dat hoop in die gemeenskap ontwikkel moet word en sê dat "a person could be loved into hope when people who care and who practise hope together surround the person."

Volgens Müller (2000:43) bou die Bybelse hoop egter op die verledestorie van Christus. In Christus se verhaal word ek gehelp om eerstens my verledeverhaal af te handel. Christelike hoop kan dus uit die verlossingsteologie sinvol hanteer word. Al die verskillende fasette van hoop sal volledig in Hoofstuk 5 hanteer word.

Die feit dat die navorser deel is van die hele navorsingsproses en dus 'n "witness" is van die verhale van die getraumatiseerde mense in die egskeidingsituasie dra daartoe by dat dit 'n proses word van "healing, if not curing" (Wright, Watson & Bell 1996:161). Egskeiding moet soos siekte as 'n trauma en/of verlies hanteer word. "I try to give myself and/or the other the sense that we have all the time in the world to search for, try out, create, or bend language to serve the purposes of knowing and being known. The latent voice may speak the unspeakable, know the unknowable, if the voice feels welcomed"

(Weingarten 2001:120). Hierdie bogenoemde proses help om ruimte en die geleentheid te skep waar die medenavorsers se lewe en geloof saam gevoeg word in ‘n "spirituality of wholeness" (Rossouw 1993:899).

## 1.8 Voorlopige navorsingsprosedures

Die navorsingsmetodologie wat in hierdie studie gebruik word, is die narratiewe metode. Die betekenis van die interaksie tussen my en my medenavorsers is dus vir my van groter belang as die resultaat. ‘n Belangrike vertrekpunt van die narratiewe metafoor is dat mense in taal bestaan en dat betekenis deur taal gekonstrueer word. Narratiewe analise kan dus nie op statistiek gebaseer word nie, maar wel op taal (Prinsloo 1999:11).

Narratiewe navorsing is ‘n kollaboratiewe of samewerkende metode met die uiteindelike doel om tot verstaan te kom van die verskynsels wat ek moet ondersoek, maar wat ook ‘n taal sal ontwikkel wat die emosies en trauma van die egskeiding sal vasvang (Connelly en Clandinin 1987:138). As metode vind die narratiewe navorsing dus aansluiting by die narratiewe metafoor van White en Epston (1990:12) se narratiewe terapie.

Wat die prosedure van my navorsing betref, sluit ek aan by wat Le Roux (1996:22) sê omtrent veelvuldige reflekterende gesprekke. Dit behels onder meer:

- Die reflekterende dialogiese benadering verander die idee van "objekte" van navorsing, na deelnemers aan die proses. Mag word nou gedeel tussen die mediator/navorser en medenavorsers. (vergelyk ook Guba & Lincoln 1994 en Neuman 1994 in hierdie verband)
- Die reflekterende gesprekke is die kern van die narratiewe mediasie en vind plaas op soveel vlakke, geleenthede en tussen soveel deelnemers, as moontlik. Die mediasiegesprekke maak deel uit van ‘n netwerk wat voortdurend reflektief met

mekaar kommunikeer. Hierdie gesprekke vind plaas tussen die mediator/navorser en :

- medenavorsers/deelnemers/partye
- relevante uitgewerkte literatuur
- kollegas van die mediator
- die promotor
- die Hoofgesinsadvokaat (adv. Francis Bosman. Vanaf 1994-1997 het ek as gesinsraadgewer saam met haar opgetree.)
- talle prokureurs, maatskaplike werkers, sielkundiges ens. (as deel van die multi- professionele reflekterende saqASDFpan)
- mede-PhD-studente by die Universiteit van Pretoria
- familie, kinders en vriende van my medenavorsers
- briewe en lewenstories (selfnarratiewe) (Botha 2001:6)

Ek gaan hoofsaaklik narratief in my navorsing te werk en benut soms kwalitatiewe navorsing. Bosman (2001:46) sê: "'n Narratiewe navorsingsaanpak deel baie met die kwalitatiewe navorsing, maar dit wil tog verder gaan. In die veld van die narratiewe terapie word daar baie gesê oor hoe terapie lyk, maar nie vreeslik baie oor hoe narratiewe navorsing lyk nie. Müller (2000b) is van mening dat ons veel meer kan leer by die aanpak en uitgangspunte van narratiewe terapie oor hoe om op 'n konsekwente wyse narratiewe navorsing te doen. Hieruit vind hy hom in goeie geselskap, vergelyk byvoorbeeld die filosofie van Habermas (1972:310) en Marcuse (1970:25) wat aansluit by die psigoanalise van Freud in hulle kritiese teorieë wat in die teologie aansluiting vind by 'n terapeutiese model om dit wat stukkend is in die samelewing heel te maak".

Wetenskaplike kennis moet aan bepaalde vereistes voldoen. Hierdie vereistes sluit dinge in soos verifieerbaarheid, kwantifiseerbaarheid en algemene geldigheid asook dat dit 'n oorsaaklike verband moet aantoon (Polkinghorne 1988:161) en (Rubin & Rubin 1995:57). In kwalitatiewe navorsing word daar gepoog om weg te beweeg van die kwantifisering van gegewens. Daar word egter steeds gesoek na algemene geldigheid. Respondente word

ondervra totdat daar nie meer nuwe kategorieë uit die navorsingsonderhoude na vore kom nie. Die kern van die waarheid waarna gesoek word, is die herhalende patrone en die universeel menslike in die navorsing. Volgens Gergen (1999:102) gaan narratiewe navorsing verder. Narratiewe navorsing wil eksplisiet plek gee vir die eiesoortige en unieke aard van die gespreksgenoot. In narratiewe navorsing word daar gewaak teen die denkkonstruksies en wetenskaplike kategorieë wat die navorser op die gesprek/navorsing kan afdwing. Mishler (1986:5) toon aan hoe daar in kwalitatiewe navorsing 'n gaping bestaan tussen die alledaagse, informele wyse van taalgebruik en die wyse waarop taal in die algemeen gebruik word in navorsingsonderhoude. In die navorsingsonderhoude word vrae gebruik wat daarop gemik is om konteksvry te wees. Die resultaat wat daardeur verkry word, is: "an array of decontextualized responses". Verstaan vind egter altyd binne 'n sekere konteks plaas en daarom glip die kontekstuele verstaankategorieë weereens by die agterdeur uit indien die responses geïnterpreteer word. Die rede hiervoor is voor die hand liggend want dit is onmoontlik om konteksloos tot verstaan te kom. Alle verstaan vind tog binne 'n bepaalde konteks plaas.

Babbie & Mouton (2001:49) sê dat gedrag beskryf kan word in terme van sekere veranderlikes. "Qualitative research takes as point of departure … the insider perspective on social research. The aim of qualitative research is to describe and to understand, rather than to explain and predict."

'n Onderskeid word gemaak tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing (Mouton & Marais 1985:155-175). Landman (1999:17) sê dat dit in die kwalitatiewe metode gaan om:

> "die bestudering van individue onder natuurlike omstandighede ten einde vas te stel op welke wyse hulle betekenisse toeken in sosiale situasies. Teorie word nie geprojekteer op die gegewens nie, maar spruit voort uit die versamelde gegewens. Kwalitatiewe navorsing is nie gebaseer op 'n stel vaste en rigiede prosedures nie, maar nietemin het die navorsing 'n stel strategieë en taktieke nodig ten einde te organiseer, te beheer en te evalueer."

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Teenoor bogenoemde stel Dreyer kwantitatiewe navorsing as navorsing wat hoofsaaklik gerig is op meting. Hy noem vyf kenmerke van kwalitatiewe navorsing (Dreyer 1991:246-247):

- Kwalitatiewe navorsing vind in 'n natuurlike omgewing plaas.
- Dit is beskrywend van aard.
- Aandag word aan die proses geskenk eerder as om bloot te let op uitkomste of gevolge.
- Die data word gewoonlik induktief ontleed.
- Die navorsers stel veral belang in die betekenis wat persone aan gebeure, verskynsels ens. heg.

In sommige gevalle kan semi-gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoude baie handig te pas kom in die narratiewe navorsing. Een van die sterk punte van kwalitatiewe navorsing is "the comprehensiveness of perspective it gives researchers" (Babbie & Mouton 2001:309). Kwantitatiewe navorsing is hoofsaaklik gegrond in the positivistiese/empiriese benadering terwyl kwalitatiewe navorsing meer gegrond is in die konstruktiewe/fenominologiese benadering. Jare lank het navorsers die twee benaderings teenoor mekaar gestel. 'n Meer pragmatiese benadering het egter ontwikkel ten opsigte daarvan: "The use of whatever philosophical and/or methodological approach works for the particular research problem under study. This means that the methodological tools which 'works' in view of the research question, are, used" (Tashakkori & Teddlie 1998:5,21).

Drie volwasse persone en drie kinders wat vir egskeidingsmediasie aanmeld in die pastorale spreekkamer, sal as medenavorsers gebruik word. Ek sal ook 'n mede-pastorale narratiewe egskeidingsmediator gebruik as medenavorser omdat hy elke dag met stories van hoop in sy spreekkamer werk. Dataversameling sal ook deur middel van 'n literatuurstudie gedoen word. Al die medenavorsers se aandeel in die navorsing sal verbatim op band geneem word. Hierdie stories sal dan as rigtingwysers dien in die navorsing.

Die volgende werkwyse sal gevolg word:

- Tydens die eerste verkennende gesprek sal 'n begeleidende brief, inligtingstuk en agenda van gespreksmoontlikhede aan elke medenavorser oorhandig word. Dit sal deurgewerk word en indien daar onduidelikhede voorkom, sal dit hanteer word.
- Die medenavorsers kry twee tot drie weke geleentheid om die dokumente verder te bestudeer.
- Ná twee of drie weke maak ek 'n afspraak met die medenavorsers.
- Die mediasieproses neem dan 'n aanvang.
- Die onderhoud in die mediasieproses word verbatim op band geneem, met hul skriftelike toestemming.
- Die toepaslike dele en die hele proses van mediasie word deur my medenavorsers en myself geredigeer.
- Die finale produk word dan aan almal voorgelê. Die veelvuldige gesprekke bied die geleentheid om die verskillende vertolkings te toets. Dit skep dus die moontlikheid van onderhandelende betekenis tussen ons en bied 'n geleentheid tot ko-konstruksie van die mediasieproses wat op verdere dialoog kan uitloop. Deur die medenavorsers se verhale vind die dekonstruksie van die egskeidingsverhaal plaas. Die vertel van die medenavorsers se verhale kan sodoende tot 'n moontlike heling/"suksesvolle" egskeiding lei.
- Stories van hoop skep dan 'n nuwe toekomsverhaal wat oop en dinamies kan funksioneer in die medenavorsers se lewe.

## 1.9 Etiese oorwegings

Die navorsing het ten doel dat die medenavorsers/egskeidingspartye die eintlike bevoordeeldes sal wees, wat hul lewe met behulp van stories van hoop meer sinvol sal kan inrig. Elke medenavorser se toestemming word verkry en sy of haar rol word duidelik uitgespel.

Ek plaas as mediator/medenavorser 'n hoë premie op vertroue, integriteit, eerlikheid en wedersydse respek asook waar nodig, geheimhouding tussen my en die medenavorsers wat aan die projek deelneem. Skuilname sal ook gebruik word om hul identiteit te beskerm.

### 1.10 Die hantering van bronne

Een van die mees uitstaande kenmerke van narratiewe navorsing is juis om die verhale van die medenavorsers asook gemarginaliseerde persone te hoor. Ruimte word dus geskep in die navorsing vir verhale om sodoende die medenavorsers self aan die woord te stel. As deel van my empiriese navorsing sal daar met die verhale van die medenavorsers gewerk word om sodoende hul stemme hoorbaar te maak in die hele proses. Die gesprekke word op band, deur kernnotas en lewensverhale (self-narratiewe) in die navorsingsgesprek gebruik. Dit is nie geredigeer nie en verduidelikende aantekeninge sal met hul goedkeuring in hakies in die materiaal aangedui word.

My eie self-narratief, dié van die medenavorsers asook ander toepaslike materiaal sal volledig in hoofstuk 5 aangebied word. Daar sal ook van skuilname gebruik gemaak word indien medenavorsers dit sou verkies.

### 1.11 Navorsingsverloop

In Hoofstuk 1 het ek enkele inleidende gedagtes gedeel. Die soeklig val kortliks op die **aksie en aksieverhale** wat ondersoek word in die res van die navorsing. Die aksie en aksieverhale word in Hoofstuk 5 verder en meer volledig belig. Hoofstuk 2 handel oor die noodsaaklikheid van 'n paradigmaskuif en meer wetenskaplik-filosofiese verantwoording word daar hanteer. Daar word in detail na die **agtergrondsbegrippe en die verdere ontwikkeling** teen die agtergrond van bogenoemde fokusareas gekyk. In Hoofstuk 3 word die hoofmomente van die narratiewe terapie en egskeidingsmediasie hanteer met die

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

fokus op die nodige **agtergrondsbegrippe en die moontlike verdere ontwikkeling** daarvan. Praktiese teologie en 'n meer volledige pastorale verantwoording word in Hoofstuk 4 weergegee. Die fokus val hier op die teologie, praktiese teologie, narratiewe praktiese teologie asook op die rol van die navorser in die navorsingsproses. Daar word dan ten slotte ook aandag aan die pastoraat geskenk. Die belangrikste **agtergrondsbegrippe** word van nader bekyk en die **spesifieke navorsingsvelde** word **verder ontwikkel**. In Hoofstuk 5 word daar aan die hand van die ABDCE-metafoor en in samewerking met my medenavorsers gesoek na moontlike stories van hoop in die mediasiesituasie en spesifiek gefokus op 'n **moontlike klimaks** in die navorsing. Hoofstuk 6 handel kortliks oor 'n kritiese refleksie oor die hele navorsingsproses en die moontlike stories van hoop wat tog 'n "suksesvolle" egskeiding moontlik kan maak. Moontlike leemtes in die navorsing en voorstelle oor gepaste onderwerpe vir verdere navorsing, sal ook hier hanteer word. Die **einde van die navorsing** word hier bereik. Die einde is en bly altyd 'n oop proses en ontlok altyd weer nuwe vrae vir verdere navorsing. Daar is nie 'n punt aan die einde van die navorsing nie, wel 'n komma, ……..

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

# HOOFSTUK 2
# 'N NOODSAAKLIKE PARADIGMASKUIF – AGTERGROND EN VERDERE ONTWIKKELING

## 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word verskeie verbande gelê. Daar word gefokus op die wetenskaplik-filosofiese begronding. Twee diskoerse sal aandag geniet. Die eerste is die sosiale konstruksiediskoers wat as my gekose epistemologie bespreek word. Daarna volg die narratiewe as diskoers. Die bogenoemde diskoerse sluit by mekaar aan en is nou vervleg met mekaar omdat betekenis en verstaan in taal geskep word. Elkeen van die diskoerse is dus opsigself 'n taalkonstruksie. "Ons leef in taal wat vir ons betekenis bring" (Dill 1996:89). Deur bogenoemde diskoerse bevestig ek dat betekenis en verstaan in en deur taal tot stand kom. Die hoofstuk begin met die in-perspektief-stel van twee begrippe naamlik modern en postmodern. Dit word gevolg deur die wetenskap-filosofiese begronding van die navorsingstudie waar ek die sosialekonstruksiediskoers as epistemologie aan die orde wil stel. Die narratiewe diskoers word dan op die tafel geplaas.

## 2.2 'n Nuwe era het aangebreek

Smit (1997:11) huldig die mening dat Suid-Afrika glad nie as 'n postmoderne samelewing getipeer kan word nie, omdat die groot oorgange na modernisme op makro sosiale vlak eers in die laaste dekade van die twintigste eeu gemaak is. Cahoone (1995:3-4) maak 'n belangrike onderskeid in die verband waarmee rekening gehou moet word as daar oor groot verskuiwings in 'n samelewing gepraat word:

- verskuiwings in die **gemeenskap self**. Dit het te doen met veranderinge op tegnologiese gebied of ook met die manier waarop 'n gemeenskap georganiseer word deur middel van die politieke stelsel, sekere waardes en norme, ekonomiese stelsel, ens.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Verskuiwings in die **kultuur** van die gemeenskap. Hier gaan dit om die veranderings in die wyse waarop mense in verskillende gemeenskape hul werklikheid interpreteer. Dit kan waargeneem word in hul woorde, taalgebruik en belewenis van die werklikheid.
- Verskuiwings in die **diskoers** van die gemeenskap. Dit handel hoofsaaklik oor veranderinge in die dominante beskouings wat lede van 'n gemeenskap of intellektuele oor die gemeenskap het.

In Suid-Afrika is dit belangrik om ook bogenoemde in ag te neem omdat 'n groot gedeelte van die samelewing nog in pre-moderne gemeenskappe lewe. Belangrike politieke oorgange na 'n modernistiese bestel het eers die afgelope dekade plaasgevind. Lötter (1995:56) sê: "South Africa's transition to democracy, or alternatively, its modernizing drive to implement symmetric reciprocity, has led South Africans to experience a growing incredulity towards metanarratives, ….". Hierdie meta-narratiewe het dit vir 'n groot deel van die gemeenskap moontlik gemaak om aan die een kant vas te klem aan die verlede wat meer modernisties/pre-modernisties is, maar aan die anderkant vooruitgrypend na 'n meer postmoderne samelewing (die groep is op die oomblik 'n klein minderheid maar hulle denkwyse het 'n groot invloed in die nuwe Suid-Afrika).

'n Tipiese kenmerk van die postmoderne werklikheid en samelewing is die "global village" (Rossouw 1995:14). Hiervolgens het ons wêreld baie klein geword en kan daar deur middel van satelliete, internet, selfone en vliegtuie alles/almal moontlik denkbaar bereik word. Ons land is nie hiervan uitgesluit nie en daarom is talle invloede van buite ook direk op ons gerig.

Dit is teen hierdie agtergrond dat Müller, van Deventer & Human (2001:1) sê:

> "As narrative therapists, pastors, and researchers, we position ourselves within the social constructionist (some would say: post-modern) paradigm, which has implications not only for the way in which we think about truth, but also for the way in which we try to be truthful in doing research."

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

## 2.3 Die begrippe modern en postmodern

Daar word oor die algemeen aanvaar dat die mens van vandag wegbeweeg het, of besig is om weg te beweeg van 'n "moderne" lewensfilosofie na 'n "postmoderne" (Veith 1994:27). Die historiese afgrensing van die denke is gewoonlik nie so 'n eenvoudige saak nie. Pieterse (1993:13,14) sien die werking van die begrip postmoderne saam met die begrippe pre-moderne en moderne. Met pre-moderne bedoel hy die tradisionele samelewing en mens vóór die Verligting. Die moderne tydvak volg op die Verligting en strek tot in ons tyd. Modern verwys na die geesteshouding waarin die rede in staat is om wetenskaplike onfeilbaarheid en absolute waarheid te bekom. Balswick en Balswick (1990:279) beskryf modernisme soos volg: "a collection of mechanisms of indescribable complexity - technics, propaganda, state, administrative planning, ideology, urbanization, social technology." 'n Postmodernis (in die absolute sin) is iemand wat niks anders as géén fondament en géén sekerheid voel nie. Meer in die algemeen kom die postmodernisme tot uiting in 'n lewensinstelling wat kan varieer van speelsheid aan die een kant tot onverskilligheid en die verheerliking van die uitleef van die instinkte aan die ander kant. Daar is ook 'n groeiende onverdraagsaamheid teenoor mense wat vanuit geïnstitusionaliseerde godsdienste en lewensbeskouinge die illusie voorhou dat jy vanuit 'n enkele abstrakte en ideële punt 'n greep op die konkrete lewe kan verkry. "Konsepte soos differensiasie, pluralisme en skeptisisme is eie aan die nuwe paradigma" (Müller 1996:55).

Ons kan die term postmodern sien as 'n sambreelterm waarin poststrukturalisme, dekonstruksie, die nuwe hermeneutiek, konstruktivisme en die sosialekonstruksieteorie ingebed is (Freedman & Combs 1996:14). Die gemeenskaplike noemer van die verskeidenheid binne die beweging is die wegbeweeg van die modernisme se paradigmas, én die bevraagtekening van alles wat tot dusver as waarheid aanvaar en met sekerheid beklee is (Kotzé 1992:28). Vir die doeleindes van hierdie studie hou ek by die volgende beskrywing waar postmoderniteit verwys na 'n postmoderne era, beskryf postmodernisme die kulturele uitdrukking van die postmoderne era, terwyl postmoderne

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

denke weer slaan op nadenke of diskoerse oor die postmoderne tyd, of oor kultuur as geheel (Kotzé 1994:20).

Met die aanbreek van die twintigste eeu het Albert Einstein 'n totaal ander idee van die wêreld met sy relatiwiteits- en kwantumteorieë gehad. Dit het daartoe bygedra dat die klem oorheersend begin val het op geheelheid, patrone en konneksies. Die klem het na twee nuwe ontwikkelings verskuif naamlik "Algemene Sisteemteorie" en "Tweede Orde Kubernetika" (Matthyssen 1995:2).

Ludwig von Bertalanffy het van die "Algemene Sisteemteorie" begin praat (De Jongh van Arkel 1991:66). Dié teorie (AST) dui aan dat sisteme bestaan uit sub-sisteme en supra-sisteme wat van mekaar geskei word deur middel van onsigbare grense. Daar word op oop-sisteme gefokus en alle gedrag vind binne spesifieke beperkinge plaas, naamlik homeostase. Die klem val op positiewe en negatiewe terugvoer, wat kan dui op die interaksie van die verskillende sisteme.

Die terapeut of navorser staan buite die sisteem wat beskryf word en het alle mag. Dit blyk egter dat dit onmoontlik is om objektief te staan ten opsigte van die interaksie tussen sisteme. Sy beskrywing van dit wat waargeneem word, word beïnvloed deur sy eie idees en epistemologie wat hom dan eintlik deel maak van die sisteem. (Matthyssen 1994:2 en Fourie 1991:6) beweer dat:

> "Waar daar 'n duidelike konneksie tussen die waarnemer (in hierdie geval die terapeut of die navorser) en die waargenome sisteem (in hierdie geval die sisteem waarbinne die egskeiding en stories van hoop voorkom) is, kan daarna verwys word as 'n hoë orde van observasie of tweede orde kubernetika."

Verskeie ontwikkelings het die afgelope tyd op die terrein van die Gesinsterapie plaasgevind. In die jare tagtig het die Gesinsterapiebeweging 'n filosofiese middelleeftyd-krisis ondergaan. "Die ou moderne benadering moes ewe skielik plek maak vir die

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

postmoderne en die kubernetiese vir die narratiewe" (Larner 1995:191, vergelyk Műller 2000:1).

Daar het 'n paradigmaskuif in die Gesinsterapie plaasgevind. Muller (2000:1) het dit soos volg beskryf:

> "Die postmodernistiese invloed met sy beklemtoning van epistomologie (met verwysing na konsepte soos betekenis, interpretasie en intersubjektiwiteit van kennis) kon net nie meer genoegsaam geakommodeer word binne die klassieke of hoofstroom–gesinsterapie. Die oorheersende metafoor waarmee gesinne beskryf word, naamlik sisteme, het nou plek gemaak vir 'n ander siening waarvolgens gesinne beskryf word as interpreterende gemeenskappe of "storying cultures".

### 2.3.1 Eerste-orde-kubernetika

Vir dekades lank was die sisteemdenke die teoretiese basis vir gesinsterapie. George Bateson se kubernetiese paradigma het hierdie nuwe paradigmaskuif ingelei. Die fokus was om die terapeut se denke te lei en seker te maak dat die terapie op koers is. Freedman & Combs (1996:3) sê die volgende daaromtrent:

> "… we tended to think of the help we offered as being help in controlling things so that a specific goal was reached."

Die fokus in hierdie paradigma het op terapie aan die anderkant geval wat op sy beurt weer op gesinne fokus. Gesinne wat in herhalende onvervulde gedrag of in ongebalanseerde hiërargiese strukture vasgeval het, was nou die fokuspunt van terapie. Die terapeut se hooffunksie was dus om hierdie patrone te verbreek en hulle dan te begelei na gesonder stabiliteit. Volgens die eerste orde kubernetiese paradigma word gesinne as masjiene gesien. Die terapeute het alles objektief waargeneem en gekyk hoe die gesinne deur objektiewe assessering en bepaalde vaardighede reggemaak kon word. Freedman & Combs stel dit soos volg (1996:3):

> "We believed that what often kept people from reaching their goals was that they were sucked in recurring patterns of behaviour in which they try harder and harder to apply the same effective 'solution' again and again."

Bogenoemde persone vergelyk hierdie werkwyse met 'n motorwerktuigkundige wat stukkende motorenjins moet regmaak. Dit gaan dus primêr daaroor dat die terapeut 'n probleem(e) in die familiesisteem sou identifiseer en dan met 'n klinkklare, vooropgestelde stategie te werk sou gaan om die probleem(e) te hanteer om dit sodoende op te los. Hierdie paradigma was dus primêr vanuit 'n modernistiese wêreldbeeld gesien en gemotiveer.

### 2.3.2 Tweede-orde-kubernetika

Verskillende gesinsterapeute soos (Palazzoli, Boscolo, Cecchin en Prata) het die idees van Bateson verder vervolmaak en die klem verskuif van gedrag na betekenis. Deur middel van sirkulêre vrae moes die gesinsmites ontdek word. Freedman & Combs (1996:6) sê:

> "Circular questions presupposed that family members were connected in ongoing relationships, that the actions and emotions of one person affected everyone else in recursive ways."

Hiermee saam het 'n nuwe epistemologie ontwikkel wat duidelik aantoon dat daar nie iets soos 'n objektiewe waarnemer of terapeut bestaan nie, maar dat almal en alles deel is van 'n groot sisteem wat voortdurend oopstaan vir 'n aantal perturbasies (Parry & Doan 1994:16; Freedman & Combs 1996:5-8). Sodoende het die aksie verskuif na gesinne en die doel daarmee was juis om meer betrokke te wees by hulle. 'n Klemverskuiwing het dus plaasgevind binne die terapeutiese proses waar die terapeut uitgegaan het van die veronderstelling van "ek weet alles" tot vraagstelling wat die gesinslede op mekaar aangwese maak en by mekaar betrek. Freedman & Combs (1996:8) stel dit soos volg:

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

> "At its best, letting go of our role as pilots steering toward a specific goal encouraged humility and moment-by-moment collaboration about whether therapy was moving in a satisfactory direction."

Een van die baanbrekers, Erikson (1980:223) het ook begin beklemtoon dat die terapeut se waardes nie op die kliënt afgedwing moet word nie: "what is needed, is the development of a therapeutic situation permitting the patient to use his own thinking, his own understanding, his own emotions in the way that best fits him in his scheme of life". Hierdeur het hy 'n besonderse verhouding tussen die kliënt en die terapeut tot stand laat kom. Hy was dan ook een van die eerste terapeute wat in sy terapie van stories/narratiewe gebruik gemaak het. Dit is deur sy toedoen dat die voortdurende herskryf van 'n mens se lewensstorie, 'n werklikheid is "… the story of our relationship with the re-authoring metaphor is one of constancy" (Freedman & Combs 1996:11). Erikson se bydra word deur Freedman & Combs (1996:10) soos volg weergegee: "… the things that stand out for us are his delight in and respect for people, his belief that we can constantly re-author our lives, his belief in multiple possible realities, and his emphasis on the constitutive power of language".

### 2.3.3 Derde-orde-kubernetika

In die volgende paradigmaskuif word die individuele en gesinswaardes geplaas binne 'n wyer sosiale konteks. Taal speel ook hier 'n groter rol en kan gesien word as die materiaal of boustene waarmee die gesin hul ervarings konstrueer. Die klem verskuif dus nou na betekenisse as die kern tot gesinsdinamika. Hierdie betekenisse word ook wyer gesien as die persoonlik/individuele en word gevorm deur die werklikhede van die kultuur waarbinne ons lewe en werk. Die sosiaal-konstruksionistiese benadering kom hier na vore. Die klem word geplaas op die wêreld, in sowel struktuur as handeling, asook in die gedeelde sisteme van betekenis of diskoerse wat ter sprake is. Paré (1995;13) toon aan dat vrae nou meer te doen het met "the world of experience, the world we can know". Die

belangrike klemverskuiwing word bevestig met die feit dat kennis nou tussen mense gekonstrueer word en nie meer êrens in 'n persoon of individu weggesteek lê nie.

Die narratiewe word dus nou al hoe meer belangrik binne die postmoderne gesinsterapie. Dit gee uitdrukking aan een van die sentrale konsepte van die postmodernisme naamlik dat die klem op die betekenis van die geheel geplaas word. In plaas daarvan om die sosiaal-konstruksionisme as die einde van die sistemiese benadering te sien, moet ons dit eerder beskou as belangrike vetrekpunte, verbindings en voortgange. Dallos & Urry (1999:161-186) stel dit duidelik dat die ontwikkeling van sistemiese idees in terme van 'n tweedimensionele raamwerk beskou kan word:

- Die drie kubernetikas – Sistematiese idees en sistemiese praktyk toon drie fases van ontwikkeling, 'n eerste, 'n tweede en 'n derde fase. Daar is belangrike konsepsuele skuiwe oor hierdie drie fases heen maar ook belangrike verbindingspunte.
- Verbindingstemas ("Connecting themes") – 'n stel kategorieë of temas wat ons help om ooreenkomste en kontraste tussen hierdie drie fases waar te neem en ons te help dink aan maniere waarop ons idees en tegnieke van al drie fases kan integreer. Hulle identifiseer die volgende temas as sleuteltemas:

    Teoretiese veronderstellinge
    Teoretiese skakels en verbindings
    Sieninge van probleme en patologie
    Die rol van die terapeut
    Sieninge van individue en individuele ervaringe
    Idees oor die aard van verhoudinge in gesinne
    Ontwikkeling en verandering: natuurlike en terapeutiese verandering
    Morele en politieke implikasies

Al drie hierdie fases van die kubernetika kan miskien op een of ander manier saamgeweef word in 'n eenheid of 'n sintese kan gemaak word vanuit 'n sosiaal-konstruksionistiese

benadering met die klem op die wyse waarop kennis georganiseer word en hoe kennis en mag oor-en-weer met mekaar skakel.

Volgens Gouws (2002:117) dui Dallos & Urry (1999:183) die kernverskille tussen die drie fases soos volg aan:

- Eerste Orde Kubernetiek – die klem val op oop patrone en prosesse in gesinne (soos waargeneem van buite) en pogings om simptome van 'n funksie van hierdie gesinsdinamiek te verklaar. Terapie word voortgesit deur pogings om die patrone te wysig wat die probleme in stand hou.
- Tweede Orde Kubernetiek – die klem val op realiteit as uniek-gekonstrueer deur gesinslede, 'n klem op die terapeut-gesin proses en 'n siening van terapie waar dit 'n kollaboratiewe ko-konstruksie van betekenis insluit.
- Derde Orde Kubernetiek – individuele en gesinswaardes word gesien as geskep deur 'n wyer sosiale konteks. Taal word gesien asof dit die materiaal of boustene bevat waaruit gesinne hul ervaring konstrueer.

## 2.4 Prosesse van oorgang

Volgens Anderson (1990:6) is die Westerse Wêreld tans in die midde van 'n oorgang van een manier van dink (modernisme) na 'n volgende (postmodernisme).

Hy noem drie prosesse wat aan hierdie oorgang vorm gee:

- Die ineenstorting van 'n enkele geloofsisteem. Daar is vandag geen universele konsensus oor wat waarheid is nie. Ons situasie is eerder vergelykbaar met 'n mark waar al die verskillende geloofsisteme uitgestal word met die oog op openbare verbruik.
- Die geboorte van 'n wêreldkultuur. Elke geloof raak bewus van ander gelowe. Met elke geloof gaan daar natuurlik ook 'n hele moreel-etiese kode gepaard. Die gevolg

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

is dat dit al moeiliker vir enigiemand word om die eie geloofsisteem as die absolute waarheid te aanvaar.

- 'n Nuwe polarisasie ontwikkel. Konflikte oor die aard van gemeenskaplike waarhede en waardes ontwikkel. Daar ontstaan "cultural wars" - gevegte oor kritiese sake soos opvoeding en morele ontwikkeling.

Volgens Müller (1996:56) is al drie hierdie verskynsels aanwesig in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing. Ons beleef dit selfs meer intens as in die res van die Westerse wêreld - dit is asof die strome van die postmodernisme opgedam het en met die geboorte van die Nuwe Suid-Afrika is die sluise meteens op ons oopgetrek. Tans is dit asof ons in Suid-Afrika deur die "rapids" beweeg. Die postmodernisme plaas ongekende druk op alle sisteme, maar in besonder op die gesinsisteem. Die verbrokkelende huwelike asook die hoë egskeidingsyfer is tipiese tekens van die "rapids" wat soveel skade aanrig.

Dill (1996:101) omskryf die verandering van modern na postmodern as volg:

> "wat na vore gekom het, was 'n totale nuwe paradigma met 'n totaal nuwe epistomologie, breedweg getipeer as *postmodernisme.* Kritiese realisme, 'n nuwe kritiese hermeneutiek; 'n nuwe, beperkte taak vir wetenskapsfilosofie; epistimologiese klem op holisme en pluralisme; ontdekking van taal se kommunikatiewe waarde; en die besef dat die mens wesenlik 'n narratiewe wese is wat in en vanuit bepaalde diskoerse lewe – dit is alles deel van hierdie nuwe era van postmoderniteit."

'n Nuwe kultuur het ontwikkel en dit kan volgens Rossouw (1993:15) met die volgende woorde omskryf word:

> "culture is the interpretative and coping mechanism of a given society. The term refers to the ways of thinking and the practices within a community."

Kultuur is dan ‘n meganisme waardeur mense in ‘n bepaalde samelewing hulself en hul werklikheid verstaan en hanteer. Die kultuur dra ‘n verwagting oor hoe die lewe binne ‘n bepaalde samelewing behoort te wees. Dit reël ook die verhoudings tussen mense en die wêreld. Teologie funksioneer ook in hierdie kulturele wêreld. Dit besin oor en formuleer die betekenis van God se openbaring vir en in ‘n bepaalde kultuur. Indien daar dus veranderinge in die kultuur plaasvind, het dit beslis ‘n uitwerking op die teologie. Moltmann (1974:7) beweer:

> “We may want to make Christian theology reveal that it is Christian, but this cannot be done in abstract and timeless terms, or for the mere desire of self-assertion. It has a definable and circumscribed place amongst modern problems.”

Teologie kan dus nooit tydloos wees nie, want dan loop dit die risiko om irrelevant te wees. Volgens Rossouw (1995:76) “moet ons onthou dat teologieë wat as onaantasbaar in hulle tydlose geldigheid voorgehou word, ook hulle beslag gekry het binne ‘n bepaalde tydvak en kultuur met sy spesifieke vraagstukke en uitdagings wat op daardie tydstip relevant was.” (My vertaling)

Du Toit (2000:11) bevestig hierdie siening en sê dat “‘n nuwe self - en wêreld verstaan al meer besig is om vorm aan te neem. Teologiese refleksie daaroor is nodig sodat die teologie van die tyd relevant kan wees, vir die tyd”.

Pluraliteit is een van die kernbegrippe binne die nuwe bestel waarbinne ons lewe. Die pluraliteit van die samelewing het daarom ‘n direkte invloed op die wyse waarop waarheid binne ons postmoderne kultuur gesien word. Brueggemann (1993:6) noem vier aspekte waarvolgens waarheid en kennis in ‘n postmoderne samelewing anders begin lyk as in ‘n modernistiese samelewing:

- Mondelinge tekste kry groter prominensie waar die geskrewe tekste gewoonlik as die waarheid gereken was.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Erkenning word verleen aan die besonderse en spesifieke waar uitsprake met universele aanspraak op die waarheid al meer op die agtergrond geskuif word.
- Plaaslike insigte en kennis word meer voorop geplaas en daar word weg beweeg van die algemene waarheidsgehalte. Die belang van tydgebonde uitsprake word erken. Sodoende word tydlose uitsprake op die agtergrond geskuif.

Volgens Brueggemann (1993:8-9) kan 'n nuwe intellektuele situasie soos volg omskryf word:

- Kennis word gesien as inherent kontekstueel.
- Kontekste is plaaslik. Dit wil sê hoe meer veralgemening plaasvind, hoe minder kan die konteks in ag geneem word.
- Die pluralistiese aard van kennis word voorop gestel, want daar is 'n magdom stemme wat gehoor word en elke stem het 'n sekere waarheidsgehalte vir diegene wat hulself aan 'n sekere diskoers verbind.

### 2.5 Kenmerke van postmoderniteit in teenstelling met modernisme

Bosman (2001:14) onderskei ses kenmerke van postmoderniteit in teenstelling met die beskouings van modernisme.

#### 2.5.1 Meta-narratiewe word gediskrediteer

Talle navorsers is van mening dat die meta-narratiewe binne die modernisme gebruik is om in 'n bepaalde kultuur te funksioneer om sodoende sy eie uitgangspunte en prakryk te verklaar en te begrond. Dit dien dan as saambindende stories en ordeningsbeginsels wat op die agtergrond bly funksioneer om sodoende die werklikheid te legitimeer. Orde en redelikheid dien as kernwaardes binne die modernisme. Dit moet help om die orde te skep en in stand te hou. Meta-narratiewe tree op as "sedebewakers" wat alle teenstrydighede en diskripansies binne die samelewing en werklikheid diskrediteer as sleg

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

en verkeerd. Negatiewe narratiewe word dan wêreldbeskouings wat opgesluit lê in sosialisme, kommunisme, kapitalisme, marxsisme ens. (Goodliff 1998:46 en Klages (1997:112).

Hierteenoor word die postmoderne juis gekenmerk deur 'n "diepgaande wantroue in alle tradisioneel-ordende prinsipes soos godsdiens, politiek, wetenskap en kuns, en 'n radikale ontologiese en epistemologiese twyfel" (Scheepers 1998:22). Vanuit die postmoderne word daar kritiek gelewer op die meta-narratiewe maar daar word tog ook daarvan gebruik gemaak. Die meta-narratiewe sisteme maak van in- en uitsluiting gebruik. Alles wat nie voldoen aan die meta-narratiewe nie, word dan as minderwaardige kennis en problematiese sienings verwerp en uitgesluit.

Voorkeur daarenteen word in die postmoderne verleen aan mini-narratiewe. Hulle funksioneer langs mekaar sonder oorheersing van mekaar. Klages (1997:114) sê:

> "Postmodernism, in rejecting grand narratives, favours 'mini-narratives', stories that explain small practices, local events, rather than large-scale universal or global concepts. Postmodern 'mini-narratives' are always situational, provinsional, contingent and temporary, making no claim to universality, truth, reason, or stability."

In die teologie funksioneer sowel die meta-narratief as die mini-narratief. Die mega-narratief speel 'n deurslaggewende rol in die Bybel. Dit word oorvertel en onthou om sodoende 'n primêre identiteitsgewer in die Chirstelike en teologiese tradisie te wees. Terselfdertyd speel mini-narratiwiteit ook 'n deurslaggewende rol. Die Bybelse verhale in die hede is juis kontingente mini-narratiewe wat die kontekstuele verhale oor God en mens vertel. Dit word gedoen sonder die aanspraak om universeel geldig te wees.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

### 2.5.2 Pluraliteit word teenoor essensiële gestel

Die aanvaarding en erkenning van die pluraliteit van die samelewing word ook verwelkom. Scheepers (1998:25) stel dit soos volg:

> "'n Postmodernis se houding, (….), is om nie te probeer om die wanorde en chaos van die lewe te orden nie, hy aanvaar dit eenvoudig".

Verskeie uiteenlopende standpunte, teorieë en beskrywings word deur die samelewing aanvaar. Omdat dit aanvaar word, word daar ook ruimte geskep dat dit langs mekaar kan bestaan. Privaat sienswyses en wêrelde vorm ook deel van die pluraliteit. Binne 'n postmoderne samelewing word alle beskouinge en werklikhede as privaat en ewe belangrik beskou. Goodliff (1998:55) sê:

> "The sideshow culture gives equal weight to the frivolous, the banal, and the grandiose, on the assumption that they all have something important to tell us about the real, pluralist, cosmopolitan environment we now live in. (….) The sheer differences expressed in postmodern culture are celebrated rather than questioned, as society collapses into a kind of tribalism where we live in cities of increasingly isolated social groups or tribes …."

Die wyse waarop daar na die waarheid binne 'n postmoderne kultuur gekyk word, word ook direk deur die pluraliteit van die samelewing beïnvloed. Volgens Toulmin (1990:52) is daar vier aspekte waarin waarheid en kennis in 'n postmoderne samelewing anders begin lyk as 'n moderne siening van wat ons as die waarheid laat geld:

- "'n Skuif weg daarvan dat net geskrewe tekste as die waarheid gereken word na 'n samelewing waarin mondelinge tekste ook 'n plek het.
- 'n Skuif weg daarvan dat slegs uitsprake met 'n universele aanspraak waarheidsgehalte het, na herkennig van die besonderse en spesifieke.
- 'n Skuif weg van die algemene na plaaslike insigte en kennis.

- Die belang en waarheidsgehalte van tydgebonde uitsprake word erken, nie slegs tydlose uitsprake nie."

Hieruit tipeer Brueggemann (1993:8,9) die nuwe intellektuele situasie soos volg:

- "Ons kennis word gesien as inherent kontekstueel. Teenoor Descartes wat geglo het dat die konteks nie 'n invloed op die subjek het nie, is die insig in die postmoderne tyd " …. That the knower helps to constitute what is known, that the socio-economic - political reality of the knower is decisive for knowledge.
- Konteks is plaaslik. Hoe meer 'n mens veralgemeen, hoe minder kan jy konteks in ag neem. As ons begin insien hoe plaaslike kennis in werklikheid is, word ons minder ambisieus om algemene waarhede te probeer kwytraak. Wat dikwels as algemeen waar geld, is maar net die plaaslike waarheid van diegene wat 'n dominante posisie in die samelewing inneem en daarom met 'n harder stem kan praat.
- Kennis is daarom inherent pluralisties, daar is 'n magdom stemme wat gehoor word. Elke stem het waarheidsgehalte vir diegene wat hulself aan 'n bepaalde diskoers bind."

Teologie, prediking en pastorale sorg is daarom kontekstueel, plaaslik en pluralisties. Brueggemann (1993:9) sê:

> "We voice a claim that reigns true in our context, that applies authoritatively to our lived life. But it is a claim that is made in a pluralism where it has no formal privilege."

### 2.5.3 Die objektief denkende subjek het nie meer bestaansreg nie

Volgens Brueggemann (1993:4) het die moderne ontstaan in die tydperk toe die sekerhede en orde van die Middeleeue tot 'n einde gekom het. Daar is toe na nuwe

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

ordeningsbeginsels en saambindende stories gesoek vir die werklikheid. Descartes en ander filosowe het die klem laat val op die outonomiteit van die denkende subjek.

Postmodernisties kyk ons egter met heel ander oë daarna. Sosiale konstrukte tree nou na vore. Daarvolgens is wetenskaplike kennis eerder die produk van samewerking tussen verskillende persone wat saam ‘n taal werklikheid konstrueer. Die paradigma waarbinne wetenskap beoefen word, verleen die waarheidsgehalte daaraan. Die wetenskaplike kennis is ook nie konteksloos of tydloos nie. Dit word gewoonlik deur mense geproduseer wat in ‘n bepaalde tyd en binne ‘n bepaalde model werk.

Die subjek is ‘n produk van die diskoers(e) waarvan hy/sy deel is. Die vorm van die diskoers word egter deur die subjek bepaal. Sodoende is die subjek nie outonoom ten opsigte van die werklikheid nie.

Die mens is volgens talle navorsers veel meer as ‘n rasionele wese. Verskillende fasette van die mens, soos emosies, wil ens., het dikwels net so ‘n groot invloed op die mens se besluite en gedrag. Rossouw (1995:83) stel dit soos volg:

> “Part of postmodern culture is a growing consensus that human behaviour is not exclusively motivated by independent rational thinking. The role that socialization, culture, ideology, beliefs, power, emotions, dispositions etc. play in the behaviour of people, is acknowledged and accounted for indifferent practices.”

As daar gesê kan word dat die tydperk van modernisme hoofsaaklik gekenmerk word deur ‘n reduksie van die mens as denkende subjek, vind in die postmoderne kultuur ‘n reduksie van die mens as outonome denkende subjek plaas. Wie die mens is, wat hy/sy weet en hoe hy/sy hulle wêreld hanteer, word deur veel meer bepaal as deur die menslike rede.

### 2.5.4 'n Breër rasionaliteit teenoor die eng rasionalisme van die modernisme

Die modernisme laat min plek vir enigiets wat nie rasioneel verklaar en bewys kan word nie. 'n Deel van die postmoderne lewenswyse is juis om vergete en verborge idees weer na vore te bring terwyl die modernisme juis skepties staan teenoor bygeloof en die bonatuurlike. Postmodernisme mag nie misverstaan word asof dit irrasioneel is nie, maar dit gee wel meer ruimte vir 'n breër rasionaliteit. Alles kan dus nie rasioneel verklaar word nie.

### 2.5.5 Retoriek teenoor semantiek

Tydens die moderne era is taal gesien as iets transparant. Die taalteken verwys na 'n bekende objek en het benewens dit geen ander funksies nie. In die postmoderne samelewing word taal merendeels gesien as 'n netwerk van tekens. Betekenis word geïdentifiseer in die verwantskap tussen woorde en hoe woorde hulleself van mekaar afbaken. Deur taal word vorm gegee aan die werklikheid. Die wyse waarop dit plaasvind, is deur retoriek waar taal aangewend word om 'n bepaalde effek op die diskoers te hê. Hierdeur word aangedui dat daar in die samelewing ander kragte aan die werk is waardeur daar aan die werklikheid vorm gegee word. Brueggemann (1986:11) beweer dat:

> "In 'n postmoderne wêreld dit retoriek is wat wêrelde genereer. Retoriek beskryf nie noodwendig die werklikheid nie, maar bring dit tot stand." (My vertaling)

### 2.5.6 Gemarginaliseerde stemme moet gehoor word

"Die stem van die ekspert is nie die enigste stem wat belangrik is om gehoor te word en alle kennis in pag het nie. Daar is soms ontnugtering met die uitkomste van goed bedoelde projekte wat deur eksperts beplan en geloods is" (Van Niekerk 1996:76-78). Die postmoderne denkers en navorsers wys gereeld uit hoe verskillende diskoerse deur die ekspert en persone met mag, gedomineer word. Dit gebeur gewoonlik ten koste van die

kennis en insig van mense wat nie 'n stem in die diskoerse het nie. Eksperts en die dominante diskoerse van die samelewing moet nie alleen gehoor word nie. Daar moet veral geluister word na diegene wat direk geraak word deur die besluite en invloedryke menings van die eksperte.

Persone wat deur modernisme gemarginaliseer is deur middel van die dominante diskoerse en eksperts se stemme moet nou weer gehoor word. Hulle moet 'n plek en stem kry in die diskoers. Die kinders, die stil, goeie man/vrou, die ouer wat nie toesig en beheer oor die kinders verkry het nie, kan almal as gemarginaliseerde stemme beskou word. Die spesifieke aandag moet aan die gemarginaliseerdes gegee word deur na hul stories te luister en dít pas in by die Bybel se Etos waarin God op 'n baie besonderse manier besorgd is oor diegene wat uitgeskuif is uit die diskoers.

## 2.6 Die wetenskaplik-filosofiese begronding

### 2.6.1 Inleiding

Soos reeds aangedui in 2.2 was en is 'n nuut dink, 'n paradigmaskuif uiters noodsaaklik. Kotzé & Roux (1997:2) stel dit duidelik dat postmodern nie as die teenpool van modern beskou moet word nie. Dit kan wel as 'n korrektief, 'n aanvulling en 'n verruiming van die moderne gesien word.

### 2.6.2 Die sosialekonstruksiediskoers

Freedman & Combs (1996) se idees, asook die van ander eksponente van die sosiale-konstruksiediskoers word hier verreken. White & Epston (1990), asook White (1998:1) se siening oor narratiewe terapie as mense se uitdrukking van hul lewenservaringe, speel ook 'n bepalende rol in my studie. Dit bied aan die kliënte (medenavorsers) die geleentheid tot deelname om sodoende saam met my 'n nuwe toekomsverhaal te skryf. Deur ons gemeenskaplike ervaringe gee ons saam betekenis aan ons nuwe wêreld. Dit bring hoop en visie en het 'n "suksesvolle" egskeiding tot gevolg.

Die sosialekonstruksiediskoers as postmoderne benadering bevraagteken die positivistiese epistemologie eie aan die modernisme wat sosiale navorsing jare lank oorheers het (Botha 1998:54). Dié diskoers daag nie net die idee van 'n enkelvoudige waarheid uit nie, maar bevraagteken ook die moontlikheid van objektiewe sosiale navorsing (Hoffman 1990:9). Teenoor die modernisme se objektiwiteit, sekerheid en Westerse wit en manlike dominansie, stel (Brueggemann 1993:9-10) 'n postmoderne wetenskapsmetode voor. Hier vind ons 'n drieledige fokus wat:

- ons kennis as inherent kontekstueel sien;
- rekening hou met lokale beïnvloeding en
- die pluralistiese manier in ag neem waarop kennis betekenis kry.

Volgens Botha (1998:68) is die sosialekonstruksiediskoers deel van die postmoderne paradigmaskuif. Verskillende skrywers gebruik verskillende name om dit te omskryf. Die Kotzé's (1997:2) wys daarop dat Gergin (1985) konstruksionisme en sosiale konstruksie uitruilbaar gebruik terwyl ander persone soos Hoffmann (1990) weer die term sosiale-konstruksieteorie verkies. Die fokus word egter sterk op die intersubjektiewe invloed van taal en kultuur geplaas (Müller 1996:81). Die fokus is volgens Botha (1998:68) op die kennisontwikkeling as 'n sosiale verskynsel - en dat verstaan net in en deur taal tot stand kom. Kotzé (1994:33) benadruk dat taal 'n sosiale verskynsel is waardeur mense binne verhoudings leef. Ek vind dus aansluiting by Kotzé (1997:2) wat die term sosialekonstruksiediskoers verkies bo die konsep teorie. Sy motiveer haar keuse daarop dat teorie veral slaan op "gestruktureerde" denke wat 'n algemene of getoetste beginsel wil verduidelik, terwyl die konsep sosialekonstruksiediskoers poog om die ruimte te skep vir die onbepaalde, of dit wat nie vasgemaak is nie, en wat vir 'n sosialekonstruksie epistemologie die weg kan baan (Kotzé 1994:31). Epistemologie wentel dus om die nadenke van hoe en wat ons kan ken (Dill 1996:6). As 'n sentrale konsep in postmoderne denke het die term diskoers 'n tweeledige verstaan as:

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- ‘n openbare proses van gesprekvoering wat betekenis tot stand bring;
- ‘n gesistematiseerde en vaste manier van praat en skryf, of wat deur die gebruik van taal sin maak.

Binne die postmoderne diskoers word beide betekenisse gebruik (Kotzé & Kotzé 1997:2). Volgens Müller (2000:58) word die sosiale prosesse waarvolgens kennis ontwikkel, nou beklemtoon. Volgens hierdie teorie bestaan die werklikheid nie uit persepsies wat êrens in die senuweestelsel setel nie, maar uit gedeelde konstrukte. In hierdie proses speel taal ‘n sleutelrol. Betekenisse word met mekaar gedeel en uiteindelik toegeken deur taal.

Dié insigte dat ons ons werklikhede op ‘n sosiaal-konstruksionistiese wyse opbou, het die pad oopgemaak vir die verhalende (narratiewe) benadering (Müller 2000:59).

Dit is belangrik om binne my navorsing sekere vrae te vra wat sal help om aan die narratiewe - en sosiaalkonstuksionistiese perspektief se eise te voldoen. Deur die vrae in gedagte te hou, kan ek as navorser myself gereeld toets om te verseker dat my perspektiewe getrou is aan bogenoemde uitgangspunte om sodoende navorsingsintegriteit te behou. Sekere waardes lê ten grondslag van die sosiale konstruksie en narratiewe perspektief. Ek gaan kortliks na hierdie waardes verwys en dit dan ook later in detail implementeer in my navorsing:

- Meer as een werklikheid moet beskryf word. Dit sou daarop neerkom dat daar in die navorsingsproses saam met die medenavorsers gekyk moet word na stories van hoop binne ons verskillende verhale.
- Daar moet geluister word met die doel om te verstaan. Saam moet daar tot verstaan gekom word van hoe ons ervaringswerklikheid sosiaal gekonstrueer is. Ons sal moet vasstel watter hopelose situasies of selfs hoopvolle situasies ‘n rol gespeel het in die verskillende verhale. Ons sal ook moet kyk watter taal ter sprake is binne die konteks van elkeen se verhaal.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- As medenavorser sal ons moet vasstel wie se taal in die terapeutiese sessies bevoordeel word. Niemand se eie denkkategorieë mag op die verhale afgedwing word nie.
- Is daar verhale wat die aksiestories/verhale ondersteun? Daar moet saam vasgestel word wat die dominante verhale in die gesprek is. Gemarginaliseerde verhale en onvertelde stories moet ook hier aandag geniet.
- As navorsers en medenavorsers moet daar gepoog word om op die betekenis van die verhale te fokus en nie op die feite nie.
- Die navorser en medenavorsers moet uitgenooi word om die sinvolheid van die gesprek te evalueer.
- Sowel die navorser as die medenavorsers moet voortdurend bereid wees dat daar deursigtigheid is ten opsigte van hul eie opinies, idees, bedoelings en persoonlike ervarings.
- Die navorser en medenavorsers mag nie vasgevang word in patologisering of normativering van mekaar se stories nie. Daar moet voortdurend saam gesoek word na die aksie stories, nuwe stories, alternatiewe stories en stories van hoop.

Sosiale konstruksie vorm deel van die postmoderne paradigmaskuif en dit fokus sterk op die intersubjektiewe invloed van taal en kultuur. Die fokuspunt hiervan is op kennisontwikkeling as ‘n sosiale verskynsel. Verstaan kan net in en deur taal tot stand kom. Die sosiale konstruksie van kennis benadruk dus die belang van taal as ‘n sosiale verskynsel waardeur mense binne verhoudings leef (Kotze 1994:33).

Kotze (1994:31) gee voorkeur aan die konsep diskoers bo teorie. Sy motiveer haar keuse deur aan te voer dat “teorie” veral slaan op gestruktureerde denke wat ‘n algemene of getoetsde beginsel wil verduidelik, daarteenoor wil “konsep” poog om die ruimte te skep vir die onbepaalde of dit wat nie vasgemaak is nie.

Die term diskoers funksioneer ook baie sterk in die postmoderne denke. Prinsloo (1999:21) definieer ‘n diskoers soos volg:

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

> "'n Gespreksproses wat binne 'n sosiale konteks plaasvind. Die klem val nie op woorde se enkelvoudige betekenis nie, maar betekenis hou verband met die breër sosiale konteks van mense se leefwêrelde."

'n Diskoers kan ook as 'n betekenis-sisteem in taal beskryf word. Betekenis kom onder mense tot stand vanuit die verbande waarbinne hulle leef. Mense is wesens met sosiale, godsdienstige, politieke, kulturele en familie-verbande. Ons kan vanuit hierdie verbande 'n diskoers sien as 'n sistematiese en vaste manier van praat, of dit as vanselfsprekende realiteite aanvaar. Ons lewens en verhoudings word dus deur diskoerse gevorm (Freedman & Combs 1996:43).

### 2.6.3 Empiriese navorsing in 'n postmoderne paradigma

Empiriese navorsing speel 'n belangrike rol binne enige postmoderne paradigma. Postmoderne navorsing wat met 'n sosiale kontruksionisme as wetenskapsteoretiese uitgangspunt werk, moet altyd die volgende verreken volgens Bosman (2001:50):

- "Empiriese navorsing lewer nie objektiewe wetenskaplike kennis nie. Alle empiriese navorsing is op meer as een manier onderworpe aan die subjektiwiteit en kontekstualiteit van die navorser:

  In die eerste plek deur die keuse van die onderwerp wat nagevors word.

  Deur die soort vrae wat gestel word. Met die vrae wat gevra word, stuur die navorser die navorsingsgesprek in 'n bepaalde rigting.

  Die interpretasie van data en die resultate wat dit lewer, hang in 'n groot mate af van die voorveronderstellings van die navorser.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

> Navorsing vind altyd plaas in 'n bepaalde wetenskaplike paradigma wat 'n bepaalde invloed het op die waaroor, hoe en met watter doel van navorsing en wetenskapsbeoefening.

- Uit empiriese navorsing kan nie universeel geldige afleidings gemaak word nie.

> "From a constructionist perspective, the traditional attempt to test hypotheses about universal processes of the mind, (cognition, motivation, perception, attitudes, prejudices, self-conception) seem at a minimum misguided, and more tragically, an enormous waste of resources (intellectual, monetary, temporal, material). Not only is the subject matter itself a social construction, thus not subject to empirial evaluation outside a particular tradition of interpretation, but such research represents the arrogation of a uniquely western ontology of the mind to the status of the universal" (Gergen:1999a).

Die afleidings en gevolgtrekkings wat dus uit empiriese navorsing gemaak word, is nie universeel geldig nie, maar dit funksioneer binne 'n bepaalde historiese en wetenskaplike konteks.

### 2.6.4 Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

Binne die sosialekonstruksiediskoers is dit ook moontlik om gebruik te maak van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing. Soos reeds in Hoofstuk 1 aangedui, word daar hoofsaaklik van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak in die narratiewe paradigma. Babbie & Mouton (2001:49) sê dat gedrag beskryf kan word in terme van sekere veranderlikes. "Qualitative research takes as point of departure … the insider perspective on social research. The aim of qualitative research is to describe and to understand, rather than to explain and predict."

Dit is insiggewend om na die verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing te kyk soos aangetoon deur Neuman (2001:123) en Mouton & Marais (1993:162):

| **QUANTITATIVE** | **QUALITATIVE** |
|---|---|
| Objective | Subjective and personally experienced |
| Researcher remains distance | Researcher is involved in events/phenomena |
| Test hypothesis the researcher starts with | Discovers meaning as the researcher works through data |
| Concepts are described as variables | Concepts are described as themes, motives and generalizations |
| Pre-planned observation | Spontaneous and randomly chosen examples |
| Measuring instruments are set up and standarised prior to the collection of data | Measuring instruments are set up on an ad hoc-basis, led by the position of the researcher |
| Data are given in the form of figures, based on precise measuring | Data are given in the form of words and images, taken from documents, observations and transcriptions |
| Theories are mostly causal and deductive by nature | Theories are causal or non-causal and inductive by nature |

| | |
|---|---|
| Procedures are standard and doubling is presumed | Procedures are specific and doubling is rare |
| Context is checked as far as is possible | Contextualisation, in other words context is taken into account |
| Analysis proceeds by using statistics, tables or charts – in order to explain the connection with the hypothesis | Analysis proceeds by extracting themes or generalizations from evidence and organizing data to present a coherent, consistent picture. |

Die voordeel van kwantitatiewe navorsing is dat dit redelik ekonomies is. ‘n Klomp data kan op hierdie manier versamel word, dit is aanpasbaar en – “several questions may be asked about one topic; and data may be analyzed statistically” (Babbie & Mouton 2001:263). Kwantitatiewe navorsing moet egter ook krities bejeen word. Silverman (2001:31) maak ‘n paar kritiese opmerkings omtrent kwantitatiewe navorsing:

- “Quantitative research may lead to ‘easy’ solutions, without making contact with the persons on ‘ground level’.
- Statistic correlation may be based on variables defined in a arbitary way within the context of ordinary interaction.
- The correlation may be based on general knowledge, which is not justifiable.
- In the process of reaching measurable concepts, problematic and unreliable concepts may be used.
- The testing of a hypothesis may become so prominent, that the development of a hypothesis from the data may receive no attention.”

Onderhoude is uit ‘n kwalitatiewe navorsingsoogpunt ‘n funksionele instrument. Die voordeel van onderhoude, veral semi-gestruktureerde onderhoude is dat die informasie wat dit verteenwoordig, nie verteenwoordig kan word deur middel van gestruktureerde

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

vraelyste nie. Volgens Silverman (2001:113-114) is daar drie belangrike vrae wat tydens kwalitatiewe navorsing gevra moet word wanneer onderhoude gevoer moet word:

- "What is the status awarded to the data? The data may be regarded as sharing of experience, or as a story that is told. Both are legitimate, as long as it is explained.
- From which analytical viewpoint is the data approached? The simplest answer is to deal with it as a description.
- Do the data from the interview help in reaching solutions for the research problem? The purpose of the interview needs to be kept in mind very clearly."

In sommige gevalle kan semi-gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoude baie handig te pas kom in die narratiewe navorsing. Een van die sterk punte van kwalitatiewe navorsing is "the comprehensiveness of perspective it gives researchers" (Babbie & Mouton 2001:309). Kwantitatiewe navorsing is hoofsaaklik gegrond in the positivistiese/empiriese benadering terwyl kwalitatiewe navorsing meer gegrond is in die konstruktiewe/fenominologiese benadering. Jare lank het navorsers die twee benaderings teenoor mekaar gestel. 'n Meer pragmatiese benadering het egter ontwikkel ten opsigte daarvan: "The use of whatever philosophical and/or methodological approach works for the particular research problem under study. This means that the methodological tools which 'works' in view of the research question, are, used" (Tashakkori & Teddlie 2000:5,21).

Dit is dus belangrik om ruimte te laat vir beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing en daarmee saam ook ruimte te laat vir 'n narratiewe benadering tot navorsing. Müller et al (2001:77) plaas die narratiewe benadering binne die raamwerk van die sosiale konstruksie paradigma. Dit behels 'n ander "kyk" na die waarheid en om nie navorsing te misbruik om die waarheid te vind nie. In die narratiewe navorsing is dit belangrik dat as daar na die navorsingsvraag gekyk word, dit as stories/gebeure gesien moet word – "which, in the course of time, are linked together to form a 'plot' (story line)" (Morgan 2000:5).

Neuman (2001:399) dui die volgende karakter eienskappe van ‘n narratiewe benadering vanuit ‘n metodologiese hoek aan:

- “It tells the complete story including the ‘plot’, waters-shedding parts and climax;
- it follows the chronologically and sequence of events;
- it is focused on specific individuals and not on structures or abstract ideas;
- it is specific and descriptive by nature and not analytical and general; and
- it views events as unique, unpredictable and coherent.”

Die navorser wil in die narratiewe paradigma saam met die mede-navorsers soek na gedeelde betekenis binne die navorsingsparadigma. Die doel van die navorsing is nie om die doelwitte van die navorser te bereik nie, maar dit moet juis betekenisvol wees vir die persone of groepe wat die basis van die navorsing vorm. Dit gaan dus nie in die eerste plek om verandering nie, maar om na stories te luister en deel daarvan te word.

### 2.6.5 Metodologiese vereistes

Schoeman (2002: 191-196) onderskei 3 basiese vereistes wat belangrik is om te verreken in die navorsingsproses. Die drie vereistes is betroubaarheid, geldigheid en veralgemening.

#### 2.6.5.1 Betroubaarheid

Volgens Babbie & Mouton (2001:119) verwys betroubaarheid na die feit dat ‘n spesifieke tegniek, as dit herhaaldelik op dieselfde objek toegepas word, elke keer dieselfde resultate sal lewer. Neuman (2001:164) omskryf betroubaarheid as “ … dependability or consistency. It suggests that the same thing is repeated or recurs under identical or similar conditions.” Betroubaarheid waarborg egter nie akkuraatheid nie. ‘n Skaal kan elke keer dieselfde gewig aantoon as iets geweeg word, maar dit is nie noodwendig die regte gewig nie. Die sentrale kriteria vir geldigheid in die proses van data insameling is betroubaarheid. Vier veranderlikes bepaal die betroubaarheid van die waarnemings

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

naamlik die navorsers, die subjek van die studie, die meetinstrument en die navorsingsinhoud. Elkeen van die veranderlikes moet altyd verreken word in die navorsingsproses. Die kriteria vir betroubaarheid is geldigheid in beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing. Betroubaarheid in kwalitatiewe navorsing verwys gewoonlik na konsekwentheid (Neuman 2001:170).

Die interpretasies en gevolgtrekkings wat gebaseer is op analise, moet betroubaar wees. Mouton & Marais (1993:104) dui twee gronde aan wat geldig is vir betroubare gevolgtrekkings:

- "Are the informations gained (the collected data) reliable?
- If we expect the evidence as reliable, does it offer adequate backing for the conclusion."

Die algemene riglyn vir betroubaarheid is ook van toepassing op die narratiewe navorsing. Die mede-navorser bevorder konsekwentheid.

#### 2.6.5.2 Geldigheid

Geldigheid verwys na die mate waartoe die meetinstrument meet wat dit veronderstel is om te meet. Neuman (2001:164) omskryf geldigheid soos volg: "Validity suggests truthfulness and refers to the match between a construct, or the way a researcher conceptualizes the idea in a conceptual definition, and a measure." Silverman (2001:232) beskryf geldigheid as waarheid " … interpreted as the extent to which an account accurately represents the social phenomena to which it refers." Betroubaarheid is 'n voorvereiste vir geldigheid alhoewel dit makliker is om betroubaarheid te bereik as wat dit is om geldigheid te bereik. In kwalitatiewe navorsing verwys geldigheid na " … authenticity … giving a fair, honest, and balanced account of social life from the viewpoint of someone who lives it everyday" (Neuman 2001:171). Dit is ook belangrik om 'n onderskeid te tref tussen interne en eksterne geldigheid. Mouton & Marais (1993: 50-51) stel dit soos volg:

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- “Internal validity refers to the fact that a specific study generated accurate findings, which prove to be true to reality with regard to the specific phenomenon which was studies. This means the contructs were measured in a valid way, the data are accurate and valid, the analysis is relevant and the conclusions are adequately supported by the data.
- External validity, a step ahead, refers to the fact that the conclusions of a specific project may be generalized with regard to all similar cases. The results have wider validity than only the project itself. External validity and generalizability are therefore synonyms.”

Silverman (2001:232) lig twee metodes uit wat geldigheid verseker in kwalitatiewe navorsing.

- “Different sets of data (qualitative and quantitative) may be compared to each other by using different methods (observation, interviews, et cetera) to establish whether the same conclusion was reached. This is known as triangulation.
- The researcher may decide to take his conclusions back to the subject of the study. Should the persons agrre with the conclusions, this will increase the validity. This is known as respondent validity.”

In narratiewe navorsing word die term mede-navorser in dieselfde sin as “respondent validity” soos hierbo gebruik. Binne die narratiewe navorsing is dit onmoontlik om nie te voldoen aan die vereistes van geldigheid nie.

#### 2.6.5.3 Veralgemening

Die vraag ten opsigte van veralgemening is wie ingesluit en wie uitgesluit moet word in die navorsing. Steekproewe speel in veralgemening ‘n belangrike rol. “Sampling is a process of selecting observations” (Babbie & Mouton 2001:164). Dit speel veral ‘n rol by kwantitatiewe navorsing. Kwantitatiewe navorsers maak gebruik van steekproewe wat ewekansig gekies is. ‘n Belangrike voorvereiste is dat die steekproewe verteenwoordigend is van die spesifieke populasie. Dit gebeur as elke lid van die

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

populasie ‘n gelyke kans het om deel van die steekproef te wees. (Babbie & Mouton 2001:173).

Kwalitatiewe navorsing plaas nie ‘n groot premie op die verteenwoordigende aard van steekproewe nie. Die doel van steekproewe is “ … to collect specific cases, events or actions that can clarify and deepen understanding” (Neuman 2001:196). In kwalitatiewe navorsing word nie-waarskynlike en nie-ewekansige steekproewe gedoen. In narratiewe navorsing kan nie-waarskynlike en nie-ewekansige steekproewe ook gebruik word.

## 2.7 Dominante uitgangspunte van die sosialekonstruksiediskoers

Vervolgens gee ek baie kortliks aandag aan enkele dominante uitgangspunte in die sosialekonstruksiediskoers.

### 2.7.1 Die reïfikasie van kennis

Dit is die proses waarlangs idees, oortuigings en sosiale gebruike met die verloop van tyd deur sosiale interaksie ‘n “werklikheid-status” verkry. Iets soos “egskeiding is die grootste sonde, jy mag ten alle koste nie skei nie, egskeiding is net negatief” is tipiese voorbeelde hiervan. Die reïfikasie van kennis word oorgedra deur ons samelewingsdiskoerse wat uit ons sosiale wêreld ontstaan (Watson 1996:5).

### 2.7.2 Om kennis as verskynsel te verstaan

Die sosialekonstruksiediskoers beskou die ontwikkeling van kennis as ‘n sosiale verskynsel, want kennis is ‘n skepping van die sosiale prosesse. Binne die wisselwerking van taal kom betekenis en verstaan dus na vore wanneer mense hul idees, konsepte en herinneringe binne sosiale interaksie ko-konstrueer en deur taal bemiddel (Botha 1998:68; Kotzé & Kotzé 1997:3). Kennis is onderhandelende betekenis binne die konteks van taal wat ons gebruik (Anderson & Goolishian 1988:373; Gergen 1994:268). Kennis as ‘n sosiale konstruksie, is die poging van mense om deur hul linguïstiese vermoë saam te leef

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

binne die historiese konteks van hierdie wêreld (Freedman & Combs 1996:23). Die sosiale konstruksie van taal benadruk die belangrikheid van taal as 'n sosiale verskynsel waardeur individue as verhoudingswesens leef (Kotzé & Kotzé 1997:4). Binne die sosialekonstruksiediskoers is taal dus meer as net 'n verbinder tussen mense want mense bestaan in taal. Ons leef in taal wat vir ons betekenis bring (Dill 1996:89). Betekenis en verstaan kom in en deur taal tot stand. Ons verstaan van mense binne 'n gesprek soos tydens egskeidingsmediasie is altyd binne konteks, want verstaan is nooit ewigdurend nie. Tussen gespreksgenote ontstaan betekenis vanuit 'n voortgaande en sikliese verstaansproses (hermeneuse), want betekenis kan nooit 'n vaste of onveranderlike toestand wees nie (Botha 1998:74).

### 2.7.3 Taal en die metaforiese gebruik daarvan

Metafore word gebruik om ons werklikhede te beskryf. Die metafore verteenwoordig egter nie die werklikheid nie. Die wese van 'n metafoor is om een soort ding te verstaan en te ervaar, in terme van ander metafore (Botha 1998:69,70). Dit bied 'n beter en makliker verstaan van die taal aan. Vir die pastor is dit uiters belangrik om te verstaan en te kommunikeer in die gespreksgenoot se taal, aangesien die taal die metafoor is waarin sy/haar ervarings uitgedruk word (Müller 2000:16).

### 2.7.4 Taal skep betekenis

Betekenis en verstaan kom in die gebruik van taal na vore (Anderson & Goolishian 1988:377). Ons gebruik taal om betekenis te gee aan ons ervarings. Met die woorde en grammatika waaroor ons beskik, interpreteer ons ons ervarings. Dit is stories want interpretasies kan net gemaak word as daar verbande tussen dinge gelê en dit binne 'n tydsraam geplaas word. Sodra 'n mens dit doen - om ervarings te interpreteer en tyd daaraan te koppel - skep hy/sy 'n verhaal. Die ervarings is rou en betekenisloos totdat ons woorde en begrippe gebruik om daaraan betekenis te gee (Müller 2000:13). Tydens die eksternaliseringsproses in egskeidingsmediasie word hierdie rou ervarings in

betekenisvolle woorde en begrippe uitgedruk sodat daar saam 'n sinvolle toekomsverhaal gekonstrueer kan word tussen die pastor en die betrokke partye.

Enige gebeurtenis in 'n mens se lewe word eers 'n ervaring wanneer taal aan die gebeurtenis verbind word. Dit kry dus betekenis met die eksternaliseringsproses tydens egskeidingsmediasie. Nuwe betekenis word gegee aan die seer, dramatiese gebeure en dominante diskoerse. Die implikasie is dat dit moontlik is om nuwe betekenis te gee deur nuwe taal daarvoor te gebruik (Müller 1996:130).

Dit is egter belangrik om te onthou dat voordat nuwe taal aan 'n gebeurtenis gekoppel kan word en die ervaring so geherinterpreteer kan word, daar eers 'n werklike gedeelde taalkonstruk moet bestaan. Anderson & Goolishian (1988:531) praat van "being in language" waarna hulle verwys na die proses van die konstruksie van intersubjektiewe realiteite. Die wyse waarop verstaan plaasvind, is deur taalkonstrukte waardeur betekenisse op 'n bepaalde moment gedeel word. So ontstaan daar 'n terapeutiese sisteem as 'n taalsisteem. Die sosiale eenheid waarmee ons in terapie werk, is 'n taalsisteem wat van ander sisteme onderskei word deur 'n "in-language" - gebeurtenis (Anderson & Goolishian 1988:371). Binne die parameters van ons taal kry ons ervaringe betekenis. Ons ervaringe word verder bepaal deur die taal waarin ons opgroei en wat ons binne 'n bepaalde kultuur gebruik (Watson 1996:5). Ervaring word dus kultureel gevorm en nie biologies nie. Mense leef en verstaan die lewe deur hul gemeenskaplike geskape narratiewe werklikhede wat aan hul ervarings vorm en betekenis gee (Kotzé & Kotzé 1997:5).

## 2.8 Die narratiewe diskoers

### 2.8.1 Inleiding

Gergen (1991:108) maak die volgende belangrike afleiding oor die ontstaan van die narratiewe postmoderne posisie "texts do not derive their persuasive power from "the ways

things are", but from textual maneuvers, then attention must be directed to the "world as represented". The rhetorical techniques of representation, of constructing the world, have a critical and often unwitting impact on social life. Our understandings become subject to the maneuverings of metaphor, narrative from, plain talk, irony, and the like." Hy sê dus by implikasie dat daar nie sprake kan wees van die weergee van absolute feitlike gegewens in enige saak nie (alle feite sal tog nooit korrek deurgegee kan word nie). Dit gaan eerder oor die wyse waarop feite oorgedra word. Narratiewe ontstaan dus altyd in samehang met die konteks waarin daar al heelwat ander en groter stories ontstaan. Ons kan dus sê mense leef en bestaan in en deur stories.

Müller (2000:55) praat konsekwent van die narratiewe benadering en nie van die narratiewe metode nie. Dit gaan hier om 'n verstaan van (epistemologie) en benadering tot die werklikheid. Dit is nie 'n metode wat wil voorgee dat dit 'n maklike oplossing is nie. Die narratiewe benadering kom nie met 'n pretensie van kragdadige moontlikhede nie. In hierdie benadering is daar juis 'n sensitiwiteit vir onontginde moontlikhede. Die voor-die-hand-liggende oplossings is geen oplossings nie. Daarom is die narratiewe terapeut uiters versigtig vir antwoorde en advies.

Mense gee betekenis aan hul lewens deur die stories wat hulle oor hul lewens konstrueer. Hierdie lewens is veel ryker as die stories wat hulle daaroor konstrueer. Eendersyds konstrueer mense lewenstories gebaseer op hul ervaring van die lewe, terwyl hierdie stories andersyds weer die lewe van mense vorm. Lewe en storie staan dus rekursief in relasie tot mekaar. Die stories van mense oor hul lewens word gekenmerk deur 'n verskeidenheid diskoerse wat wissel in dominansie. Die meer dominante diskoerse in die storie speel 'n groter rol in die vorming van die lewe en die storie daaroor as die minder dominante of alternatiewe diskoerse.

Ons lewensverhaal of selfnarratief word oor tyd gevorm. Die narratief voorsien aan ons 'n relaas van lewens soos ons dit in die gang van tyd uitleef (White & Epston 1995:217).

Binne die narratiewe metafoor word die verteller of navorser deel van 'n onlosmaaklike proses (Prinsloo 1999:23).

Die narratiewe metafoor is 'n besig-wees-met interpretasies en narratiewe. Mense ken betekenis aan hul lewenservaring toe en dit moet geïnterpreteer word. Dit gaan hier oor 'n proses wat die klem laat val op die manier waarop ons ons lewensverhaal vertel en oor-vertel (Prinsloo 1999:22).

Ons wil vanuit ons ervarings en van die lewe self sin maak. Sodoende rangskik ons ons ervaringe van gebeure in volgorde oor tyd sodat ons tot 'n samehangende verstaan van onsself en ons wêreld kan kom. White & Epston (1995:10) verwys hierna as 'n verhaal of selfnarratief. Die verhaal of selfnarratief word met die tyd gevorm. Die narratiewe metafoor voorsien aan ons 'n relaas van ons lewe soos ons dit in die gang van die tyd uit lewe (White & Epston 1995:217). Met die narratiewe metafoor word die verteller of die navorser deel van 'n onlosmaaklike proses (Prinsloo 1999:23).

### 2.8.2 Beskrywende en Verhalende navorsing

Polkinghorne (1988:161) volg die lyn van storie-ontwikkeling wanneer hy twee fokus areas van navorsing in die sosiale wetenskappe onderskei. Die beskrywende benadering wat die narratiewe na vore bring waardeur mense sin aan die wêreld gee. Albei dien as 'n manier van ordening en om tydelike gebeure sinvol te maak. Verklarende navorsing gee narratiewe verslag van die redes vir die totstandkoming van bepaalde situasies. Polinghorne (1988:161) sê:

> "The narrative account that is constructed ties together and orders events so as to make apparent the way that 'caused' the happening under investigation."

Die doel van 'n beskrywende benadering is dus om 'n akkurate beskrywing te gee van die narratiewe wat groepe en individue gebruik om betekenis aan die opeenvolging van gebeurtenisse in hul lewens of organisasies te gee. Met die verklarende benadering word

daar 'n narratiewe weergawe vir die redes van gebeurtenisse gegee. Die narratiewe verklaring gebruik dan "hoekom" 'n situasie of gebeure wat menslike handelinge insluit, plaasgevind het (Polkinghorne 1988:161).

Volgens Gouws (2002:2) kan ons beskrywende en verklarende navorsing kortliks as volg omskryf:

- "Beskrywende narratiewe navorsing – die doel hiermee is om 'n akkurate beskrywing te gee van geïnterpreteerde narratiewe weergawes wat individue en organisasies gebruik om 'n opeenvolging van gebeurtenisse sinvol te maak. Daar word nie 'n nuwe narratief gekonstrueer nie, maar bloot verslag gedoen van die narratiewe.
- Verklarende narratiewe navorsing – die resultaat van 'n navorsingsprogram wat ten doel het om 'n verklaring te gee, is soortgelyk aan die "hoekom"-vraag. Wanneer mense gesels, verskaf hulle dikwels verklarings van hul eie of ander se gedrag deur stories te vertel. Die navorser word uitgedaag om 'n verklaring te bied van hoekom iets op 'n bepaalde manier gebeur het."

Beskrywende navorsing word verder gekenmerk deur die volgende:

- Narratiewe onderhoude
- Knooptipes ("Types of plot")
- Resultate

Verklarende navorsing word gekenmerk deur die volgende:

- Verklaring
- Dataversameling
- Geldigheid, betekenis en betroubaarheid
- Data-analise

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Kenmerkende narratiewe teks

Al bogenoemde besonderhede sal in Hoofstuk 4 in detail bespreek en doeltreffend bygewerk word.

### 2.8.3 Drie tipes narratiewes

Dit is interessant en belangrik om daarop te let dat verskillende navorsers drie verskillende tipes narratiewes identifiseer. Smythe & Murray (2000:18) dui dit soos volg aan:

> "… that there are fundamentally distinct types of narratives. The one that is most familiar to modern readers is the **personal narrative**. This mode, typified by contemporary biography and autobiography and many works of modern fiction, is centred on the individuality of a certain main character or person. The narrative is told from a consistent, personal perspective and is aimed at revealing the unique, idiosyncratic character and life circumstances of a particular individual. This is exemplified in the way that modern biographical and autobiographical works tend to focus on presenting the life circumstances and influences on their characters in their unique particularity.
>
> A more archaic narrative form is the **archetypal narrative** of mythological and religious texts. Here, the focus is not on the human individuality as such but on timeless human motifs that reflect fundamental spiritual, existential, and moral concerns, such as human mortality, the stages of life, love, and war. Archetypal narratives mainly are concerned with presenting the archetypal motif, itself, in vivid dramatic form, considerations of human individuality being secondary. Indeed, when an actual historical figure is merged with archetype, human individuality can be lost altogether."
>
> The narratives that social scientists construct in a narrative study of lives fall somewhere between the personal and the archetypal. These are narrative accounts that bear on **psychological and social themes**, such as emotional abuse, healing from trauma, racial discrimination, needs for achievement and affiliation, and interpersonal dynamics in the family, among many others."

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Dit word "typal narratives" genoem omdat aanvaar word dat individue en hul lewenservaringe binne breër tipes voorkom wat van teoretiese en sosiaal-wetenskaplike belang mag wees. Hierdie tipe narratiewe is 'n redelike nuwe produk van die sosiale-wetenskaplike navorsing. Die primêre doel hiervan is nie om die individualiteit van mense in detail vas te vang nie en ook nie om die "archetypal" menslike temas na vore te bring nie. Dit is eerder daar "… to concretely exemplify the theory-laden categories of contemporary social science. To the extent that these themes depend on current social and cultural contexts, typal narratives are not as timeless and invariant as archetypal narratives, but neither are they as individually specific as personal narratives" (Smythe & Murray 2000:19).

### 2.8.4 Ken die lewe deur geleefde ervaring

Die lewe kan net deur ons geleefde ervaringe geken word (White & Epston 1990:9). Ons wil van ons ervaringe en van die lewe sin maak. Om tot 'n ordelike verhaal van onsself en die wêreld rondom ons te kom, rangskik ons ons ervarings van gebeure in volgorde en in reekse oor tyd. Ons verwys hierna as 'n storie of selfnarratief (White & Epson 1990:10). Dit is egter onmoontlik om ons geleefde ervarings in een enkele storie vas te vat. White & Epston (1990:18,25,31) onderskei tussen ons dominante en alternatiewe verhale. Ons dominante verhaal word dikwels oorvertel en gekonstitueer of vorm ons lewe, terwyl die alternatiewe verhaal - wat deel uitmaak van die oormeesterde kennis - nie ons lewens in dieselfde mate vorm of beïnvloed nie. Ons dominante of alternatiewe verhale gebeur en kry beslag binne die taal waarin ons leef. Taal as narratief verteenwoordig nie ons lewens nie maar vorm dit (Kotzé & Kotzé 1997:7).

Bosman (2001:39) beweer dat die narratiewe benadering groot waarde het veral vir die wyse waarop dit taal gekontekstualiseer en gekonkretiseer. Dit staan teenoor die ideaal van objektiewe, algemeen geldige en kontekslose waarhede van die objektivisme en ook

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

teenoor die narratologie wat poog om narratiewe in abstraksie te sien. Schrag (1997:26) stel dit soos volg:

> "… one must be duly vigilant about another danger on the path towards self-understanding, namely, the solidification of narrative into a narratology that disconnects itself from the concrete temporality of the who in discourse. To avoid this danger one should pay particular attention to the explicit entwinement of the event of discourse with the telling of narratives. Narratives need to be told by someone to someone. If narrative doesn't tell a story to someone, then it is not discouse. This accounts for the concretion of narrative in the events of speaking and writing."

Mense vertel stories om te kan lewe. Deur die narratiewe te gebruik, wil mense universele kernvraagstukke van die menslike lewe probeer oplos. Die doelwitte en waardes in die samelewing word deur narratiewe geïntegreer tot betekenisstrukture waarvolgens die mense dan kan leef.

Konteks speel ook 'n belangrike rol in die narratiewe paradigma. Dit het 'n bepalende invloed op die struktuur van die verhaal. Volgens Bosman (2001:35), wat vir Mishler (1986:156) aanhaal, het navorsing wat gedoen word deur gebruik te maak van self-narratiewe, gewoonlik te min oog daarvoor het dat die konteks waarbinne die verhaal vertel word, naamlik dié van die navorsingsonderhoud, 'n groot invloed het op sowel die narratiewe strukture as die spesifieke inhoud van die self-narratiewe. Die konteks van 'n narratief bepaal hoe dit lyk:

- Narratiewe word met 'n rede vertel, dit is gegrond in 'n bepaalde agtergrond met die detail van die verteller se omstandighede.
- Narratiewe word vertel teen die agtergrond van ander verhale, wat 'n tradisie verteenwoordig.
- Narratiewe antisipeer en realiseer ("pre-enact") 'n toekoms.

- Enige aansprake op kennis van die self of die wêreld los van 'n bepaalde konteks, hou 'n reduksie in. Narratiewe is stories deur iemand en aan iemand, daar is nie so iets soos 'n abstrakte storie wat sonder 'n verteller en sonder 'n hoorder vertel word nie.

### 2.8.5 Dekonstruksie, rekonstruksie en ko-konstruksie

Almal se lewens word deur diskoerse oorheers wat as "waarhede" 'n greep kry op menswees en sodoende 'n mag begin vorm wat lewe en verhoudings reël. Dominante diskoerse behou 'n vormende mag, terwyl die alternatiewe verhale as onderwerpe en gemarginaliseerde kennis bly voortbestaan (Kotzé & Kotzé 1997:9). Al die postmoderne diskoerse is dekonstruktief. Alles wat ons dikwels as vanselfsprekend ervaar - ons oortuigings, kennis, waarhede, mag en taal - maak ons skepties oor dekonstruksie. Op die keper beskou, is dit juis die dinge wat ons Westerse kultuur legitimeer en bepaal. Dekonstruksie stel ons in staat om die gapings, teenstrydighede, stilswyes en gesagsverhoudings te ontleed. Dit is nie vernietiging nie, maar die losmaak en uitmekaarhaal van 'n betekenissisteem om vir alternatiewe verstaan ruimte te skep (Kotzé & Kotzé 1997:7,8).

Rekonstruksie verwys na gebeurtenisse, voorvalle en verhale wat 'n mens in gedagte roep, of waarin 'n mens hom probeer indink. Binne die narratiewe navorsing sal rekonstruksie altyd die moontlikheid inhou dat mense meewerk om iets nuuts te kan voortbring, vorm, aanmekaar sit, saamstel, saamvoeg of dan te ko-konstrueer.

### 2.8.6 Dekonstruksie

Dekonstruksie het as literêre kritiek en linguïstiese analise binne die poststrukturalisme ontwikkel. In die sosialekonstruksiediskoers vorm dekonstruksie 'n radikale skeptisisme ten opsigte van die dominante lewenskoerse of metanarratiewe, wat hulself as "lewenswaarhede" aanbied. Met behulp van dekonstruksie word ons in staat gestel om die

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

gapings, stilswyes, teenstrydighede en gesagsverhoudings te ontleed, wat hierdie diskoerse veronderstel. Dekonstruksie is nie daar om te vernietig nie, maar is juis daar vir die losmaak en uitmekaar haal van betekenissisteme om sodoende vir alternatiewe verstaan ruimte te probeer skep.

White (1991:27) omskryf dekonstruksie as:

> "According to my rather loose definition, deconstruction has to do with procedures that subvert taken-for-granted-realities and practices; those so-called "truths" that are split off from the condition and context of their production, those disembodied ways of speaking that hide their biases and prejudices, and those familiar practices of self and of relationship that are subjugating persons' lives. Many of the methods of deconstruction render strange these familiar and everyday taken-for-granted realities and practices by objectifying them. In this sense, the methods of deconstruction are methods that 'exoticize the domestic'."

### 2.8.7 Dekonstruktiewe luister

Dit is 'n spesifieke manier van luister. Dekonstruksie kom ook met hierdie manier van luister tot sy volle reg. Jacques Derrida (1988:46) omskryf dekonstruktiewe luister as:

> "We call the special kind of listening required for accepting and understanding people's stories without reifying or intensifying the powerless, painful, and pathological aspects of those stories deconstructive listening. Through this listening, we seek to open space for aspects of people's life narrative that haven't yet been storied. Our social constructionist bias leads us to interact with people in ways that invite them to relate to their life narratives not as passively received facts, but as actively constructed stories. We hope they will experience their stories as something that they have a hand in shaping, rather than as something that has already shaped them. We believe that this attitude helps to deconstruct the "factity" of people's narratives, and that such deconstruction loosens the grip of restrictive stories… All narratives are full of gaps and ambiguities. Deconstructionist scholars

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

> focus on these gaps and ambiguities to show that the officially sanctioned or generally accepted meaning of a given text is but one of a great number of possible meanings."

### 2.8.8 Eksternalisering

White & Epston gebruik eksternalisering as 'n narratiewe metode deur in taal die probleem te skei van die identiteit van die persoon. Kenmerkend van die narratiewe benadering is die credo: "die persoon is nooit die probleem nie; die probleem is die probleem." Dié benadering plaas die fokus op die verhouding en werking van die dominante verhaal se mag en hoe dit mense se lewens konstitueer (O'Hanlon 1994:21,23). Volgens eksternalisering word mense gehelp om aan hul probleem te dink as iets buite hulleself. Die probleem word as't ware geneem en buite jouself neergesit en dan word daaroor gepraat. Dit is 'n benadering tot terapie wat mense aanmoedig om die neerdrukkende probleme wat hulle ervaar, te objektiveer en te personifieer. Die probleem word dus 'n aparte entiteit en dit help mense om daaroor te praat asof dit iets buite hulleself, iets eksterns is (Müller 2000:95).

Die doel van my studie is juis om aan te toon dat 'n suksesvolle egskeiding moontlik is indien ek in die egskeidingsmediasie 'n nuwe hervertelde verledeverhaal kan omskep in 'n verbeelde toekomsverhaal wat fokus op stories van hoop en tot voordeel van alle partye sal strek.

### 2.8.9 Die terapeutiese houding in die narratiewe

In reaksie op spesifieke ontwikkelings in mense se lewens, kan die navorser/terapeut in die versoeking kom om entoesiasties te reageer op dit wat hulle as unieke uitkomste ag. As gevolg van dié optrede sê White (2002:5) die volgende:

- "engage in efforts to convince persons that they could take more notice and appreciate these developments,

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- try to point out the consequences or potential implications of, or possibilities associated with, such developments,
- take a strongly positive position on these consequences, implications, and possibilities, and
- justify their position on these developments by giving voice to a range of positive conclusions about the lives and identities of the people seeking consultation."

In reaksie op die ontwikkelinge wat hierbo genoem is, neem die navorser/terapeut 'n posisie in van "centred and relatively non-influential" (White 2002:5). Volgens White is dit egter belangrik dat die navorser/terapeut 'n "de-centred and influential" posisie sal inneem. Hy stel vier moontlike posisies voor wat die navorser/terapeut moontlik kan inneem:

| | **De-centred** | **Centred** |
|---|---|---|
| **Influential** | De-centred and influential (potentially invigorating of therapist) | Centred and influential (potentially burdening of therapist) |
| **Non-influential** | De-centred and non-influential (potentially invalidating of therapist) | Centred and non-influential (potentially exhausting of therapist) |

Dit is belangrik dat die navorser/terapeut 'n steierwerk (scaffold) ontwikkel. White (2002:6) stel dit soos volg:

> " … unique outcomes or expectations provide a starting point for re-authoring conversations. They provide a point of entry into the alternative story lines of people's lives, at the outset of these conversations, became visible as thin traces, which are full of gaps, and are not clearly named. As these conversations proceed, therapists build a scaffold through questions that encourage people to fill these gaps. This is a scaffold that assists people to recruit their lived experience, that stretches and exercises their imagination and their meaning-making resources, and that is engaging of their fascination and curiosity. As an outcome, the alternative story lines of people's lives are thickened and more deeply rooted in history, the

> gaps are filled and these story lines are clearly named. In developing this scaffold, therapists traffic in 'landscape of action' and 'landscape of identity' questions. … As with the skills that construct texts of literary merit, the scaffolding provided by the questions of re-offering conversations make it possible for people to address and to fill the gaps in these alternative landscapes of the mind."

### 2.8.10 Kenmerke van die narratiewe

Bosman (2001:41) onderskei agt kenmerke van die narratiewe. Die kenmerke sal nie in detail bespreek word nie, maar slegs kortliks aangestip word:

- **Temporele ordening** – Die narratiewe het 'n logiese en chronologiese struktuur. Dit bestaan uit gebeure wat met mekaar saamhang en in verband gebring kan word as gebeure wat op mekaar volg of wat gelyktydig plaasvind. Volgens Mishler (1986:147) is temporele ordening van gebeure die minimum kenmerk van die narratiewe. Die verteller van die verhaal ken dit self toe aan die verhaal.
- **Chronologiese – en nie-chronologiese dimensies** – Lyne word getrek wat die bogenoemde gebeure met mekaar en met gebeure buite die narratief self verbind. In die narratiewe word daar gewoonlik betekenis toegeken wat groter is as die kontingente gebeure self. Ricoeur (1981:278-279) stel dit soos volg: "… the activity of narrative does not consist simply in adding episodes to one another; it also constructs meaningful totalities out of scattered events. The art of narrating, as well as the art of following a story, therefore requires that we are able to extract a configuration from a succession. (…) This complex structure implies that the most humble narrative is always more than a chronological series of events."
- **Narratiewe word vertel en gehoor** – Narratiewe is nie iets abstraks nie. Dit is konkreet want daar is 'n spesifieke persoon wat iets aan iemand anders vertel. Iets word nie in die algemeen gesê nie, maar die persoon en die konteks is nodig om werklik te verstaan wat gesê word (Mishler 1986:147). Die konteks waarbinne 'n verhaal vertel word, het gewoonlik 'n deurslaggewende invloed op die manier waarop die verhaal ingekleur word. Verskillende maniere word aangewend om

verhale te vertel soos by die rugby, braaivleisvuur, in terapie of in die navorsingsgesprek.

- **Deur narratiewe word betekenis aan ervarings gegee** – Deur die narratiewe gee mense uitdrukking aan hul ervarings. Polkinghorne (1988:159) stel dit soos volg: "Through the action of emplotment, the narrative form constitutes human reality into wholes, manifests human values, and bestows meaning on life. Emplotment composes meaning out of events by a process similar to the process that grammar employs to develop meaning from words." Ervarings word in 'n samehangende geheel georganiseer om sodoende betekenis daaraan te koppel. Bogenoemde konstruksies vind nie sonder 'n verband met die werklike gebeure plaas nie. Die betekenis van die narratief is meer as die gebeure.
- **Narratief het 'n plot of verhaallyn** – Polkinghorne (1988:160) stel dit soos volg: "Plotting is an activity in which temporal happenings are shaped into meaningful units." Die organisering van hierdie narratiewe vind outomaties plaas en is gewoonlik nie 'n bewuste of sigbare proses nie. Daar word gewoonlik aanvaar dat sekere soorte kennis en waarhede net verstaan kan word wanneer dit as 'n verhaal wat temporeel opeenvolgend afspeel, vertel word.
- **Gebeure en ervarings asook die betekenis wat daaraan geheg word, beïnvloed mekaar** – Twee basiese elemente van verhale naamlik "landscapes of action" en "landscapes of consciousness" word deur White (1995:31) onderskei. Die basiese struktuur van 'n verhaal word deur die landskap van aksie verskaf. Ervarings en gebeure word in verband met mekaar gebring deur middel van 'n basiese verhaallyn of plot. Die betekenis wat in 'n verhaal na vore kom, word deur die landskap van bewussyn uitgelig. White (1995:31) sê hieroor: "… the landscape of consciousness or meaning has to do with the interpretations that are made through reflection on those events that are unfolding through landscapes of action. To reiterate, the landscape of meaning is derived through reflection on events in the landscape of action to determine what those events might say about the desires, preferences, qualities, characteristics, motives, purpose, wants, goals, values, beliefs, commitments, of various persons." Albei dimensies beïnvloed mekaar.

University of Pretoria etd – Botha, J A  (2004)

- **Postmoderne narratiewe as collage** – Die konteks waarbinne verhale voorkom, is altyd belangrik. Scheepers (1998:30) stel dit duidelik dat een van die kenmerke van die postmoderne narratiewe teks juis die gebruik van collage is. Die gebruik van 'n collage hang dus saam met die fragmentering van die werklikheid wat 'n groot invloed in die postmoderne samelewing het. 'n Collage word saamgestel uit verskillende prente, motiewe en style wat in 'n kunswerk opgeneem is en wat alles saam die kunswerk uitmaak. Verskillende vertelstyle word dan in 'n verhaal gebruik indien dit 'n collage-styl het. Verskillende temas en brokkies word in so 'n verhaal opgeneem om saam 'n geheel te vorm wat die verhaal verteenwoordig. Dit gebeur sonder dat alles tot 'n afgeronde geheel saamgevoeg word. Daar is 'n eklektiese vermenging van style, verhale en brokstukke van verhale wat in een verhaal gekombineer word. Kontras is belangrik in 'n collage. Daar is gewoonlik teenstrydighede in mense se verhale of dinge en gebeure wat die groot tema weerspreek. Dit kanselleer nie die groot temas uit nie, maar verleen juis egtheid aan die self-narratief as 'n eg-menslike verhaal.
- **Ideaalbeelde en self-narratiewe** – Volgens Goldberg (1982:68) speel die samebindende krag van ideaalbeelde 'n groot rol in die self-narratiewe. "… the common strand that ties these various notions of biography, theology, character and community together, is that of 'image'". Ideaalbeelde kan ook metafore wees wat in 'n gemeenskap as prototipes dien en wat dan die karakter en visie van 'n gemeenskap uitbeeld. Dit het 'n invloed op die self en gee gewoonlik ook vorm aan die manier waarop 'n persoon hom/haarself sien. Mense het verskillende ideaalbeelde wat as sentrale temas dien waarvolgens hulle hul lewensverhale konstrueer.

### 2.8.11 Belangrike narratiewe waardes

Binne die narratiewe paradigma is daar sekere waardes wat die hartklop daarvan vorm. Dit gaan net kortliks hier aangestip word:

- Meer as een werklikheid kan beskryf word. In my navorsing sou ek dus kon vra wat 'n bepaalde medenavorser se perspektief is oor sy/haar egskeiding, die trauma-situasie waarbinne hy/sy is, asook sy/haar ervaring van stories van hoop. Al hierdie stemme moet hoorbaar gemaak word in die navorsingsproses. Dit alles verteenwoordig dan 'n bepaalde uitkyk op die lewe.
- Die navorser moet na die medenavorsers luister met die uitsluitlike doel om te verstaan hoe daardie persoon se ervaringswerklikheid, saamgestel is.
- Die taal wat tussen die navorser en medenavorsers gepraat word, moet verstaanbaar wees vir almal betrokke. Die gevaar bestaan altyd dat die navorser en/of die medenavorsers van sy/haar eie denkkategorieë sal probeer afdwing.
- Daar moet gesoek word na verhale wat die medenavorsers se probleem/aksieverhale ondersteun. Dominante asook nie-dominante verhale moet saam ontgin word. Alle gemarginaliseerde verhale en persone moet ook betrek word.
- Die navorser en medenavorsers moet gesamentlik fokus op die betekenis van die verhale in plaas daarvan om die fokus te plaas op die feite en inhoud.
- Die medenavorsers moet uitgenooi word om gesprek te voer en deel te word van die proses.
- Die navorser moet ten alle tye deursigtig wees en rekening hou met sy eie voorkeure, opinies, waardes en idees.
- Daar moet op 'n narratiewe wyse gesoek word na die definiëring en omskrywing van die aksieverhale om sodoende gesamentlik by nuwe, alternatiewe verhale uit te kom.

### 2.8.12 Navorsingsuitkomste

Indien 'n navorser empiriese navorsing doen teen die agtergrond van sosiale konstruksionisme, behoort daar sekere uitkomste te wees. Bosman (2001:58) som dit soos volg op:

- "Met verwysing na twee boeke oor sosiale konformiteit en gehoorsaamheid onderskeidelik sê Gergen (1999) dat dit in die eerste plek verdere nadenke en debat stimuleer:

  > "Neither of these inquiries proved anything about social life; they do not necessarily demonstrate anything about either conformity or obedience…. However, in the hands of these scholars, the date dramatically succeeded in bringing provocative ideas about human interaction to life, thus generating debate and dialogue" (Gergen 1994:15).

- Die navorsing ondersoek hoe die werklikheid binne die samelewing gekonstrueer word, watter magte aan die werk is en watter effek dit het op die taalwerklikheid van mense. Dit het 'n emansipatoriese interesse: dit toon aan hoe ons die werklikheid en onsself konstrueer.
- Derdens kan empiriese navorsing help om bepaalde patrone in 'n samelewing aan te dui. Die kategorieë waarmee dit werk, is uiteraard sosiaal gekonstruktueer, maar dit dui juis aan watter konstruksies aan die werk is.
- Die navorsing rig 'n uitdaging tot 'n selfrefleksie. In elke gemeenskap is daar 'n gedeelde taalwerklikheid wat interaksie moontlik maak. Waar daar egter algemene instemming met die sosiale konstruksie van die werklikheid bestaan, word dit 'n geslote sisteem wat die moontlikheid uitsluit om dit krities te bevraagteken en selfrefleksie te beoefen.
- Die navorsing word op 'n eiesoortige wyse gebruik in navorsing oor lewensontwikkeling.
- Die navorsing maak dit moontlik dat beter stories (Pocock 1995) of voorkeurstories (Freedmann & Combs:1996:20) gekonstrueer kan word."

Die bogenoemde toon dus aan dat uitkomste wel moontlik is indien die navorser en medenavorsers van empiriese navorsing gebruik maak teen die agtergrond van sosiale konstruksionisme met behulp van die narratiewe metafoor.

Navorsers wat met 'n sosiaal konstruksionistiese benadering werk, verleen gewoonlik voorkeur aan teorie en praktyke wat die volgende vertoon:

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Kommunalisme/gemeenskaplikheid word gekies bo individualisme
- Interafhanklikheid word verkies bo onafhanklikheid
- Deelnemende besluitneming eerder as hiërargiese gesagstrukture
- Integrasie van die gemeenskap eerder as die verdeling of fragmentering daarvan (Bosman 2001:60).

### 2.8.13 Aannames ten opsigte van narratiewe navorsing

Volgens Muller (2002:1) is dit belangrik dat ons as narratiewe terapeute, pastors en navorsers onsself posisioneer in die sosiaal kontruksionistiese paradigma. Dit het implikasies vir die manier waarvolgens ons ons navorsing doen. Die volgende vyf aannames word dan vervolgens kortliks bespreek:

- Respek vir die deelnemer/kliënt/medenavorser. “We want to be researchers who do not “pathologize or victimize their narrators” (Graham 2000:112). Daarom verkies ons om nie taal soos “navorsings objekte” of “navorsings populasie” te gebruik nie maar eerder woorde soos “medenavorsers” of “ko-navorsers”. Dit is ook belangrik dat ons seker maak dat ons nie ons eie belange as navorser dien nie maar die belange van dié wat nagevors word - ons medenavorsers. Dit is dus nie belangrik dat daar in die eerste plek van verandering van buite gebruik gemaak word nie, maar om na stories van hoop te luister en dat ons daardeur ingetrek word. As narratiewe navorsers word subjektiewe integriteit hoog aangeslaan en word daar gestreef na deelnemende interaksie.
- Klem op die “nou”. In die narratiewe navorsing word die “nou” as die eerste stap beskryf. Die navorsers moet in die eerste plek vasstel wat aan die gebeur is. Dit is alleen moontlik as daar ‘n goeie empiriese insig is in mense en die aksie waarby hulle betrokke is. Dit gaan dis om die “nou” van die aksie te beskryf en nie te konsentreer op die verlede of op die toekoms nie. Volgens (Pierre Bourdieu, volgens Graham 2000:109) is dit belangrik om op die volgende te let:

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

> “We would like to perform research as a form of practical wisdom, which values the stories of people and communities. Instead of working with hypotheses of what should be, we would rather like to firstly understand the hiatus, “ which refers to a kind of practical knowledge within which human social action enacts and constructs culture – a synthesis of structure agency: a ‘system of structured, structuring dispositions …. Constituted in practice and … always oriented toward practical functions’ .“

- Die nie-weet-posisie: Om toe te laat dat persone en gemeenskappe hul volle stories vertel is dit belangrik dat die navorser ‘n nie-weet-posisie inneem. Dit laat die medenavorsers toe om hul stories te vertel soos hulle dit elke dag belewe. Dit help die navorser ook om die stories van die medenavorsers te volg omdat hulle dit binne ‘n sekere sosiale omgewing gevorm het. Almal se stemme moet ook gehoor word sonder dat die stories onderbreek word.
- Interpretasie in plaas van analise: Net die navorser het die mag en spesiale kennis om te analiseer. Die begrip analise berus op ‘n hiërargiese sisteem wat aan hom die vryheid gee om diskoerse daar te stel wat nie noodwendig van pas is nie. Die narratiewe navorsing handel juis daaroor om saam met die medenavorsers tot verstaan te kom. Gesamentlike gekonstruktureerde interpretasie vind plaas want die medenavorsers en die navorser kom saam tot verstaan. Die navorser is in die narratiewe benadering meer ‘n fasiliteerder van interpretasies. Daar word geluister en uitgenooi dat elkeen saam sy eie storie kan interpreteer.
- Klem word geplaas op die geheel: Die klem word verskuif van die fyn detail na die geheel. In plaas daarvan om ‘n storie in verskillende dele op te deel volgens verskillende temas laat die navorser toe dat die storie homself interpreteer. Die betekenis van die storie as ‘n geheel word nou beklemtoon. Daardeur word respek aan die storieverteller betoon deur nie sy/haar storie in fyn detail te ontleed of op te breek nie, maar juis na die boodskap daarvan te luister.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

### 2.8.14 Kwalitatiewe onderhoude

Narratiewe onderhoude dien gewoonlik as die basiese bron van getuienis oor verhale. Mense vertel gewoonlik stories oor hulleself in plaas daarvan om hul antwoorde in die navorser se denkkategorieë te giet. Dit gebeur soms dat die medenavorsers se stories onderdruk word ter wille van die vrae en kategorieë wat deur die navorser gestel word. Soms word die fout ook began dat daar veronderstel word dat die navorser en medenavorsers dieselfde betekenis heg aan wat gesê word. Met behulp van die narratiewe onderhoud word daar saam in hierdie proses gesoek na gedeelde betekenis wat gewoonlik deur middel van gesprekvoering en nie deur vraagstelling bewerkstellig word nie. Die navorser en medenavorsers is dus op mekaar aangewese om saam betekenis te vind. Dié betekenis word gewoonlik gegenereer binne 'n bepaalde sosiale konteks.

Dit is belangrik dat die navorser sy/haar medenavorsers herken as kundiges ten opsigte van hul eie lewens en die probleme waarmee hulle worstel. Dit gee aan hulle die geleentheid om die kennis rondom die probleem en die hantering daarvan met die navorser te deel. Dit is dus belangrik dat die narratiewe navorsingsgesprekke so gestruktureer moet word dat dit die kundigheid van die medenavorsers na vore laat kom en dit positief benut kan word.

### 2.8.15 My narratiewe navorsingskeuse

Ek het reeds in hoofstuk een na my narratiewe navorsingskeuse verwys. Dit sal in detail in Hoofstuk 4 hanteer word waar die navorsingsonderhoude asook die toepaslike narratiewe paradigma gebruik word.

My basiese vertrekpunt is om by Müller (1999:78vv) se voorgestelde "vyf bewegings" aan te sluit. Dit val in vyf danspassies uiteen naamlik die noodverhaal, die verledeverhaal, die verduisterde toekomsverhaal, die ge-herinterpreteerde verledeverhaal, asook die

verbeelde toekomsverhaal. Omdat dit juis oor stories van hoop gaan, vind ek uit die aard daarvan hoofsaaklik aansluiting by die vyfde dans naamlik die verbeelde toekomsverhaal. Die ander vier danse sal dus ook verreken word in die navorsing.

Müller (2001:64) se artikel " Therapy as fiction writing" het die metafoor van skryf, veral vir verhaalskrywing, gebruik om vir hom 'n deur oop te maak ten opsigte van verhale en terapie. Hierdie skat vir die skryfkuns het dus 'n skat vir terapie geword. In 1995 het Lamott in haar boek "Bird by Bird" na Alice Adams verwys wat 'n formule vir verhaalskrywing ontwikkel het, wat uiters bruikbaar was vir verhaal ontwikkeling. Die verhalende benadering tot terapie het Müller verder ontwikkel in 'n volgende artikel "Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach" (Müller, van Deventer en Human 2001). Die ontwikkeling van stories word hier voorop gestel.

Die metafoor wat ek in hierdie studie gebruik, is dié van Müller et al (2001:1-9) en staan bekend as die ABDCE-metafoor. A staan vir aksie (action), B vir agtergrond (background), D vir ontwikkeling (development), C vir klimaks (climax) en E vir einde (end). Die metafoor plaas volgens Müller (2001:65) die klem op "the wholeness" van die terapeutiese proses. Dit het die ontwikkeling van een aaneenlopende of konstante storie in gedagte. Die ruimte word nou geskep waarin die storie volledig kan ontwikkel.

**2.8.16 Narratiewe egskeidingsmediasie**

Volgens Billikopf (2002:101) is narratiewe egskeidingsmediasie belangrik want:

> "through narrative mediation each stakeholder gets the opportunity to hear the story from the perspective of the other individual, and finds out, in the process, that the other person does not want to be in the conflict either, and prefers a new story in which the conflict is moved aside. People who are deeply involved in conflict may well think the other person wants to remain in, or somehow enjoys, the conflict. Finding out that the conflict is also affecting the other individual in negative ways also assists in the process of detaching oneself from the conflict story."

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

#### 2.8.16.1 Eksternalisering in egskeidingsmediasie en konflikhantering

Volgens Winslade & Monk (2000:5) is daar verskillende strategiese hulpmiddels wat gebruik kan word om ‘n konteks te skep vanwaar ‘n storielyn verder kan ontwikkel.

- Building trust in the mediator and in the mediation process
- Developing externalizing conversations
- Mapping the effects of the problem on the person
- Constructing the dominant story lines
- Developing shared meanings about the conflict and its solutions

Ek gaan hoofsaaklik met eksternalisering werk om die “probleem” in die mediasieproses te hanteer. Eksternalisering is ‘n benadering tot terapie wat mense aanmoedig om die neerdrukkende probleme wat hulle ervaar te objektiveer en te personifieer. So word die probleem ‘n aparte entiteit. Dit help mense om daaroor te praat asof dit iets buite hulleself, iets eksterns is. Ten diepste gaan dit oor ‘n metode wat dit vir mense moontlik maak om nuwe stories oor hulself en hul probleme te konstrueer. Mense is gedurig besig om hul eie lewenservarings te interpreteer en dan ontwikkel daar soms wat White noem “problem-saturated descriptions” (Müller 2000:95).

Volgens Winslade & Monk (2000:6):

> “Externalizing conversations are one of the most powerful methods that narrative practitioners can use to help disputing parties disidentify with the problem story and begin to develop shared meanings, understandings and solutions. Externalizing conversations reverse the common logic in both popular and academic psychology that increasingly focuses explanations for events inside the person. Externalizing conversations focus attention on the relation domain. As mediators externalize a problem, they speak about it as if it were an external object or person exerting an influence on the parties but they do not identify it closely with one party or the other.”

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

McKenzie & Monk (1996:254) sê ook verder:

> "A narrative approach to mediation begins with a different set of assumptions about conflict. Rather than viewing conflict as resulting from a situation of disfunction (such as unmet needs) that can be corrected, the narrative approach begins with a postmodern recognition of the existence of differences between people. People differ not only in the real conditions and opportunities of their lives but also in the stories they draw on to make sense of these differences. This conflict can be understood as the inevitable result of the articulation of differences. From this perspective, the differences between us that from time to time lead us into conflict are not necessarily to be resolved but understood. The valuing of differences is a principle highlighted by this approach. Conflict is seen as emergent (changing as it emerges) and malleable, rather than fixed. There are different versions of meaning to be explored rather than sets of facts to be discovered."

Bogenoemde klemverskuiwing in die hantering van probleem- en konfliksituasies tydens die mediasiesessies maak dit soveel meer aanvaarbaar vir die partye om daarby betrokke te raak. Saam word daar na die probleem/konflik gekyk en dit word positief hanteer om sodoende tot nuwe stories ten opsigte van die verlede en toekoms te kom. Volgens White (1989:6) kan die volgende positiewe gevolge met eksternalisering bereik word:

- Dit verminder onproduktiewe konflik tussen mense, insluitende verskille oor wie verantwoordelik is vir die probleem.
- Dit ondermyn die gevoel van mislukking wat ontwikkel het as gevolg van die hardnekkigheid van die probleem.
- Dit baan die weg vir mense om met mekaar saam te werk, om 'n eenheidsfront in hul stryd teen die probleem te vorm.
- Dit open moontlikhede vir persone om op te tree en hulle lewe los te maak van die probleem.

- Dit bevry mense om 'n ligter en meer effektiewe benadering te volg. Die probleem word nie meer in dieselfde dodelike ernstige lig bejeën nie.
- Dit voorsien moontlikhede van dialoog eerder as 'n monoloog oor die probleem.

#### 2.8.16.2 Narratiewe egskeidingsmediasie

Narratiewe egskeidingsmediasie word as 'n proses beskryf. Winslade & Monk (2000:57) sê: "The word process focuses on the dynamic, shifting, and changing elements of mediation rather than on abstractions, facts or structures. By concentrating on process, the mediator is invited to think about and work with the responses of the conflicting parties rather than follow some static, preconceived plan. Any experienced mediator knows that mediation cannot be carried out in a predictable straight line. People are not that simple".

'n Narratiewe benadering tot mediasie behels die volgende: Winslade & Monk (2000:250):

- "The privileging of stories and meanings over facts
- The hearing of people's stories of conflict as they are produced in discourse
- The clear separation of conflict-saturated stories from stories of respect, cooperation, understanding, and peace
- The use of externalizing conversations to help disputants extract themselves from problem stories that have helped them in thrall
- The creation of a relational context of change as a primary task of mediation in preference to the pursuit of an agreed-upon solution
- The selection of alternative stories for development as pathways out of disputes".

Winslade & Monk (2000:128) toon aan dat daar duidelike verskille is in benadering en vraagstelling tussen 'n moderne en postmoderne raamwerk:

**Two Ways of Asking Questions.**

| Asking questions in a postmodern frame | Asking questions in a modernist frame |
|---|---|
| Privileges the coherence of stories | Privileges the establishment of facts |
| Shows a desire to respect the client's truth | Shows a desire to match the client's experience to established truths |
| Seeks out the client's expertise and competence | Demonstrates the mediator's expertise and competence |
| Asks out of what the mediator doesn't know | Asks out of what the mediator knows and wants to confirm |
| Invites the client into a position of knower (subject) | Invites the client into a position of the one known (object) |
| Values a spirit of wonder and ambiguity | Values certainty (or its approximation) |
| Is naive inquiry | Is diagnostic matching |
| Is deconstructive | Is analytical |
| Explores and opens up possible meanings | Narrows down possibilities to more precise or correct meanings |
| Explores the client's meaning system | Interprets the client's words in the light of established, true meanings |
| Emphasizes particular, poetic, or local knowledge | Emphasizes generalizations based on validated knowledge or grand narratives |
| Exoticizes the domestic | Domesticates the exotic |
| Welcomes indeterminacy | Isolates determinants |
| Requires the mediator to develop the familiarity skills of respectful inquiry | Requires the mediator to develop with established knowledge |

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

# HOOFSTUK 3

# EGSKEIDINGSMEDIASIE – AGTERGROND EN VERDERE ONTWIKKELING

## 3.1 Inleiding

Willem Nicol (2000:62) vertel die verhaal wat hy by geleentheid gebruik het tydens ‘n preek om ‘n sekere punt aan die studentegemeenskap by die studentekerk op Stellenbosch te verduidelik.

> “Ek het vertel dat ek die stukkie hout afgesaag het van ‘n boom waarvoor ek baie lief is. Ek wou dit op my lessenaar gebruik om glase en bekers op neer te sit. Nadat ek met moeite gesaag het – tambotie is van die hardste wat jy kry – was dit nie mooi nie. Dit was grof en vaal van die saag; die mooi patrone in die hout was nie sigbaar nie. Dit het my toe heelwat tyd gekos om dit mooi glad te skuur. Namate dit gladder en gladder geword het, het die wonderlikste patrone verskyn. As ‘n mens mooi kyk na ‘n dwarssnit van so ‘n tambotietak, kan jy nie glo wat jy sien nie. Dit is soos ‘n skildery wat God gemaak het. Ek het toe met die gladgeskuurde tambotiehout in my hand vir die aanwesiges gesê dat ‘n mens die saag wat ek gebruik het, kan vergelyk met die sonde; die oppervlakte van die hout met die mens, en die skuurpapier met die genade. Soos die saag die skoonheid van die hout omtrent heeltemal onsigbaar gemaak het, het die sonde die mens heeltemal aangetas, sodat daar byna niks van sy skoonheid en goedheid sigbaar is nie. Maar die saag kon die skoonheid van die hout nie vernietig nie; die sonde kon die feit dat die mens mens is wat na die beeld van God geskep is, nie ongedaan maak nie. Daarom kon die skuurpapier weer na vore bring wat werklik in die hout lê. En so bevry die genade die mens van die sonde om sy diepste aard weer na vore te bring.”

Uit bogenoemde verhaal en metafoor wat gebruik is, is dit duidelik dat ons in ‘n gebroke werklikheid lewe. Verskeie verhale onderstreep daagliks hierdie gebrokenheid en roep daarna om heling in Christus te beleef.

In hierdie hoofstuk sal ek nie egskeiding as sulks, teologiese argumente daarvoor en daarteen asook ander detailsake rondom die teologiese fasette van egskeiding hanteer nie. Ek kyk slegs na sekere belangrike diskoerse binne die egskeidingsaksieverhaal wat direk betrekking het op hierdie studie. Daar word hoofsaaklik klem gelê word op sekere diskoerse soos die egskeiding self, die hantering daarvan, die prosesse daar rondom asook die invloed daarvan op die gemarginaliseerdes – hoofsaaklik die minderjarige kinders in hierdie navorsing.

In die tweede gedeelte van hierdie hoofstuk word daar hoofsaaklik gefokus op die mediasie diskoers om sodoende uit die aksieverhale oor te gaan na die agtergrond waarteen egskeidingsmediasie plaasvind. In Hoofstuk 5 sal daar volledig gefokus word op die vrug van die pastorale narratiewe egskeidingsmediasie naamlik stories van hoop.

### 3.2 Definisies van die gesin

Die gesin kan omskryf word as “… ‘n dinamiese ontwikkelende sisteem waarin daar voortdurend ‘n onderlinge onderhandelingsproses aan die gang is oor die balans tusssen stabiliteit en verandering. Hierdie stabiliteit het veral met twee konsepte te doen: die mate van kohesie en die mate van aanpasbaarheid wat daar in die gesin is” (Müller 1996:55). Die man, vrou, asook kinders se belange binne so ‘n sisteem is dus noú aan mekaar verbonde. Om hierdie belange tot hul volle potensiaal te ontwikkel, is dit belangrik dat die funksie van die gesin, as die onderlinge invloed, besef word. Louw (1983:72 e.v.) omskryf die funksies van die huwelik en gesin soos volg:

- “Opvoeding van kinders binne die verbond met God.
- Begelei die kind tot geloofsgemeenskap met God.
- Deur die gesin beleef die kind geborgenheid en sekuriteit.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Deur die toepassing van dissipline leer die kind dissipline aan.
- Die kind beleef die ouers se lewens- en wêreldbeskouing en leer dit aan.
- Ontdekking van liggaamlikheid en seksualiteit vind plaas.
- Die lewe van die ouers dien as voorbeeld.
- Die gesin bied die moontlikheid om met die buitewêreld in aanraking te kom. Kommunikasievaardighede, verantwoordelikheid, sosiale omgang en maatskaplike funksionering word aangeleer."

'n Teologiese perspektief op die gesin word deur Heyns (1986:189) soos volg verwoord: "In die gesin gaan dit om die elementêrste liggaamlike behoeftes van die menslike bestaan: voeding en kleding, maar dit gaan ook om die subliemste geestelike behoeftes: opvoeding en geloofsleiding. Daarom dra die kinders hulle lewe lank die merktekens – om nie te sê die littekens – van hulle vroeëre gesinslewe." Vanuit 'n postmodernistiese hoek beskou Anderson (1997:80-82) die gesin as 'n realiteit gebaseer op kommunikasie. Sy beklemtoon daarmee dat gesinslede unieke ervarings het met beskrywings vir en verduidelikings van die gesin. Dit sluit ook die rolle en redes vir deel wees van die gesin in. Dit beteken dat elkeen die gesin op sy eie unieke manier sou kon beskryf vanuit sy eie perspektief. Anderson (1997:82) stel dit soos volg: "… the family is not thought of as a group of self-contained individuals but as a combination of fluid relational, dialogical individuals." Müller (2002:14) sluit hierby aan en sê dat hy saam met ander skrywers soos Freedman & Combs asook Paré na die gesin verwys as 'n **verhalende kultuur** ("storying culture"):

> "Wanneer 'n groep(ie) mense hulleself konstrueer en hulle in stand hou as 'n gesin, omdat hulle gesamentlik identiteit vind in die verhale wat hulle oor hulle "gesin" vertel, is hulle 'n gesin. Dit maak nie saak watter vreemde samestelling hulle in terme van geslag, ouderdom, ras en kultuur verteenwoordig nie. Die gesin word gevorm deur die verhale wat hulle deel en daarmee hulle identiteit konstrueer en nie deur sogenaamde objektiewe maatstawwe wat van buite gebruik word nie. Die begrip verhalende kultuur as 'n metafoor om die gesin mee te beskryf sou ook met die begrip **interpreterende gemeenskap** vervang kon word. Dit is 'n groep mense wat binne 'n bepaalde konteks hulle lewe op dieselfde manier verstaan en

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

> interpreteer. Hulle lewe uit dieselfde konstellasie van metafore, uitdrukkings, simbole en verhale. Hulle heg waarde en betekenis aan dieselfde dinge. Soos alle ander kulture vertel hierdie kultuur (gesin) stories oor hulleself."

Uit die laaste omskrywings is dit dus duidelik dat eersgenoemdes meer modernisties is en daarom ook nie net so sou kon geld ten opsigte van die egskeidingsituasie, enkelouer gesinne en hersaamgestelde gesinne nie. Ek vind dus aansluiting in hierdie navorsing by Müller se omskrywing van die gesin as **verhalende kulture** of **interpreterende gemeenskappe**.

### 3.3 Definisie van egskeiding

Van Staden (1987:5) omskryf egskeiding soos volg:

> "Egskeiding is 'n traumatiese, kritieke, spanningsvolle proses wat die wetlike beëindiging van 'n huwelik deur 'n hofbesluit en die vernietiging van die huweliksverhouding impliseer en 'n verandering van die gesinstruktuur en funksionering, die kommunikasie en ondersteunende netwerk, asook 'n verandering van die aanpassing, funksionering en interaksies van die gesinslede meebring."

Van Staden (1992:6) het láter die begrip egskeiding soos volg omskryf:

> "Egskeiding is die wetlike beëindiging van die huwelik deur 'n hofbesluit waar dit die traumatiese proses van vernietiging van die huweliksverhouding impliseer, met die gepaardgaande verandering van die gesinstruktuur – en funksionering asook die onderlinge interaksie van die gesinslede, wat aanpassings in kommunikasie en die ondersteunende netwerk meebring."

Die term "egskeidingsgesin" wys heen na 'n gesin wat in, of reeds deur die proses van egskeiding is. Dit sluit almal in wat deur hierdie reuse draaipunt in die lewe van 'n gesin geraak word. Indien 'n vriendskap verbreek word, bestaan daar geen verbintenis meer nie. Na 'n egskeiding word daar dikwels verwys na die gewese eggenoot, maar daar kan

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

nooit gepraat word van die gewese kinders of ouers ("ex-husband/ex-wife" en nooit ex-vader/ex-moeder of ex-kinders) nie. Die kind bly altyd die kind van sy ouers en die ouers bly altyd die ouers van sy kinders (Boszormenyi-Nagy & Spark 1973:3; Van den Eerenbeemt 1995:41).

Ek wil aansluit by Müller wat 'n egskeiding sou beskryf as vasgeloopte en/of noodstories binne 'n verhalende kultuur/interpreterende gemeenskap waar daar nie meer tot dieselfde verstaan en interpretasie gekom word nie. Hierdie gebeure lei daartoe dat hierdie kultuur of gemeenskap vervreem word en vernietig word. Nou ontstaan daar krisisstories en elke krisisgebeurtenis roep by elke mens 'n eie unieke verhaal na vore.

### 3.4 Statistiek oor egskeiding

Volgens die jongste statistiese gegewens van Statistiek Suid-Afrika, soos op 26 Maart 2003, word die volgende gegewens bekend gemaak. Die aantal amptelike aangetekende huwelike wat in 2002 voltrek was in Suid-Afrika was 143 391 wat 'n toename van 2 933 was in vergelyking met die 140 458 in 1999. Die Statistiekdiens toon dan ook aan dat die egskeidingsyfer van 1999 (37 098) hoër was as in 2000 (34 102). Dit het tot gevolg dat die egskeidingsyfer vir getroude pare heelwat laer was in 2000 (595 per 100 000 getroude pare). Die statistiek van 1990, ± tien jaar gelede het daarop gedui dat sowat 20 031 pare geskei het teenoor 24 266 pare in 1992.

Dit is ook interessant om daarop te let dat die gemiddelde ouderdom van die huwelik waarbinne egskeidings plaasvind, gemiddeld tussen vyf en nege jaar is.

Die hoeveelheid minderjarige kinders wat direk deur egskeiding geraak word, het ook met 17% afgeneem. In 1999 is 45 331 minderjarige kinders en in 2000 was 38 833 minderjarige kinders direk deur egskeiding geraak. Die grootste hoeveelheid minderjarige kinders wat direk deur egskeiding geraak is, was by die blanke bevolkingsgroep naamlik in 1999 'n getal van 15 579 en in 2000 'n getal van 15 500. Hieruit kan interessante afleidings

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

en aannames gemaak word. Ek sal dit graag wil aandui in die volgende staafdiagramme en lyngrafieke soos verskaf deur Statistiek Suid-Afrika op 20 Maart 2003.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Figure 1a: Crude rate of registered marriages by provinces, South Africa, 1999.





Figure 1b: Crude rate of registered marriages by provinces, South Africa, 2000.




Figure 2a: Registered marriages in provinces by way of solemnisation, South Africa, 1999.





Figure 2b: Registered marriages in provinces by way of solemnisation, South Africa, 2000.




Figure 3a: Age at marriage for registered first marriages, South Africa, 1999






Figure 3b: Age at marriage for registered first marriages, South Africa, 2000.







Figure 4a: Crude rate of registered divorces by province, SA, 1999.





Figure 4b: Crude rate of registered divorces by province, South Africa, 2000.

Figure 5a: Modified divorce rates per 100 000 married couples by province, South Africa, 1999






Figure 5b: Modified divorce rates per 100 000 married couples by province, South Africa, 2000.



University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Figure 6a: Registered divorces among the different population groups by way of solemnisation of marriage, South Africa, 1999.





Figure 6b: Registered divorces among the different population groups by way of solemnisation of marriage, South Africa, 2000.




Figure 7a: Age pattern of registered divorces for males by population group, South Africa, 1999.





Figure 7b: Age pattern of registered divorces for males by population group, South Africa, 2000.




Figure 8a: Number of registered divorces by duration of marriage for the different population groups, South Africa, 1999.






Figure 8b: Number of registered divorces by duration of marriage for the different population groups, South Africa, 2000.



University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Figure 9a: Number of minor children involved in registered divorces among the different population groups, South Africa, 1999.






Figure 9b: Number of minor children involved in registered divorces among the different population groups, South Africa, 2000.



### 3.5 Tipiese kenmerke van 'n verbrokkelende huwelik

Wanneer daar 'n krisis/trauma binne 'n verhalende kultuur of interpreterende gemeenskap ontstaan, is daar sekere kenmerke wat duidelik bevestig dat daar probleme is.

- "Die agtergrond, kultuur en verhoudinge in die gesin van herkoms toon groot verskille en die beïnvloeding van die kinders is negatief.
- Afbrekende interaksie bestaan en die individue is emosioneel onvolwasse.
- Ontrouheid van een of albei van die huweliksmaats voor of in die huweliksverhouding veroorsaak wantroue, spanning en seksuele wanaanpassing in die huweliksverhouding.
- Die huwelikskeuse is gebrekkig en die motief vir huweliksluiting ongewens. Die sedelike hoedanighede, waardes en norme vertoon ook groot verskille.
- Die kommunikasie is geblokkeerd en destruktief. Rolpatrone en verwagtings is vir een of albei die huweliksmaats onaanvaarbaar.
- Konflik veroorsaak verwydering en daar is huweliksonenigheid tussen die huweliksmaats. Konflik wat negatief aangewend word, veroorsaak fisiese, emosionele en psigiese aftakeling in die huweliksverhouding.
- Die huweliksmaats is onaanpasbaar as gevolg van onverenigbare karakters met gevolg dat skeiding of verwydering ontwikkel.
- Die spanningsvolle gesinsituasie en afbrekende interaksie tussen die individue ontstaan as gevolg van versteurde persoonlike verhoudinge.
- 'n Finansiële dilemma ontwikkel as gevolg van die huweliksmaats se onvermoë en geblokkeerde kommunikasie ten opsigte van beplanning, begroting en besteding.
- Verskillende kerkverbande van die huwelikspaar maak ooreenstemming onmoontlik.
- Probleme met skoonfamilie kom voor" (Van Staden 1992:11).

### 3.6 Die krisis van egskeiding

'n Huwelik wat misluk veroorsaak talle krisisse wat oorvloei na verskillende fasette van die huweliksmaats se persoonlike lewe. Dit raak ook almal wat direk by hulle betrokke is en aan hulle verwant is soos kinders, familie, vriende, ouers en kollegas by die werk. 'n

Egskeiding is traumaties en daarom moet hierdie krisisse betyds geïdentifiseer en hanteer word in die terapeutiese situasie en in dié geval die mediasie situasie. Louw (1983:196) noem die volgende elemente van die krisis van egskeiding:

- **Egskeiding as 'n identiteitskrisis** – Egskeiding bring mee dat 'n gevoel van mislukking en minderwaardigheid die ganse gevoelswêreld van so 'n persoon oorheers. Hierdie gevoel van mislukking word geprojekteer op feitlik alle verhoudinge waarin so 'n persoon leef. Die vader en moeder ervaar hulleself as 'n mislukking teenoor hul kinders; die man raak onseker van homself in sy werksituasie en ervaar 'n beroepskrisis. Egskeiding is 'n pyn wat die self in sy diepste behoeftes tref. Die gevoel van eiewaarde en die behoefte om deur iemand gewaardeer te word, word 'n knou toegedien. Vir so 'n persoon is dit baie moeilik om te besef dat, alhoewel die huwelik misluk het, die ganse wêreld nog nie in duie gestort het nie.
- **Egskeiding as 'n sekuriteiskrisis** – Egskeiding tas die basiese vertroue van die mens aan; dit ruk aan sy emosionele sekuriteit. So 'n persoon kan as gevolg van die egskeiding maklik vetroue in homself, sy medemens en die lewe verloor. Die gevolge van teleurstelling loop deur na sy behoefte aan vastigheid en stabiliteit.
- **Egskeiding as 'n sosiale krisis** – Egskeiding veroorsaak dat die bekende onbekend raak. Die ou vriendekring is nie meer dieselfde nie. Na 'n egskeiding moet 'n persoon dikwels verhuis en in 'n vreemde omgewing aanpas.
- **Egskeiding as 'n gesinskrisis** – Die uitwerking van 'n egskeiding op gesinsbande is onberekenbaar groot. Die betrokke ouer wat vir die opvoeding van die kinders verantwoordelik sal wees, verkry 'n nuwe rol. So 'n persoon moet meteens 'n dubbele verantwoordelikheid aanvaar. Dit raak ook die kinders direk binne die egskeidingsituasie.
- **Egskeiding as ekonomiese en beroepskrisis** – Egskeiding kan beteken dat iemand se beroep in die gedrang kom. As gevolg van twyfel oor die aard van die roeping binne werkverband, kan die beroepsituasie onsekerheid meebring. Die egskeiding kan spanning bring tussen werkgewer en werknemer. Indien die

betrokke persoon 'n baie verantwoordelike pos beklee, kan die egskeidingsgebeure die naam van 'n firma in gedrang bring en 'n verleentheid skep.

- **Egskeiding as 'n eksistensiële krisis** – Egskeiding is radikaal. Dit vreet aan die wortels van ons bestaan en skep 'n vakuum in ons behoefte aan liefde en waardering. Daarom raak die egskeiding iemand in sy totaliteit en tas dit alle lewensverhoudinge aan; dit skep 'n diepgewortelde gevoel van onbehae, onvergenoegdheid en onvervuldheid.
- **Egskeiding as 'n godsdienstige- en gesinskrisis** – Egskeiding tas jou hele waardesisteem aan. Die persoon wat nie wou skei nie, voel vuil, besmet en vernederd. Die gevoel van mislukking kan oorgaan in twyfel oor die sinvolheid van bestaan. 'n Persoon kan selfs begin twyfel of God werklik betrokke is.

## 3.7 Die profiel van die geskeide persoon

Dit kan interessant wees om na die moontlike profiel van 'n geskeide persoon te kyk. Uit hierdie profiel kan daar binne die terapeutiese en mediasiesituasie talle verhale na vore tree. Botha (1995:12) beweer dat hierdie profiel in die mediasiesituasie veral as 'n waardevolle gespreksgenoot/medenavorser kan meewerk. Die volgende punte kan moontlik onderskei word:

- **Verpletterende ideale** – As gevolg van die egskeidingsituasie verkeer baie persone in 'n skoktoestand weens talle verpletterende ideale wat nie gerealiseer het nie. Geen persoon trou om te skei nie en daarom bly 'n egskeiding vir almal 'n traumatiese gebeurtenis wat diepliggende vrae laat ontstaan oor drome, ideale en 'n toekomsverwagting.
- **Skuldgevoelens** – Skuldgevoelens ontstaan gewoonlik by al die betrokke partye omdat daar nie aan die verwagtinge voldoen is van 'n gelukkige huwelik nie. Dié skuldgevoelens kan elke persoon op hom/haarself rig of op ander partye betrokke. Kinders beleef ook heelwat skuldgevoelens binne die egskeidingsituasie wat moeilik

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

identifiseerbaar en hanteerbaar is. Daar is gewoonlik ook heelwat skuldgevoelens ten opsigte van die persone se godsdiensbelewing, waardes en Godsbelewenis.

- **Stigma** – Persone wat by 'n egskeiding betrokke is, kom baie gou agter dat daar 'n bepaalde stigma kleef aan geskeides. Hierdie stigma het veral in die verlede dit bemoeilik om sinvol in te skakel by die kerklike gemeenskap, die sosiale gemeenskap asook by die werkgemeenskap.
- **Menswaardigheid** – Die geskeides, en persone daarby betrokke, se menswaardigheid en selfbeeld word gewoonlik direk aangetas en afgebreek deur die egskeidingsituasie. Die persone sukkel gewoonlik om weer sinvol voort te lewe ten opsigte van hul eie menswees, maar ook ten opsigte van sinvolle verhoudinge met mense rondom hulle.
- **Eensaamheid en alleenheid** – Een van die tipiese kenmerke van 'n geskeide persoon is dikwels die eensaamheid en alleenheid wat direk gekoppel word aan die geskeide. Soos reeds aangedui, kleef daar steeds 'n stigma aan geskeides en dit veroorsaak dat baie van hulle eensaam en alleen raak. Depressie, drankmisbruik en ander psigosomatiese simptome word gewoonlik sigbaar as gevolg van bogenoemde probleme.
- **Jaloesie en onverdraagsaamheid** – Geskeide persone beleef dikwels 'n sterk mate van jaloesie ten opsigte van die persone wat direk of indirek verantwoordelik was vir die verbrokkeling van die huwelik. Daar is dikwels ook heelwat onverdraagsaamheid teenoor die kinders, die ander partye en/of ouer asook ouers, familie en vriende.
- **Oor-reaksie** – Daar vind gewoonlik oor-reaksie plaas indien persone te min ideale of te veel ideale vir hulleself begin stel tydens en na die egskeidingsituasie. Indien daar te min ideale gestel word, kan so 'n persoon se lewe baie eenvoudig en leeg raak. Aan die ander kant is dit ook gevaarlik indien 'n persoon oor-idealiseer want dan raak hy/sy gewoonlik moedeloos omdat die drome en ideale asook talle projekte wat geïdealiseer word, nie verwerklik word nie.
- **Moedeloosheid en depressie** – As gevolg van 'n voortslepende egskeidingsgeding, finansiële probleme, disfunksionele verhoudings met die ander

huweliksmaat en kinders, kom moedeloosheid en depressie dikwels voor. Hierdie situasie kan baie nadelige gevolge hê vir die betrokke persoon en al sy/haar ander verhoudinge.

## 3.8 Die egskeidingsproses

Egskeiding is nie iets wat gewoonlik dadelik plaasvind en spoedig afgehandel word nie. Daar gaan soms maande en jare verby voordat die hele saak afgehandel is. Dit is daarom noodsaaklik dat die terapeut, medenavorser en mediator bewus sal wees van die moontlike proses wat behoort te volg indien daar sprake is van ‘n egskeiding. Coetzee (1999:199) noem ‘n paar punte wat verreken moet word tydens die egskeidingsproses:

### 3.8.1 Individuele bewuswording (keuse tot egskeiding)

In die meeste egskeidings is die besluit tot ‘n egskeiding gewoonlik nie willekeurig nie. Gewoonlik besluit een van die huweliksmaats, en somtyds albei, dat ‘n egskeiding al uitweg is uit die krisis wat hulle binne hul huwelik beleef. Talle onsekerhede is tydens hierdie fase op die voorgrond. Daar moet teenoor alle partye asook die kinders, familie en vriende bekend gemaak word dat ‘n egskeiding gaan plaasvind. Die bekendmaking van die egskeiding, asook die trauma en seer daarmee saam, maak dit vir al die partye soveel moeiliker om binne die normale huweliksverhouding voort te gaan. Die wyse waarop die bekendmaking geskied, bepaal baie keer die res van die egskeidingsproses (Ahrons 1994:87-97).

### 3.8.2 Gesinsbewuswording (aankondiging)

Een van die krisisse wat gewoonlik ‘n deurslaggewende rol speel, is hoe en waar die besluit tot egskeiding aangekondig moet word. Moet hierdie besluit teenoor die kinders, familie en vriende direk oorgedra word? Sou dit wenslik wees dat die hele gesin bymekaar moet wees alvorens die voorneme tot egskeiding bekend gemaak word? In albei gevalle

moet daar rekening gehou word met die trauma van egskeiding en die direkte invloed wat die aankondiging op almal gaan hê wat betrokke is. Gevoelens van woede, teleurstelling, mislukking asook skok gaan gewoonlik gepaard met die aankondiging.

### 3.8.3 Sisteemskeiding (skeiding)

Baie geskeide egpare onthou die dag van skeiding as die begin van die egskeiding. Dit is die oomblik wanneer die kinders gewoonlik vir die eerste keer die implikasies van die egskeiding besef. Voorheen was hulle gewoonlik bewus van wat moontlik kan gebeur, maar noudat die realiteit van die egskeiding hulle tref, ontstaan daar talle emosies wat nie altyd maklik hanteerbaar is nie. Die finaliteit van die egskeiding tref hulle gewoonlik eers indien een van die ouers die huis verlaat. Vir sommige persone beteken die skeiding dat alles verby is, terwyl dit vir ander ‘n afkoeltydperk is om te kyk of die skeiding nie moontlik die probleme kan oplos nie. Talle ouers en kinders beskou hierdie fase as die einde van ‘n spanningsvolle tydperk, want dit blyk asof alles in ‘n rigting begin beweeg. Die tydperk staan ook gewoonlik bekend as ‘n tydperk van voorlopige normloosheid. Die ou rolle en norme verdwyn en nuwes moet gevorm word. Die toekoms van die gesin is nie baie duidelik nie en daar is ambivalente gevoelens en onsekerhede. Die skeiding bring gewoonlik groot veranderinge mee as gevolg van skoolverwisseling asook nuwe woon- en werksomgewing ens. Kinders het die reg om te weet wat in hul lewens gaan gebeur en hulle het voldoende tyd nodig om hul gevoelens te verwerk en tyd met albei ouers deur te bring (Ahrons 1994:110).

Volgens talle kenners is dit nodig dat die kinders tydens dié fase volledig ingelig en begelei word op die pad wat moontlik voorlê. Indien moontlik, moet albei ouers probeer om saam te werk om dit sodoende vir die kinders makliker te maak om die hele situasie te hanteer.

Die gemelde drie fases vorm die kern van die emosionele egskeiding. ‘n Kombinasie van die langsame gevoelens van verbintenis aan die maat, die ambivalensie van die keuse om te skei en die onsekerheid ten opsigte van die toekoms, maak hiervan ‘n tydperk van ‘n

soeke na die self, angstige ongemak en wisselende, maar intense begeertes. Dit is normaal indien ekstreme emosionele gevoelens gedurende hierdie tydperk ervaar word (Ahrons 1994:117).

### 3.8.4 Sisteemherorganisasie (formele skeiding)

Ná die egskeiding afgehandel is, vind 'n proses plaas met twee komponente wat op mekaar inwerk naamlik die gevolge van die egskeiding en die aanpassing by die gevolge. Die gevolge kan positief, neutraal of negatief wees, wat die omvang van die aanpassings bepaal. Dit behels die heraanpassing by die nuwe omstandighede wat onstaan het as gevolg van die egskeiding soos byvoorbeeld die veranderinge in die woon/werkplek, finansiële situasie, sosiale lewe, kerklike gemeenskap, rolverdeling ens. Onaangename argumente tussen die ouers moet vermy word en die kinders se belange moet nou voorop gestel word.

Ahrons (1994:125-126) meen dat navorsers saamstem dat die volgende twee faktore bepalend is vir die keuse oor die beste belange vir die kinders:

- Die onderhouding van familieverhoudinge wat vir hulle belangrik is, en wat vir hulle betekenis gegee het in hul lewens vóór die egskeiding, strek die kinders tot voordeel. Dit beteken dat nie slegs die ouers nie, maar ook die uitgebreide familie, 'n rol kan speel.
- Dit is voordelig vir die kinders indien die verhouding tussen hul ouers oor die algemeen ondersteunend en samewerkend is.

In die herorganisering van die nuwe gesinsisteem is dit belangrik om met bogenoemde rekening te hou, want dit is gedurende hierdie fase wat die realiteit van die egskeiding tot almal deurdring en die gevolge van die egskeiding meer duidelik na vore tree. Elke persoon begin die omvang van die verlies meer intens ervaar. Ten einde aanpassings te

maak, help dit om kompromieë aan te gaan, aanpasbaar te wees en om erkenning te gee (Ahrons 1994:191).

#### 3.8.5 Herdefiniëring van die sisteem (gevolge van die skeiding)

Stelselmatig bereik die gesin die punt van herdefiniëring en nuwe funksionering as ‘n nuwe sisteem. Almal begin stabiliseer en vind sy/haar plek binne die nuwe sisteem. Die begin van hierdie fase kan nie spesifiek aangedui word nie, maar word bepaal deur verskillende faktore soos persoonlikheid, lewensfase en die tipologie van die egpaar. Vir die egpaar met kinders word die gevolge van die egskeiding hoofsaaklik deur hul eie ontwikkelingsfase asook die ouderdom van die kinders bepaal (Ahrons 1994:206). Elkeen se unieke plek en posisie binne die nuwe sisteme moet duidelik uitgespel word om sodoende probleme te voorkom.

Bogenoemde vyf fases van die egskeidingsproses word gekenmerk deur verskillende krisispunte wat op ‘n sinvolle manier hanteer moet word. Telkens wanneer die mens met spanningsvolle situasies gekonfronteer word, word teruggegryp na bekende hanteringsmeganismes. In die geval van egskeiding word elke oorgang voorafgegaan deur ‘n toename in spanning. Aan die einde van elke oorgang bereik die spanning ‘n plato of verminder die spanning in ‘n redelike mate (Ahrons 1994:78).

### 3.9 Die stadiums gedurende die egskeidingsproses

Daar word verskillende stadiums gedurende die egskeidingsproses geïdentifiseer. Die stadiums gaan net kortliks aangedui en bespreek word.

- **Emosionele egskeiding** – Dit vind gewoonlik weke, maande en selfs jare voor die wettige egskeiding plaas. Persone het lankal emosioneel van mekaar onttrek en bande verbreek alhoewel hulle steeds wettig getroud is. Die emosionele egskeiding vorm deel van die eerste fase van die egskeidingsproses

en kan van tyd tot tyd erg traumaties wees en ander tye kan dit baie rustig en normaal wees binne die huwelik.

- **Wetlike egskeiding** – Die wetlike egskeiding volg gewoonlik op die emosionele egskeiding. Dit verleen meer finaliteit aan die hele proses. Gedurende die fase word die prokureurs/mediators, kinders, familie en vriende gewoonlik ook meer direk by die egskeidingsproses betrek. Gedurende hierdie fase loop die emosies baie hoog want al die partye hierby betrokke word direk daardeur geraak.
- **Ekonomiese egskeiding** – Geen huwelik se finansiële stand sal ooit weer dieselfde wees na die egskeiding afgehandel is nie. Al die partye word finansieël direk geraak deur die egskeiding. Gewoonlik is albei partye asook die kinders finansieel swakker daaraan toe as voór die egskeiding. Die verdeling/verkoop van die bates asook die invloed wat die laste van die boedel op die egskeiding het, kan ook groot spanning op die partye plaas.
- **Mede – ouerlike egskeiding** – Dit gebeur wanneer die egskeiding reeds 'n voldonge feit is. Albei ouers moet nou besluit watter staande prosedures hulle ten opsigte van die kinders gaan toepas. Indien partye skei, is hulle eks-man en eks/vrou maar hulle is nooit eks-ma en eks-pa nie. Dit beteken dat hulle ten spyte van 'n egskeiding vir 'n geruime tyd nog met mekaar sal moet beraadslaag in belang van die kinders.
- **Gemeenskap egskeiding** – Sodra die sosiale vriendekring, gemeentelede en persone by die werk hoor van die egskeiding, het dit gewoonlik 'n groot impak op albei partye. Persone kan begin skinder, eie afleidings maak, stertjies aanlas of sommer net negatief staan teenoor die partye. Albei partye kan in die situasie baie seerkry en 'n krisis beleef as gevolg van die onttrekking en/of ondersteuning van sommige mense aan een of aan beide partye.
- **Psigiese egskeiding** – Dit vind die dag in die hof plaas waar die huwelik deur die Hoogeregshof amptelik ontbind word. Die proses kan weke, maande en selfs jare neem voordat dit finaal afgehandel word. Finansieel en emosioneel word albei partye tot die uiterste beproef. Alhoewel dit die finale fase in die

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

egskeidingsproses is, is dit nog nie die einde van die verbintenis van die partye nie. Dit geld veral vir partye waarby kinders betrokke is (Botha 1995:15).

### 3.10 Die reaksies op die egskeiding

Omdat egskeiding so ‘n traumaties proses is, kan daar verskeie reaksies by verskillende persone plaasvind gedurende die proses. Van die mees algemene reaksies wat gewoonlik kan voorkom, is die volgende:

- **Stres en spanning –** Die tydperk vóór, týdens en ná die egskeiding word gekenmerk deur intense stres en spanning. Die finansies, die optrede van die kinders, familie en vriende se gesindheid asook ander veranderinge binne die huwelik- en gesinsisteem laat die stres en spanning dikwels dramaties toeneem.
- **Ambivalensie -** Gevoelens en emosies wissel soms taamlik vinnig in die egskeidingsituasie. Dit kan gebeur dat die persoon die een oomblik goed en rustig voel, en dat iets daarna die rustigheid versteur en geweldige intense emosies beleef word en uitbarstings voorkom.
- **Eensaamheid -** As gevolg van die verwydering wat reeds plaasgevind het in die huwelik kan persone selfs binne die huwelik baie eensaam en alleen wees. Tydens die proses van die egskeiding tree die eensaamheid ook gewoonlik vóór, týdens en ná die egskeiding na vore as ‘n werklikheid waarmee beslis rekening gehou moet word. Die sosiale omgewing waarbinne hulle geleef het, asook die vriendekring, speel ‘n direkte rol. Dit is veral die vrou wat direk hierdeur geraak word, want min van die oorspronklike gesamentlike vriende bly.
- **Depressie –** As gevolg van die stres, spanning en eensaamheid verval persone baie maklik in depressie. Dit is daarom belangrik om ‘n steunstelsel te hê wat kan omsien na die belange van die persone. Die gewone prosesse van rou smart wat by die dood van ‘n persoon geld, moet ook binne die egskeidingsituasie deurgewerk en afgehandel word.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- **Heromleining van die selfbeeld, identiteit en rolle –** Al die veranderinge wat plaasgevind het, moet nou sinvol hanteer word. Dit beteken dat daar na elke persoon se menswees omgesien moet word. Die selfbeeld wat skade gely het in die proses, sal dringend aandag moet geniet en opgebou moet word. Dieselfde geld vir elke persoon wie se identiteit deur die hele proses aangestas is. Dié verandering bring mee dat daar ook opnuut na die verskillende rolle binne die nuwe situasie gekyk moet word.
- **Positiewe reaksies –** In baie gevalle is een van die mees positiewe reaksies na ‘n egskeiding, ‘n reaksie van verligting. As gevolg van die stres, spanning en trauma van die egskeiding beleef baie persone ‘n nuutgevonde vryheid en verligting na die afhandeling van die hele proses. Baie persone doen ook nou moeite om verhoudinge met die kinders en met die ander party te bou om sodoende ‘n meer stabiele mileu te skep vir almal.

### 3.11 Die rouproses tydens die egskeiding

Dit is interessant om daarop te let dat dieselfde rouproses wat tydens die verlies van ‘n persoon beleef word deur die dood, ook tydens die proses van egskeiding beleef word. Om die proses sinvol te deurloop, is dit baie belangrik dat die persone realisties sal wees rondom die verskillende fases. Daar moet seker gemaak word dat die fases sinvol deurgewerk is alvorens persone hul lewe weer met balans kan voortsit. Indien daar nie sinvol deur die proses gewerk word nie, kan persone vashaak by ván die fases en dít kan verreikende gevolge vir hulself, die kinders en almal ná aan hulle hê (Botha 1995:17-22). De Klerk (1977:127) onderskei verskillende fases tydens die rouproses met die verlies van iemand. Dit kan ook vergelyk word met die verskillende fases soos aangetoon deur Duncan en Kübler-Ross:

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

| ***DUNCAN*** | ***KüBLER-ROSS*** | ***DE KLERK*** |
|---|---|---|
| 1. Skok | 1. Ontkenning | 1. Verwarde fase |
| 2. Ontkenning | 2. Opstand en woede | 2. Soekende fase |
| 3. Verdedigende terug-houding | 3. Onderhandeling | 3. Vormingsfase |
| 4. Erkenning | 4. Terneergedruktheid | 4. Ordeningsfase |
| 5. Aanpassing | 5. Aanvaarding | |

### 3.12 Kinders as gemarginaliseerdes in die egskeidingsproses

Gerkin (1991:54) sê dat algemene waarhede ("common sense") van die samelewing nie sonder meer aanvaar kan word nie. Dit is uiters belangrik dat dit bevraagteken moet word. Dit sou beteken dat daar nie net na die dominante diskoerse en eksperts geluister moet word nie, maar ook na die gemarginaliseerde stemme wat nie inpas by dít wat as vanselfsprekend aanvaar word as die waarheid nie. 'n Gemeenskap het dikwels alternatiewe idees en visies van wat goed en reg is ten opsigte van die gemarginaliseerdes. Dit is daarom uiters belangrik om doelbewuste aandag te gee aan die persone wat buite die dominante diskoers staan. Indien daar na die stemme geluister word en aan hulle die geleentheid gegee word om deel te neem aan die gesprek, word 'n volledige prentjie geskilder van die situasie.

Persone wat in modernisme gemarginaliseer geraak het deur die dominante diskoerse, se stemme moet doelbewus gehoor word en hulle moet 'n plek en stem kry in die diskoers (Rossouw 1995:87).

Dit is van uiterste belang om met die egskeidingsmediasieproses juis aandag te gee aan die gemarginaliseerde stemme van die kinders in die egskeidingsituasie. In die verlede het die klem dikwels net op 'n sekere diskoers geval wat deur die ouers op die tafel geplaas was. Met die koms van die Gesinsadvokaat, gesinshowe en mediasie het dit

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

meer realisties geword om die kinders te bemagtig en sodoende hul stem vóór, týdens en ná die egskeiding duidelik te hoor.

Lachs (2002:9) sê dat die toewyding wat ouers teenoor hul kinders toon tog 'n groot rol speel gedurende die egskeiding en in die mediasieproses:

> "The concern for the well-being of the children has repeatedly been noted as having a positive impact on the outcome of divorce mediation (Burrell, Narus, Bogdanoff and Allen 1994), as have shared views of how the children should be brought up and confidence in each other's parenting (Zeidel,1988). Conversely, prognosis is poor for couples who are highly disputed about their children (Coyle and Caron, 1979; Pearson and Thoennes, 1989). Kelly, Gigy, and Hausman (1988) found indications that couples with children who chose mediation were more interested in reducing hostility and improving communication to enable a continuing longterm partnership in parenting than couples who chose adversarial divorces."

White (2000:12) doen baie moeite rondom die narratiewe wat ons aantref by kinders as gemarginaliseerdes en sê die volgende:

> "Not all narratives that construct children's expressions as a manifestation of human nature are venerating of childhood. For example, there are those popular narratives that construct children's nature to be unruly and uncivilized, and in need for very considerable guidance, training, and even taming, without which, it is understood, children will grow up to become antisocial, impulsive and disinhibited adults. According to these narratives, rather than children having a truer consciousness of the world as it really is, their understandings of life are often classed as creative and cute, but naïve. Rather than expressing a true wisdom, the thinking of young minds, it is said, is marred by faulty and inaccurate cognitions, and features an inability to grasp the facts of life in the way the more disciplined and mature minds are able to do. In these narratives, childhood is synonymous not with originality, but with, immaturity."

Kinders word direk betrek as medenavorsers in die mediasieproses. Dit help die kinders om hul sê te sê en sodoende gehoor te word in die hele egskeidingsproses. McIntosh (2000:61) stel dit soos volg: "Most clearly, parents from the child-inclusive sample reported that their children had gained something from the mediation process, regardless of the parents' views on mediation outcomes. Principally, they saw children as having had a chance to 'off-load', share, find some solutions of coping with the parents' conflict, have their questions listened to, and feel they had been heard. These parents also talked about the positive impacts of their own attempts to talk with their children raising from the mediation process and the important secondary gains to the children of their resolved conflicts."

### 3.13 Die inherente regte van die kinders

Ouerskap is sekerlik een van die belangrikste verantwoordelikhede van die mens. Hierdie basiese verantwoordelikheid word vir 'n hulpelose kind aanvaar sonder dat daar vir 'n bepaalde tyd iets terug ontvang of verwag word. Ouerskap word beskyf as 'n eksistensiële mandaat wat aan die kind intrinsieke regte gee naamlik om met verantwoordelikheid opgevoed te word (Krone 1983:37).

Boszormenyi-Nagy & Spark (1973:88-89) sê dat kinders oor die volgende inherente regte behoort te beskik:

- Niemand behoort kinders in die wêreld te bring sonder om bereid te wees om verantwoordelikheid vir hul te aanvaar tot volwassenheid bereik word nie.
- Die kind het die reg om opgevoed te word binne 'n atmosfeer waar hy die waardes van ouerlike verantwoordelikheid as priortiteit sal aanleer.
- Die kind is geregtig op ouerskap wat nie gebaseer is op oor-beskerming, oor-permissiwiteit en op "parentification" nie.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Dit is die kind se reg om opgevoed te word deur ouers wat sal weet wat om van die kinders te verwag en aan hulle 'n gestruktureerde uitkyk op die gemeenskap sal gee.
- Die kind het die reg om nie ge-etiketteer te word as 'n "swartskaap", na aanleiding van onbillike optrede in die ouers se gesin van herkoms nie.
- Die kind moet in staat wees om te beleef dat sy ouers vir hom lief is en deur hulle aanvaar word, ongeag die mag wat deur hulle bekom is.
- Dit is die reg van die kind om geleer te word hoe om op te tree teenoor ander in die gesin.

Die kind kan dus nooit aan sy ouers terugbetaal vir wat hulle deur die jare alles vir hom/haar gegee het nie. Hy/sy staan voor 'n paar moontlikhede:

- Hy/sy kan die "skuld" betaal deur sy/haar eie kinders op soortgelyke wyse op te voed.
- Die kind kan permanent by sy/haar ouers in "skuld" bly en hulle terugbetaal deur patologiese maniere van lojaliteit soos deur nooit emosioneel te groei of los te maak van die ouers nie.
- Met baie gesinsprobleme is dit die doel van terapie om 'n balans te bring in die a-simmetrie van verpligtinge wat konflik veroorsaak het en steeds veroorsaak (Boszormenyi-Nagy & Spark (1973:89-90).

Dié regte is noodsaaklik om die kind te beskerm teen onnodige uitbuiting, blootstelling en die traumatiese gebeure van die egskeiding. Nardelli (2003:1) sê die volgende hieromtrent:

> "Indeed, children are often used as merely another item in the battle to extract other 'benefits', to protect the proceedings, and to inflict emotional and financial pain on the opposing spouse. Children seeing themselves threatened as objects, and the parents demeaning each other, has a deleterious effect on the children's feeling of self-worth, and creates a rift between them and their parents. Other detrimental

> effects that divorce can have on children include substance abuse, delinquent behaviour, depression, and reduced educational achievement. In fact, the separation or divorce of parents have been found to make children up to six times more likely to engage in delinquent activities and is the most frequent background characteristic among adolescents who commit suicide."

### 3.14 Om die kinders in te lig oor die egskeiding

Dit is te alle tye belangrik om te onthou dat die kinders deel van die hele trauma rondom die egskeiding is en dat daar ook besondere aandag aan hulle gegee moet word. Burrett (1997:10) stel dit soos volg:

> "Children are affected to some degree, usually only temporarily, depending on three main factors:
>
> - How well their parents handled the break-up and the immediate aftermath
>   - How helpfull they explained it to the children
>   - How well shared-parenting arangements were established
>   - How and when new partners were introduced
> - Children's ages and stages of development at the time of the seperation
> - Childrens individual temperaments, self-esteem and established attachments."

Dit is ook belangrik dat beide partye moet besef dat die basiese gebeure rondom die egskeiding ook met die kinders gedeel moet word om hulle op die hoogte van sake te hou. Engelbrecht en Rencken-Wentzel (1999:18) stel dit soos volg:

> "This is the time to tell the children what they 'need to hear'. This does not refer to details about the breakup of the marriage, but deals with practical aspects such as:
>
> - Living arrangements
> - Contact with the other parent
> - Contact with members of the extended family
> - Day care
> - School and extramural arrangements

- Transport arrangements
- Financial arrangements, e.g. who will pay the children's pocket money?"

### 3.15 Stadiums van egskeiding vir die kind

Kinders gaan ook soos volwassenes deur verskillende stadiums gedurende die egskeiding. Dit is nie noodwendig vas en seker nie, maar moet wel verreken word:

- **'n Inisiële stadium -** Dit volg gewoonlik op die ouers se besluit om te skei. Gevoelens soos uiterste spanning, pogings om uiting aan konflik te gee en diepe ongelukkigheid is deel van hierdie fase. Kinders tree ook meer aggressief op as gevolg van die ouers se onvermoë om sulke gedrag te hanteer en te begryp as uitvloeisels van hul eie persoonlike krisis in daardie stadium.
- **'n Oorgangstadium –** Dit volg ongeveer 'n jaar ná die ouers se egskeiding wanneer uiting aan die ergste emosionele gevoelens onder beheer is of verdwyn het.
- **'n Herstabiliseringstadium –** Dit vind plaas wanneer die kind by een ouer woon en van die ander een besoeke ontvang. 'n Uitreik en beweging na nuwe vriende is ook waarneembaar. Aan die einde van die vyfde jaar na die ouers se egskeiding het die meeste kinders gestabiliseer en is hulle aangepas by die ekonomiese sowel as die sosiale veranderinge van dié van hul daaglikse lewenswyse (Van Staden 1987:197).

### 3.16 Die invloed van die egskeiding op die kinders

Die verlies van 'n ouer as gevolg van 'n egskeiding bring soms mee dat die kind die geleentheid ontbeer " … to integrate sexual passion with moral authority forever" (Kaplan 1995:85). Kinders beleef 'n egskeiding baie traumaties omdat hulle die fundamentele aspek van hul ontwikkeling verloor, naamlik die gesinstruktuur. 'n Kind word dikwels in die egskeiding sonder ondersteuning gelaat as gevolg van die gesin wat verbrokkel. Dit is vir die kind moeilik om hierdie chaos as 'n tydelike verlies te beskou. Egskeiding is vir

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

hom/haar ‘n akute pynlike proses, wat hy/sy vir ‘n lang tyd in sy/haar lewe sal onthou (Wallerstein en Blakeslee 1989:12-13).

‘n Egskeiding kan dikwels ‘n tweede kans bied aan kinders wat in ‘n ongelukkige of ‘n getraumatiseerde huishouding grootgeword het. Hy/sy kry beter geleenthede om oplossings vir hulself te beding en hul persoonlikheid in ‘n veilige ruimte te laat ontwikkel. Hy/sy kan hul ervaring herinterpreteer in die lig van dít wat hulle in hierdie traumatiese tydperk geleer het. Max, Brokaw & McQueen (1997:200) beweer egter dat kinders wat uit sulke ontwrigde gesinne kom, gedurende die eerste jaar ná die egskeiding meer gespanne, veeleisend, ontevrede en aggressief is, asook afhanklike gedrag openbaar. Gedurende die tweede jaar ná die egskeiding is daar ‘n verskil tussen die gedrag van die seuns en die dogters in dié sin dat die seuns meer gedragsprobleme openbaar. Hierdie verskille tussen die geslagte verdwyn gewoonlik tydens vroeë adolessensie.

Cooney, Hutchinson & Leather (1995:155) het duidelik in hul navorsing aangetoon dat adolessente dikwels op ‘n egosentriese wyse op die egskeiding van hul ouers reageer. Hulle bereken dan in watter mate die egskeiding hul persoonlik, akademies en finansieel gaan beïnvloed. Daarvolgens manipuleer en oor-reageer hulle om sodoende hul sin te kry.

Die egskeiding het ‘n belangrike invloed op die kinders se hantering van stres, teleurstellings en pyn van die situasie. Kirk (2002:61) stel dit soos volg: “Parental divorce did, however, affect young adults’ fear and expectations of divorce more than their intact counterparts. Findings also indicates that intimate friendships contributed to relationship competence, but did not act as a buffer to the negative effects of the family environment. The findings suggest that childhood family environments as well as friendship quality are important predicators in young adults’ relationship competence.” Short (2002:143) sluit hierby aan deur te sê: “Adult offspring of divorced parents reported significantly more current life stress, family conflict, and avoidant coping, and less supportive parenting (before divorce), family cohesion, and friend support.”

### 3.17 Psigologiese take wat die kinders moet verrig

Die probleemsituasie rondom die egskeiding dwing die kinders veral om sekere psigologiese take te verrig wat as aanduiding kan dien om te toon hoe vêr hulle die egskeiding al verwerk het. Dié take duur voort tydens die totale egskeidingsproses. Coetzee (1999:226) onderskei die volgende nege take:

#### 3.17.1 Verstaan die egskeiding

Ouers vergeet maklik dat kinders bepaalde emosies ervaar ten opsigte van die gebeure in die gesin. Die emosies van hartseer, woede, affeksie en blydskap moet uitgespreek en verwerk word. Die kind moet verstaan wat besig is om te gebeur en hoe die egskeiding hulle almal gaan raak. Dit is ook belangrik om die gevolge van die egskeiding aan hulle te verduidelik. Die verstaan van die egskeiding vind plaas indien dit vir die kind moontlik geword het om van ‘n afstand af ‘n eie oordeel oor die egskeiding te fel.

#### 3.17.2 Strategiese onttrekking

Die kinders moet so gou as moontlik na die egskeiding met hul eie lewens voortgaan. As gevolg van die egskeiding onttrek baie kinders in hul eie gedagtes, belange, genietinge, probleme en vriende. Identiteitsverlies vind gewoonlik plaas as gevolg van die traumatiese gebeure van die egskeiding.

#### 3.17.3 Verwerking van skuld

Die kind moet duidelik verstaan dat hy/sy nie die oorsaak van sy/haar ouers se egskeiding is nie. Die gevoelens vererger indien die kind wel die oorsaak van die egskeiding is. Dit gebeur veral na sy/haar geboorte, toevoeging tot die nuwe hersaamgestelde gesin of indien hy/sy probleme veroorsaak en onhanteerbaar is. Hierdie probleme en

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

skuldgevoelens moet betyds hanteer word anders kan hierdie skuld die kind só vasbind aan een van die ouers, dat hy nie in staat is om met sy/haar eie lewe voort te gaan nie. Die kind het die reg om te erken dat hy/sy die slagoffer is van 'n ongemaklike situasie wat tussen die ouers ontstaan het (Van den Eerenbeemt & Oele 1987:5).

### 3.17.4 Erkenning van die realiteit van die breek in die huwelik van die ouers

Die finaliteit van die egskeiding moet deur die kind besef word. 'n Kind se belewenis van die egskeiding word deur 'n verskeidenheid faktore beïnvloed soos byvoorbeeld individuele verskille, kronologiese ouderdom asook die ontwikkelingsfase waarin die gesin is. Die manier waarop die ouers die egskeiding hanteer, bepaal ook in groot mate hoe die kinders dit sal hanteer en wat hul siening van hul ouers sal wees. Omdat egskeiding so 'n traumaties gebeurtenis is, vermy kinders ook soms die gedagtes rondom so 'n egskeiding. In hierdie taak gaan dit nog nie oor die besef van die egskeiding nie, maar bloot om die wete dat die ouers se huwelik beëindig is (Wallerstein 1986:37-38). Hierdie taak sal makliker afgehandel word as die kinders ingelig is oor die verloop van die egskeiding asook moontlike gevolge. Omdat hulle oningelig is oor gebeure, kan dit tot onsekerheid lei of die hoop laat opvlam dat daar herstel kan plaasvind.

### 3.17.5 Losmaking van ouerlike konflikte en krisisse. Hervatting van gebruiklike werksaamhede.

Daar moet nou teruggekeer word na die normale gang van die lewe soos skoolaktiwiteite en vriendskappe. Dit is belangrik dat die kind 'n psigologiese afstand van sy ouers sal beleef om hom/haar sodoende self te beskerm teen die emosionele ontwrigtinge wat sy/haar ouers beleef. Sy/haar eie identiteit moet doelbewus beveilig word. 'n Tweede deel van hierdie taak behels die verwydering van die gesinskrisis uit die prominente posisie wat dit in sy/haar innerlike lewe ingeneem het (Wallerstein 1986:39-40).

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

### 3.17.6 Hantering van die verlies

Die kind ervaar gewoonlik twee verliese. Die eerste verlies gaan oor die gesinslewe en die veilige ruimte wat dit hom gebied het, wat verloor is. Die tweede verlies handel oor die afstand wat hy/sy van een van sy/haar ouers moet doen, gewoonlik die vader. Hulle verwerk gewoonlik die verlies deur middel van fantasieë om sodoende die pyn te verbloem. Gevoelens van verwerping, vernedering en hulpeloosheid om nie iets aan dié situasie te doen nie, is deel van hierdie taak. Hoffman & Ledford (1995:42) beklemtoon dat dit belangrik is dat albei ouers sal poog om ‘n goeie verhouding met hul kinders te bly handhaaf ná die egskeiding. ‘n Ander verlies is dat die daaglikse roetine “verloor” word omdat dinge nou anders gedoen word. Kinders moet hul gevoelens van verwerping, liefdeloosheid, vernedering en magteloosheid verwerk om sodoende in die samelewing aan te pas. Dit sal die beste hanteer word deur ‘n goeie verhouding met albei ouers ná die egskeiding instand te hou (Wallerstein 1986:41-42).

### 3.17.7 Hantering van selfverwyt en woede

Die kind het nou al begin verstaan dat die egskeiding die gevolg is van ‘n keuse wat een of albei ouers gemaak het. Hulle spreek moeilik hul gevoelens uit om sodoende respek te toon en/of hul ouers te beskerm. Kinders het wel begrip vir die pyn waardeur die ouers gaan, en daarom besef hulle soms dat hulle maar net mense is wat ook kan fouteer. Hulle moet leer om hulself asook hul ouers te vergewe en die emosies rondom dit moet ook hanteer word. Die woede en verontwaardiging van die kind kan beskou word as ‘n teken om weer dialoog te bewerkstellig tussen hom/haar en sy/haar ouers, juis daár waar emosies opvlam en waar dialoog gestaak is (Van den Eerdenbeemt & Oele 1987:5). Tydens die egskeidingsituasie besef die kinders dat dit albei of een van die ouers se keuse was om te skei. Soms sónder die kinders een of albei ouers uit as hoofsaaklik verantwoordelik vir die krisis waarin hulle, hul nou bevind. Dit gebeur veral by die adolessent wat besef dat hy/sy ‘n sogenaamde “moeilike tiener” is wat gewoonlik die spanning by die ouers verhoog het.

### 3.17.8 Die aanvaarding van die permanentheid van die egskeiding

Die egskeiding word aanvanklik deur die kind/kinders ontken en hulle koester die hoop dat alles weer sal regkom. Die realiteit dring gewoonlik tot hulle deur as hy/sy hom/haar eers van die realiteit van die egskeiding van die ouers losgemaak het, en hul eie lewens begin lewe. Die lewende teenwoordigheid en beskikbaarheid van albei ouers ná die egskeidingsituasie, lei dikwels daartoe dat die kind/kinders dikwels voortdurend sal hoop op die herstel van die huwelik. Hierdie proses word bemoeilik indien daar by die ouer 'n behoefte op hereniging bestaan (Wallerstein 1986:44-45).

### 3.17.9 Realistiese hoop met betrekking tot verhoudings

Omdat die verhouding tussen die ouers misluk het, leef die kind/kinders met dieselfde vrees dat hul eie liefdeslewe kan misluk. Dit is een van die redes hoekom hulle dikwels geen vaste verhoudings aangaan nie. Hulle moet gewoonlik weer geleer word, deur 'n positiewe voorbeeld en rolmodelle, hoe om lief te hê en te vertrou. Hierdeur raak hulle oop vir verhoudings, verbintenisse en getrouheid. Dit is waarskynlik die moeilikste en belangrikste taak vir die kind en die gemeenskap. Dit sluit gewoonlik 'n proses in waardeur die kind moet gaan om hom/haar weer te sien as iemand wat kan liefhê en wie iemand anders voor kan lief wees. Vrees vir mislukking en seerkry kan sodoende op 'n sinvolle manier oorwin word, want die kind leer weer om te waag in 'n verhouding met 'n realistiese hoop dat die verhouding kán floreer en blywend kán wees (Wallerstein 1986:45-46).

Volgens Blow & Daniel (2002:85-92,94,101) is die kinders se belange as gemarginaliseerdes tog vir die ouers belangrik, en daarom moet alles moontlik gedoen word om die kinders se stemme in die mediasieproses duidelik te hoor.

> "Parents easily agree that their children's interests come first and that children's voices have to be heard. The difficulty arises because, as most therapists

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

> experience, each parent believes that only they know what is best and only they hear the true voices of their children. Children may thus have the ambiguous experience both of being at the center of the dispute, elevated to a position of extreme importance and power, and of being utterly powerless to prevent what they generally most hate, namely their parents fighting….. we are always aware of how these conversations are scrutinized and reflected upon by significant others in the system. Grandparents' roles may become especially influential. (Blow 2000:175)… Working therapeutically in the context of these highly contested relationships is a complex task which involves holding multiple realities while privileging children's narratives."

### 3.18 Die egskeiding en die kinders se aanpassing daarby

Die trauma van die egskeiding laat die kinders gou besef dat verhoudinge verbreek kan word. Dit laat hulle soms eensaam voel en met vrees lewe dat nuwe verhoudinge ook verbreek kan word. Omdat hulle ouers misluk het en foute gemaak het, leef hulle soms met die vrees dat hulle ook foutiewe keuses sal uitoefen. Albei ouers moet hulle daartoe verbind om langdurige verbintenisse teenoor die kinders te handhaaf. Die ouer/ouers funksioneer steeds as 'n bron van geloofwaardigheid vir die kinders, ten spyte van wat gebeur het. Soms gebeur dit dat verwarde en seergemaakte ouers die kind misbruik as 'n forum om van hul gevoelens van haat en wantroue ontslae te raak, meestal ten koste van die kinders. In die lig hiervan sê Oele (1989:15) dat dit meestal nie die egskeiding is wat die meeste skade berokken nie, maar die wantroue wat onderling ontstaan. Dit sluit wantroue tussen die ouers, maar ook wantroue tussen die ouer en die kind in.

Botha (1997:17) sluit hierby aan en dui 'n aantal riglyne aan rondom die kinders se aanpassing in die egskeidingsituasie:

- **Vertel hulle op 'n wyse wat pas by hul ouderdom** – ouers vergeet baie keer dat die kinders net kinders is wat nog besig is om te ontwikkel op verskillende vlakke. Hulle moet seker maak dat hulle die inligting só oordra dat die kinders dit duidelik

en maklik sal begryp. Indien nodig sou dit tydens die mediasiesessies noodsaaklik wees om bo en behalwe die gewone mediasiesessies, ook meér moeite te doen met die kinders om die hele egskeiding so prakties en eenvoudig moontlik te verduidelik.

- **Vertel hulle net wat nodig is om te weet** – ouers hoef nie detail en al die vuil wasgoed aan die kinders mee te deel nie. In die meeste situasies is die kinders nog nie emosioneel ryp genoeg om hierdie probleme en krisisse te hanteer nie. Indien die kinders later meer volwasse en ouer is, en die situasie minder traumaties is, kan meer detail en inligting aan die kinders verskaf word.
- **Verseker hulle dat hulle nie die oorsaak is nie** – dit is belangrik dat ouers die kinders verseker van hul volgehoue liefde en ondersteuning. Hulle het ook die verantwoordelikheid om die kinders in te lig oor die moontlike redes vir die egskeiding asook die keuses wat hulle as volwassenes gedoen het. Die kinders behoort emosionele ruimte gebied te word waar hulle hul vrae, woede en terleurstellings kan uitleef. Die ouers moet bereid wees om saam en/of afsonderlik met hulle ‘n pad te loop en hulle te begelei op die pad van emosionele genesing en heling.
- **Die realiteit en finaliteit van die egskeiding moet beklemtoon word** – daar is dikwels steeds sweempies van hoop by die kinders dat hul ouers nie sal skei nie. Die realiteit van die egskeiding asook die gevolge daarvan moet duidelik aan die kinders verduidelik word. Dat die egskeiding finaal is, en dat dit sekere komplikasies tot gevolg het vir almal wat betrokke is, moet ook met hulle gedeel word.
- **Reëlings ten opsigte van besoeke en vakansies** – daar moet vroegtydig reëlings getref word rondom die besoeke van die ander ouer asook praktiese reëlings ten opsigte van vakansie besoeke. Albei partye se belange, asook dié van die kinders, moet in ag geneem word in bogenoemde besluite. Dit is soms prakties en handig om ‘n kalender of dagboek byderhand te hou om sodoende die aantal “slapies” of dae af te tel voor ‘n besoek of ‘n vakansie.

- **Albei ouers moet hulle verseker van hul volgehoue liefde** – ten spyte van die trauma en seer van die egskeiding bly dit een van die belangrikste sake wat ouers voorop moet stel in hul verhouding met hul kinders. Die ouers se onbaatsugtige en onvoorwaardelike betoning van liefde kan die kinders se hantering van die trauma soveel vergemaklik.
- **Hulle moet uiting gee aan hul woede, vrees en hartseer** – kinders moet toegelaat word om uiting te gee aan hul emosies. ‘n Veilige ruimte moet geskep word deur albei en/of een van die ouers waar die kinders tuis voel om hierdie trauma met hul te deel. Dit is deel van die verwerking van die egskeiding asook een van die fases in die rouproses ná die egskeiding.
- **Waak teen oorbetrokkenheid/onbetrokkenheid** – talle ouers raak as gevolg van skuldgevoelens, eensaamheid en verlange té betrokke by hul kinders. Dit laat geen ruimte vir die kinders om hul eie menswees uit te leef en ook soms hul eie behoeftes te bevredig nie. In sommige gevalle is veral die pa/man onbetrokke of selfs totaal en al afwesig. Daar moet gepoog word om ‘n gebalanseerde betrokkenheid tussen albei en/of een van die ouers daar te stel.
- **Verklaar vrede en werk saam met ander ouer ter wille van die kind/kinders** – dit is een van die hoofredes waarom ons saam, met behulp van die mediasieproses en stories van hoop, tot ‘n “suksesvolle” egskeiding wil kom. Indien dit bewerkstellig kan word, skep dit vir alle partye die geleentheid om in vrede saam te werk en die ander se belange eerste te plaas.
- **Konflik tussen ouers en kind/kinders se behoeftes en verwagtinge moet sinvol hanteer word** – voór týdens en ná ‘n egskeiding, is die kanse redelik goed dat daar botsende belange, behoeftes en verwagtinge kan wees by die partye wat betrokke is. Om die botsende belange, behoeftes en verwagtinge te hanteer, moet almal fyn ingestel wees op die ander persone. Dit is veral die gemarginaliseerde stemme van die kinders wat hier gehoor en gerespekteer moet word.
- **Ouers moet alle hulpbronne gebruik om die kind/kinders se belange te bevorder** – dit is noodsaaklik dat die ouers týdens die mediasieproses, maar ook ná die egskeiding, alle moontlike bronne tot hul beskiking gebruik om die kinders se

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

belange te hanteer. Sielkundiges, maatskaplike werkers, predikante, terapeute ens. is almal kundige persone wie se dienste benut kan word om pro-aktief op te tree.

- **Plaas sekuriteit voorop** – alle partye en in die besonder die kind/kinders plaas ‘n hoë premie op sekuriteit. Deur hulle te verseker van die ouers se volgehoue en onvoorwaardelike liefde, asook daadwerklike positiewe optrede teenoor die kind/kinders, skep ‘n ruimte waarbinne sekuriteit kan gedy.
- **Verduidelik praktiese veranderinge** – praktiese veranderinge wat intree as gevolg van die egskeiding behels sake soos verhuising, nuwe skole, nuwe kerk en kategese, nuwe vriendekring ens. Dié sake moet in detail aan die kind/kinders verduidelik word sodat hulle betyds en met die nodige ondersteuning die nodige aanpassings kan maak.
- **Stel onderwysers/dagmoeder in kennis van die situasie** – ouers moet verantwoordelikheid neem om die belange van die kinders voorop te stel. Dit sou beteken dat die onderwysers/dagmoeder betyds in kennis gestel word van die veranderinge en verwikkelinge ten opsigte van die egskeiding. Belangrike steunstelsels soos die skool, kerk, sosiale vriendekring ens. moet ook hier verreken word.
- **Behou respek en bou die geloofwaardigheid van die ouer wat weggaan** - dit is in belang van die kinders asook die ouers dat daar respek behou word vir almal wat in die situasie betrokke is. Respek word verdien en daar sal gesamentlik daaraan gewerk moet word om dit te bevestig. Dit is soms moelik om respek en geloofwaardigheid te handhaaf indien ‘n ouer en/of kind/kinders nie bereid is om saam te werk nie.
- **Voorsien eie speelgoed, bed, kamer ens**. – indien moontlik moet ouers poog om die kind se sekuriteit en privaatheid te respekteer en toe te sien dat hierdie ruimte gehandhaaf word. Bogenoemde sake verleen aan jonger kinders maar ook aan tieners ‘n groot mate van sekuriteit en voorsien in ‘n behoefte van omgee en aanvaarding.
- **Ouers mag mekaar nie voor die kinders aftakel nie** – ouers moet op hul hoede wees dat hulle, ten spyte van die trauma en seer van die egskeiding, nie persoonlik

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

raak en mekaar fisies en/of emosioneel aftakel voor die kind/kinders nie. Die kinders het albei ouers nodig al het die ouers mekaar nie meer nodig nie. Dit is dus belangrik dat ouers, indien geskille voorkom, dit op 'n volwasse manier en op 'n geskikte plek moet hanteer en uitsorteer.

- **Indien moontlik, neem die kind/kinders weg van die huis tydens besoeke** – dit is belangrik dat ouers mekaar steeds vertrou ten opsigte van die kinders, ook ná die egskeiding. Deur die kind/kinders tydens besoeke na 'n park, eetplek, winkelsentrum ens. weg te neem, skep die ouer 'n meer ontspanne atmosfeer as om ten alle koste tuis te kuier waar emosies kan opvlam. Bognoemde neem soveel druk van ouers weg en verseker dat daar kwaliteittyd met die kind/kinders bestee word sonder onnodige steurnisse en inmenging.
- **Indien moontlik, neem al die kinders gelyktydig weg** – dit is 'n positiewe gebaar indien al die kinders saam, gelyktydig weggeneem kan word en/of kuier. Dit versterk die gesinsbande en bou wedersydse vertroue indien dinge saam gedoen kan word. Van tyd tot tyd kan dit egter noodsaaklik wees om van die kinders alleen weg te neem om sodoende 'n meer persoonlike, intieme en kwaliteitverhouding met hom/haar te bou.

## 3.19 Egskeiding en die kind se reaksies daarop

Egskeiding is en bly 'n traumatiese gebeurtenis in enige mens se lewe. Dit is veral kind/kinders wat sukkel om dit emosioneel te verwerk en sinvolle aanpassings te maak. Van Staden (1987:172) noem 'n aantal reaksies wat gewoonlik voorkom by die kind/kinders:

- Spanning en angs
- Verwarring en onsekerheid
- Vrees vir verlating
- Ontkenning
- Hartseer/huil

- Woede/bitterheid
- Skuldgevoelens/selfverwyt
- Onttrekking
- Versoeningspogings/fantaseer
- Hiperaktiwiteit
- Stilte
- Liggaamlike simptome/siektes
- Depressie
- Opstandigheid/rebelsheid
- Onbillike vergelykings

## 3.20 Kinders se behoeftes tydens die egskeiding

Kind/kinders het besondere behoeftes vóór, týdens en ná die egskeiding wat geïdentifiseer en gerespekteer moet word. Dit is veral in dié opsig belangrik dat volwassenes die stemme van die kinders sal hoor in die situasie. Engelbrecht en Rencken-Wentzel (1999:67) stel dit soos volg:

- "Children have a basic emotional need for love, acceptance, security and understanding. These become particularly important during the divorce process. It is also important for children to have their social needs met. This means that they should have relationships – informal, formal, intimate or casual friendships – whith other people.
- Children fear being abandoned, forgotten or being considered unimportant. They need to be loved, and often fear having love taken away from them. It is thus important for children to maintain relationships and to have a relationship with the parent who lives in the non-primary home.
- Children want:
  Both parents
  A sense of being a part of a family

To please each parent by doing things such as information passing, hassling or ignoring one parent

Try to help their parents by being mediators or catalysts because they may feel responsible for their parents' behaviour.

- Children may try so hard to please both parents that they may:

  Say what they think a parent wants to hear

  Give parents conflicting messages

  Withdraw from one parent

  Become sick

  Show emotional or behavioural problems."

## 3.21 Egskeiding en die rouproses by die kind/kinders

Dieselfde rouproses asook 'n meer verfynde vorm daarvan word deur die kind/kinders beleef in die egskeidingsituasie. Volgens Botha (1997:21) moet die kind die volledige rouproses deúrloop en sinvol afhandel voordat sinvolle verhoudinge weer gebou kan word. Sake wat in die proses weer hanteer moet word is die volgende:

- "Besef die realiteit van die verlies
- Ervaar en aanvaar die kompleksiteit van die gevoelens wat verband hou met die verlies
- Die afhandeling van onverrigte sake wat met die verlies verband hou soos byvoorbeeld verwagtinge en terleurstellings
- 'n Geleidelike losmaking van die verlies wat plaasgevind het met die egskeiding
- Besluitneming en ontdekking van nuwe moontlikhede om hom/haarself uit te leef en sy/haar behoeftes te bevredig".

## 3.22 Potensiële probleemterreine vir die kind wie se ouers skei

Volgens Stinnett & Walters (1977:18) kan daar sewe potensiële probleemterreine onderskei word. Hierdie terreine moet altyd verreken word waar daar in die egskeidingsmediasie met die kinders gewerk word:

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Aanpassings ten opsigte van die wete dat die egskeiding moontlik gaan plaasvind.
- Aanpassings ten opsigte van die feitlike aspek dat die egskeiding 'n realiteit is.
- Die bewuswording van gebruik, selfs misbruik te word, as 'n wapen deur een of albei ouers teenoor mekaar.
- Heraanpassing ten opsigte van die verhoudinge met albei ouers.
- Die moontlikheid dat die "geskeide ouers" heraanpassing vir die kind/kinders in die kleiner groep vereis.
- Bewuswording van die implikasies van die ouers se mislukte huwelik in die lewensituasie van die kind.
- Aanpassing ten opsigte van stiefouers indien die ouer(s) hertrou.

## 3.23 Die noodsaaklike identifisering van kinders se behoeftes en reaksies in verhouding met hulle ouderdom

Dit is uiters belangrik dat daar tydens die egskeidingsmediasieproses in detail na die ouderdoms-toepaslike behoeftes, reaksies en aksies van die kind gekyk word. Hierdie sake moet sinvol hanteer word. Engelbrecht & Rencken-Wentzel (1999:72-74) tabuleer dit soos volg:

| Age | Developmental task | Parenting Task | Critical Element | Possible reactions | Recommended response |
|---|---|---|---|---|---|
| **Baby**<br>Birth –18 months | • Development of basic trust in the world.<br>• Failing to achieve this will lead to mistrust. | • Time and attention from care-takers.<br>• Patience is important. | • The child's first bond will be with the person who provides the most regular and consistent child care. | • Appearing nervous or listless.<br>• Failing to thrive<br>• Delays in development<br>• Reactive when parents are upset. | • Physical contact between parent and child.<br>• Follow a consistent routine. |
| **Toddler**<br>1 – 3 years | • Development of autonomy.<br>• Failing to achieve this will lead to shame and doubt, i.e. a sense of not being OK. | • Encourage the child's social development by expanding the bonds to include others. | • Demanding behaviour is part of a child's normal development.<br>• Temper tantrums are normal. | • Regression, i.e. exhibiting behaviour of a younger age.<br>• Being withdrawn and fearful, but also demanding.<br>• Changes in eating and sleeping patterns | • Follow predictable routines to establish security.<br>• Reassure verbally and physically. |
| **Pre-schooler**<br>3 - 6 years | • Development of initiative.<br>• Failing to achieve this will lead to the development of guilt. | • The child will develop in all spheres if the environment is stable, i.e. parents not moving, not changing partner, access at the home of the other parent and not meeting the other parent in parks, shopping centres, etc. | • Children may feel responsible causing the divorce. | • Denying that the divorce is happening. Not wanting to separate from parents.<br>• Feeling responsible.<br>• Expressing fears unrelated to the divorce. | • Read age-appropriate books on divorce with your child.<br>• Offer simple but repeated explanation.<br>• Help the child to verbalise his/her feelings. |
| **School Beginner**<br>6 – 11 years | • Development of industry.<br>• Failing to achieve this will lead to a sense of inferiority. | • Children need to maintain a sense of family in order to adjust to divorce.<br>• Parents need to assure children that they will not be abandoned. | • Issues of family and a sense of belonging are important.<br>• Children may wish their parents reunited. | • Issues of loyalty between parents.<br>• Feeling rejected, sad, lonely. | • Accept and explore the child's feelings.<br>• Avoid power struggles<br>• Support the child's relationship with the other parent. |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Adolescent**<br>11 – 20 years | • Development of ego identity.<br>• Failing to achieve this will lead to role confusion. | • Allow the child to develop as an individual by maintaining a balance between the child's independence and guidance from a parent. | • Children may be concerned with how the divorce will affect their school and social structures. Adolescents may have trouble accepting their parents' new partners. | • Blaming one parent for being bad and making the other parent leave.<br>• Uncooperative with concentration problems. | • Do not offer false hope of reconciliation. |
| **Young adult**<br>20 – 25 years | • Development of industry.<br>• Failing to achieve this will lead to a sense of inferiority. | | | • Increased reliance on peers.<br>• May side with one parent.<br>• Acting-out behaviour.<br>• Upset and unaccepting of parents' disciplining.<br>• Presence of somatic complaints. | • Encourage appropriate releases of emotions.<br>• Promote access to both parents.<br>• Allow the child's input in the access/visitation schedule.<br>• Develop an adult support system so that your child is not placed in an adult role.<br>• Allow the child to love both parents. |

### 3.24 'n "Suksesvolle" egskeiding blyk tog moontlik te wees

Volgens Coetzee (1999:214), wat vir Ahrons & Rogers (1987:115-119) aanhaal, kan daar vier vorme van verhoudinge tussen die voormalige egpaar, onderskei word:

- **Perfekte maats –** daar is egpare wat verkies om ná die egskeiding steeds vriende te wees. Dit kom voor indien daar wedersydse respek vir mekaar as mens en ouer is. Alhoewel hulle mekaar nie as huweliksmaats kon vind nie, was dit moontlik om ten spyte van die egskeiding 'n kompromie met mekaar aan te gaan.

- **Samewerkende kollegas –** in teenstelling met die perfekte maats, is die samewerkende kollegas nie goeie vriende nie, maar meen hulle dat hulle suksesvol kan saamwerk as ouers. Hulle besef dat daar verskeie aspekte is waarin hul mekaar nie kon vind nie, maar is ook bewus van die noodsaaklikheid om mekaar ten opsigte van die kinders te akkommodeer.
- **"Kwaad" vennote –** vir dié persone is die woede wat hulle teenoor mekaar beleef, 'n integrale deel van hul verhouding. Hierdie pare kan verskeie redes vir hul egskeiding aanvoer en ervaar. As gevolg van die huwelik wat beëindig is, kan bitterheid en onaangename gevoelens ontstaan wat weerstand teenoor die ander party laat toeneem. Daar is dikwels steeds argumente oor onopgeloste sake. Kinders in hierdie tipe verhouding word vasgevang in die argumente van die ouers.
- **Vurige vyande –** Hierdie verhouding word gekenmerk deur argumente wat oor jare steeds so intens plaasvind, dat die regte as ouer nie erken en gerespekteer word nie. Regsgedinge word voortdurend aanhangig gemaak en die fokus val op die foute wat die ander een maak en gemaak het. Die magstryd raak almal wat in die gesin betrokke is. Dit is in sulke gesinne waar die kinders later van die ouers vervreemd raak .

Indien ons praat van 'n "suksesvolle" egskeiding, sal die eerste of die tweede opsie van toepassing moet wees na 'n egskeiding. Die situasie moet dringend aandag geniet tydens die mediasieproses om sodoende maksimum aanpasbaarheid te bewerkstellig met die oog op die instandhouding en ontwikkeling van al die verhoudings.

### 3.25 Egskeidingsmediasie – 'n Historiese oorsig

Mediasie, waarby 'n derde neutrale persoon gebruik word om geskille op te los en probleme te help hanteer, geskied al eeue lank. Daar is reeds tekens daarvan by die ou Chinese, Japannese en Joodse kulture. Jessani (2002:118) sê die volgende omtrent mediasie:

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

> "Having someone who knows what he/she is doing and who can walk the clients through the process, can greatly assist the couple and dramatically reduce their anxiety."

Omdat egskeidingsgedinge soveel tyd in beslag neem in die regstelsel, beveel baie persone aan dat daar eerder van egskeidingsmediasie gebruik gemaak moet word om sodoende die las op die regstelsel te verlig. Jensen (1997:55) stel dit soos volg: "Mediation can help relieve pressures on over-burdened courts as well as anxious, divorcing couples. In many cases, lawyers are acting on that belief, not only by working with clients to use mediation but by serving as mediators themselves."

Gedurende die afgelope paar jare het dié proses in die Westerse en stedelike samelewings begin posvat. Dit was eers in die jare tagtig dat 'n formele alternatiewe dispuutoplossingsbeweging ontstaan het. Mediasie is hoofsaaklik in nywerheids- en werksdispute gebruik. Dit is vir die eerste keer in Suid-Afrika omskryf in Seksie 44 van die Arbeidsverhoudingswet, 28 van 1956. Die "Independent Mediation Service of South Africa" (IMSSA) het in 1984 ontstaan met die doel gestel om die gebruik van mediasie te bevorder in die nywerheids- en arbeidsveld, deur middel van dienste en doelgerigte opleiding.

Op politieke vlak het mediasie ook 'n groter rol begin speel wat bevorder is deur die totstandkoming van die "Centre of Intergroup Studies" (CIS) in Kaapstad in 1968. Sedert 1984 bied die sentrum uitgebreide kursusse aan in die veld van konflikhantering. CIS en die "Religious Society of Friends" het al meer kragte begin saamsnoer en hul werk gekoördineer. In 1988 het hierdie samewerking gelei tot die ontstaan van die "South African Association for Conflict Intervention" (SAACI).

Sedertdien het akademici uit die regs- en geestesgesondheidsberoepe al meer belangstelling begin toon in mediasie (Hoffmann 1987, Baverey 1988, Mowatt 1988, Petty 1988, Pretorius 1988 & Scott-MacNab 1988). Deur die verslag van die Kommissie van Ondersoek na die struktuur en funksionering van die howe in Suid-Afrika, onder die leiding

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

van Regter GG Hoexter in 1983, is die deur geopen vir professionele mediasie in verskillende professionele beroepe. Soos reeds aangedui in Hoofstuk 1 het die aanbevelings van die Kommissie in hul verslag verreikende gevolge gehad:

- Die Kantoor van die Gesinsadvokaat funksioneer sedert 1 Oktober 1990 in Pretoria en daarna het ander kantore landwyd ook ontstaan.
- Die Gesinshof funksioneer sedert 1 April 1990 in Johannesburg en daar is intussen ook kantore in Kaapstad en Pietermaritzburg gevestig.
- Die noodsaaklikheid van mediasie as 'n metode om sake in die Hooggeregshof te verminder, om sodoende te verseker dat partye tot 'n sinvolle skikking toestem, kan die druk in die Hooggeregshof aansienlik verminder.

Die Suid-Afrikaanse Assosiasie van Mediators (SAAM) is in 1988 gestig. Hulle sou alle huweliks- en gesinsmediators oplei en hul werksaamhede koördineer. Sedert 1998 het SAAM en IMSSA meer begin saamwerk. Koördinering tussen dié organisasies het die samewerking só versterk dat hulle nou vennote is in mediasie binne die Suid-Afrikaanse konteks.

Volgens Hoffmann & Wentzel (1992:8-9) het die verhoogde bewuswording van die potensiële gebruikswaarde van mediasie tydens egskeiding drasties toegeneem. Verskeie faktore het 'n leidende rol hierin gespeel:

- Die hoë egskeidingsyfer in Suid-Afrika lei tot kommer. 'n Belangrike komponent in hierdie geval is die groot hoeveelheid kinders wat daardeur geraak word.
- Die Hoexter Verslag het aanbeveel dat mediasie saam met huweliks- en egskeidingsberaad as 'n diens beskikbaar gestel moet word in die sosiale diensafdeling van die voorgestelde familiehowe.
- Belangstellendes vanuit die gemeenskap behoort 'n opvoedingsprojek te begin om daardeur die algemene publiek asook professionele persone bewus te maak van die invloed van 'n egskeiding op die familielede.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Die stigting en werksaamhede van CODESA, wat mediasie moes laat vlot tydens die onderhandelinge tussen die ou en nuwe regering, het mense meer bewus gemaak van alternatiewe wyses en metodes wat aangewend kan word om geskille op te los.

Volgens Cohen (1999:329) is dit interessant om na die toepaslikheid van mediasie te kyk in die lig van die mediasiestatistiek. Sy sê: “Many divorcing couples, however, are not able to reach agreement through mediation. According to Kelly (1996), mediation studies across countries indicated that clients reach agreement in 50% to 85% of cases. Kressel (1985) puts the figure at between 40% and 70%. Kelly, Gigy, and Hausman (1988) suggest that mediation may not be an appropriate route to divorce settlement for as many as 60% of the couples who attempt it.”

### 3.26 Die teoretiese onderbou van mediasie

Mediasie is ‘n diskoers wat tussen verskillende vakgebiede en wetenskappe asook professies aangewend word as ‘n metode van probleemoplossing. Coogler (1978:1) sê dat mediasie met reg gebruik kan word as ‘n oplossing van kwessies/probleme by die ontbinding van ‘n vennootskap:

> “Mediated divorce settlement means resolving the kind of issues that are involved in dissolving a partnership of any kind.”

Mediasie is dus ‘n proses wat positief benut kan word om kommunikasie tussen verskillende partye te verbeter. Taylor (in Folberg & Milne 1988:61) beklemtoon die feit dat mediasie ook toekomsgerig is. Die ooreenkoms wat tussen die verskillende partye bereik is, moet ook in die toekoms gehandhaaf en gerespekteer word en indien daar onoorkomentlike probleme sou ontstaan, moet dit volgens prosedure hanteer word.

Verantwoordelikheid speel ‘n belangrike en deurslaggewende rol tydens die egskeidingsmediasieproses. Cobb (1994:170-171) beweer dat:

"… responsibility is negotiated in stories, that is to say, responsibility has narrative structure: stories of accusation, justification, and denial function as 'theories of responsibility', advanced and negotiated by the collective. Each theory proposes a description of who did what to whom and why or, conversely, who did not do what to whom and why not. Theories of responsibility are advanced in the accounts and explanations that persons make about their own and others' actions. There are four kinds of accounts, or narrative kernels, which are central to the construction of theories of responsibility in mediation: accusations, justifications, excuses and denials.

- In **accusation** kernels, one person sets an evaluative scheme in place that morally sanctions the behaviour of another. These usually appear in discursive proximity to stories of 'justification', 'denial' or 'excuse'.
- **Justifications** are kernels in which actors own the morality sanctioned behaviour and then locate the 'course' by relabeling the intentions of self: 'I hit her by accident because I was trying to protect her when I slammed on the breaks'.
- **Excuses** are also kernels in which actors own the behaviour morally sanctioned in the accusation kernel, but then they locate the 'course' outside of self: 'I hit her because she talked back to me'.
- **Denials** either refute the agency attributed in the accusation, that is, 'It was not I that hit her', or they refute the actions committed by the agent in the accusation, that is, 'I did not hit her, I merely tapped her'. In stories of justification and excuse, it is not the behaviour that is denied but the attributed intension. In denials, the logical basis for the attribution of intent dematerializes, only to rematerialize in/by the elaboration of any of the narrative components (plot, character, theme)."

### 3.27 Verskillende definisies van mediasie

Egskeidingsmediasie word al meer deur kenners as die mees gepaste metode tydens die egskeidingsproses gesien. Crouch (1982:219) stel dit soos volg:

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

> "It is as difficult today to be against mediation as it once was to be against motherhood. This dispute-resolution process is riding the crest of an immense wave of fad appeal, within both the professions and the media."

Van Zyl (1997:142) definieer mediasie deur middel van 'n saamgestelde definisie, uit talle ander definisies soos volg:

> "Mediation is a co-operative process whereby the disputing parties attempt to reach a mutually acceptable agreement for settlement on specific issues or, failing agreement or settlement, at least reduce conflict. A third party participates in the discussions, assists the parties, may act as a facilitator and even as leader in negotiations, and may 'initiate, nourish and sustain' the bilateral process and narrow the field of discussion but does not make decisions for the parties. Thus the outcome of the mediation is determined by the parties and not by the mediator."

Folberg & Taylor (1984:7) omskryf mediasie as:

> "the process whereby the participants with the assistance of a neutral person or persons systematically identify disputed issues in order to develop options, consider alternatives, and reach a consensual settlement that will accommodate their needs. Mediation is a process that emphasises the participants own responsibilities for making decisions that effect their lives.

Hugo van der Merwe sê in "Community Mediation Update" (Junie 1994:3) dat daar 'n verskil is tussen egskeidingsmediasie en ander mediasie en wel om die volgende redes:

- "It is highly personal and emotional
- It is a family crisis
- There are specific legal processes involved
- The mediator is also the advocate of the child
- Individual caucusing is not encouraged
- It should prepare the parties to some extent for the divorce".

Soos reeds aangedui in Hoofstuk 1 by die navorsingsverloop in 1.5, gaan daar in Hoofstuk 4 volledig gefokus word op die veelvoudige reflektiewe gesprekke en egskeidingsmediasie as 'n diskoers binne die narratiewe paradigma.

### 3.28 Verskillende soorte mediasie

Verskillende vorme van mediasie word onderskei. Die volgende vorme van mediasie word deur Mikesell, Lusterman & McDaniel (1995:287) onderskei:

- "Integrative mediation
- Structured mediation
- Therapeutic mediation
- Negotiatory mediation
- Interdisciplinary mediation".

Die onderstaande beknopte samevatting omskryf elkeen van bogenoemde vorme en kan dien as 'n verwysingsraamwerk in verdere besprekings.

"**Integrative mediation**

- Laid back, laissez-faire approach
- Divorce viewed as a personal, rather than a legal, problem
- Collaboration by psychologist and attorney mediators
- No formalised or standardised set of rules
- Single financial data sheet instead of separate budgets
- Emphasis on solution of mutual problems

**Structured mediation**

- Authoritarian approach
- Rigid rules and timetable specified in mediation contract
- Goal-oriented system geared to quick resolution of issues

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Rigid structure may help equalization of power

**Therapeutic mediation**

- Emotion-oriented approach requiring active listening
- Resolution of emotional issues before substantive issues
- Concentration on family system and familiar relationships
- Crisis therapy where children may be included in sessions
- Approach most familiar to those in mental health field

**Negotiatory mediation**

- Business-oriented approach
- Emphasis on leaving both parties in best financial position
- Separate negotiating sessions to break impasses
- Emotional conflicts resolved quickly or referred to therapist
- Approach used in labor and international negotiations

**Interdisciplinary mediation**

- Therapist-attorney team approach
- Mediators follow rigid role definitions of their professions
- Collaborating approach has mediators use one another as referrals
- Conjoint approach uses joint sessions of mediators and spouses
- Dual mediators of opposite sexes may prevent triangling and bias"

## 3.29 Mediasie doelwitte

Folberg & Milne (1988:61-63) omskryf die doel van mediasie as die oplossing of hantering van konflikte en die neem van toepaslike besluite. Hierdie doel sluit dan die volgende doelstellings in:

- Die vermindering van angs en ander negatiewe aspekte van die konflik deur begeleiding van die deelnemers om konsensus oor die oplossing te bereik.
- Voorbereiding van die deelnemers om die gevolge van hul besluite te aanvaar.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Die opstel van ‘n agenda waarby die deelnemers sal inval en wat hulle sal aanvaar.
- Daar word gefokus op ‘n spesifieke metode van hoe die deelnemers konflik sal verminder en oplos, eerder as om te fokus op die oorsake van konflik.
- Daar word op die hede sowel as op die toekoms gefokus.
- Die oplossing van konflik is die ideaal, maar natuurlik nie altyd haalbaar nie.
- Deur die hantering van konflik kan die bemiddelaar die partye help om hul posisies her in te rig en op die skadelike gevolge van voortslepende konflik te verminder.

### 3.30 Stellings deur mediators gedeel

Talle mediators stem na jare se praktykondervinding saam dat mediasie deur middel van sekere stellings in perspektief geplaas kan word. Hierdie stellings word onder meer onderskryf deur Taylor (1981) en Folberg & Taylor (1984). Dit is noodsaaklik om daarvan kennis te neem aangesien dit ‘n essensiële rol speel tydens mediasie as proses asook mediasie as ‘n professionele beroep.

- Persone poog om te ontsnap van wat hulle as negatief of destruktief ervaar en beweeg na dít wat hulle as voordelig en positief ervaar.
- Persone neem meer volledige, en daarom ook beter, besluite wanneer hulle bewus is van die gevoelens wat deur konflik veroorsaak word, en in staat gestel word om effektief met daardie gevoelens te kan handel.
- Die deelnemers in ‘n persoonlike konfliksituasie is in die algemeen beter in staat om besluite aangaande hul lewens te neem as wat persone van buite dit kan doen.
- ‘n Gevoel van verantwoordelikheid vir die resultaat van ‘n ooreenkoms lei gewoonlik tot ‘n verbintenis tot die proses wat daar gestel word om ‘n ooreenkoms te bereik. Dit het tot gevolg dat daar oor die algemeen beter by die terme wat in die ooreenkoms voorkom, gehou word.

- In mediasie is die verlede van die partye slegs belangrik in verhouding tot die hede of as ‘n basis vir die bepaling van toekomstige behoeftes, intensies, vermoëns en reaksies tot besluite.
- Hoe meer akkuraat die mediasie-ooreenkoms die behoeftes, intensies en vermoëns van die deelnemers reflekteer, hoe groter is die kans dat hierdie ooreenkoms sal slaag.
- Aangesien die kanse goed is dat die behoeftes, intensies en vermoëns van die deelnemers oor ‘n tydperk sal verander, moet die proses die potensiaal besit om die ooreenkoms in die toekoms aan te pas. Verandering word dus as ‘n konstruktiewe en moontlike element van die ooreenkoms beskou. Gedurende die proses van mediasie moet daar dan ook voorsiening gemaak word vir die veranderinge wat in die toekoms mag plaasvind.
- Die proses van mediasie bly substansieel dieselfde vir alle deelnemers en situasies. Tegnieke, skedules en take wat bereik moet word, moet by elke situasie, verskillende omstandighede en die uniekheid van die mediator aanpas.

In Hoofstuk 4 sal daar met behulp van die narratiewe diskoers krities gereflekteer word oor bogenoemde stellings asook die mediasieproses soos reeds uiteengesit.

### 3.31 Die voordele en nadele van mediasie

Volgens Blades (1985:4) kan daar in die proses van mediasie die volgende voor- en nadele aangedui word:

> **“PROS:**
>
> - Both parties are satisfied with the fairness of the outcome because they both took part in its creation.
> - The couple learns to cooperate for their mutual benefit. Honest exchange of information is fostered.
> - Increased self-esteem develops as a result of their ability to take responsibility for the resolution of their own conflicts.

- There is less likelihood of future litigation, because of a greater commitment to the settlement and the couple's knowledge of their ability to cooperate.
- Less money is spent on attorney fees, court costs and so on.
- Children are far less likely to be traumatised.
- The couple avoids a public display.

**CONS:**

- Emotions may be too high to allow the couple to work things out rationally.
- For those who want a public display or validation as "winner", this method is not satisfying.
- If the balance of power between the couple is too disparate, mediation may be impossible."

Solomons (2003:1) in Family Mediation Practice gee sekere redes vir die sukses van mediasie:

- "It allows people to be heard. In many cases, a simple apology from either or both sides is all that is required to put the situation right.
- It is an empowering process that encourages people to put forward their own suggestions and ideas.
- It is less intimidating than legal procedures, and people represent themselves rather than having someone speak for them.
- It provides solutions that the parties themselves have decided on, giving them all a sense of ownership of any agreement. As a result, agreements reached in this way last much longer than solutions handed down by courts or an arbitrator.
- It can be organised quickly. When disagreements are not addressed, they can escalate. Mediation is easy to arrange and can be completed within weeks.
- It is usually affordable by all. Most neighbour mediation is free to those who want to use it, and many other forms of community mediation are available at a reasonable rate."

## 3.32 Die mediasieproses

Daar gaan nie in detail na die mediasieproses gekyk word nie aangesien die hele proses in Hoofstuk 4 volgens 'n narratiewe diskoers hanteer word. Hoffmann (1992:79) onderskei vyf fases waarbinne die mediasieproses plaasvind:

### 3.32.1 Oriënteringsfase

In dié fase is dit belangrik dat die gesin/partye se houding, gereedheid en motivering vir die mediasieproses, aangespreek word. Min persone is goed ingelig oor die mediasieproses. Die mediator kan 'n kort oorsig van die proses asook 'n uiteensetting van die grondreëls wat geld vir die mediator asook vir die partye, deurgee. Die volgende grondreëls geld vir die mediator (Hoffmann 1992:80):

- "To maintain confidentiality
- To maintain neutrality
- To not do therapy
- To focus on the present and the future and not to establish blame for past problems
- To assist decision-making, but not to make decisions for families
- To reserve the right to terminate the process prematurely
- To refer families to other sources of help temporarily, for example, a lawyer, an accountant or a therapist".

Die volgende grondreëls is van toepassing op die verskillende partye/gesin wat betrokke is by die mediasieproses:


- "To follow the groundrules for example not interrupting one another and laying all the alternatives on the table before making decisions.
- Not to be physically violent or use abusive language during mediation.
- Disclose facts, wants and needs fully.
- To accept responsibility for the final agreement.

- Not to litigate while mediating.
- To agree on payment for the mediation services.
- To treat information merging from mediation as confidential."

Tydens die oriënteringsfase is dit belangrik dat albei partye asook die mediator op hul gemak gestel word op grond van sekere inligting en verwagtinge wat deurgegee word. Cigler (1986:261) sê dat die volgende vyf beginsels volledig deurgepraat en verduidelik moet word alvorens met die mediasie begin word:

- "Die hele mediasieproses moet in sy geheel aan almal verduidelik word.
- Die toepaslikheid van mediasie tydens die egskeiding
- Kontrakteer met die verskillende partye
- Die agenda en struktuur van die mediasieproses
- Die finansiële implikasie van die mediasieproses".

Indien bogenoemde grondreëls nagekom word, verloop die verdere fases soveel makliker omdat al die partye ingelig is rondom die proses van mediasie. Emery (1994:127) reflekteer deur die volgende vyf aktiwiteite en doelwitte aan te dui wat deurslaggewend en bepalend is tydens die eerste mediasiesessie:




(Five parts and major goals of the first mediation session.)

### 3.32.2 Kontrakteringsfase

Deur kontraktering verbind die partye/gesin hulle tot die proses van mediasie, probleemoplossing asook voortgesette kommunikasie ná die afhandeling van die egskeiding indien daar kinders betrokke sou wees. Die verbintenis kan informeel, verbaal of skriftelik wees. Verkieslik moet dit gesien word as ‘n pre-mediasiekontrak wat die grondreëls van die oriënteringsfase onderskryf. Al die betrokke partye moet die kontrak onderteken. Die verskillende probleemvelde en areas moet nou deur die partye op die tafel geplaas word en deur middel van konsensus moet daar prioriteite aan toegeken word. Die mediator omskryf die probleemvelde en areas in neutrale terme en plaas dit op die agenda. Volgens Cigler (1986:101) is dit belangrik dat die mediator die partye sal help om

die probleme te rangskik en logies van mekaar te skei. Drie belangrike vlakke kan onderskei word:

- **Concrete issues** - represent the most concrete level which often translates in who gets what and who owes who how much.
- **Needs and interests** - looks behind the concrete to the lives of the individuals, what the underlying function of each concrete concern is for each person affected.
- **Principles** - the most abstract of the levels, represents a sense of importance and meaning of those needs and interests to the lives of persons attached by the issues.


### 3.32.3 Probleemoplossing- en onderhandelingsfase

Tydens hierdie fase word gefokus op die probleemareas en hulle word in prioriteitsvolgorde hanteer. Emery (1994:274) sê dat hierdie fase die moeilikste en veeleisendste tydens die mediasieproses is. Die volgende vier stappe kom handig te pas in die hantering van konflik binne die proses:

- "Identifying problems by focussing on issues rather than emotions.
- Brainstorming alternatives, while suspending evaluation so that creative solutions can be invented or voiced for the first time.
- Evaluating options in terms of children's needs and parents' underlying interests.
- Allowing for experimentation, a stance that reduces pressure by allowing parents to alter agreements in the near or more distant future."

Soos reeds aangedui in Hoofstuk 1, afdeling 1.1 is dit juis tydens dié fase en die wyse waarop konflik hanteer word, waarin die narratiewe diskoers radikaal verskil in die hantering daarvan. Emery (1994:146) toon uit talle navorsing wat reeds gedoen is aan dat daar sekere gemeenskaplike temas is wat tydens die mediasieproses voorkom. Die temas asook spesiale aksies wat gevolg kan word, word in die onderstaande uiteensetting aangedui:

***Process Themes*** | ***Specific Actions***




Focus on Issues Not Emotions:
* review agreements/disagreements
* begin with smallest dispute
* distinguish parent and spouse roles

Brainstorm Alternatives:
* “anything goes” -- be creative
* no evaluation -- “trial balloons”

Evaluate Options:
* silent evaluation at first
* focus on interests, not positions
* emphasize children’s interests

Experiment with Parenting Plans:
* remove time pressure
* evaluate experience, not theory
* delay decisions about the unknown
* define method for making changes
* repeat process if necessary

(Common themes in the process of mediation)

**3.32.4 Skikkingsfase**

Folberg & Milne (1988:75) stel dat hierdie fase hoofsaaklik op die volgende gefokus is: “To produce a document, a mediated plan, that clearly outlines the participant’s intentions and decisions.” Sake wat aandag behoort te geniet is:

- Toesig en beheer oor die kinders
- Die identifisering en verdeling van die gemeenskaplike bates uit die huwelik
- Onderhoud betaalbaar aan kind/ers en/of eggenoot(e)
- Toegang en besoekregte aan kind/ers
- Hantering van polisse, versekering en ander finansiële komponente van die huwelik
- Enige ander spesifieke besluite wat tydens mediasie geneem is.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Die kontrak moet nou deur al die betrokke partye onderteken word en so gou as moontlik geïmplementeer word. Die kontrak kan ook as 'n skikkingsakte dien wat deur die prokureurs gebruik word om die finale dagvaarding mee op te stel.

### 3.32.5 Opvolgfase

Soos in enige professionele werksenario is dit belangrik om terugvoer te kry om sodoende te evalueer en te bepaal of die mediasieproses ten volle benut en suksesvol afgehandel is. Die opvolgproses is ook 'n meganisme wat aangewend kan word om die effektiwiteit van die mediator te bepaal.

## 3.33 Die rol van mag tydens die mediasieproses


Mág, as 'n diskoers, speel baie keer 'n bepalende en deurslaggewende rol in die mediasieproses. Indien dit nie reg hanteer word nie, kan dit die hele proses verongeluk. Verskillende magstipes kan onderskei word:

- Geslagsmag
- Geldmag/mag om inkomste te beheer
- Kulturele mag
- Kerklik/godsdienstige mag
- Politieke mag
- Mag om te verwerp/mag van weerstand
- Mag as 'n gesagstruktuur.

## 3.34 Samevatting

Die hele egskeidingsproses is en bly 'n dramatiese proses waar smart en emosies oor 'n wye spektrum aangespreek moet word. Die mediasieproses beweeg ook tussen sekere parameters en dit word duidelik aangetoon in die uiteensetting wat Blades (1985:4) gee:

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)




Dit is belangrik om met vergifnis en stories van hoop rekening te hou in die egskeidingsmediasieproses. Bonach & Sales (2002:31) stel dit soos volg:

> "As a mediator, forgiveness provides a usefull intervention target to help divorce parents make a smoother transition to coparenting post separation/divorce. One of the most deleterious consequences of the uncivil interactions between former partners is the continuous interparental conflict and emotional strife within which children find themselves. … Gordon & Baucom (1998) propose that forgiveness is a process that is similar to recovery from other psychological traumas. The special challenge for former partners who have children is that they must continue to interact as they go through the painful process of psychological recovery."

McKenzie & Monk (1996:273) toon aan dat mediasie gewoonlik 'n beter toekoms bied.

> "The field of mediation has developed over the last few decades on the basis of a number of untested assumptions about conflict, human needs and motivation, the nature of 'community', and the nature of resolution. A narrative approach to mediation is more than a stylistic variation on previous approaches. Rather, it marks a theoretical shift from the individualist and objectivist assumptions of the

problem-solving model to a postmodern perspective that acknowledges the social construction of reality. Conflict develops in a social context; meanings are created and negotiated by individuals in conversation with one another. In a narrative approach to mediation, the conflict story is unraveled or deconstructed to reveal the themes or discourses within it. The fact that the different discourses exist alongside each other created a source of tension and conflict. But it is this lack of discursive unity that also creates spaces and the potential for change. In these spaces, alternative preferred stories can be developed. A narrative approach to mediation thus entails an intricate weaving together of positions and the meanings that go with them."

'n Wen-wen-situasie word deur die terapeut en partye geskep omdat die terapeut altyd bewus is van die gespreksagenda en prosedures wat benut kan word tydens die egskeidingsmediasie. Volgens Müller (1996:104) is die terapeut se taak om vyf groot bewegings uit te voer in die terapeutiese sessies:

- Help die gesin om die storie van nood so geartikuleerd as moontlik te vertel.
- Lei die gesin om die storie van die verlede (gesinne van herkoms en huidige gesin se geskiedenis) te vertel.
- Help die gesin om die storie van die toekoms te vertel sodat die aard van die verduisderde toekomsbeeld uitgespreek word. Nou moet daar 'n omleidingsoperasie gedoen word, daar moet kanale opgemaak word sodat "bloed" tussen hierdie twee stories kan vloei. Hierdie omleidingsoperasie vind vanself plaas sodra die stories bevredigend geherstruktureerd is. Sodra daar 'n vloei tussen die stories van die toekoms en die verlede is, word daar eintlik 'n nuwe of teenwoordige storie geskep. Om dit te bewerkstellig, moet die vierde beweging uitgevoer word.
- Herstruktureer die verledeverhaal. Met 'n positiewe herstrukturering en nuwe punktuasie word - met dieselfde stel feite - 'n ander meer aanvaarbare storie geskep.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- ‘n Rekonstruksie van die toekomsverhaal is die laaste punt op die agenda. Deur middel van verbeelding moet ‘n nuwe toekomsbeeld geskep word. Dit is nou moontlik op grond van ‘n geherstruktureerde verledeverhaal.

Indien mediasie hoop aan die individu bring, kring dit ook wyer uit na die huwelik, gesinslewe, verhoudinge in die algemeen en na die breë gemeenskap. Die vaardighede wat hierdeur aangeleer word, moet dus doeltreffend geïmplementeer word in alle verhoudings om sodoende ‘n oper en meer ontvankliker individu en gemeenskap daar te stel. Winslade & Monk (2000:250) vat dit goed saam deur te sê: “we also imagine that this practice can contribute to the production of a different kind of conversation, and in the end, to a different kind of community, the kind of community we speak of is founded on a commitment to dialogue, to the shared creation of meaning, rather than on the priviledging of individuals in competition with each other to have their needs met. It is a community in which power relations are always open to contest and where respect flourishes. It is a place where people are curious about one another and where new meanings are also been created in response to the challenges provided by constantly changing contexts. It is a world in which people are encouraged to have a voice in the production of the discouse that shapes them.”

# HOOFSTUK 4

# TEOLOGIESE EN PASTORALE VERANTWOORDING – AGTERGROND EN VERDERE ONTWIKKELING

## 4.1 Inleiding

> ”God se hoofpad van geloof loop elke dag kruis en dwars oor die lewenspad van mense. By elke kruising sal jy ten minste ‘n toegee- of ‘n stopteken aantref. Jou geloof moet jou laat stilhou en help, waar nodig. As jy bereid is om dit te doen, sal jy daartoe bydra dat God se hoofpad behoorlik paaie kruis met ‘n paar stukkende, honger en gevalle mense langs die lewenspad. Weet jy, op die pad van dienslewering sal jy ook die stem van Chirstus die heel duidelikste hoor, want dit is hier waar Hy Hom veral bevind” (Joubert 2003:22).

In die Suid-Afrikaanse kultuurgemeenskap, en spesifiek in die blanke Afrikaanse gemeenskap, het die dialoog tussen teologie, die kerk en postmodernisme redelik gestagneer in ‘n modernisme en selfs ‘n pre-moderne paradigma as gevolg van Afrika se unieke probleme (Nicol 1994:17).

Van Rensburg (1996:9) sê dat die: “South African society find itself racing across three categories: pre-modern, modern and postmodern”. Die postmoderne paradigmaskuif is vir baie teoloë bedreigend en vreesaanjaend en hulle beleef dit as onaanvaarbaar (Henry 1995:101).

Sommige beleef groot ongemak met die nuwe paradigma en probeer daarom aan die ou bekende paradigmas vashou, om sodoende nuwe “orthodoxy” daar te stel (Polkinghorne 1995:17). Postmoderne teologie moet die uitdagings aanvaar wat gestel word terwyl daar met nuwe oë gekyk word na die openbaring van God in die Bybel. Dit skep ‘n nuwe geleentheid vir teologie en die besinning sowel as ‘n nuwe openheid vir geloof en dit kan soos volg saamgevat word:

> “While this new pluralistic, postmodernistic situation is perceived by many as a threat to ‘mainline’ churches … it is my judgement and my urging that the new situation is in fact a positive opportunity to which church interpreters of the Bible may attend with considerable eagerness” (Van Aarde 1993:19).

Rossouw (1995:27) is reg as hy beweer dat die twee begrippe, naamlik teologie en postmodernisme, oënskynlik niks met mekaar te doen het nie. Teologie het met die verstaan en die uitleg van goddelike openbarings te doen. Postmodernisme op sy beurt, het met die wêreld van vandag te make. ‘n Onderskeid is nie nodig nie aangesien die teologie op die betekenis van goddelike openbarings vir die tyd waarin ons leef, fokus. Dit impliseer dat elke keer wanneer daar groot veranderings in die wêreld plaasvind, dit ook lei tot veranderings in die teologie.

Die postmodernisme plaas ‘n groot vraagteken agter alles. Die logiese feite en logika is deel van ons menswees, maar ons verstaan nie altyd wat dit beteken om prakties as gelowiges te leef nie. Mense is op soek na verhale wat aan hulle leiding kan gee oor hoe om reg te leef (Rossouw 1995:28).

Die mense van vandag wil graag weet wat dit beteken om in die wêreld daarbuite as gelowige op te tree. Die mens wil vandag ontsnap uit die kennis, feite en logikagreep van modernisme. Mense wil deur ‘n emosionele belewing en uitlewing gedra word deur simbole en rituele en stories van hoop. As gelowiges glo ons in een saambindende storie wat alle mense deur die eeue insluit. Dié storie is die Bybelse narratief van ‘n handelende God wat verlore mense red en meer nog: in die inkarnasie van Jesus Christus bewys God sy oneindige liefde vir die mens. Erickson (1998:90-92) haal vir Grenz aan en sê die volgende:

> “Because we believe in Jesus Christ the Word became flesh, the story of God’s action in Jesus Christ is the criterion by which all interpretations of reality are to be measured.”

Die boodskap bring vir stukkende en verwarde mense met noodverhale en doodloopstories weer nuwe hoop in hul omstandighede. Vanuit 'n postmoderne teologie kan nuwe begrip en openheid ontwikkel word vir dié persone en die gemarginaliseerdes in die egskeidingsituasie.

'n Mens se identiteit word gevorm deur die vertel van sy lewenstorie: "The community mediates to its members a transcendent story that includes traditions of virtue, common good and ultimate meaning" (Grenz 1999:106). Binne die egskeidingsmediasie is dit só belangrik dat daar opnuut aandag gegee moet word aan die medenavorsers se identiteit. Deur die narratiewe pastorale egskeidingsmediasie, moet daar saam met die medenavorsers gepoog word om op grond van hul lewenstories, nuwe verhale van hoop te vestig.

Die postmodernisme wil ons ook as teoloë bewus maak van mag en kultuur. Giroux (1997:197) stel dit soos volg "….it has pointed to the development of new forms of knowledge that significantly shape traditional analysis relevant to the intersection of culture, power and politics". Degenaar (1992:18) sê dat binêre teenoorgesteldes nie noodwendig as neutrale linguistiese onderskeidings gesien kan word nie:

> "They are signs characteristics of relationships of power. Thus in our use of language we need to determine in a reflexive way to what extent we are dominating, manipulating or emancipating others."

Bogenoemde speel dikwels 'n deurslaggewende rol in die egskeidingsmediasie en kan verreikende gevolge inhou vir die hele proses as daar nie deur die medenavorsers, saam daaraan gewerk word nie. Die verskille ten opsigte van kultuur, godsdiens asook verskillende magsposisies wat ingeneem word, kan die hele proses verongeluk indien dit nie binne die bepaalde konteks reg hanteer word nie. Indien daar kulturele sowel as godsdienstige verskille ontstaan, moet daar nie ten alle tye gepoog word om konsensus te bereik nie, maar om mekaar te akkommodeer en te respekteer. Van Wyk (1999:94) stel dit soos volg:

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

> “The ‘antagonism of identity’, must be replaced by ‘agonism of difference’. Where antagonism forces one to convert, conquer or silence one another, agonism accepts the otherness in others. Deconstruction does not wish to convert ‘antagonism of identity’ into consensus but challenges our differences to become an agonism, respecting differences, but also to keep tensions and differences alive.”

Volgens Botha (1998:118) gaan dit in die teologie juis om die volgende: “Theology shares with science the contextual, experiential and interpretative dimension of all human knowledge. Faith and theology are narrative ways of looking at the world. However the experimental and interpretative nature of theological knowledge is more complex than the natural sciences.” Van Huyssteen (1995:11) bevestig dit deur die volgende te sê: “Faith and theology differ from the sciences in a crucial aspect: theology involves not just a way of looking at the world, it involves a very personal trust in God”.

Müller (2002:1) sê dat daar opnuut gekyk moet word na al die probleme wat die kerk en die Chirsten omring. In die artikel “Theology of Touch” laat val hy die klem hoofsaaklik op die persone met HIV/AIDS en hul situasies. Bogenoemde teologiese uitgangspunt kan ook van toepassing gemaak word in die egskeidingsmediasie situasie. Hy sê:

> “Such a theology should be fundamentally sound, in accordance with the gospel of Jesus Christ, and therefore simple, person-directed, and a theology of action. A theology of touch seems to be a suitable response…..(in terme van geskeides en almal wat direk daardeur geraak word, geld dieselfde beginsel as vir persone wat deur HIV/AIDS geraak is – My vertaling)… the churches need to proclaim and administer the good news of Jesus who touches people in a different way. He preached and showed the gospel of touch. While the Pharisees and Scribes were stuck in a theology of condemnation and of categorizing people, Jesus touched the untouchables.”

Geskeides, en almal wat deur die egskeiding geraak word, asook al die gemarginaliseerdes in die proses, het baie keer dieselfde belewenis as persone met

HIV/AIDS. Hulle beleef isolasie, kategorisering en stigmatisering van die samelewing en ook soms van die kerk. Dit is juis binne dié teologiese raamwerk van die postmodernisme dat die kerk en sy lidmate die liefde van Jesus al meer sal moet leef en bewys, deur spesifiek uit te reik na die sosiale onaanvaarbare en gemarginaliseerde mense. Hierdie persone moet juis aangeraak word in hul omstandighede. Die teologie van aanraking moet nie gesien word as 'n voorgeskrewe model nie, maar eerder as 'n aanduiding en uitnodiging vir elke Christelike gemeenskap "to conceptualise the gospel of touch in their own unique situation" (Müller 2002d:1).

Hy gaan verder deur vyf sirkulêre momente (nie stappe) aan te dui, wat moontlik deel kan vorm van 'n teologie van aanraking:

- **"T- Talk** about (die egskeiding en probleme daaromtrent) and give people the opportunity to talk and tell their stories. Talk openly about (die trauma van egskeiding) the trauma of divorce and help to break the silence. Create an atmosphere where people can talk freely without the fear of condemnation.
- **O- Own** the status (van geskeides) positive. The church should identify with those (wat deur die trauma van egskeiding geraak word). When one member of the body of Christ suffers, the whole body suffers with him or her (1 Cor. 12:26).
- **U- United** with the people (wat deur die egskeiding gaan en daardeur geraak word) as partners and co-workers. The church should not look at them as objects but as partners, persons with dignity who have special needs, but who have also special gifts to be honered and used in the congregation.
- **C- Contextualise**. Each context is different and should be treated in a different manner. Each individual person and family should be seen within the specific and unique context. The church of Jesus does not work with generalizations, but goes after the "one sheep". The church also tries to understand people against the background of the larger socio-cultural and socio–economic powers and the looks for means to address them.
- **H- Help** in different ways. The church is a caring community that wants people to: understand the meaning of the gospel for their lives and (die traumatiese gebeure van die egskeiding); be empowered to live according to the gospel and take care and be taken care of" (Müller 2002:1).

In die postmoderne samelewing moet daar gereeld aanpassings gemaak word omdat niks waar en seker is nie. Jordaan (2002:49) bevestig dit deur te sê dat verandering en aanpassing gedurig plaasvind en beskryf dit verder soos volg: “die stories – gegewe ‘teologie’ van ontwyfelbare en haas onkontroleerbare sekerheid word aangevul/vervang met ‘teologie’ van verwondering en ontvouende misterie. Dit is opsigself nie nuut nie, maar kom nou sterker op die voorgrond as ‘n antwoord op die honger na ‘n verdiepte spiritualiteit.” Hy bied nege stellings wat spiritualiteit kan bevorder in die sin dat dit jou in verbinding kan bring met daardie “kern” waaruit ‘n mens God en die wêreld kan omhels:

- Die verwondering is gesetel in die vertroue dat God nog altyd in die wêreld betrokke was en is – op maniere wat ons nie verstaan of raaksien nie, maar waar die buitelyne afgeteken word in die Bybelverhaal waar God vir Moses antwoord toe hy wou weet hoe God lyk: “en as my heerlikheid verbygaan sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met my hand oordek totdat ek verbygegaan het. En as Ek my hand wegneem, sal jy My van agter sien. Maar My aangesig kan nie gesien word nie (Eks.33:22-23). Jesus is ‘n sleutelmoment in die ontvouing toe God omdraai en Sy gesig kom wys het in die gestalte en die leefwyse van die Man van Nasaret.
- Verwondering gaan van die veronderstelling uit dat die geheim van God met agting en ontsag bejeen word.
- Die verwondering veronderstel dat die “ou dinge”, of dit wat as bonatuurlik beleef is, versoenbaar is met die belewenisse van hedendaagse mense. Wanneer die “ou dinge” nuut gesê word, word dit ontleed deur kritiese kennisname van die literatuursoorte en funksies in die Bybelse en ander gegewens, asook deur die vergelyking van die wêreldbeelde van tóé en nóú.
- Hierdie verwondering steun swaar op die metaforiese begrip van geestelike dinge, soos dit byvoorbeeld in die Bybel aangetref word. God word oor die algemeen uitgebeeld as “Vader” maar ook soms as “’n Rots”, “die Lig”, “’n Skild”, “’n Lied” ens.
- Die verwondering laat toe dat mense die betekenis wat Jesus vandag in hul lewens het, met kritiese en nuwe erns bejeen.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Verwondering bring ook mee dat die belofte dat die koninkryk reeds "binne en tussen ons is" met erns bejeën word, en dat dit juis tot die sentrum van 'n Christelike spiritualiteit hoort. Dit beteken dat die evangelie ook in ons gewone lewe gesoek en ontdek sal word. Vanuit ons eie lewenstekste en ervarings, die hededaagse lewensdinge en gebeurtenisse, kan ons weer teruggaan na die Bybel en daarin 'n troostende, verhelderende en rigtinggewende weerklank vind.
- Om met eerbied oor die geheim van God te wonder, vra dat 'n mens ook met eerbied en verwondering omgaan met die mense wie se geloofservarings en-oortuigings anders as joune is. Indien dít gebeur, kan ons meer verdraagsaam, geduldig en akkomoderend optree teenoor dié persone.
- Verwondering kan gesien word as 'n verskuiwende horison waardeur 'n mens jou kan oopstel vir nuwe moontlikhede van verdiepte spiritualiteit.
- Jordaan (2002:61) sê: "Kyk ek terug na die voorafgaande agt stellings oor verwondering is daar tog 'n ervaring van verlies; dat dit op geen manier die werklike verwondering uitdruk nie. Die verwonderingsgeheel van jou of 'n ander mens, is veel meer en anders as die som van mensgemaakte verwonderingsonderdele; daardie unieke spirituele geskenk wat tot jou mensheid behoort en gestalte kry – soms momenteel – in 'n manier van leef en omgang met alle dinge".

'n Mens mag krities wees teenoor hierdie teologie en spiritualiteit maar dit maak tog postmoderne deure oop om wyer en met ander oë na God, ons wêreld, onsself en na ander te kyk. Binne hierdie teologie van verwondering is daar beslis ruimte en plek vir persone binne die egskeidingsituasie asook vir die gemarginaliseerde stemme wat gehoor moet word.

### 4.1.1 Teologie as mensewerk

Eenvoudig gestel, kan ons sê dat teologie 'n woord oor God is. Omdat God so groot en almagtig is, kan Hy nooit die objek van ons wetenskaplike studie wees nie. Daarom kan teologie hoogstens die wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God, en mense

se geloofsuitsprake oor God wees (Heyns & Pieterse 1998:3). Ons kan as ménse, slegs ons ervaringe met God beskryf in verhale, mites, poësie en geskiedenis (Pieterse 1993:25). Deur ons geloofsverhale wil ons tussen die verlede, hede en toekoms 'n verband lê (Gerkin 1986:49). Narratiewe betrokkenheid beteken juis dat ons by mekaar se stories betrokke raak en daardeur ook weer God se storie met ons ontdek. Nou kan ons vanuit God se storie ons eie storie herinterpreteer (Müller 2000:71).

In die egskeidingsmediasie kom die pastorale faset na vore as hoop en om weer perspektief te kry op God se storie, en die invloed daarvan in albei partye asook die pastor se lewe. Deur middel van die betrokkenheid by mekaar en gerigtheid op God, raak nuwe perspektiewe weer duidelik en rigtinggewend vir 'n nuwe toekomsverhaal as geskeides.

### 4.1.2 Objek van die teologie

Ons kan teologie tweeledig verstaan as "individue se alledaagse geloofsbelewenisse van God" en as "akademiese dissipline" (Groome 1987:58). Dit gaan in die teologie om die geloofsperspektief waarin ons oor God, die mens en die wêreld praat. Sou ons dus so ver gaan om God tot objek van die teologie te verhef, bestaan die gevaar om die kosmos en wat daarin plaasvind aan die natuur - en sosiale wetenskappe prys te gee. Dit wat die ander wetenskappe bestudeer, behoort ook tot die objek van die teologie, want die teologie werk met die werklikheid coram Deo (Kotzé 1992:16,17).

Botha (1998:118) wys daarop dat teologie die kontekstuele, vertolkende en ervaringsdimensie van alle menslike kennis met die wetenskapswêreld deel. Geloof en teologie is narratiewe maniere om na die wêreld te kyk. Tog verskil geloof en teologie op 'n beslissende aspek van die ander wetenskappe, want teologie is meer as net 'n manier om na die wêreld te kyk. Teologie behels ook 'n persoonlike vertroue in God. Die verhalende pastor "takes a history" en met daardie rou materiaal werk hy aan 'n persoonlike verhaal wat by die Groot Verhaal van God ingesluit word. 'n Mens kan alleen verstaan hoe jou eie klein geskiedenis inpas en deel is van die Groot Geskiedenis

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

(Heilsgeskiedenis) as albei, die klein verhaal en Groot Verhaal, eers goed vertel is (Müller 2000:77). Nou eers word hoop geskep vir ‘n nuwe en beter toekoms. Met goedkoop hoop mag ons nie smokkel nie, maar sonder hoop is ons terapie ook nie pastoraal nie. Die enigste vorm van lyding wat ons as pastorale werkers geroep is om te bestry, is hopeloosheid. Hopeloosheid gaan verder as uitsigloosheid. Dit bevat ‘n element van desperaatheid (“despair”) wat ‘n mens in totale moedeloosheid en selfs depressie laat verval. Hoop is egter om álles van God te verwag. Wanneer ‘n mens alles van God verwag, doen jy twee dinge: jy wag en jy doen (Müller 2000:44,45). In die narratiewe benadering gaan dit dus veral oor God se verhaal en daardie verhaal word eers deur die Gees vir ons werklik ontvou. Wat uit die ontvouing blyk, is dat God inderdaad nie ‘n God van afstand is nie, maar van betrokkenheid (Müller 1996:51).

De Klerk (1998:49,154) stel dit so mooi deur te sê dat ons deur die natuur, die geskiedenis, die gewete en die bewussyn van God, vae vermoedens oor Hom verkry. Dit is vingerwysings na God. Deur die Bybel begin Hy ‘n gesprek met ons. Dit is ‘n Boek vol getuienisse oor Hom. Die klein bietjie wat ons van Hom deur die loergaatjie van die Bybel te wete kom, is duidelik genoeg aanwysers van hoe ons Hom moet dien en wat die weg van die saligheid is. So word die vreemde God in die beelde en metafore die bekende God. In en deur die beelde praat God as’t ware in kindertaal met ons. Deur hierdie veelkantigheid te belewe, word ‘n mens versigtiger en nederiger.

Teen die agtergrond van die postmoderne tyd waarin ons leef, word die pastor oper en gemakliker met talle onsekerhede. Du Toit (2000:182) sê dan tereg: **“in hierdie sin is geloof in God in ‘n postmoderne tyd gemakliker met die idee om nie presies te weet nie”.** Geloof is dus gemakliker met onsekerhede in die postmoderne tyd. Die voorlopigheid van ons insigte moet dus altyd verreken word.

### 4.1.3 Die hantering van die Bybel

Brueggemann (1993:60) sal ons beslis kan help met teologiese verheldering en vernuwing ten opsigte van ons pastoraal – terrapeutiese taak as pastors binne die Christelike geloofsgemeenskap. Deur sy nuwe manier van lees van die verhale van die geloofsgemeenskappe, soos opgeteken in die Bybel, kan ons met ander oë na die stories kyk. Hy lees die Bybeltekste deur ‘n postmodernistiese bril wat uit twee lense bestaan naamlik: “wat dit beteken het” en “wat dit beteken”. Hy begin een van sy boeke soos volg :

> “This book seeks to do two interpretative tasks at the same time. First, it attempts to do biblical theology, to discern and articulate the main theological claims of a body of textual material, to listen to the text, and to speak echoes of it. Second, the book seeks to make a hermeneutical move to our own theological situation by drawing a ‘dynamic equivalent’ between Israel‘s exilic situation and that of the American church. Thus an effort is made to address both ‘what it meant’ and ‘what it means’ …. I have come to think it is inevitable that one’s sense of ‘what it means’ will impinge on ‘what it meant’” (Brueggemann 1986:ix).

Hy probeer letterlik in die vel van die profeet klim en kyk dan deur sy oë na die gebeure van destyds, soos byvoorbeeld die uittog, die verwoesting van Jerusalem, die ballingskap ens., soos dit in die Bybel se tekste na vore kom. Die krisisse en gebeure wat dan as metafore deur die profete gebruik is, word dan herlees sodat dit die boustene vorm vir Israel se verbeelding. Dít skep weer hoop vir Israel wat in ‘n stand van hopeloosheid verval het. Die lees en herlees van die tekste het ‘n groot invloed op die samelewing: “The prophet (Esegiël) is remarkable in this invention of new metaphors for the sake of a radical rereading” (Brueggemann 1986:60). Hy lei uit die Bybelse tekste af dat Israel in Egipte en in ballingskap uitsigloos en hopeloos was, vasgevang was in hul daaglikse roetine en hul droom, hoop en verbeelding verloor het. Moses en die profete, deur die Gees van God, het weer aan hulle ‘n verbeeldingryke toekoms met ‘n “oop-droom” en “oop-hoop” gegee. In die vasgeloopte lewensverhale en doodloop stories van die persone voór, týdens en ná die egskeiding, moet ook teen hierdie lig, saám met hulle hanteer word. Ons moet saam,

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

as medenavorsers, weer leer om te verbeel, te droom en te hoop (van Zyl 2000:6). Müller (1996:134) sluit hierby aan deur te sê: “sodat hulle, hulleself projekteer in die toekoms in, en so ‘n toekomsverhaal konstrueer waarmee hulle, hul reis na môre en oormôre aanpak”.

Veltkamp (1988:140) sien die Bybel as “a collection of stories and showed how theology – especially reformed theology – had undervalued the narrative aspect of these biblical stories”. De Klerk (1996:50) sien die Bybel as: “a collection of narratives and pleated for a literary approach in reading the text…. The biblical narrative scholar has a choice of a number of literary approaches…. Wherever our choice may fall, let us operate free from the restrictions of customary biblical interpretation, and be sensitive to the sentiments of a genuine literary reading of the text. Let the charge not be levelled against us that bibilical scholars do not make the most sensitive readers of biblical texts.”

Die Bybel-leser moet die Bybel lees en waardeer as stories. Daardeur moet hy/sy betrokke raak by ‘n kreatiewe proses waar die Bybelstorie die leser uitnooi om saam ‘n nuwe storie en alternatiewe selfnarratiewe te skep om sodoende ‘n “nuwe” teologie te konstrueer. Die Bybel word Die Storie. Deur middel van God se Storie kan ‘n persoon of ‘n gesin (of persone in die egskeidings mediasieproses) gehelp word om sowel die verlede- as die toekomsstorie só te herformuleer dat dit nuwe sin aan die hede gee. Vanuit God se Verhaal kan ons ons eie verhale herinterpreteer (Müller 2000:71).

Vos (1995:445, 453) praat oor die Bybel as volg:

> “Die Bybel is ‘n verhaalboek. In dié Boek gaan dit om God se Verhaal met mense en die wêreld. Daarom is dit ook nie vreemd dat die verhalende preek ‘n uitstekende manier is om God se Verhaal met mense vir vandag te vertel nie. Die Christelike Godsdiens leef ook van verhale. In die twaalf artikels word geloof in ‘n lewende en handelende God bely…..Die wins van ‘n verhaal is dat dit veel meer mense boei as selfs ‘n goed gestruktureerde preek. Die rede hiervoor is dat mense in verhale leef en droom. ‘n Verhaal is soos ‘n brandglas. Net soos lig in ‘n brandglas helderder en warmer word, so is ‘n verhaal ‘n versamelplek van menslike

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

> ervaringe (Henau 1976:65). Vertellinge is die uitdrukking van ervaringe (Daiber 1991:427). ‘n Verhaal is ‘n versamelbegrip vir vertellinge, fabels, gelykenisse, ervaringe, herinneringe uit ‘n dagboek. In die vertelhandelinge word dikwels van mites en metafore gebruik gemaak (Henau 1976:65) ….. Ons het ook vergeet dat die **storie** ‘n sleutelbegrip is in die begrip **historie**: historie synde ‘n verhaal oor ons aller mensheid” (Aucamp 1994:B4).

Daar moet gewoonlik ‘n verbinding gemaak word tussen die persoonlike bestaan van die mens en godsdienstige simbole. Die narratief kan in dié geval gebruik word om sodoende die verbinding wat nodig is, te bewerkstellig. Navone (1990:xv) verduidelik in sy boek “Seeking God in Story” soos volg: “This book is part of an expanding theological discourse on the narrative quality of experience… Everyone’s (and society’s) story is lived within the context of manifold stories. The Quality of his story depends on his attentiveness to and understanding of others’s stories. The Gospel truth of the Christ story is the ultimate possibility for every life story. It has become a part of the world story; it is the part which the New Testament compares to the salt which gives the whole its flavour”. Met behulp van die narratiewe teologie wat binne die raamwerk van die Bybelse Verhaal funksioneer, word die moontlikheid gebied vir vasgeloopte menslike verhale, om stories van hoop te word. Alleen maar dié Groot Verhaal kan betekenis gee aan die menslike verhaal (Van den Berg 1998:69).

Volgens Polkinghorne (1988:14) is stories ongelooflik belangrik in mense se lewens en dit speel ook ‘n groot rol in die kultuur waarbinne ons elke dag lewe. Hy stel dit soos volg:

> “The stories we encounter carry the values of our culture by providing positive models to emulate and negative models to avoid. In Christian cultures, for instance the story of Jesus of Nazareth is held to be exemplary, and by imitating his story in one’s own life as much as possible it is understood that one who live a life (that is, create a personal story) of the highest value. Our cultural stories also pass on insights about characteristics which are common to all personal histories”.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

### 4.1.4 Die rol van die Heilige Gees in ons teologie

Die Christelike antropologie kan nie beskryf word sonder besinning oor die Christelike pneumatologie nie. Vos (1989:203-204) stel dit duidelik deur die teologie met 'n spinnerak te vergelyk. Wanneer die teoloog die pneumatologie aanraak, kom die Christologie en antropologie in beweging. In die spinnerakbeweging raak dit duidelik dat die Gees die mens in die heil wat Christus verwerf het, laat deel kry. Dit is die simbiotiese werk van die Heilige Gees en beteken dat die Gees dit moontlik maak dat die gelowiges se saamleef met Christus, 'n daaglikse werklikheid word. Die mens word deur die Heilige Gees vernuwe en verander. Die vernuwende werk van die Gees binne 'n stukkende mens, laat hom/haar weer toe om te droom en aan stories van hoop te bou vir 'n wonderlike toekoms. Indien die pastoraat die misterieuse werk van die Heilige Gees misken, kan die belangrike rol van die Gees as Brugbouer en Parakleet, maklik verloën word. Heyns (1981:292) sê dat die betekenis van die Brugbouer juis is om by mekaar te bring. Die Gees wil die mens en die Woord, die mens en die toekoms asook God en die wêreld, by mekaar uitbring. Die Gees begelei die mens in nood en help hom/haar om toekomsgerig te word. As gevolg hiervan ontwikkel daar hoop, 'n nuwe groeipotensiaal en oorwinning (Müller 1996:85). Die mens ontdek homself onder die leiding van homself en word toegerus om sodoende sy bestemming as kind van God te bereik. Die Heilige Gees pas die werklikheid van die verlossingslewe, op alle aspekte van die gelowige se daaglikse lewe toe (Louw 1990:140).

Die Heilige Gees is onmisbaar in die skepping en onderhouding van verhoudinge tussen God en mens asook mens en mens. Daar kom verandering en bevryding in mense se lewens en die Koninkryk van God breek aan (Pieterse 1991:52). Cavanagh (1993:207) sê dat pastorale berading daarop ingestel is om mense te verander. Hierdie verandering is nie in die eerste plek op behavioristiese vlak nie. Dit is 'n verandering wat vanuit die toekoms en nie uit die verlede nie, plaasvind. God is altyd deur die Heilige Gees besig om 'n nuwer begin te maak, afgesien en ten spyte van die verlede (Müller 1996:29). Verandering vind plaas deur die grondige herskryf van 'n persoon se lewensverhaal, tot in die kern. Die Heilige Gees help met die omkeer, delf en herontdekking van al die latente

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

potensiaal en dít maak opsigself verandering moontlik. Deur die Heilige Gees word die navorser en medenavorsers gelei tot selfinsig, insig in hul eie gebroke werklikheid asook die belewing van die wonder van die verlossing in Jesus Christus.

Die verhouding tussen die navorser en die medenavorsers is afhanklik van die krag van die Heilige Gees. Dit is 'n verhouding wat onderneem word met die verwagting dat in die soeke na nuwe rigting, die soekers vergesel sal word van die Gees. Sodoende word die krag van God in die lewens van dié persone geopenbaar (Gerkin 1984:71). Hierdie dieptedimensie (verwysende na God en die werking van die Heilige Gees) word nie beskou "…as iets afsonderliks wat eenkant en na die tyd ook nog ontgin moet word nie, maar as 'n soort infrarooilig wat op die gesinstoneel gewerp moet word en wat heeltemal nuwe perspektief na vore bring" (Müller 1996:85).

"In die narratiewe teologiese benadering gaan dit ook en verál oor God se Verhaal en daárdie Verhaal word eers deur die Gees vir ons werklik ontvou. Wat uit die ontvouing blyk, is dat God inderdaad nie 'n God van afstand is nie, maar van betrokkenheid….. Die Heilige Gees sluit nie ons oë vir die werklikheid van die lewe nie, maar open dit juis daarvoor. Die Heilige Gees maak ons sensitief vir die empiriese werklikheid rondom ons, maar verskerp tegelyk ons geloofsoë, en só word Hy die Bron van hoop (Rom 15:13). Die Christelike hoop behels immers nie 'n blindheid vir realiteite nie" (Müller 1996:51).

In ons teologie sal ons altyd moet rekening hou met die kragtige en onvoorspelbare werking van die Heilige Gees. Stories van hoop kom gewoonlik tot stand nadat die Heilige Gees die medenavorsers in die egskeidingsmediasiesituasie aangeraak het. Vasgeloopte en doodloop stories kry nuwe betekenis in die terapeutiese proses.

### 4.2 Praktiese Teologie

Die teologiese raamwerk waarbinne ek die navorsing aanpak, is die narratiewe paradigma. Dit funksioneer onder die praktiese teologie en daar gaan vervolgens daaraan aandag

gegee word. Nel (1998:9) gee 'n praktiese uiteensetting van die praktiese teologie en verwys soos volg daarna: "Die praktiese teologie is 'n praktykgerigte vak. Sonder om in dualistiese paradigma ten opsigte van die teorie en praktyk in die Praktiese Teologie te verval, behoort met die praktiese-teologiese wysheid van Browning (1991:90), waar daar 'n teologiese integrasie van teorie en praktyk behoort plaas te vind, volstaan te word."

Praktiese teologiese wysheid kan gebruik word om die teorie in die praktyk van ander wetenskappe, op wetenskapsteoretiese vlak vir die praktiese teologie, en dan spesifiek vir die pastoraat, diensbaar te maak. Vos (1995:11) wys ook daarop dat die handelingsteoretiese benadering in die praktiese teologie op die wetenskapsteoretiese vlak aansluiting vind by die teorie van kommunikatiewe handelinge van Jurgen Habermas. Firet (1987:260) kom nou eers in plek met sy voortydige wysheid van die praktiese teologie as die bestudering van die kommunikatiewe handelinge deur dit in diens van die Evangelie te verstaan en wetenskaplik-teoreties te plaas. Praktiese teologie is 'n teologiese handelingswetenskap, waar die gebeure tussen God en mens, sentraal staan (Heyns & Pieterse 1990:41-42).

Habermas se bydrae tot die praktiese teologie word deur Heitink (1993:137) as viervoudig beskryf:

- Sy teorie het analitiese betekenis, want dit gee insig in die ontwikkeling van die samelewing.
- Dit bied 'n normatiewe funksie aan die praktiese teologie, want dit gee kritiese insig in die mens se gedrag en wys heen na 'n ideale intersubjektiewe gespreksituasie.
- Sy kommunikatiewe handelingsteorie bied 'n metodiese funksie, want die verskillende vorme van die kerklike handelinge kan gespieël word teen die ideale gespreksituasie.
- Dit het ook 'n teologiese betekenis, want verskeie praktiese teoloë gebruik elemente van sy teorie vir die ontwikkeling van 'n eie teologiese konsep binne die praktiese teologie.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Daar is volgens Dill (1996:104) verskillende benaderings tot praktiese teologie. Ek gaan dit nie bespreek nie, maar wel kortliks noem:

- **Konvensionele** benadering (E Thurneysen; JJ de Klerk, C Trimp; JE Adams)
- **Korrelatiewe** benadering (G Heitink; JA van der Ven)
- **Kontekstuele** benadering (G Otto)
- **Hermeneutiese** benadering (J Firet; HJC Pieterse; DJ Louw; D Capps; GC Gerkin; HJ Veltkamp)
- **Konstruktivistiese** benadering (De Jongh van Arkel).

### 4.2.1 Die Verbond en koninkryksperspektief

Binne die gereformeerde teologiese tradisie moet bogenoemde twee sake altyd in berekening gebring word. God se Storie word in die hele Bybel, maar spesifiek binne die verbond en die koninkryksperspektief baie duidelik aan die lesers deurgegee. Die Bybelleser moet dan die perspektiewe sy of haar eie maak, deur uit hul eie storie en die Storie van God 'n nuwe, unieke storie daar te stel en te ontwikkel. Vos (1995:74) sê dat hierdie twee konsepte komplementêre konsepte is, want die Verbond plaas die mens binne 'n bepaalde gemeenskapsruimte. "Die koninkryk rig die oë op die Koning, Sy ryk en Sy onderdane. In die ryk gee die Koning vryheid aan sy onderdane deur koninkrykswaardes soos versoening, geloof, liefde, geregtigheid, vrede en hoop te vestig. Vryheid in God se ryk beteken die erkenning van Sy heerskappy onder alle omstandighede en in alle situasies." In die egskeidingsmediasiesituasie is dit juis belangrik om binne bogenoemde perspektief, saam te soek na gedeelde waardes en stories om sodoende by stories van hoop uit te kom.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

## 4.3 Narratiewe Praktiese Teologie

Volgens Van den Berg (1998:70) was Stephen Crites se "The Narrative Quality of Experience" een van die eerste artikels binne die narratiewe benadering. Dit het 'n groot invloed op die ontwikkeling van die narratiewe uitgeoefen. In dié artikel maak hy gebruik van die fenomenologie om te bewys dat die menslike bestaan en menslike ervaring narratief van aard is (Hauerwas & Jones 1989:8). Klem word gelê op die gegewe dat " … the formal quality of experience through time is inherently narrative" (Crites 1989:66).

Stories is vensters. Dit open gewoonlik 'n blik op wat binne 'n ander persoon se kop aangaan. Hoe beter jy diegene rondom jou leer ken, hoe meer kan jy uit al die verhale wat hulle vertel, agterkom hoe en wat hulle dink en ook waaroor hul die graagste dink. Hoe meer jy jou eie stories met hulle deel, hoe meer openbaar jy jouself teenoor hulle (Joubert 2003:45). Hy gebruik ook 'n ander, baie toepaslike metafoor as dit handel oor stories in Christene se lewens. "Wanneer die videobande oud word neem hulle somtyds twee beelde oor mekaar op. Die gevolg is spookbeelde: huidige beelde en vorige beelde wat gelyktydig op die TV wys. Dit is helaas ook die hartseerstorie van baie Christene se lewens. Hulle laat toe dat twee teenstrydige stories oor God gelyktydig in hul kop afspeel soos spookbeelde" Joubert (2003a:43).

In die narratiewe navorsing waarmee ek besig is, moet ek sekere keuses maak as navorser rondom sekere beperkinge en grense van die navorsing. Die navorsing vind gewoonlik plaas binne die navorsingsveld van die pastoraat. Die pastoraat funksioneer weer binne die veld van die praktiese teologie. Müller (1996:5) plaas die praktiese teologie binne die eise van die ekosistemiese paradigma. Die narratiewe perspektief verfyn die hele kommunikasieproses binne die totale ekosisteem. Müller (1996:5) gee die volgende definisie van praktiese teologie:

> "Praktiese Teologie is die sistematies-gestruktureerde, voortgaande hermenetiese proses waardeur gepoog word om menslike handelinge, wat verband hou met die

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

> verhale met die Christen-geloofsgemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe."

Indien daar gepraat word van stories of verhale kan dit gewoonlik binne die denkraamwerk van die narratiewe paradigma geplaas word. Narratief kan dan beskryf word as die studieveld van die praktiese teologie wat 'n bydrae lewer tot beter begrip van die konsep "kommunikatiewe handelinge". Müller (1996:4) bevestig die siening en vind so ook aansluiting by Habermans en sê verder "na my mening kom ons met 'n narratiewe benadering nader aan die sentrum van 'n ekosistemiese paradigma as wanneer ons slegs met 'n kommunikatiewe handelingsteorie werk."

Müller sluit hiermee by Gerkin (1986:54) aan, wat praktiese teologie as narratiewe praktiese teologie sien. Vir Gerkin is die narratiewe praktiese teologie dus 'n voortgaande hermeneutiese proses binne die onmiddellike verhalende konteks van bediening. Die doel van die proses is die transformasie van die menslike storie. Die menslike storie kan individueel en gemeenskaplik kreatiewe moontlikhede open wat die toekoms van daardie storie raak.

Dingemans (1996:62-69) is van mening dat die meeste praktiese teoloë tussen drie soorte ondersoeke moet onderskei:

- Die analiserende beskrywing van die prakties-teologiese situasie
- Die ondersoek na die normatiewe gesigs-punte
- Die ontwikkeling van veranderingsstrategieë op grond van die beskrywing en die normatiewe uitgangspunte.

Vir hom is dit belangrik dat daar by die analise van die praxis, van sosiaal-wetenskaplike analise-metodes gebruik gemaak moet word. In die geval van die normatiewe gesigspunte sal daar van die Bybelse, dogmatiese of kerklik teologiese perspektiewe gebruik gemaak moet word. Aanbevelings tot veranderingstategieë sal weer die agogiese wetenskappe gebruik vir die nodige perspektiewe. Deur die narratiewe paradigma word

daar juis wegbeweeg van die modernistiese wyse van navorsing. Die wyse waarop bogenoemde navorsing gedoen word, pas nie in die raamwerk van die narratiewe navorsing, dus ook nie by my navorsing nie.

Beter aansluiting vanuit ‘n narratiewe paradigma kan wel gevind word by Browning se siening van praktiese teologie as “Praktiese wysheid” (Browning 1991:34). Volgens Müller (1996:1) het Browning wegbeweeg van die onderskeid tussen teorie (theoria) en praktiese teorie (techné). Hy vind eerder aansluiting by die bekende begrip “phronesis”. Hy maak gebruik van die begrip en filosofie soos dit ontwikkel is deur Gadamer en Bernstein in aansluiting by Aristoteles. “Practical reasoning” gee aanduiding tot “practical wisdom” wat ‘n inherente narratiewe karakter het (Van den Berg 1998:34).

Browning (1991:194) beweer dat die Christelike narratief iets essensieels bydrae tot die “practical reasoning” en stel dit soos volg:

> “It means, instead, that practical reason and our narrative traditions relate interactively. I argue that we can discern the form of practical reason within the Christian narrative but that we discern it within other narrative contexts as well. The Christian narrative adds very important ingredients to the functioning of practical reason – ingredients that are important to all the levels of practical reason…”.

Hy beskou die teologie in sy geheel as fundamenteel prakties en onderskei dan vier subbewegings (Browning 1991:47-49).

#### 4.3.1 Deskriptiewe of analise beweging

Vir hom begin die bestudering van die praxis met ‘n **deskriptiewe of analise** van die praxis (‘n sogenaamde “dik beskrywing”). ‘n Paar vrae moet gewoonlik gevra word soos: Wat is ons besig om te doen? Watter redenasies, ideale en simbole word deur ons gebruik om te interpreteer wat ons doen? Wat word deur ons as die bronne van gesag en

legitimasie beskou vir wat ons doen? Die klem word dus geplaas op wat werklik gedoen behoort te word en daar moet dus so wyd as moontlik na die navorsingsvraag gekyk word.

### 4.3.2 Historiese beweging

Die **historiese** beweging vra gewoonlik wat die normatiewe tekste werklik vir die praxis impliseer indien daar eerlik daarmee omgegaan word. In bogenoemde geval dink hy aan die meer tradisionele dissiplines soos Bybelstudies (eksegese), kerkgeskiedenis en die geskiedenis van die Christelike denke. Dit word dan verstaan as dele van 'n groter prakties-hermeneutiese geheel. In dié deel van die navorsing moet daar spesifiek na temas gekyk word wat met die historiese beweging verband hou soos, die konsep therapeia, pastor, die belang van die Heilige Gees, die herwinning van die pastorale asook die skep van nuwe stories van hoop. Dit alles maak deel uit van die storie-ontdekking. Die groot narratiewe prentjie moet altyd hier in gedagte gehou word (Browning 1991:49-51).

### 4.3.3 Sistematiese beweging

Die huidige situasie moet so breedvoerig moontlik beskryf word in die **sistematiese** beweging. Hy omskryf dit soos volg: "Systematic theology,…. is the fusion of horizons between the vision implicit in contemporary practices and the vision implied in the practices of the normative Christian texts. This fusion between the present and the past is much different from a simple application of the past to the present. Systematic theology tries to gain as comprehensive a view of the present as possible" (Browning 1991:53-54).

Volgens Bosman (2001:71) is dit vir Browning belangrik dat dit die taak van die teologiese etiek is om sekere kriteria te ontwikkel waaraan die geldigheid van die praxis getoets kan word. Browning (1991:104-109) ontwikkel vyf dimensies vir die praktiese morele refleksie waarmee die geldigheid van die praxis getoets kan word.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Die **visie-dimensie** vra of die praxis voldoen aan die visie wat goed en reg is soos dit gedra word deur die normatiewe verhale van die Christelike geloofsgemeenskap. Die narratiewe strukture waarbinne die morele beginsels gedra word, is gewoonlik onlosmaaklik verbind aan die idee van wat goed is. Die verhale dra dus die visie.
- Die **verpligtende dimensie** dui gewoonlik die algemeen-geldige morele beginsels aan wat vervat is in die breedste morele beginsels soos byvoorbeeld, die opdrag om jou naaste lief te hê. Die maatstaf vir dit wat eties goed is, is die algemene toepasbaarheid en wat die algemene goeie uitkoms daarvan is.
- Die **tendens-behoefte-dimensie** van praktiese morele oordeelsvorming. Die morele nadenke van die mens moet ook aan die etiese teorie getoets word. Dit impliseer dat ons behoefte en tendense van individue en ook persone altyd organiseer en afweeg teenoor mekaar (Browning 1991:106).
- Die **omgewings-sosiale-dimensie** van die praktiese morele oordeelsvorming neem gewoonlik die grens in ag waarbinne die praxis moet funksioneer. Die mense en omgewing word deur enige praxis geraak en die invloed daarvan op die omgewing en die samelewing moet altyd beoordeel word.
- Die **rol-reël-dimensie** van moraliteit handel oor die reëls wat in 'n samelewing geld en gewoonlik 'n groot invloed het op die mense se gedrag en op hul idee van wat eties korrek is. Die reëls en sosiale rolle is belangrik vir die praktiese morele oordeelvorming. Dit moet die korrekte manifestasie wees van die implisiete en eksplisiete aannames oor wat eties goed is.

### 4.3.4 Strategiese beweging

Die sistematiese behoort volgens Browning (1991:55-56) op bepaalde **strategiese** voorstelle uit te loop. Daar is volgens hom vier vrae wat ons na strategiese praktiese teologiese denke dryf:

- Hoe verstaan ons die konkrete situasie waarbinne ons moet handel?
- Wat behoort ons praxis in hierdie konkrete situasie te wees?

- Hoe gaan ons die norme van sodanige praxis in hierdie konkrete situasie krities verdedig?
- Watter wyses, retorieke en strategieë behoort in hierdie konkrete situasie gebruik te word?

Die kennis wat oor Browning gedeel is in die bogenoemde paragrawe is uiters belangrik in die egskeidingsmediasieproses en daar sal deeglik daarmee rekening gehou word om sodoende te probeer om by nuwe stories van hoop uit te kom.

Müller skryf oor die betekenis van “phronesis” (1996:1-2): “Daarvolgens is phronesis dan nie ‘n toepassing van abstrakte beginsels op konkrete situasies nie, maar verwys dit eerder na ‘n waarde-georiënteerde bespreking wat in ‘n wisselwerking tussen praktykervaring en kennis van bestaande teorieë vergestalt word.” Hy verwys verder daarop dat die benadering van Browning tot die wetenskaplike proses voortdurend in ‘n praktyk-teorie-praktyk-beweging plaasvind. Browning sluit hiermee onder meer aan by Ricoeur se taal-filosofiese teorie wat die pole van “ … understanding and explanation, narrative and theory …” in spanning hou (Browning 1991:84).

### 4.3.5 Praktyk na teorie en terug na praktyk

Bosman (2001:86) sê dat die praktiese teologie uit die praktyk kom en dat dit uitloop op die praktyk. Browning (1991:7) beskryf die verloop van die praktiese teologisering as ‘n proses “from practise to theory and back again”. Hierdie proses begin met vrae en probleme wat gevorm is deur sekere sekulêre en godsdienstige praktyke waarin die navorser staan en wat dan om verdere besinning vra. Bogenoemde praktiese vrae loop dan uit op teoretiese besinning wat dan weer uiteindelik neerslag vind in ‘n nuwe praktyk. Hierdie proses van praktyk na teorie en terug na praktyk hou nooit op nie: “religious communities go from moments of consolidated practice to moments of deconstruction to new, tentative reconstructions and consolidations. Then a new crisis emerges and the community must launch into the entire process once more” (Browning 1991:6). Hy maak

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

dit ook duidelik dat die proses waardeur die praktiese teologie gaan, naamlik van praktyk na teorie en dan weer terug na die praktyk, 'n baie komplekse proses is: "to think and act pratically in fresh and innovative ways may be the most complex thing that humans ever attempt" (Browning (1991:7).

### 4.3.6 Praktiese teologie as 'n kritiese gesprek

Volgens Pattison (2000:136-137), 'n praktiese teoloog van formaat, is dit belangrik dat teologiese denke met vrug begin kan word deur dit te sien as 'n kritiese gesprek. Hy beweer dat teologie kontemporêre nadenke moet wees. Die teologie moet dus poog om een of ander politieke vraagstuk wat in die huidige situasie relevant is, te verstaan. Hy stel dit soos volg:

> ".... what unites all theology is its quest for adequate and true responses to the realities of human and religious experience. Good theology is dynamic, searching and open ended. Some of the most influential theology ever written has been a response to urgent pastoral situations (e.g. that of St Augustine) and it has been characterized by a willingness to really try and listen to and understand present realities rather than to regurgitate the answers of the past."

Die pluraliteit van die teologiese ondersoek wat daarop wys dat daar geen finale vorm is waarin 'n teologiese ondersoek gegiet kan word nie, speel ook 'n belangrike rol. Daarom is dit meer korrek om van teologieë in die meervoud te praat in plaas daarvan om vas te hou aan die moontlike ideaal van 'n enkele omvattende teologie. Pattison (2000:137-138) som dit soos volg op:

> "There are all sorts of ways of doing theology which are so different that it sometimes seems that the only thing that unites them is a common claim to be talking about God and religious experience. Theologies work at many diffferent levels and with very different aims, methods and concerns."

In my navorsing is dit dus belangrik om te beweer dat een teologiese paradigma nie beter of meer korrek as 'n ander is nie. Die teologiese metode wat aangewend word in die navorsing, moet egter nuttig wees vir die onderwerp en die situasie waarbinne die bepaalde teologie, beoefen gaan word.

Teologiese nadenke kan sinvol aangewend word indien dit gesien word as 'n kritiese gesprek binne die navorsing. Binne hierdie gesprek bevind die teoloog/navorser hom/haarself in 'n kritiese gesprek, waarin daar drie stemme gehoor kan word:

- "die teoloog se eie idees, geloofsaannames, emosies, voorveronderstellings en persepsies,
- die geloofsaannames, voorveronderstellings en persepsies van die Christelike geloofstradisies, en
- die huidige situasie wat ondersoek word".

In hierdie gesprek word elk van die gespreksgenote deur die ander op kritiese wyse ondervra en elkeen moet die ander leer ken" (Bosman 2001:73).

'n Aantal redes word aangevoer waarom dit voordelig is om teologiese nadenke as 'n kritiese gesprek te sien (Pattison 2000:139-140). Bosman (2001:74) bring van dié punte in verband met narratiewe navorsing. 'n Gesprek is konkrete gebeure uit die alledaagse lewe wat aan ons bekend is. Bogenoemde stem grotendeels ooreen met die narratiewe benadering wat uitgaan van die konkrete aard van verhale: verhale word altyd deúr iemand aán iemand vertel. Narratiewe navorsing is dus gerig op die spoor van konkrete verhale en konkrete gesprekke:

- 'n Werklike gesprek is iets wat lewendig is en wat voortgaan asook gedurig verander. In die narratiewe benadering moet die gesprekvoerder/navorser oop wees vir die eiesoortige kinkels en draaie van 'n werklike gesprek. Jy weet nie

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

vooraf waar die navorsing jou gaan bring nie, maar bly juis oop vir die unieke uitkomste wat tydens die navorsing na vore behoort te kom.

- Om deel te neem aan 'n gesprek, word van die navorser vereis om gewillig te luister en deeglike aandag te gee aan die ander medenavorsers/gesprekgenote se standpunte. Die antwoorde en uitkomste van die navorsing is dus nie voorspelbaar nie. In die narratiewe benadering gaan dit juis oor integriteit wat daarin geleë is dat daar goed na ander se stories en menings geluister sal word.
- 'n Goeie gesprek word gekenmerk deur die feit dat die deelnemers verander word deur hul deelname aan die gesprek/navorsing. Kritiese bevraagtekening is dus nie net 'n eenrigtingproses nie, maar al die gespreksgenote/medenavorsers word tydens die gesprek verander en hul insig word verbreed. Die navorser asook die medenavorsers is in die narratiewe benadering juis oop om te verander en almal word in die kritiese gesprek geslyp.
- Dit is belangrik om daarop te let dat een persoon se standpunt nie dominant sal wees in 'n gesprek en dus al die ander persone se standpunte oorheers nie, of dat almal noodwendig oor alles ooreen sal stem nie. Binne die narratiewe navorsing word alles dus nie in 'n hegte harmonieuse geheel saamgevat nie. Verskillende standpunte bring mee dat daar aan die einde nie noodwendig saamgestem gaan word nie, maar wel dat almal se standpunte gehoor sal word.

Verskillende struikelblokke soos stilte, verskille en 'n gebrek aan kommunikasie, moet dikwels in die gesprekke oorbrug word. Dié verskille moet altyd in ag geneem en gerespekteer word.

### 4.4 Die rol van die pastor / terapeut / navorser in die navorsingsproses

Die rol van die pastor/terapeut/navorser moet altyd deeglik in die navorsingsproses verreken word. Omdat ek in my navorsing met die narratiewe paradigma werk, sal ek, soos reeds in Hoofstuk 1 aangedui, as navorser saam met my medenavorsers inhoud gee aan die navorsing.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Müller (1998:70) sê dat die narratiewe pastor eintlik net drie belangrike hulpmiddels het waardeur hy die verhale van mense ernstig kan opneem en waarmee daar saam met die medenavorsers op reis gegaan kan word. Dié drie is responsief-aktief luister, 'n nie-wetende posisie-inname en gespreksvrae. In die narratiewe pastoraat gaan dit dus nie in die eerste plek oor sekere tegnieke nie, maar val die klem eerder op narratiewe betrokkenheid. Die bogenoemde drie hulpmiddels moet dus slegs as hulpmiddels beskou word wat die ontginning van verhale en die integrering daarvan in die proses van singewing, vergemaklik.

Coetzee (1999:252) sê dat in die proses om tot die verstaan van mense en hul waardes te kom, die vraag ontstaan na die rol, plek asook die identiteit van die pastor. In dié verband onderskei Heitink (1998:251) onder meer tussen 'n persoonlike (wie is ek?) en 'n pastorale identiteit (wat kon ek doen?). Dit is ongelooflik belangrik dat die pastor/navorser altyd na hom/haarself sal omsien en ook kritiese vrae vra rondom sy/haar eie menswees en motiewe. Van Rhijn en Meulink-Korf (1998:423) sluit by bogenoemde aan met die volgende vraag: "Wat maakt mij als pastor toegerust om ander bij te staan in de zorg om de rekening niet eindeloos door te laten gaan?" Die verbintenis tussen die pastor/navorser en God speel 'n belangrike en selfs deurslaggewende rol in die terapeutiese/navorsingsituasie. Die fundamentele verbintenis met God vind plaas in die konteks van radikale, nie –patologiserende genade van God. God aanvaar sonder oordeel en sonder diagnose. God-in-Christus neem saam deel aan 'n gesprek wat met hoop gevul is, met die oog op verlossing (Boyd 1996:216).

Gerkin (1997:114) en Müller (1998:177) gebruik treffende metafore om die rol van die pastor/navorser in die narratiewe pastoraat uit te lig. Gerkin beskou die narratiewe pastor as interpreterende gids wat die mense in hul verhale begelei om self sin en identiteit te vind. Hierdie rol van die pastor is daarop gerig om te fasiliteer in die dialogiese proses tussen die eie, unieke lewensverhaal van die pastor en die Christelike verhaal, asook tradisie, oor hoe die lewe geleef moet word. Müller sê in die verband dat die narratiewe

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

pastor gewoonlik die uitdaging het om die gespreksgenoot drome te laat droom en 'n hoopvolle toekomsverhaal te verbeeld. Lester (1995:22) beklemtoon juis die rol van die pastor omdat mense se verhale van nood volgens hom primêr verband hou met die verduisterde toekomsverhale. Volgens Jensen (1984:224) moet die pastor die hoop kommunikeer dat God, wat aktief betrokke was by die vormgewing van die religieuse verhaal, reeds aktief betrokke is by die verhale van die individu en die gemeenskap binne die dampkring van 'n bepaalde tradisie. Die pastor is dus 'n hoopdraer wat die medenavorsers gedurig daaraan moet herinner dat daar hoop is – 'n hoopvolle toekomsverhaal wat op 'n unieke wyse God se betrokkenheid in die unieke lewensverhaal sal verbeeld (Capps 1995:75).

Die taak van die pastor/navorser is primêr hermeneuties. Müller en Maritz (1998:64) wys dat dit onder meer beteken dat die taal die medium is waardeur terapie/navorsing plaasvind en dat die terapeut/ navorser 'n interpreterende rol speel. Dit is juis in dié opsig dat narratief en metafoor 'n belangrike rol speel in die pastor/navorser se hermeneutiese taak. Die navorser/pastor moet dus in die narratiewe pastoraat in besonder let op die rol en betekenis van die narratief en die metafoor omdat: "metaphor, and narratives are most important in their predicative function: to open up new possibilities of existence; to create new meaning; to reveal a 'surplus of meaning'" (Streib 1991:117).

In enige hermeneutiese pastorale perspektief is daar belangrike uitgangspunte wat die pastor/navorser raak. Een van die mees belangrike uitgangspunte word deur Van der Ven (1994:29) soos volg omskryf:

> "The researcher meets his or her topic of study from his or her own prejudices… only in that case the topic under study can communicate itself to the researcher in a proper way. Exactly in the confrontation between one's own prejudices and the "otherness" of the text, of the human actions or of the data under investigation, really hermeneutic understanding takes place".

Die pastor/navorser se godsdienstige en kulturele waardes het gewoonlik ook ‘n invloed op die terapeutiese/navorsingsproses. In die terapeutiese/navorsingsproses word daar dus nuwe betekenis tussen die pastor/navorser en gespreksgenoot/medenavorsers gekonstrueer en hierdie nuwe betekenis is in die kulture van die genoemde persone vasgevang. Die pastor/navorser moet daarteen waak dat sy/haar verhaal/kultuur nie ‘n groter uitwerking op die gespreksgenoot/medenavorsers se storie het nie, en omgekeerd (Paré 1995:10-12).

Vos (1995:42) stel dit duidelik dat die narratief en die pastor/navorser mekaar moet aanvul en komplementeer binne die navorsingsproses. Hy stel dit soos volg: “In die narratief kom die bestaansvrae en -antwoorde vertellend na vore. Die weg tot selfverstaan loop deur die verhaal. Ons word self die protagoniste en ons lewensintrige word ontknoop. In die narratief kom die paradoksale dieptedimensies van menslike tydelikheid deur die verhaalintrige na vore. Dié dimensie sluit ons sorgende bestaan en ons ewigheidsgerigtheid in”.

Brueggemann (1986:16) rig ‘n gepaste waarskuwende woord aan die pastor/navorser na aanleiding van Jeremia se verhale van hoop:

> “The poet understood that if one tries to care for this people in a protected vacuum without reference to the real life context, one loses vitality because one is engaged in a charade. When one has a ‘hidden motive for pastoral action’, (sic) then one may focus on ‘the care of souls’ (sic) without reference to the awesome and ominuous events of the world around us. Such pastoral care is finally a lie, and living such a lie will rob us of energy”.

Hy maak verder ‘n paar interessante opmerkings rondom die taak en persoon van die pastor/navorser na aanleiding van die oorheersende gedagte (vir hom) dat, “prophets …. are characteristically poets”.

- Die digters het geen raad om aan die mense te gee nie – hulle wil egter graag net hê dat mense sake anders sien, die lewe anders sien.
- Hulle gebruik gewoonlik taal wat lewendig is en nie by die eerste “oogopslag” uitgeput is nie en wat dus die toekoms oopmaak.
- Hulle gebruik gewoonlik taal sodat die werklikheid waarna dit verwys, oopgelaat word vir die ervaringswêreld van die luisteraar.

## 4.5 Narratiewe pastoraat

### 4.5.1 Verskillende benaderings tot die pastoraat

De Jongh van Arkel (1992:29) wys op die verskeidenheid standpunte oor die pastoraat. Tog is daar tussen die variasies ‘n goue draad. Dit gaan in die pastoraat om God se sorgende handeling aan die mens. Ons kan breedweg die volgende benaderings tot die pastoraat aantoon:

- Die **kerugmatiese** benadering
- Die **eduktiewe** benadering
- Die **noutetiese** benadering
- Die **bipolêre** benadering
- Die **relasionele groeiproses** benadering
- Die **narratiewe** benadering.

Daar is verskeie ander benaderings maar die voorafgaande is ‘n aanduiding dat die pastoraat wat as sambreelterm vir onderlinge sorg, pastorale sorg en pastorale terapie dien - ‘n eie geskiedenis het waaruit ons eklekties kan werk om die beste uit elke rigting te kies. Daar word ook verwys na pastoraat as hulpverlening (Heitink 1999); as ontmoeting (Louw 1993); as betrokkenheid (Müller 1994) en as gelykenis (Veltkamp 1988). Sowel Müller (1994:25) as Veltkamp (1988:186) laat baie klem val op die verhalende en narratiewe aard van die pastoraat.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Eko-hermeneutiese pastoraat word dan hoofsaaklik deur Müller gebruik. Ekologie kan dan omskryf word as die “widest possible context for studying the reciprocal relations and inter-relations in and between systems” (Le Roux 1987:64). Ekologie is ‘n konstruksie wat in ‘n ekosistemiese benadering van pastoraat gebruik kan word om alternatiewe aan te dui, terwyl dit ook die alternatiewe van die beperkende van waarnemers ken. Die waarnemer is ‘n integrale deel van die struktuur van die ekologie. Die term eko-hermeneuties bestaan uit die begrippe ekosistemies en hermeneutiek. Ekosistemies verwys dan na die wydste moontlike sisteem of netwerk van sisteme, terwyl hermeneuties die element van die begrip beklemtoon (Müller 1991:186). Die raakpunte tussen die verhaal van die mens en die verhaal van God as deel van die ekosisteem staan ten doel van die eko-hermeneutiese pastoraat. Slegs wanneer die hele ekologiese raamwerk in gedagte gehou word, kan die Verhaal van God binne ‘n bepaalde konteks verstaan word. Pastoraat as narratiewe betrokkenheid beskryf bogenoemde vanuit God se storie met die mens en andersom. Ware verstaan vra betrokkenheid en betrokkenheid lei tot verstaan. Daarom gaan dit in die pastoraat om narratiewe betrokkenheid (Müller 1996:27).

In die pastoraat gaan dit vir Müller (1996:24) om ‘n teologie van betrokkenheid: “ware verstaan vra betrokkenheid (an encounter) en betrokkenheid lei tot verstaan”. Daarom dat die pastorale betrokkenheid dan juis ‘n hermeneutiese avontuur is (Bons-Storm 1989:11). Verandering is ‘n narratiewe saak wat deur middel van die pastoraat/navorsing ruimte skep om nuwe geleenthede te identifiseer en te benut om sodoende stories van hoop te konstrueer. Omdat gesinne, of dit ‘n enkelouer of ‘n her-saamgestelde gesin is, ge-interpreteerde gemeenskappe of “storying cultures” is, moet daar na al die gemarginaliseerdes asook dominante stemme en stories geluister word.

Binne ‘n teologie van betrokkenheid, waar daar erns gemaak word met die pastoraat/navorsing, moet daar rekening mee gehou word “dat ‘n pastorale benadering enersyds berus op ‘n baie simpatieke houding. Dit is immers om met die gesindheid van Christus, wat innig jammer kry en vergewe, na mense te kyk. Aan die anderkant hou dit

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

ook 'n skerp kyk en soeke na die waarheid in. Juis vanuit die Evangeliese perspektief is dit nie aanvaarbaar om bo-oor distorsies van die waarheid te kyk nie" (Müller 1996:181). Volgens Gouws (2002:36) is dit belangrik dat daar in die pastoraat tot verstaan gekom moet word. In dié proses moet die terapeut/pastor/navorser sowel as die gespreksgenoot/medenavorser, sy/haar lewe, ervaringe en wat God daaroor sê, begryp en interpreteer. In die pastoraat word dan na twee kante tot verstaan gekom, naamlik die verstaan van die mens en sy ervaringswêreld aan die een kant, en aan die anderkant die verstaan van die oorlewering van Godsweë.

Die narratief se betekenis vir die pastoraat word deur Browning (1991:206) soos volg aangedui:

> "Finally, the Christian narrative of the cross adds an obligation to go the second mile in the communicative situation ... Set within the context of discourse theory, the Christian narrative contributes to freer and less distorted communication as well as its revitalization and renewal".

Dreyer (1998:99) sê dat die "pastorale interaksie 'n 'ontmoetingsgebeure' veronderstel. In hierdie gebeure gaan dit oor die 'uitwerking' van die heil op die mens, dié mens se ervaringswêreld en eksistensiële oriëntasie binne die kompleksiteit van die sosiale konteks en metodes van die pastorale bediening." Sommige teoloë sê dat pastoraat hoofsaaklik sentreer rondom die sorg wat aan mense verleen word. Louw (1993:200) gebruik die begrip "sorg" in terme van sy beskouing van die pastoraat as ontmoeting. Müller (1996:25,61) het egter 'n probleem met Louw se siening van pastoraat as "ontmoeting" en "sorg". Hy meld dat ontmoeting in Afrikaans nie die nodige geladenheid het wat kenmerkend van die pastorale arbeid is nie. Hy maak ook beswaar teen die begrip "sorg" omdat betrokkenheid meer op die "daar wees" sou dui. Die betrokkenheid sluit dan ook aan by die Bybelse model van God se betrokkenheid by die mens en sy omstandighede.

In die narratiewe pastoraat word daar baie van metafore gebruik gemaak. Die gebruik van metafore in die navorsing maak dit vir die navorser asook vir die medenavorsers baie meer

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

prakties in die hele proses. Metafore in die lewensverhale van mense plaas die klem op 'n verskeidenheid van persoonlike ervarings. In 'n pastorale/navorsingsproses word dié ervarings geïnterpreteer en word daar 'n bepaalde identiteit aan die medenavorser/gespreksgenoot verleen (Müller & Maritz 1998:73). Die ervarings wat deur metafore uitgedruk word, word dan "identiteitsmetafore" genoem. Binne 'n bepaalde lewensverhaal is daar dus 'n aantal metafore wat gekoppel is aan unieke ervarings. Hierdie metafore gee uitdrukking aan ervarings waarvan die betekenis ontwykend van aard is en daarom dus net op metaforiese wyse uitgedruk kan word.

Volgens Heitink (1993:256) kan daar uit die verskillende vorme van pastoraat vier funksies vir die pastoraat onderskei word naamlik:

- 'n helende funksie wat die pastoraat verbind met die verskillende vorme van psigoterapie
- die bystaan van mense in die verwerking van krisise en verliese
- die begeleiding van mense in die uitoefening van keuses en beslissings
- die versoening van mense wat vervreemd is van mekaar, hulself en God.

### 4.5.2 Drie verskillende vorme van pastoraat

De Jongh van Arkel (1992:130) onderskei drie vorme van pastoraat naamlik onderlinge sorg, pastorale sorg en pastorale terapie. Die onderskeidings wat tussen die drie vlakke van die pastoraat gemaak word, dui nie 'n hiërargie aan nie, maar is bloot funksioneel oor elkeen se aard. Vanuit my gekose epistemologie help die onderskeiding my om sinvol daarby aan te sluit in my studie. Ek gaan kortliks na die volgende onderskeidings kyk.

- **Onderlinge sorg -** Onderlinge sorg is die primêre vlak van pastoraat en De Jongh van Arkel (1991:110; 1992:89) sien onderlinge sorg as ongeorganiseerd en ongeforseerd. Dit kom voor waar lidmate vir mekaar sorg. Sleutelbegrippe binne onderlinge sorg is spontane aksie, spontaneïteit of ongedwonge handelinge. In die

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

onderline sorg sien ons die ekklesia (gemeente) en die koinonia (geloofsgemeenskap) gestalte kry.

- **Pastorale sorg -** Vir De Jongh van Arkel (1987:9) is pastorale sorg georganiseerde, ondersteunende, kerklike sorg met die oog op die opbou en versorging van die gemeente. Janson (1984:136) trek dit verder deur aan die persoonlike en geestelike nood van die mens aandag te gee. Die vlak verg groter vaardighede as onderlinge sorg en is nie net die pastor se verantwoordelikheid nie, maar word uitgevoer deur die besondere ampte, pastorale medewerkers en vrywilligers uit die gemeente (Kotzé & Roux 1997:56).
- **Pastorale terapie -** Pastorale terapie is die derde vlak van pastorale werk en is op gelyke vlak met ander helpende professies. Dit verg ook opleiding en terapie (De Jong van Arkel 1991:112).

In die studie word van al drie vorme van pastoraat gebruik gemaak en dit word ook geïntegreer in die pastorale narratiewe egskeidingsmediasieproses.

### 4.5.3 Die gespreksagenda en vyf bewegings in die narratiewe pastoraat

Die pastoraat van narratiewe betrokkenheid van Müller (1996:99), speel ‘n deurslaggewende rol in my navorsing oor die narratiewe egskeidingsmediasie. Hy identifiseer ‘n gespreksagenda wat aan die hand van die narratiewe pastoraat gestruktureerd is. In dié gespreksagenda kom vyf groot bewegings of verhale na vore. Hy onderskei die volgende vyf verhale:

- **Die noodverhaal –** Die medenavorser/gesprekgenoot moet die geleentheid gebied word om sy/haar storie van nood so uitvoerig as moontlik te vertel. Omdat elke mens se nood uniek is, beleef hulle die behoefte dat iemand na hierdie probleemversadigde storie moet luister. Keith & Whitaker (1988:440) stel dit soos volg: “The family’s past and future experience collapses into the present”. Alles stort in duie en die noodverhaal verblind hul visie en perspektief op die toekoms.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

In hierdie hele proses moet daar ruimte geskep word om die hele noodstorie in soveel detail as moontlik te vertel. Dit gaan nou hier om die vertel van die verhaal ("storytelling") dit gaan nou oor die wát en nie om die wáárom nie. Daar moet genoeg tyd spandeer word sodat die hele storie vertel kan word voordat daar geïnterpreteer word. Sirkulêre vrae kan baie sinvol aangewend word in die mediasiesessie om sodoende die medenavorser/gespreksgenoot aan te moedig om die verhaal van nood te vertel. Sirkulêre vrae help die navorser/pastor om die gesprek sinvol aan die gang te hou en dit vra na interaksie tussen mense. Müller (1998:76) sê dat daar volgens Hoffmann 'n hele paar voordele verbonde is aan sirkulêre vrae:

- Dit laat mense tot stilstand kom en nadink oor wat gebeur, eerder as om stereotiep te veroordeel.
- Dit sny binne-in konflikte in, nie alleen tussen gesinslede nie, maar ook tussen gespreksgenote en die terapeut.
- Dit het meer "difference thinking" tot gevolg. Dit kan die insig bring dat 'n klein verskuiwing in die manier van interaksie 'n verskil kan maak.

- **Die verledeverhaal –** Hier gaan dit verder as die noodverhaal. Die verledeverhaal help gewoonlik om lig op die nood te werp en sodoende die nood te verlig. Daar moet erns gemaak word met die verledeverhaal want dit is die roumateriaal wat hier op die tafel geplaas word en daarom is dit noodsaaklik dat daar van "storymaking" gebruik gemaak word. Dit kan egter nie plaasvind sonder dat die verlede eers deeglik vertel is nie. 'n Mens kan alleen verstaan hoe jou eie klein geskiedenis inpas en deel is van die Groot Geskiedenis (Heilsgeskiedenis) as albei, die klein verhaal en die Groot Verhaal, eers goed vertel is (Müller 1998:77). Die verlede word nie hier teruggeroep of herroep nie, maar 'n herbelewenis daarvan word nou voorop gestel. 'n Toekomsstorie moet later uit die herinnering van die verlede

gekonstrueer word. Sodoende word die verlede die boumateriaal in die verbeelding van die toekoms en in stories van hoop.

Müller (1998:78-92) noem 'n aantal metodes wat as boumateriaal gebruik kan word in die terapeutiese/navorsingsproses:

- **'n Verhaal uit jou kinderdae** kan sinvol benut word aangesien dit teruggryp na die verlede en weereens fokus op die situasie hier en nou. Die verhaal kan opgebou word uit insidente wat 'n soort krisis was wat 'n postiewe of negatiewe afloop gehad het, simbole soos foto's, kledingstukke, juwele, boeke ensovoorts, kan sinvol gebruik word om die proses in te kleur.
- **Grafiese voorstellings** kan gebruik word om die verledeverhaal te laat ontvou. Müller (1998:79-86) identifiseer drie metodes wat sinvol gebruik kan word om die verledeverhale sinvol te belig: die genogram, lewenslyne en die ekokaart.
- **Die toekomsgram en die toekomskaart** is tegnieke wat Gouws (2002:135) ontwikkel het. Die medenavorser/reisgenoot word dan gevra om 'n genogram of ekokaart vyf of tien jaar van die huidige datum af op te stel, deur dit te verbeel. Die inligting kan dan sinvol ingetrek word in die gesprek en so meehelp met strategiese beplanning rondom sekere sake.
- **Herformulering** speel ook 'n belangrike rol om die gesin se perspektief te verander indien die realiteitsperspektief verander het. Van der Westhuizen (1994:104) haal vir Watzlawick, Weakland en Fisch soos volg aan: " to change the conceptual and/or emotional setting or viewpoint in relation to which a situation is experienced and to place it in another frame which fits the act of the same concrete situation well or even better, and thereby changes its entire meaning".

Emosies wat bydra tot die seer en trauma van die egskeiding, word ge-herformuleer en dit help gesinslede om in 'n ander konteks op te tree. Met behulp van

herformulering word die emosies van die gesinslede op die tafel geplaas, geweeg, geëvalueer en op 'n positiewe manier hanteer.

- **Die verduisterde toekomsverhaal -** Volgens Müller (1995:87) is die toekomsverhaal nie eksplisiet nie, maar funksioneer dit implisiet. Die verledeverhaal wat vertel is, bied ruimte vir menslike interpretasies. Dit is asof die toekomsverhaal soos 'n embrio in die baarmoeder lê. Die verledeverhaal bied dus die grondslag van waaruit 'n toekomsverhaal gekonstrueer moet word. Müller (1998:91-92) stel dit soos volg: "Terwyl die lewensproses vorentoe beweeg, word ons nie lastig geval met die vraag na die sin van alles nie, maar wanneer die pad geblokkeer lyk, kan 'n mens die vrae nie meer ontwyk nie. So gesien, is die versteurde toekomsperspektief die primêre motivering vir betekenisvolle verandering".

- **Die hervertelde verledeverhaal -** Daar moet voortdurend sirkulêr met die verlede en toekoms omgegaan word. Die positiewe herformulering wat reeds plaasgevind het, help dat die geskeides en hul afhanklikes se identiteit versterk word. Tydens die mediasiesessies word hul verhale vertel en betekenisse word daaraan toegeken asook interpretasie van die betekenisse vind plaas. Die verhaal word sodoende geherformuleer deurdat hulle self en andere nuwe betekenisse daaraan toeken. Estés (1992:59-60) noem twee begrippe wat kan help in hierdie hele proses naamlik "bactracking"en "looping". Sy omskryf dit soos volg: "bactracking and looping is when an animal dives under the ground to escape and pops up behind the predatores back". Wanneer die verledeverhaal vertel word, word daar gewoonlik van "backtracking" gebruik gemaak. Om van "looping" gebruik te maak, is om jou agtervolger te ontduik en agter sy rug te begin om hom te volg. Dit is dus om jouself te agtervolg deur op jou eie spore terug te loop om sodoende jou reaksies/emosies en/of omstandighede van nuuts af te probeer verstaan. Met "looping" gaan dit dus oor die proses wat saamhang met herformulering.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- **Die verbeelde toekomsverhaal -** Dit is duidelik uit bogenoemde dat dit wat in die verlede ervaar was en ook dit wat nou ervaar word, geprojekteerde toekomsbeelde word. Stories van hoop ontwikkel ook hieruit omdat die toekoms die bron van hierdie storie word. Indien ons die klein stories formuleer oor wat moontlik kan gebeur en dit herformuleer aan die hand van 'n hergeformuleerde verlede, kan ons op die toekoms fokus. "Die gekonstrueerde verhale dien as padkaart op hierdie reis" (Müller 1998:99). So kan daar sinvol op die lewensreis voortgegaan word deur te fokus op die eindbestemming wat al deel van die verlede en hede is. Verbeelding asook die ontwikkeling van stories van hoop speel 'n belangrike en deurslaggewende rol in die hele proses. Verskeie metafore kan gebruik word want dit rig 'n appél op die verbeelding van die geskeides en almal wat daarby betrokke is.

### 4.5.4 Tegnieke in die rekonstuksie (fasilitering) van 'n toekomsverhaal

Verskillende tegnieke kan sinvol aangewend word binne die narratiewe paradigma in die proses van die rekonstruksie van 'n toekomsverhaal:

- **Rituele -** In die rekonstruksie van die toekomsverhaal is dit baie belangrik om te onderskei tussen dit wat verander moet word en dit wat dieselfde bly. Volgens Van der Westhuizen (1993:19) is rituele 'n handige instrument waarmee gesinne gehelp kan word om hul waardes en tradisies uit te druk en om rigiede gedragspatrone te verbreek. Vyf sentrale begrippe word uit verskillende definisies van rituele onderskei (Müller 1996:2-3):
- **Simboliese handelinge** waar woorde en dade bepalend is
- Dit gaan om **kommunikasie**, naamlik simboliese kommunikatiewe handelinge
- Kommunikasie word beskou as die **gee van antwoorde** op spesifieke gebeure
- Die **handelinge** is formeel en gestruktureerd
- Gewoonlik is daar 'n **religieuse** element betrokke.

Müller (1996:3) definieer 'n ritueel soos volg:

> "....'n Simboliese, formeel gestruktureerde, en dikwels godsdienstige kommunikatiewe handeling, waardeur 'n enkeling en/of gemeenskap 'n antwoord gee op 'n bepaalde gebeurtenis".

Voorbeelde van rituele is onder meer die skryf van 'n brief as moontlike uiting van emosies of 'n pret-ervaring saam met een van die ouers voor/tydens/na die egskeiding.

- **Verbeelding van 'n wonderwerk -** Om iets te verbeel of baie positief daaraan te dink, is baie algemeen by ons as mense. Met behulp van verbeelding is dit moontlik om met nuwe oë na die toekoms te kyk. Deur sinvolle vrae te vra wat 'n aanspraak maak op die persoon se verbeelding kan daar sinvol oor die toekoms gedink word. Vrae soos "as jou ouers nie sou skei nie ..... Hoe sou dit jou lewe verander het? Hoe sou jy voel indien jy geen probleme op die oomblik sou hê nie?" Om 'n goeie verhaal te verbeel wat uit goeie dinge bestaan kan 'n baie positiewe uitwerking op die persoon/persone hê. "In hierdie identifikasieproses speel fantasiebeelde en drome 'n groot rol" (Louw 1984:131).
- **"As if" (Veronderstel) gesprekke -** Met hierdie tipe gesprekke word daar gepoog om verby die huidige realiteit te kyk en dan te veronderstel dat sekere gebeure moontlik kan plaasvind. Dit kom veral handig te pas as 'n instrument om 'n nuwe toekomsverhaal te verbeel. Die pastor/navorser word in staat gestel om saam met die medenavorser/reisgenoot 'n nuwe toekomsverhaal te skep wat op feite sowel as verbeelding gegrond is (Lester 1995:146).
- **Kreditering/erkenning -** Kreditering, ooreenstemming en saamstem is nie noodwendig sinonieme nie. Gedrag word nie noodwendig goedgekeur indien daar krediet gegee word nie. "... But it has the ethical force to mitigate disagreement, demistify motive and disharm conflict" (Krasner & Joyce 1995:217). Gesinspatrone word verbreek in die egskeidingsituasie, en alle partye moet leer en gehelp word om krediet te gee aan mekaar vir die positiewe bydrae wat wel gemaak is in almal se lewens. Meervoudige partydigheid kan in dié geval sinvol benut word.

- **Vryspraak -** Vryspraak en vergifnis is nie sinonieme nie en moet daarom van mekaar onderskei word: "...forgiveness retains the assumption of guilt and tends the forgiver's generosity to the person who has injured her or him" (Boszormenyi-Nagy 1986:416). Volgens Krasner en Joyce (1995:219) kan vryspraak as volg omskryf word: ".... a choice and a process of lifting the load of culpability off the shoulders of a given person, whom heretofore we may have blamed. It is an effort to develop more ethical imagination for a "victimizer's" context, more realistic premisis from which to rework stagnation, and more inclusive criteria for longterm healing". Vryspraak kan dus alleen plaasvind indien die onregverdighede van die verlede verstaan word. Al die persone in die egskeidingsituasie kan mekaar eers vryspreek indien daar verstaan word dat daar waarskynlik onregverdighede tussen hulle plaasgevind het.
- **Skryf van briewe** - Morgan (2000:104) maak gebruik van briewe en dit help "people to stay connected to the emerging alternative story that is co-authored in narrative meetings". Deur middel van briewe, wat as selfnarratiewe gebruik word, kan 'n groter prentjie van die verhaal beter ontgin en verstaan word. Die briewe dien ook as ekstra en 'n fynere inkleding van die navorsers se eie prentjie. Teen dié agtergrond kan nuwe diskoerse geïdentifiseer word. Dit kan meewerk om stories van hoop te laat verrys.

Dit is baie belangrik in die terapeutiese/pastorale proses dat mense se belewenisse van hulself as betekenisvolle en waardevolle wesens nie ondermyn moet word nie, maar wel uitgelig en bevestig moet word. Stott (1994:16) toon aan dat dit 'n inherente deel van die Christendom is dat die individuele waarde van mense verstaan en hoog geag word. Dit is dus belangrik dat daar in die toekomsverhaal juis moeite gedoen word met al die betrokkenes om hul belewenisse van hulself as betekenisvolle en waardevolle wesens gereeld te bevestig.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die pastoraat van narratiewe betrokkenheid 'n baie sinvolle manier is, en gaan ek in die volgende hoofstuk meer in detail daarna kyk. Detail

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

aandag sal ook gegee word aan die ABDCE - skryf formule wat ontwikkel is om sinvolle narratief-gebaseerde navorsing te doen.

# HOOFSTUK 5

# MOONTLIKE STORIES VAN HOOP...... – ‘N MOONTLIKE KLIMAKS

## 5.1 Inleiding

“Jesaja het al gepraat van die dag wanneer die mense van hulle swaarde sal ploegkare smee; en uit die voormalige Sowjetunie kom hierdie ware verhaal van ‘n missielkompleks wat gebruik is om ‘n plek van aanbidding te bou. Die Belo-Russiese owerheid het die Baptiste in die dorp Kobryn toestemming gegee om hulle eerste bymekaarkomplek te bou wat deur die owerheid erken is sedert die gemeente in 1925 gestig is. Daar was egter ‘n desperate tekort aan boumateriaal vir die nuwe kerk, en daarom is hulle toegelaat om ‘n verlate missielkompleks en barakke daar naby te sloop en hierdie materiaal vir die bouwerk te gebruik. Hulle het ywerig bakstene, betonblokke en staal begin herwin. Dit was terwyl hulle besig was om ‘n baksteenmuur af te breek dat hulle afgekom het op ‘n leë granaatdop wat in die muur ingemessel was. Dit was blykbaar, toe die missielkompleks twee en veertig jaar vantevore gebou is, as ‘n soort tydkapsule gebruik om inligting te bêre oor waar dié bakstene vandaan gekom het. Binne-in was ‘n briefie wat gelui het: ‘hierdie bakstene kom van Pools-Ortodokse en Russiese-Ortodokse kerke. Indien hierdie wapenopslagplek ooit afgebreek word, vra ons dat die bakstene gebruik word om kerke mee te bou’. Hierdie kerke is afgebreek in Stalin se tyd, toe Christene vervolg is. In daadie dae was dit eintlik ondenkbaar dat hierdie wens van konstruksiewerkers ooit vervul kon word. Maar, tot almal se verstomming, het die owerheid dit nou self moontlik gemaak” (Naudé 2002:221).

In hierdie hoofstuk gaan dit juis om **moontlike** stories van hoop.... Uit bogenoemde storie is dit duidelik dat daar altyd hoop is. Dit word beleef in die navorsingsproses waar daar gewoonlik met stukkende, verwarde, getraumatiseerde en selfs hopelose mense gewerk word. Die medenavorsers moet, soos in die storie, weer iets begin beleef, deur die gesamentlike toekomsverhaal wat tot stand moet kom, van God se hoop in hul lewens. ‘n Persoon wat desperaat is, onttrek hom of haar dikwels van mense rondom hulle as gevolg

van die gebeure rondom die egskeiding. Lester (1995:98) haal vir Royal Synwolt aan wat die volgende gepaste woorde sê:

> "The pastoral caregiver 'hopes with' suffering persons and allows these persons to 'borrow' hope. The hopeful encounter becomes the stone quarry from which despairing persons find materials to build life anew".

## 5.2 Moontlike definisies van hoop

Fuller Rodgers (2002:99) sê oor hoop die volgende: "Therein lies our hope, and hope is a powerful force for change. Hope involves new perspectives and possiblities when all seems lost. Hope is an antidote for despair. It is the faith that life will rise out of death".

Hierdie hoop is dus nie wensdenkery of blote verbeelding nie. Hierdie hoop groei uit die terapeutiese situasie en moet saam met die medenavorsers geskep word. In die egskeidingsmediasie het al die betrokke partye gewoonlik geen of baie min hoop, voor tydens en na die egskeiding. Dit is veral die kinders, wat as gemarginaliseerdes, dikwels nie in hierdie hopelose situasie gehoor word nie.

Daar is verskillende definisies van hoop maar omdat dit so 'n omvattende saak is, is dit moeilik om dit slegs met een definisie raak te vat. Volgens Macquarrie (1983:243) is hoop:

> "a diffuse inclusive concept, denoting a mood or an attitude in which beliefs, emotion, imagination and purpose are all combined.... characterized by a measure of confidence and affirmative expectation about the future".

Woodward (1972:34) stel dit soos volg: "What is most authentic about (humans beings) is the disposition to hope, to live from the future rather than in terms of the past and present. In hoping, (humanity) reaches beyond every apparent limit with anticipation, inquiry, and vision .... Hope is not the calculation of a new future based on extrapolations from present

data; it is a confidence that the unpredictable will happen. The most fundamental consciousness... is a passionate longing for what is ‘not yet’. When (human beings are) truly in posession of (their) existence, (they) experience the process of hoping as a militant aspiration for something new in the future”.

Lynch (1965:24) omskryf hoop soos volg:

> “The fundamental knowledge and feeling that there is a way out of difficulty, that things can work out, that we as human persons can somehow handle and manage internal and external reality, that there are ‘solutions’ in the most ordinary biological and physiological sense of that word, that above all, there are ways out”.

Soos reeds gesê, is dit moeilik om hoop te omskryf in terme van ’n definisie. Uit bogenoemde is daar egter ‘n paar belangrike aspekte wat nadere omskrywing regverdig:

- ‘n **Kognitiewe** en **emotiewe** ervaringswêreld word veronderstel wat daarop dui dat hoop op bepaalde kennis gebou word en nie bloot ‘n fantasie is nie. Dit is noodsaaklik om daarop te let dat daar egter nie net op die kognitiewe menslike reaksie gebou word nie, want dit hang ook saam met die emotiewe aard van menswees. Die gevolg hiervan is dat hoop ruimte bied vir ‘n groter werklikheid waarin daar dus ook ruimte is vir verbeelding en verwagting.
- Hoop is ook **werklikheidsgetrou** en wil dus nie die realiteite van die lewe misken of dit ontvlug nie, maar wil elke persoon die moed gee om die realiteite in die gesig te staar. Rumbold (1986:59) bevestig bogenoemde deur te sê dat hoop nie maar “unfounded optimism” is nie, maar dat ware hoop eerder en beslís, werklikheidsgetrou is. Realiteite wat dus op hoop gebou word, lyk anders as ‘n wanhopige werklikheidsbeskouing. ‘n Geherinterpreteerde realiteit word gewoonlik voorafgegaan deur positiewe en hoopvolle stories. Volgens Lester (1995:62) is die realiteit nie ‘n objektiewe waarheid nie, maar eerder deel van die subjektiewe menslike interpretasie van gebeure. Daarom is daar ‘n noue verband tussen die menslike narratiewe identiteit en realiteit.

- Daar is altyd 'n gedagte van **potensiaal** en **verwagting** te bespeur wanneer dit om hoop in die stories van mense gaan. Wanhoop wil gewoonlik die onmoontlike beklemtoon terwyl hoop daarenteen juis die dinamika van moontlikhede wil kommunikeer. Volgens Brueggemann (1987:80) is een van die belangrikste funksies van hoop juis om ruimte te laat vir moontlikhede. Bybelse hoop sien hy spesifiek as alternatief en uitnodiging om krities te droom - die Christelike hoop - uit te leef. Dit is in dié verband waar verbeelding ook 'n belangrike rol speel. Nydam (1997:73) stel dit ook duidelik dat menslike hoop direk in verband gebring word met menslike verbeelding. Die proses van verbeelding is dus 'n basiese menslike aktiwiteit.
- Die **toekomsgerigtheid** van hoop speel ook 'n bepalende rol. Hoop vind sy energie gewoonlik vanuit die toekomsdimensie van die menslike lewe, alhoewel dit in die verlede gewortel is en in die hede uitgeleef word. Die gerigtheid van die hoop is dus beslis in die toekoms geleë. Indien daar oor hoop nagedink word, word hoop volgens Lester (1995:23), vanuit die toekoms bemagtig en daarom is die toekoms die dominante tydsdimensie wat ter sprake is. Brueggemann (1987:80) beklemtoon een van die funksies van hoop in die menslike lewe, naamlik dat dit altyd 'n oop toekoms veronderstel met nuwe moontlikhede.
- Hoop word gegenereer **binne bepaalde menslike sisteme.** Nydam (1997:74) sê dat hoop vir Lynch nie 'n individuele en private proses is nie, want dit word binne bepaalde menslike sisteme gegenereer. Betekenisvolle gemeenskappe genereer hoop omdat daar basiese vertrouensverhoudinge tussen daardie mense bestaan. Hoop kan dus nooit in isolasie of op sy eie bestaan nie. Lester (1995:96) en Rumboldt (1986:72) beweer dat hoop juis mense aanmekaar bind en dus vertroue kommunikeer binne die groter gemeenskappe, waarvan daardie mense deel is.

## 5.3 Twee belangrike kategorieë van hoop

Lester (1995:63-66) onderskei twee belangrike kategorieë van hoop naamlik **begrensde** en **onbegrensde** hoop. Begrensde hoop is hoop in die begrensde tyddimensies van ons

menswees, en dit funksioneer binne ‘n bekende tydsraamwerk waarbinne bepaalde doelwitte bereik en sekere drome uitgeleef kan word. Hierdie hoop word egter in tydelike prosesse, begeertes en objekte vasgevang, maar is tog nie minderwaardig of vals nie. Dit word wel deur tydsdimensies van ons aardse lewe begrens. Onbegrensde hoop is egter gesetel in prosesse en subjekte wat selfs buite die grense van fisiologiese waarneming en materiële realiteite strek. Dit lê hoofsaaklik buite die gewone menslike verstaanprosesse. Nieteenstaande dié feit, maak die onbegrensdheid van hoop dit tog in konkrete lewensituasies moontlik dat die dinamiese prosesse van die menslike hoop ook binne die aardse tydsdimensies vorm kan aanneem. Daardeur word begrensde hoop bekragtig. Volgens Lester (1995:65) word onbegrensde hoop binne betekenisvolle verhoudinge waarin ‘n oop toekoms gekommunikeer word, ontwikkel. Hierdie oop toekoms word gekommunikeer binne ‘n werklikheidsbeskouing waar ‘n totale tydsdimensie van menswees (verlede, hede en toekoms) tot ‘n eenheid saamgebind word. Christelike hoop is juis in hierdie onbegrensde hoop gesetel. Die rede hiervoor is voor die hand liggend, want dit gaan hier om ‘n verhouding met die onbegrensde, betroubare God.

Dit is duidelik uit bogenoemde gegewens dat daar nie iets soos goedkoop hoop in die pastorale en navorsingsituasie mag voorkom nie. Sulke goedkoop en valse hoop kan die hele terapeutiese en navorsingsproses baie skade berokken en meehelp om ‘n vertrouenskrisis te skep tussen die verskeie partye. Volgens Bester & Müller (2002:15) veronderstel ware hoop iets anders. Dit bied nie oorvereenvoudigde oplossings of antwoorde nie, en dus ook nie ‘n ontvlugting uit die werklikheid nie. Ware hoop is geleë in ‘n liefdevolle en verantwoordelike proses van narratiewe betrokkenheid.

### 5.4 Boustene van Christelike hoop

Moltmann (1988:3) beweer dat die Christelike hoop sedert Augustinus se tyd gereduseer is tot die verlossing van die menslike siel. In die terapeutiese situasie word hierdie hoop dan ook baie keer slegs beperk tot die individu. Min of geen ruimte word gelaat vir die betekenisvolle gemeenskap as draers van die hoop nie. Moltmann bou sy teologie van

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

hoop op die eskatologie as basis. Die Christelike eskatologie het volgens hom drie horisonne naamlik: die hoop op God se heerlikheid, die hoop in God vir ‘n nuwe skepping en die hoop in God vir die opstanding en die ewige lewe. Volgens Louw (1993:477) hou die Christelike hoop vir Moltmann verband met twee belangrike teologiese momente naamlik: God se identifikasie met die menslike lyding deur die kruis van Jesus Christus, asook God se oorwinningsperspektief deur Jesus se opstanding. Hoop kan dus, volgens Müller (1998:42), slegs sinvol hanteer word vanuit die verlossingsteologie. Indien dit nie vanuit die verlossingsperspektief hanteer word nie, is dit nutteloos vir die hede asook vir die pastoraat. Die Christelike hoop ontvou in die spanningsveld van Christus se verlede (reeds) en die toekoms (nog nie) (Müller 1996:64). Christus se verlede verwys dus terug na Sy verlossingwerk wat reeds afgehandel is. Dit sluit die kruisgebeure en opstanding in. Daarmee saam hou Christus se toekoms direkte verband met die verwagting van Sy wederkoms.

‘n Dinamiese toekoms word verseker omdat God se teenwoordigheid in die hede bevestig word. Lester (1995:69) asook Müller (1996:104) omskryf hierdie dinamiese toekoms as God wat vanuit die toekoms kom om die mens uit te nooi en die mens vanuit hierdie toekoms te ontmoet. Hierdie beweging van God vanuit Sy toekoms na ons hede vorm dus die grondslag van die Christelike hoop want dit bied die Christen ‘n sinvolle toekomsverhaal.

## 5.5 Die rol van hoop in die terapeutiese proses

Louw (2002:30-32) beweer dat “Hope therapy” iets is waaraan die terapeut al meer aandag moet gee. Hy stel dit soos volg:

> “The central questions now facing pastoral therapy are: how can people be helped to rediscover meaning in life so that their lives could attain a future element? How can people regain purposeful lives which are focused on the future? Is it possible to direct a condition of hopelessness towards responsible choices about future behaviour? Is it possible to change a condition of despair into a condition of hope in

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

> which the person could discover security in life and conquering fear of the future? Answers to such questions are extremely problematic because they affect an essential aspect of daily human life: our capacity for constructive anticipation and expectation. Pastoral therapy applies the basic hypothesis that positive and purposeful anticipatory behaviour is essential for constructive coping strategies. A further hypothesis is that Christian hope which deals with the eschatological perspective, is able to generate anticipatory behaviour. This effects a purposefulness on human behaviour, thereby enabling parishioners to deal effectively with anxiety, guilt and fear of death".

Faller & Collage (2001:11) sluit hierby aan as hulle nadink oor "hope therapy" deur die volgende te sê: "Hopefully, by studying the building blocks of things like courage, love, forgiveness, wisdom and spirituality we may discover the best ways to facilitate growth". Hiermee bevestig hulle dat groei en daarmee saam hoop, noodsaaklike bestanddele is van die terapeutiese en navorsingsituasie. Tydens egskeidingsmediasie is dit noodsaaklik dat daar voortdurend, saam gefokus word op moontlike stories van hoop en situasies wat groei kan bevorder.

## 5.6 Vyf belangrike elemente van hoop

In sy bespreking van die Bybelse hoop vanuit die Ou Testamentiese literatuur identifiseer Brueggemann (1987:73 ev.) vyf belangrike elemente van hoop:

- Hy toon die **narratiewe** aard van hoop aan onder meer in Von Rad en Westemann se beskrywing van die Genesis-narratief, as 'n narratief van hoop. Dit handel hier spesifiek oor die belofte van God oor 'n oop toekoms wat omvat word in 'n verbondsbelofte van 'n nageslag, 'n land, 'n groot naam en die Seun van die Here. Die verbondsbelofte in die Genesis-narratief het eers later in vervulling gegaan maar tog aan die aartsvaders 'n oop toekoms verskaf, waarop hulle met verwagting kon hoop.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Hy beklemtoon verder die **profetiese karakter** van hoop. Dit word ten nouste verbind met die gedagte van "Die dag van die Here". Dit bevestig dat God daar is en sal ingryp in die toekomsgeskiedenis van Sy volk. Daar word in die profetiese tekste gepraat van 'n nuwe orde, 'n tyd wanneer dinge anders gaan wees. Dit sal nie deur 'n mens bepaal word nie, maar deur God wat dit laat plaasvind. Die totale menslike lewe as deel van 'n groter betekenisvolle gemeenskap, word deur die profetiese karakter van hoop aangespreek.
- Die **apokaliptiese gerigtheid** van die hoop sluit nou aan by die profetiese aard daarvan. Die apokaliptiek verteenwoordig die mees ekstreme aspek van hoop in die Bybel. Dit word maklik verkeerd verstaan juis omdat dit om die poëtiese en metaforiese verbeelding gaan. Bybelse hoop moet verstaan word in terme van groot drome wat daar oor God se bedoelinge gedroom word. Dit gaan dus om die teologiese verbeelding wat nuwe moontlikhede in 'n oop toekoms open.
- Die metafoor van die **koninkryk van God** word ook beklemtoon. Die koninkryk van God handel hoofsaaklik oor God se heerskappy oor die skepping. Die mens moet ook sy gehoorsaamheid aan God toon deur Sy heerskappy te aanvaar. Die koninkryk van God bied nuwe lewensmoontlikhede aan die mens. Dit handel hoofsaaklik oor God se sorg en Sy belofte van 'n nuwe en beter toekoms.
- Die tema van die **komende Messias** speel ook 'n belangrike rol. Die Messias kom van God en bring verandering in 'n stukkende wêreld mee. Dit word veral in die Ou Testamentiese ballingskap en profetiese voorspellings aangetref. Die klem val op 'n verwagting op 'n nuwe en beter toekoms en dit het die volk se hoop brandend gehou ten spyte van moeilike tye. Die tema kan ook deurgetrek word na die Nuwe Testament, met die vervulling van die hoop in die koms van Jesus Christus. Dit strek ook vooruit na 'n wederkomsverwagting van Jesus Christus, wat lewend gehou moet word.

Capps (1995:37) wys daarop dat Christelike hoop gekontroleerd gebruik maak van beelde. Hoop hou sodoende rekening met die onbekende en verrassende ander realiteit. Dit is die sinvolle verbeelding van 'n nuwe toekomsverhaal vanuit die herinterpretasie en

herstukturering van die verledeverhaal. Hoop is dus 'n essensiële deel van menswees en dit gaan hoofsaaklik oor 'n lewensoriëntasie. Omdat dit 'n lewensoriëntasie is, 'n manier van leef is, is dit 'n lewensgesindheid wat rekening hou met God se unieke uitkomste. Capps (1995:38) noem dit "magic". Volgens hom is die pastor 'n hoopdraer. 'n Hoopdraer moet juis die medenavorser daaraan herinner dat daar 'n hoopvolle toekomsverhaal is wat op 'n unieke wyse God se betrokkenheid in sy/haar lewe sal bevestig. Dit is juis in die egskeidingsmediasie situasie een van die mees deurslaggewende elemente wanneer dit om die pastorale hantering van die partye handel.

## 5.7 Bybelse hoop

Bester & Müller (2002:10) wy verder uit oor die lewensoriëntasie waarna ons hierbo verwys het. "Hierdie lewensoriëntasie is egter nie altyd by mense teenwoordig nie, veral nie by diegene wat hulle in 'n doodloopstraat op hulle lewensweg bevind nie. Daarom is die uitdaging in pastorale sorg juis om mense met vasgeloopte lewensverhale te begelei in die verbeelding van 'n nuwe toekomsverhaal - 'n verhaal van Christelike hoop." Dit is egter nie 'n maklike proses nie, maar dikwels 'n lang proses van wag en doen (Müller 1998:44). Verantwoordelikheid en verwagting is dus belangrik, die verantwoordelikheid om te lewe "asof", en dan die verwagting op 'n beter toekoms wat volgens Müller (1996:64 en 66), Christelike hoop is.

Die begrippe verbeelding en hoop by Brueggemann kan onderskei word maar kan nie geskei word nie. Hoop vloei uit die profetiese verbeelding en word daarvolgens ingekleur. Vir Brueggemann (1978:67) is hoop primêr 'n teologiese konsep wat gevoer word in die taal van die Verbond tussen 'n persoonlike God en 'n gemeenskap. Hoop word deur hom gedefinieer as die trou van die Verbondsgod wat Hom in die Bybel aan ons openbaar en hy stel dit soos volg:

> "Hope, the conviction that God will bring things to full, glorious completion is not an explanation of anything. Indeed biblical hope most often has little suggestion about how to get from here to there. It is rather an exultant, celebrative conviction that

> God will not quit until God has had God's full way in the world" (Brueggemann 1993:40).

Volgens van Zyl (2000:22), koppel Brueggemann hoop ook baie nouer aan die eskatologie as hy skryf: "The fundamental hope of the Bible is that the disproportion will be overcome. Prophetic hope is about lion and lamb together" (Isa. 11:6-9), about swords into ploughshears and spears into pruning hooks (Mic. 4:3-4), about new covenant in which all will know the torah and all will be forgiven (Jer. 31:31-34), about a new shepard king who will do justice (Ezek. 34:11-16), about planting and building and enjoying the produce (Isa. 65:21-22). Israel's hope and God's promise characteristically concern a transformation of the world of disproportion" (Brueggemann 1987:87). Brueggemann plaas 'n sterk klem op die voorkoms van hoop by die groot profete, Jeremia, Esegiël, Deuterojesaja en Dawid, en trek die lyn dan ook deur na Jesus Christus.

Pettersen (2000:54) sê dat hoop in baie plekke in die Ou Testament hoofsaaklik voorkom as individuele/persoonlike hoop wat op die individu gerig is. Aan die anderkant is daar ook sprake van 'n nasionale hoop wat meer gerig is op die volk van God. Sake soos die geskiedenis oor die uittog uit Egipte asook die terugtog na die beloofde land, ná die ballingskap, dui volgens hom ook op die nasionale hoop wat in God gevestig is. Hy bevestig ook (2000:5) dat die aanbreek van 'n nuwe tyd (resurrection hope) ook 'n deurslaggewende rol speel in die profete en die Psalms en ander kleiner gedeeltes in die Ou Testament. Dit kan ook vooruit wys na die dag van die Here, die koms van Jesus Christus maar ook terugwys na die verlossing van onderdrukking en slawerny. Die persoon of volk "who live under a cloud of death will be raised to life" (resurrection hope). McKay (1987:3) sluit ook aan by die Ou Testament en skryf in sy artikel: "Jacob makes it accross the Jabbok" dat God ook in Jakob se storie hoop gegee het. Hieruit het hy 'n "hope-giving paradigm" gekonstrueer wat dan die hoop bevestig wat gegrond is in die beloftes van die Verbondsgod aan die Aardsvaders. Clements (1989:3) belig hoop ook uit die Ou Testament en wel vanuit 'n Mesiaanse perspektief. Dit sou sinvol wees om na sekere van dié perspektiewe kennis te neem. Heitink (2000:136) benadruk weer dat beide die Ou en Nuwe Testament bymekaar hoort en sê die volgende: "Paulus roept de

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

gemeente op in de weg van de volharding en vertroosting der Schrift de hoop vast te houden (Rom. 15:4). Troost en hoop horen bij elkaar".

In die "The New International Dictionary of New Testament Theology" Vol.2 van Brown (1976:238-244), word die woorde "hope or expectancy" as sinonieme gebruik, sowel in die Ou as Nuwe Testament. As werkwoord is daar hoofsaaklik vier verskillende gebruike van die woorde:

- qāwâh, to be stretched out towards, to long after, wait for (with God as object - 26 times)
- yāhal, to wait, long (for God, 27 times)
- hākâh, to wait (for God, 7 times)
- sābar, to wait, hope, (for God, 4 times)

Die selfstandige naamwoord wat God aandui as die objek van hoop, word drie en sewentig keer gebruik.

In die Nuwe Testament word hoop nie gereeld in die Evangelies gebruik nie. Die werkwoord kom slegs een keer in Matteus en Johannes en drie keer in Lukas voor. In Paulus se briewe kom die werkwoord een en dertig keer en die selfstandige naamwoord een en vyftig kere voor. Die meeste van die kere word dit gerig op iets of iemand. In baie van die gevalle gaan dit oor die teologiese verwagting wat vervul moet word en die toppunt van 'n hoopvolle situasie is.

Verskeie teoloë maak gebruik van metafore om hoop mee te omskryf. Louw (1998:240) maak gebruik van die metafoor van God as Bron van Hoop en Vriend. Die metafoor kan baie handig te pas kom in die pastorale sorg. Hy stel dit soos volg:

University of Pretoria etd – Botha, J A  (2004)

- ”The metaphor “God as Friend” is linked to the tradition of Israel and the church. God has been depicted throughout the history of Israel as the covenental God who is reliable in terms of his faithfulness (Ps. 33).
- The faithfulness of God and both his identification and solidarity with human suffering is revealed in the cross and resurrection of Christ. Christ, Himself, views the future relationship between God, the church, and human beings in terms of sacrificial friendship: ‘Greater love has no one than this, that one lay down his life for his friends. You are my friends if you do what I command’ (Jn.15:13-14). Friendship and love are inseparable. Scripture’s only ‘definition’ of God is in terms of the metaphor of love (1 Jn. 4:16).
- It communicates partnership, companionship, and stewardship. It creates a familiarity and intimacy which link grace and humanity. Friendship becomes a signal that the Word of God assumes the hearer ‘to belong to a subset distinguished by a bond of intimacy’.
- It depicts God in a non-sexist way. Within the companionship of God’s friendship, both men and women are totally equal and remain unique human beings.

The word ‘friend’ was not used lightly within the circle of the Pythagoreans and the Greek world. Nor was friendship simply a casual affection. On the contrary, it was regarded as a particularly intense and inclusive kind of intimacy, not only at the physical level, but, above all, at the spiritual (Johnson 1985, p 173)......”

Ons kan God dus as ons Vriend sien wat altyd by ons betrokke is. Hy is dan ook “’Soul Friend’ -even despite our basic unsolved transcience: that is our fear of death! (of vrees, verlies, eensaamheid ens. – My vertaling). Is this the ‘wholeness’ postmodernity is searching for?” (Louw 1998:240).

- In die proses om by stories van hoop uit te kom, is dit belangrik om op die bron van hoop gerig te bly soos dit opgeteken is in die 1983 Afrikaanse Bybel, Romeine 15:13 wat sê: “Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde

en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!" Landman (2001:86) sluit indirek hierby aan as sy praat oor vernuwing in die prediking maar ook in die liturgie deur die volgende te sê: "vernuwende preke behoort 'HIV-Preke' te wees.... ".

- Die **H** staan vir **heelmaak**.  Die preek moet tog 'n dimensie van menswees aanspreek, wat die hoorders heler huis toe laat gaan.
- Die **I** staan vir **innig**.  Die lidmate moet huistoe gaan, oortuig van die integriteit en opregtheid van die prediker.
- Die **V** staan vir **verrassing**.  'n Mens gaan tog kerk toe vir nuwe inligting en nuwe insigte wat jy in jou godsdienstige ontwikkeling kan gebruik….. "

Al drie bogenoemde punte kan net so van toepassing gemaak word op die pastorale egskeidingsmediasieproses, want dit gaan immers oor stories van hoop wat voortvloei uit die heelmaakproses.  Die terapeut/navorser moet 'n innige verhouding handhaaf met die medenavorser/kliënte.  'n Verrassingselement is altyd deel van die kreatiwiteit wat binne die pastorale/navorsingsproses geskep word.

Lester (1995:2)  sê dat 'n mens gewoonlik tussen hopeloosheid en hoopvolheid lewe. God speel in albei gevalle 'n deurslaggewende rol deurdat Hy voor ons uittrek, deur ons in 'n nuwe hoopvolle toekoms in te nooi.  "I am convinced that we need to be more explicit about our commitment to a God who is out in front of us calling us into an open-ended future."  Ons kan as deel van Hom die lyn verder deurtrek na die pastorale teologie.  Lester (1995:56) noem sekere antropologiese boustene vir 'n pastorale teologie van hoop wat nuttige instrumente kan wees in die narratiewe pastorale proses:

- "Time-consciousness must be recognized as a basic component of the existential context of human existence.
- Future tense is a primary dimension of this temporality.
- Humans are storied creatures who, through narrative principles, developed core narratives that structure their sense of self-in-the-world.

- Future stories are basic elements in these core narratives.
- All human brokeness is inescapably connected to disturbances in future dimensions of temporality. Though our past experience shapes our response to crisis, grief, and anxiety, the self-conscious awareness that the not-yet is either under significant threat or has been changed already creates the actual pain and suffering."

Twee ander skrywers sluit ook by bogenoemde aan. Lester (1995:15-16) sluit by Bloch en Tillich onderskeidelik aan. Ernst Bloch stel dit soos volg: "(Hope is) bursting open our present, connecting us with our past, and driving us toward the horizons of the not-yet-realized future". Paul Tillich sê: "We will find that hope, although rooted in the past and acted out in the present, receives its energy from the future.....to understand the present means to see it in its inner tension toward the future... finding amid all the infinite aspirations and tensions which every present contains not only those which conserve the past but also those which are creatively new and pregnant with the future".

**5.8 Bydraende faktore tot hopeloosheid (despair)**

- In die egskeidingsmediasieproses word daar gewoonlik met volwassenes asook kinders gewerk wat hulself in 'n hopelose situasie bevind. In die terapeutiese/navorsingsgesprekke is dit noodsaaklik om vanuit die verledeverhale uit te kom by iets sinvols wat weer hoop kan bied. Nuwe verhale, wat daarop gerig is om 'n hoopvolle toekomsverhaal te verbeel en te rekonstrueer, moet saam ontdek word. Sekere faktore bevorder 'n hopelose situasie en moet dus geïdentifiseer en saam sinvol hanteer word. Lester (1995:74 - 82) lig die volgende faktore uit:
- Die **verlies van 'n toekomsstorie** - Dit gebeur soms as gevolg van 'n groot verlies wat beleef word met die afsterwe van iemand, 'n egskeiding, die verlies van ledemate, werk ens. Die traumatiese verlies het 'n reuse invloed op al die partye in die situasie. Die verlies word dikwels ook gekoppel aan iets of iemand wat 'n belangrike rol gespeel het in die persoon se lewe. Daar moet dus eers met die rouproses, pyn en verlies gewerk word voordat daar na hoop oorgegaan kan word.

Die vyande van hierdie hoop is somtyds stilte en onderdrukking. Sommige persone hanteer die verlies deur doodeenvoudig stil te bly en na binne te keer, of deur dit te onderdruk deur die gebruik of misbruik van sekere middele en/of die onderdrukking van alle emosionele belewenisse.

- Die **bereiking van die einde van 'n toekomsstorie** - Mense beplan en stel sekere prioriteite vas waarvolgens hulle hul lewens wil inrig. Indien só 'n doelwit of prioriteit of droom bereik word, beleef hulle dikwels 'n fase van hopeloosheid, depressie en doelloosheid. Dit gebeur gewoonlik omdat daar nie vérder beplan word nie, en aandag ook nie aan ander prioriteite en doelwitte geskenk word nie. Die toekomsstorie wat hulle gedra het tot hier toe, is nou geskiedenis. Ander toekomsstories is nie intussen ontwikkel nie, en daarom verloor hulle maklik geloof in die toekoms. Om tussen verskillende toekomsstories te lewe, is 'n meer uitdagende leefwyse. In die pastorale sorg moet daar juis toegesien word na persone "who are running out of a future story. Creative interventions focus on enabling persons to recognize the vacuum created when they accomplish or give up a future story. We represent the God who at any moment is calling us into a new future" (Lester 1995:76).
- **Nie gewillig om 'n self te wees nie** - Persone is nie gewillig om hulself te wees en om sodoende hul volle potensiaal uit te leef nie. Lester (1995:76) haal vir Kierkegaard aan wat 'n onderskeid tref tussen die konsepte van "actuality and possibility". "He identified a person's actuality (or neccessity) with that which already exists, the finite limitations that make up the physical, social, and psychological realities. Possibility, the potential for change and newness, is also a part of the reality inherent in each person. Possiblility is the component of the self that can develop only in the future." Die "despair of possibility" kom voor wanneer die self nie in staat is nie of onwillig is om die beperkinge van die werklikheid te aanvaar. Die self fantaseer, droom en wens oor die self ten opsigte van die toekoms op maniere wat vêr verwyderd is van die realiteite van die lewe. Die "despair of neccessity", gaan gewoonlik saam met die verlies van moontlikheid en die blindheid ten opsigte van "the open-endedness of the future".

- **Die onvermoë om die verlede en die toekoms toe te eien** - Lester (1995:77) haal vir Crites aan wat sê: "'re-collecting' the past is foundational to self-identity and 'pro-jecting' into the future is neccessary for self-transcendence. Both 're-collecting' and 'pro-jecting' and particularly projecting positive future stories, are neccessary for the self to manifest hope. One cause of despair, therefore, is a person's refusal to claim either the past or the future dimension of her or his narrative, or perhaps both".
- **Om beperk te word deur die hede** - Mense wat hopeloos is, word dikwels vasgevang in die hede en het dus geen antisipasie en vooruitsigte vir die toekoms nie. "Being boxed in by the perception that time is going nowhere is a major characteristic of despair..... Hopelessness for many people results from their perception that the future does not hold any new thing. We can easily forget that the present moment is coming toward us from a future filled with possibilities" Lester (1995:78).
- **Vasgevang in 'n begrensde toekomsstorie** - Begrensde hoop is gewoonlik nie genoegsaam om 'n persoon in sy noodverhaal deur te dra nie. Die oomblik as daar verder gekyk word en meer van die begrensde hoop gemaak word in die terapeutiese/mediasie situasie, is daar 'n beter kans dat stories van hoop gegenereer kan word. Lester (1995:79) stel dit soos volg: "Instead of keeping the finite hope connected to or in the context of ultimate hope in the character of God, a person can allow a finite hope to claim the status of ultimate hope. Earning the blessing of a parent, getting pregnant, finding a better job, or wanting the chemotherapy to be effective - these are appropriate goals in which a Christian could invest".
- **Om leegheid in die gesig te staar** - Omdat 'n mens begrens is, het ons talle vrae soos eensaamheid, betekenisloosheid en die dood. Lester (1995:80) stel dit soos volg: "Facing these questions is sometimes called facing 'the void', the absence of meaning, the seeming absence of transcendence. We know that facing the void is more likely to happen in the face of pain, suffering, and evil". Indien persone dié leegheid in die gesig staar, kan hulle twee verskillende belewenisse hê: "Some

people encounter God. Christians believe that the Creator dwells even in this void. We may see in the void 'the face of God', the transcendent source of hope in the face of the existential questions find the void filled with nothingness. They are not able to see the face of God" (Lester 1995:80). Lester self verwys hier na Loder. Afhanklikheid van iets soos drank, chemiese stimulante ens. kan maklik plaasvind, want die leegheid wat die persoon beleef, moet op een of ander manier gevul word, sodoende word hulle diensknegte van die "iets" wat hulle gebruik.

- **Negatiewe beelde van God** - Die eienskappe van God word verskillend deur mense beleef, en daarom skep dit dikwels probleme vir mense in nood. Mense kan baie negatief begin raak oor God self, of oor godsdiens in die algemeen en/of oor die kerk. Dit hang saam met die feit dat die Godsbeelde wat in hul koppe leef, inmekaar getuimel het. Uit hierdie chaos is dit moeilik om vir hulle self logiese antwoorde en verklarings te konstrueer. 'n Persoon in 'n krisis beleef baie keer dat God Sy beloftes verbreek en nie geloofwaardig is nie.

Al bogenoemde bydraende faktore tot hopeloosheid speel 'n belangrike rol in die hele proses, voor, tydens en na die egskeiding. Dié faktore raak al die betrokkenes en het verreikende gevolge in die egskeidingsmediasieproses, en moet daarom met die nodige takt en deernis hanteer word. Dit is veral die gemarginaliseerdes, soos die kinders en somtyds ook die vrou, wat van hierdie faktore wat hopeloosheid bevorder, bevry moet word. Binne die vertouensverhouding van die narratiewe egskeidingsmediasie moet daar gepoog word om sáám tot sinvolle oplossings te kom, waar die hopeloosheid plek maak vir hoopvolheid.

### 5.9 Die ontginning van toekomstories

Dit is belangrik om in die egskeidingsituasie te fokus op die ontginning van nuwe toekomsstories. Uit hierdie toekomsstories is daar 'n redelike kans dat stories van hoop sinvol kan ontwikkel. Die gebruik van sekere gereedskap is egter noodsaaklik vir die

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

ontginning van die toekomstories in die mediasieproses. Die volgende drie gereedskapstukke kan sinvol in die proses aangewend word:

- **Die uitnodiging van toekomsstories** - Dit is ongelooflik noodsaaklik dat daar van die begin in die pastorale gesprek, moeite gedoen word om sáám na toekomsstories te soek wat kan help om die moontlikheid van hoop daar te stel. Lester (1995:107) stel dit soos volg: "We invite people to tell us the 'out there', as well as the 'back there' and the the 'right now'. We want them to tell us where they imagine they are going, what lies ahead, and what it is like in front of them. We want to know what they are hoping for or dreaming". In die gesprek is dit belangrik om hulle uit te nooi om stories wat in die toekoms geleë is, te ontgin. Hulle moet antisipeer of vooruit dink of wens ten opsigte van moontlike dinge wat in die toekoms kan gebeur. Volgens Lester (1995:108) is daar sekere vrae wat sinvol gevra kan word in hierdie situasie:

  > "What do you think life will be like for you in five years?
  > What do you anticipate if things do not change?
  > What will you do if .....?
  > What are you most worried about?
  > Tell me about your daydreams".

  Bogenoemde vrae kan die persone aanmoedig om toekomsstories oor familielede, vriende of ander situasies in hul lewens te verwoord en daaroor te droom. Dit skep veral vir die persoon in die egskeidingsituasie nuwe ruimte waarbinne hulle weer kan droom en 'n toekoms vir hulself kan verbeeld.

- **Die opsporing en uitbreiding van toekomsstories** - In die terapeutiese/navorsingsituasie is dit uiters noodsaaklik dat die terapeut/navorser moeite sal doen om onmoontlike toekomsstories uit te snuffel en op te spoor. Dit is baie keer nie voor die hand liggend nie, en daarom moet daar moeite gedoen word om dit op te spoor en te ontgin. Die stories moet dan verder uitgebrei word. Dit is noodsaaklik om sinvolle vrae te vra in die situasie om hulle sodoende uit te nooi om

University of Pretoria etd – Botha, J A  (2004)

verder uit te brei oor die toekomsstories. Lester (1995:108) gee ‘n paar voorbeelde van sinvolle vrae wat in die situasie gevra kan word:

”Tell me more about....

Suppose that ....

Where does your husband (wife, father, etc.) fit into that picture?

What will your health be like?

How would that be different if ....?”.

Die terapeutiese doel met die uitnodiging en uitbreiding van die toekomsstories gedurende die egskeidingsmediasieproses is: “To experience how persons project themselves into the future, to identify the specific content of their future stories, to assess the connection between their future stories and their circumstances and to discover whether their future stories are contributing to hopefulness or hopelessness” (Lester 1995:109).

- **Om die kontekstuele storie te hoor** - Om die toekomsstorie te hoor en te verstaan, is uiters belangrik. Daarmee saam moet daar ook na die groter narratief/verhaal geluister word om alles binne sekere perspektief te plaas. ‘n Bewustheid moet geskep word vir die toekomsdimensie van die etiese, geslags, sosio ekonomiese, ekonomiese, geografiese en kulturele narratiewe, wat almal ‘n rol speel binne die terapeutiese proses. Die persone moet in die terapeutiese proses gehelp word om saam tot ‘n beter verstaan te kom van ‘n groter narratief/verhaal wat ‘n rol in die hele proses speel. Dit is veral in die egskeidingsituasie belangrik dat daar in die mediasieproses spesifiek ruimte gelaat word om die konteks, asook die groter narratiewe beter te ontgin en te benut. Binne dié breë konteks kan ‘n bepaalde storie beter verstaan en ingekleur word. Dit geld veral vir situasies waar daar minderjarige kinders in die egskeidingsmediasiesituasie betrokke is. Deur hierdie gereedskapstuk reg te gebruik, kan die hele proses van egskeiding en mediasie sinvol aan hulle verduidelik word en binne ‘n groter prentjie geplaas word.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

### 5.10 Strategieë vir die ontginning van toekomstories

In die helingsproses is dit noodsaaklik dat daar van sekere strategieë gebruik gemaak kan word, om sinvol tot die ontginning van toekomstories by te dra. Die volgende sewe strategieë kan meehelp om die hele proses te vergemaklik:

- **Die vertel van stories** - Dit is noodsaaklik dat die persone uitgenooi word om stories te vertel wat handel oor spesifieke gebeure in die toekoms. Hulle word uitgenooi om 'n problematiese storie in die toekoms te projekteer as 'n toekomsgerigte geleentheid. Nadat dit gebeur het, moet daar gepoog word om 'n storie te ontwikkel rondom die bepaalde geleentheid. Somtyds is dit makliker vir persone om deur middel van huiswerk iets neer te skryf in die vorm van 'n storie, wat hulle nie gewoonlik maklik sou verbaliseer nie. Persone kan ook gebruik maak van joernaal of dagboekinskrywings om sodoende by stories uit te kom.
- **Begeleidende verbeeldingsvlugte** - Omdat baie persone uiters konkreet en feitlik dink, is dit soms nodig om hulle te begelei om sinvolle verbeeldingsvlugte te onderneem om sodoende nuwe toekomsstories te probeer ontgin. Lester (1995:111) sien die proses soos volg: "to take advantage of the human capacity for imagination and the ability to project pictures in 'the mind's eye'. The usual procedure is to invite the person to close his or her eyes and establish a meditative posture and attitude. When the person is relaxed, the pastoral caregiver structures a particular mental picture that moves the person into the content to be explored".
- **"Asof" gesprekke** - Dié strategie kan sinvol aangewend word deur mense toe te laat om verskillende moontlikhede te oorweeg en om te skakel in verbeeldingsvlugte wat gerig is op toekomstige scenarios. Dit moet as werklik beleef word ter wille van "let's suppose" gesprekke. Lester (1995:111) stel dit soos volg: "'As if' conversation bypasses the uncertainty of the moment and assumes certain possibilities that 'could' be true for the sake of wondering about how one's future story would take shape if certain events occurred. 'As if' conversation allows

consideration of potentially threatening events on the horizon. These tension producing events can be talked about with less anxiety when they are only possibilities and not actualities, when they are discussed in a 'let's suppose' context".

- **Drome** - Dit speel 'n belangrike rol in mense se verbeelding van hul toekomstories. Die inhoud van die drome is belangrik en daarom moet daar ag geslaan word op die simbole, metafore en beelde. Lester (1995:112) haal vir Bloch aan wat die volgende sê: "Taught us the importance of daydreams as a dimension of human experience in which the hoping process is often near the surface .... daydream is not studied in the same depth that nightdreams are researched, daydreams are the stuff from which future reality is constructed".
- **Vrye assosiasie** - Dit is 'n baie makliker strategie waardeur 'n persoon gehelp word om sy/haar gedagtes te verbaliseer. 'n Sekere woord, of spesiale gebeurtenis kan gebruik word om die persoon daarmee te help. Woorde soos toekoms, eendag, môre, as ek getroud is ens. kan gebruik word om die persoon te help om sekere gedagtes te verbaliseer oor die toekoms. Sekere gebeure soos Kersfees, jou vyftigste verjaarsdag, jou ideale man/vrou na die egskeiding, as ek weer gaan trou ens, is gebeure wat geassosieer word met positiewe of negatiewe dinge in die toekoms.
- **Beperk gesprekke tot die toekoms** - Persone hak partykeer vas by die verlede, of word ingeperk deur die hede, en het daarom probleme om die toekoms te ontgin en te benut. In sulke gesprekke is dit sinvol dat daar gefokus word op die toekoms. Lester (1995:114) stel dit soos volg: "Even when the future stories we uncover are frightening, the act of making them speakable seems to energize pastoral conversation at any level from supportive pastoral care to pastoral psychotherapy".

Bogenoemde strategieë moet veral sinvol aangewend word in die egskeidingsmediasieproses. Talle sessies is gewoonlik emosioneel baie gelaai, en moet daarom met die nodige sorg en takt hanteer word. Die strategieë skep die geleentheid en ruimte om juis op 'n hoogs emosionele vlak, en ten spyte van die trauma van die

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

egskeiding, te fokus op nuwe toekomsstories. Hierdie strategieë kan ook sinvol aangewend word om binne die mediasieproses nuwe stories van hoop te probeer skep en te ontwikkel.

### 5.11 Dekonstuksie as 'n belangrike hulpmiddel in die skep van hoop

Deur middel van dekonstruksie moet daar nuwe hoop geskep word. Dit is alleen moontlik indien die proses van dekonstruksie sinvol benut word. Die skep van nuwe toekomsstories en stories van hoop is ten nouste gekoppel aan die dekonstruksie van strories van mense in die egskeidingsituasie. Lester (1995:131-134) dui die volgende stappe aan in die dekonstruksieproses. Omdat dekonstruksie as sulks, reeds taamlik volledig behandel is in 'n vorige hoofstuk, gaan die stappe hier net genoem word:

- "The first step is to see that the future story is fully understood.
- The second step is to learn thoroughly the content from which the future story was constructed.
- The third step is to uncover the relevant data that *could* have been included in a particular future story, ...... looking for the gaps in a persons perception of reality.
- Another part of the deconstruction process was our examination of differences in lifestyle between (the client) and his predecessors."

### 5.12 Die "reframing" van toekomstories

Dit is een van die belangrikste hulpmiddels om stories van hoop wat op die toekoms gerig is, te konstrueer. Lester (1995:139) haal vir Capps aan wat dit soos volg stel: "'Reframing' is a concept from neuro-linguistic programming and family therapy theory. Frames of reference are those internal structures for understanding reality constructed through the narrative structuring process. These internal structures are the mind-sets, structures of reality, belief systems or cognitive maps (depending on one's theoretical roots) that a person constructs to provide guidelines for turning events into personal stories. Frames of

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

reference are the core narratives that we use to put events in perspective and make sense out of life. To *reframe*, then, is to reshape one's perceptions, to change the cognitive sets by which one interprets an event or a relationship". Lester (1995:139) sê dan verder dat die terapeutiese proses, "reframing", nuttig is om persone te help om die volgende te bereik: "to rearrange the furniture and 'change the decorations' that make up a 'certain room' in their memory". Hierdie proses kan nuttig gebruik word in die mediasieproses waar al die partye en veral die kinders, anders moet begin dink rondom die toekoms en hul nuwe situasies.

### 5.13 Metodes vir die 'envisioning" van 'n nuwe toekoms

Stories beweeg altyd in 'n sekere rigting. In die terapeutiese/navorsingsituasie is dit noodsaaklik om by die vraag uit te kom "wat gebeur volgende?". Daar word gewoonlik in 'n sekere rigting beweeg en daarom sê Lester (1995:144): "Narrative directionality has three options: progressive, regressive, and stable. At any point a core narrative may be dominated by any one of these options. At other points, particularly in a period of transition or crisis, a life narrative may contain several of these narrative options". Hy onderskei vervolgens vyf metodes wat kan meehelp om progressiewe en hoopvolle toekomsstories te konstrueer.

- **Die vertel van stories** - Dié punt is reeds vantevore bespreek. Verskillende moontlikhede bestaan egter om 'n persoon uit te nooi om 'n progressiewe en 'n hoopvolle toekomsstorie te vertel**.** Die volgende stellings kan sinvol gebruik word:

  > "If your life was made into a wonderful movie with a happy ending, tell me what the last part of that movie would look like.
  >
  > If you wrote me a letter in a few years and it was filled with good news about your life, what would the letter say?
  >
  > If I read a story in the newspaper about some wonderful thing that happens to you next year, what would it be?" (Lester 1995:145).

- **Begeleidende verbeeldingsvlugte** - Bogenoemde is reeds bespreek en kan as 'n sinvolle metode aangewend word om progressiewe en hoopvolle toekomsstories te konstrueer.
- **"Asof" gesprekke** - Dit is ook reeds bespreek en kan in die terapeutiese proses aangewend word om vreesaanjaende en traumatiese gebeure, wat moontlike invloede op die toekoms kan hê, te ontmagtig.
- **Die verwydering van die probleem** - Dié metode kan sinvol gebruik word deur die toekoms sonder die probleem voor te stel en te verbeel, en te beskryf hoe dit dan lyk. Sekere "fast forward questions" kan gevra word om sodoende die persoon se toekomsprojeksies te omskryf, sonder dat die probleem in ag geneem word.
- **Die verbeelding van 'n wonderwerk** - Lester (1995:147) stel dit soos volg: "Human beings have always fantasized having the power to bring about a major change in life by waving a wand, saying the magic word, or finding a bottle with a genie who would grant three wishes. Steve de Shazer and his group take advantage of this desire for therapeutic purposes. They use what they call the 'miracle question' to spark fantasies about the future. They ask clients to imagine that they wake up one morning and find that their main problem is gone:

  Your husband no longer uses alcohol.

  You and Susan are remarried.

  Your depression has completely lifted.

  You weigh only 130 pounds.

  No more conflict exists between you and your mother."

Na die wonderverhale vra die navorser en medenavorsers wat dit beteken in die bepaalde situasie, konteks en hoe dit hulle lewens verander het.

## 5.14 Refleksie

Die narratiewe metafoor is 'n magtige navorsingsparadigma wat soos volg omskryf word deur Butler (2002:68):

> "The glorious joy discovering we can learn to dance with our shadows, we can open the doors of the closets and invite the demons out in die light: the resentment, anger, guilt and shame. All these things are part of our story, all of them make us who we are today. Nothing is outside the creative writing skills of the Divine Author whose intention is to weave them into the plot and story line of out lives. Only in this way we can stop being victims and stop playing the lead role in our own life …. become an actor on your own stage and stop pushing the heavy stone …."

Klein (2002:81) vind aansluiting by bogenoemde en sê dat die narratiewe paradigma juis op die volgende beginsels gegrond is:

- "People have within themselves the knowledge and the resources to create a preferred narrative and thus a new life.
- The problem is the problem and not the person. People have relationships with problems, but are not the problems themselves.
- People can become the primary authors of the stories of their own lives.
- The problems from which people seek help usually cause them to reach 'thin' conclusions or descriptions about their lives and relationships. Often these conclusions have encouraged them to consider themselves as the problem, dysfunctional or deficient in some way and this make it difficult for them to access their inner knowledge, competence, skills and abilities.
- The therapist, instead of being the quick fixer, problem solver, knower or expert, takes the active role of the respectful, curious, transparent, honest and subjective-integrity orientated facilitator who is working towards loosening the power of the dominant discourses we find in therapy models, strategies, in society and our culture."

Moontlike stories van hoop is dus haalbaar in die pastorale narratiewe egskeidingsmediasieproses. Dié stories van hoop skep juis die ruimte vir die ontwikkeling van nuwe toekomsverhale wat dié hoop bevestig. Die kerk en die gemeenskap van gelowiges kan hier 'n belangrike rol vervul om mede-verantwoordelikheid te aanvaar as die hoofrolspelers in die uitdeling van die Christelike hoop aan stukkende en getraumatiseerde

mense. Botha (2001b:154) stel dit soos volg: "Ons moet weer van die kerk 'n plek van hoop maak waar gewone mense daarop ingestel is om dié gawe al meer uit te leef in 'n hopelose wêreld. Die Bybel bevestig die gedagte deur daarop te wys dat hoop buite onsself begin in God se karakter, want Hy is geloofwaardig, getrou en liefdevol. Ons kan dus ons hoop net op die Lewende God self vestig en dit ook van Hom kry."

### 5.15 Die verhale van die navorser, medenavorsers en navorsingsliteratuur

Een van die mees uitstaande kenmerke van die narratiewe navorsing is juis om stories/verhale te hoor. In dié proses is die navorsers deel van die proses van storie-ontdekking en storie-ontwikkeling. Daar gaan gepoog word om ruimte te skep in die navorsing vir die verskillende verhale. Die verhale uit my empiriese navorsing speel 'n groot rol in die verdere ontwikkeling asook by die klimaks en einde van die genoemde navorsingsproses. Ek maak dikwels gebruik van lang verbatim-aanhalings wat 'n direkte gevolg is van die gesprekke tussen myself en die medenavorsers. Genoemde gesprekke sal in kursief ("Italics") weergegee word. In my navorsing maak ek gebruik van verskillende stemme wat almal een gemeenskaplike deler het. Al die medenavorsers in my navorsing was direk betrokke by 'n egskeiding, hetsy as eggenoot, eggenote of as kind. In die navorsingsgesprekke gaan daar met sewe persone in gesprek getree word en sodoende gepoog word om by moontlike stories van hoop uit te kom. Die medenavorsers en ekself is die gespreksgenote in die navorsingsgesprekke. Ek het die volgende sewe medenavorsers gekies:

- **Wouter** – 'n manlike medenavorser wat so te sê geskei was, soos hy self sê, net die handtekening het gekort en vandag steeds in dieselfde huwelik staan met nuwe stories van hoop.
- **Wanda** – 'n vroulike medenavorser en vrou van Wouter.
- **Kallie** – 'n predikant wat voltyds 'n pastorale spreekkamer beman, self deur 'n egskeiding is en ook optree as mediator.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- **Ben** – die een-en-twintigjarige jong man wat deel was van 'n gesin met wie ek 'n terapeutiese pad geloop het en bevoorreg was om al hul stories te kon deel.
- **July** – 'n vroulike medenavorser wat deur 'n baie moeilike egskeiding is en wat ook bereid was dat daar met haar twee kinders gesprekke gevoer kon word om by hul stories as gemarginaliseerdes uit te kom.
- **Marie** – die sewentienjarige dogter van July
- **Lelanie** – die veertienjarige dogter van July

My navorsingsgesprekke saam met my medenavorsers sal soms breedvoerig en soms weer selektief aangehaal word met hul nodige goedkeuring. Geen afbreuk sal daardeur aan die verhaallyne, die waarheid en/of oorspronklikheid van die stories/verhale gedoen word nie. Sekere navorsingslyne sal getrek word en toepaslike inligting sal, waar nodig, van tyd tot tyd betrek word. Aan die einde van die proses sal 'n aantal moontlik gedeelde diskoerse tussen die verskillende medenavorsers, verder aandag geniet.

Vir die doel van hierdie navorsing het ek sewe medenavorsers uit die spreekkamersituasie gekies. Dié spesifieke navorsingsgesprek wat volg, gaan ek vir duidelikheidshalwe meer volledig weergee. Die ander navorsingsgesprekke sal slegs kortliks, met enkele verwysings en toepaslike grepe weergegee word in die res van die hoofstuk.

- **Wouter** – 'n manlike medenavorser wat so te sê geskei was, soos hy self sê, net die handtekening het gekort en vandag steeds in dieselfde huwelik staan met nuwe stories van hoop.
- **Wanda** – 'n vroulike medenavorser en vrou van Wouter.

Die medenavorsers het my aanvanklik besoek na die dood van hul dogter Mattie. Na haar dood het die familie ernstige verhoudingsprobleme ontwikkel. Wanda die moeder, het ernstige emosionele probleme ondervind, aangesien die verhouding tussen haar en die ander twee kinders, Linda en Phillip dramaties versleg het en in 'n konflikverhouding verander het. Die verhouding tussen Wouter die vader, Linda en Phillip was deurgaans 'n

baie betrokke verhouding aangesien hy al sy aandag aan hulle gegee het tydens Mattie se siekte. Uit albei ouers se familie van oorsprong, is daar duidelike aanduidings wat hulleself aangedui het wat kon meehelp om die situasie te vererger.

Wouter is die enigste kind van sy ouers en aangesien sy vader op 'n vroeë leeftyd oorlede is, moes hy die vaderfiguur in die huishouding inneem. Dit het as jong seun baie verantwoordelikhede en laste op sy skouers geplaas, wat meegehelp het aan sy verantwoordelike optrede teenoor die twee kinders. Wanda was die enigste dogter saam met vier broers. Sy het grootgeword as 'n dogter wat baie bederf is en het altyd haar sin binne die familie van oorsprong gekry. Sy het ook 'n baie naby of oorbetrokke verhouding met haar ma gehad. Saam het hulle 'n span gevorm teenoor die broers en die pa, wat soms hewige konfliksituasies laat ontstaan het. Die familie van oorsprong van Wanda en Wouter was oor die algemeen 'n baie goed gebalanseerde en tradisioneel godsdienstige een.

Wanda is op 22 jarige ouderdom getroud met Pieter en die huwelik is binne 'n jaar beeïndig. Uit dié kortstondige huwelik is Mattie gebore. Sy was skaars 'n maand oud toe hulle haar in die hospitaal opgeneem het met erge longinfeksie wat as cisticfibrosys gediagnoseer is. Die lewensverwagting van sulke pasiënte is gewoonlik baie laag. Mattie was een van die langslewende sistiese fibrose pasiënte in Suid-Afrika. Sy het sewe jaar lank gelewe waartydens beide ouers, Wanda en die stiefpa Wouter by haar betrokke was. Die biologiese vader Pieter het heeltemal van die toneel verdwyn en haar afgeteken ten gunste van Wouter wat haar aangeneem het as sy eie kind. Sy en Wouter, haar kollega vir die afgelope drie jaar, het na haar egskeiding 'n ernstige verhouding aangeknoop. Hulle is kort daarna getroud. Wouter het vir Mattie as sy eie dogter aanvaar en was ook baie betrokke by haar mediese versorging tydens haar siekte en hospitalisasie oor die jare. Intussen is daar twee ander kinders uit die huwelik gebore, naamlik Linda en Phillip. Die verhoudingsprobleme en konfliksituasies is suksesvol hanteer en die hele gesin het terapeuties baat gevind by die gesprekke.

Hulle het nou aangemeld vir egskeidingsmediasie. Wanda en Wouter se verhouding het 'n laagtepunt bereik aangesien albei nog nie die dood van Mattie verwerk het nie. Hulle het die afgelope sewe jaar nooit daaroor gepraat nie. Wanda was oortuig daarvan dat sy nie verder met die huwelik kon voortgaan nie aangesien daar geen emosionele binding tussen hulle was nie. Die doel van hul besoek was om deur middel van egskeidingsmediasie, op so 'n verantwoordelike wyse moontlik, tot 'n egskeiding oor te gaan. Die volgende vier gesprekke is spesifiek gewy aan die opstel van 'n skikking asook die emosionele hantering van die egskeiding. Albei partye, asook die kinders, is in die proses betrek.

Nadat alles gefinaliseer is, maar voordat die prokureur die dagvaardiging op Wouter bedien het, het hulle gevra dat daar net vir oulaas na 'n paar sake gekyk moet word. Dit het die deur oopgelaat en vir hulle die geleentheid gebied om vir die eerste keer oor hul emosies rondom die groot verlies van hul kind te praat.

As navorser het ek hulle as medenavorsers hanteer wat die "experts" was. Uit 'n posisie van "not knowing"/"decentred", het ons saam na hul stories gaan kyk. Ons het ooreengekom om as 'n reflekterende span te funksioneer waarin eers Wanda en daarna Wouter die geleentheid kry om hul stories te vertel. In die reflekterende span sou ek en Wouter eers luister na Wanda se storie waarna ons twee daaroor sou reflekteer teenoor haar. Daarna sou die proses in omgekeerde volgorde herhaal word.

Wanda het die storie, waarvan die belewenis van die oomblikke van die dood 'n dominante diskoers was, op die tafel geplaas. Sy het in detail vertel wat dit vir haar beteken het: "Voor Mattie se dood was ek in my roetine van medisyne, dokters, hospitale ens. Ons het egter soos gewoonlik, by die see gaan vakansie hou. Sy het 'n koors begin ontwikkel en ons kon dit nie gebreek kry nie. Ek het by haar geslaap en haar versorg, maar sy het sieker geword. Ek het haar op my skoot getel en die hele nag regop gesit totdat sy die volgende oggend by die dokter kon uitkom. Dit was vir my soos 'n normale keer wat sy hospitaal toe moes gaan. Dit het die Woensdag en Donderdag goed gegaan en skielik het sy teen Vrydag opgehou eet. Teen Saterdag het hulle ekstra chirurge ingekry om 'n pyp in

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

die slagaar in haar keel tot in die maag af te sit om sodoende voedsel in te laat. Ek het haar die hele tyd opgepas en die dokters en susters het later daarop aangedring dat ek moet slaap. Ek het egter wakker gebly en sy het deurentyd versoek dat ek vir haar "die Here is my Herder" moet sing. So het ek die nag omgesing. Teen Sondag het hulle haar morfien begin spuit en ek was steeds seker dat sy gesond sou word. Sy het met my gepraat en gesê: "Mamma, ek gaan nie so oud raak soos oumagroot nie, my lewe hierbinne is kort." Ek het haar gevra wat sy bedoel en sy het vir my gesê: "Mamma, ek gaan doodgaan, maar jy moenie huil nie." Op daardie stadium het ek heeltemal van my kop afgeraak, want wat weet 'n kind van sewe van die dood. Ek het die dokters laat kom en hulle het almal bevestig dat sy weer beter sal word. Hulle het steeds vir haar morfien gegee en as sy wakker geword het, was sy aggressief en het by geleentheid met haar vuis op die tafel geslaan en gesê: "Here help my, Here God help my." Sy het altyd van Liewe Jesus of Jesus gepraat maar nooit van God nie. Ek het as 'n liefdevolle en getroue ma by haar bly waak. Wouter het ook na werk en in die nag daar kom sit, maar nooit iets gesê nie. Teen Dinsdag het my tannie my eenkant toe geroep en met my gepraat. Sy het gesê dat ek vir Mattie terughou en daarom wil sy nie laat gaan en sterf nie. Dit het baie skuldgevoelens by my laat ontstaan. Teen sewe-uur die aand het sy baie swaar begin asemhaal. Ek het by haar gekniel en gesê dat ek gereed is om haar te laat gaan. Sy was toe reeds in 'n koma. As sy my kon hoor, kan sy maar gaan, want ek is reg. Ek dink vandag geensins dat ek besef wat ek gedoen het nie. Teen die oggend 02h40 moes ek kleedkamer toe gaan. Ek was letterlik vir 'n paar minute weg. Vir sewe dae was ek die hele dag by haar. Toe ek in die kamer terugstap, het sy so pas gesterf. Vir sewe dae het ek by haar gewaak en toe sy gaan, was ek nie daar nie. Wouter was daar en ek was eintlik so jaloers want hy kon dit beleef maar ek het dit gemis. Ek was verlig omdat sy nie meer gesukkel het om asem te haal nie. Wouter het baie gehuil maar ek was stil, daar het nie 'n traan gevloei nie."

Baie trane het tussen Wouter en Wanda gevloei by die aanhoor van wat die storie vir haar beteken het. Ons het gewonder hoe sy die skuldgevoelens al die jare hanteer het. Die skuldgevoelens is ge-eksternaliseer want dit was volgens haar die groot probleem. Ons

het gewonder of sy nie hierdie probleem ‘n naam moet gee nie. In haar terugvoer het sy bevestig dat die skuldgevoelens haar die afgelope sewe jaar so bedreig het dat sy nagmerries gekry het en dat dit altyd by haar was. Sy het dit ‘n naam gegee: “wampier”, iets wat die hele tyd aan jou wil suig, jou wil doodmaak, bedreig, seermaak en vernietig. Die persoon en die probleem is dus van mekaar geskei. Ons het ook probeer vasstel wat die invloed van die probleem op haar lewe was en is. Dit het haar laat twyfel in haarself, haar moederskap en vrouwees laat bevraagteken, haar ouers laat verwyt vir die genetiese defek wat sy aan haar kind oorgedra het ens. Wouter het vertel hoe ‘n wonderlike ma sy vir die kinders was en is. Sy gee om, doen so baie vir die kinders, is toegewyd, lieftallig en gee altyd drukkies en liefde. Ek wou by hom weet wat hy dink hoe dit vir haar ‘n probleem geword het. Sy het altyd geglo dat Mattie gesond gaan word en dat die Here sal sorg vir hul behoeftes. Die dood en die skuldgevoelens het haar diepste menswees aangeraak want sy het gesê: “Hoekom doen God dit aan ons?” Sy wou nie praat nie. “As Hy Lasarus opgewek het, kon Hy my kind opgewek het”, het sy geglo. Die probleem het hulle as gesin begin vernietig. Die probleem is in detail hanteer in die volgende sessies.

Wouter se verhaal het Wanda se “sterk wees” as dominante diskoers gehad. Hy het verder vertel: “Toe sy opgeneem is, was die laaste ding wat deur my kop gegaan het, dat dit die laaste keer was dat sy opgeneem sou word. Die laaste aand was daar min mense in die saaltjie waar sy gelê het. Ek het so om en by 12h00 by haar gaan sit en met haar hand in myne tussen slaap en wakker gedryf. Sy het ‘n monitor aan haar toon gehad wat die suurstofpersentasie in die bloed geneem het wat dan en wan ‘n alarm laat afgaan het as gevolg van die lae suurstofinhoud. Soms het hy afgegaan as sy beweeg want dan het dit nie mooi kontak gemaak nie. Indien ek dit mooi vasgedruk het, was dit weer stil. In die vroeë oggendure, ongeveer 03h00, het dit weer afgegaan en kon ek dit nie stilkry nie. Eers toe ek opkyk en haar gesiggie sien en sien hoe sy snak na haar asem, en die snakke al hoe langer uitmekaar en dieper word, het ek besef hier is nou moeilikheid. Van daar af, wat gevoel het soos ‘n ewigheid, na so ongeveer 15 minute, het sy opgehou asemhaal. Ek het nie geweet wat om te doen nie. Ek het gevoel ek moet iets doen, maar nie geweet wat nie. Ek was nie op daardie stadium bewus dat Wanda nie in die saal was nie, dit het

ek eers later gehoor. Sy was saam met haar moeder in die saal langsaan want sy het die hele week tot in die vroeë oggendure by Mattie gewaak. Toe sy in die saal inkom, het ek opgemerk dat sy nie huil nie en ek het gewens dat ek ook so sterk kan wees. Sy was altyd sterk. Min het ek geweet sy was binne-in, in een miljoen stukke gebreek. Die hospitaalpredikant het ingekom en ‘n gebed gedoen. Ek het uit die saal gestap en Mattie se slaapklere gevat en in my baadjiesak gedruk. Ek het so gehuil en het verlore en magteloos gevoel. Ek het myself verkwalik omdat ek nie agterna gehardloop het toe hulle haar op die trollie uitstoot en aangedring het op hart/longmasjiene en al daardie tipe van behandelinge nie....”

By Wouter was een van die dominante diskoerse “om sterk te wees” want Wanda was sterk. Volgens homself was dit die probleem wat hanteer moes word. Hyself het die probleem ‘n naam gegee naamlik “magic”. Hy kon nie so wees nie en daarom het dit elke keer in konfliksituasies na vore gekom. Na aanleiding van sekere vrae is “plotting” van die probleem gedoen. Die volgende vrae het meegehelp om die probleem “magic” te dekonstrueer - ‘n soeke na wat nie gesê word nie, deur wat wel gesê is:

- Hoe beïnvloed die probleem die lewens van die ander gesinslede?
- Hoe beïnvloed die probleem jou gedagtes oor jouself?
- Watter beeld reflekteer die probleem oor jou ouerskap?
- Watter gevolgtrekkings het jy oor jou vaderskap/eggenootskap begin maak?

Tydens die volgende gesprekke het ons begin om ‘n alternatiewe storie te ontwikkel. Albei partye het gesê dat sekere dinge tog reg en goed verloop het binne die huwelik- en gesinsverband. Hulle het geleenthede geïdentifiseer waar een of albei tog ‘n positiewe verskil teenoor mekaar gemaak het, asook teenoor die ander kinders. Mettertyd het hulle begin weerstand/teenkanting toon teen die probleemdiskoerse soos reeds aangedui. Die ontrafeling van die gebeure (landscape of action) asook die lei tot ‘n skuif in identiteit (landscape of identity) het daartoe meegehelp dat hulle hulleself in mekaar se stories kon ontdek. Dié alternatiewe stories het nuwe entoesiasme meegebring. Die internalisering

van die uitkoms het meegehelp in die “re-storying” en “re-framing” van ‘n nuwe verhaal. Die feit dat hulle dit kon regkry om mekaar te vind ten spyte van die probleme, was deel van die suksesverhaal. Saam kon hulle eienaarskap vir die suksesverhaal aanvaar. Om hul huwelik te “re-claim” moes hulle ‘n “audience” verkry om te vertel wat hulle omtrent hulleself, mekaar en die kinders ontdek het. Deur die positiewe hantering van die probleem (eksternalisering) en die hernude toewyding het hulle outeurskap van hul eie lewenstories oorgeneem om sodoende ‘n nuwe storie saam te skrywe. ‘n Storie van hoop het nou begin ontwikkel ....... In die opvolgsessies twee maande gelede, het hierdie stories van hoop nog verder ontwikkel en hulle as familie so aanmekaar verbind, dat hulle op ‘n toekoms wat oop voor hulle lê, kan fokus ……

God se betrokkenheid, asook hul gewaarwording en belewing van hoop vanuit ‘n hopelose situasie het nuwe moontlikhede aan hulleself, mekaar en gesinslewe gestel. ‘n Egskeiding, wat beslis sou plaasvind indien hulle direk na prokureurs sou gaan, is dus afgewend en huweliksgroei het begin plaasvind.

- **KALLIE – ‘n predikant wat voltyds ‘n pastorale spreekkamer beman, self deur ‘n egskeiding is en ook optree as mediator.**

**Jan:** Vertel my die storie van desperaatstraat in jou lewe.

**Kallie:**

*Op ‘n stadium in my lewe het ek op ‘n punt gekom wat ek graag DESPERAATSTRAAT wil noem. Dit is nou daardie punt waar al jou maklike antwoorde op moeilike vrae nie meer sin en saak maak nie. Daar waar jy omsingel word deur vraagtekens en gekonfronteer word met jou eie totale magteloosheid en onvermoeë om die gedagtes en weë van die almagtige God te verstaan. Dit bring jou op ‘n punt dat jy met ‘n roggelkreet moet uitbulder: “Ek kan nie meer nie!” Vir ‘n Predikant om op daardie punt te kom, vat nogals baie, want sien, ons is geleer om andere by te staan wanneer hulle in die noutes sou land. Maar, inderdaad is dit ‘n perd van ‘n totale ander kleur die dag as die seer voor jou deur*

*kom parkeer. Dis dan wat jy so die indraai vat van die doodloopstraat genaamd, DESPERAATSTRAAT.*

*Juis in die tyd, toe ek oorweldig is deur die donkerste nag in my lewe het iemand my die staaltjie vertel van die Chinese palm. Hy't gesê jy vat so 'n ongeveer tien sentimeter lange stiggie van die Chinese palm en dan plant jy dit. Vir drie jaar hou jy dan aan om die stiggie nat te gooi. Al wat gebeur, is dat hierdie stiggie al meer onder die skroeiende son verskrompel. Menige mens sou dan besluit om dit maar liewer uit te haal. Die wat egter weet van Chinese palm sal rustig aanhou om maar nat te gooi. Na drie jaar, asof uit die dood, begin hierdie stiggie dan groei. Binne 3 maande groei dit dan so ongeveer 10 meter hoog! Wat sou jy dink het in die voorafgaande drie jaar gebeur? Dit het 'n wortelstelsel ontwikkel wat so diep en vas verankerd is in die grond dat selfs tifoonwinde nie die rietskraal palm met die klos blare aan die bo-kant kan omwaai nie! Kom stap saam met my so 'n ent terug op die pad wat was, gister se pad en dan vertel ek jou meer van DESPERAATSTRAAT.*

**Jan:** Die pad wat jy al geloop het, het seker 'n paar kinkels in gehad – vertel my meer daarvan.

**Kallie:**

*Die pad begin daar doer aan die vale kant van die Vrystaat. Dis daar waar die son van God se genade die eerste keer oor my menswees opgekom het. Vandaar het die pad so 'n draai loop maak na die stowwerige deel van die Vrystaat en toe koers gekry in die rigting van die groener kant van die Vrystaat en toe tot stilstand gekom. Dit is hier waar hulle 'n kopsku hings probeer inbreek het, deur hom te leer van al daardie dinge waarvan ek en jy vandag nou so bittermin onthou – SKOOL! Met die toom in die hand was daar 'n wonderlike godvresende pa en ma. Modelmense van hul tyd, maar onder hul hand was daar 'n hings wat net gewag het vir die regte geleentheid om uit te breek en sy eie koers te kry. In daardie tyd is kinders nog net gesien en nie gehoor nie, hulle is gesê en nie gevra nie! Nou weet jy mos party kinders kan gesê word en hulle glo, andere weer wil nie weet van gesê word nie, hulle wil loop sien. Duidelik het ek in die laaste kategorie geval. Toe die kans hom dus voordoen op Universiteit het ek met 'n passie weggebreek wat die*

*hoenders agteruit laat vlieg het. Dit alles terwyl ek besig was om Teologie te studeer. Jy sien ek was besig om die model "Cremora christen" te word: Ït's not inside, it's on top!" Ek kon vir jou vertel van wat Barth, Berkhouwer, Bavinck en span te sê het oor die Bybel maar van 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus was daar nie sprake nie! Hulle sê mos die verskil tussen hemel en hel is so ongeveer 30 sentimeter. Die afstand tussen jou kop en jou hart !*

**Jan:** Jy praat van jou geloof en die afstand tussen jou kop en jou hart, wat het daar gebeur?

**Kallie:**

*As jy hom geken het, sou jy hom al so in my vertel gehoor het. Dit is nou die man wat deur God gebruik is om 'n amperse Dominees se kop te swaai, genaamd, Louis Malherbe. Soos Job, het ek God ook leer ken op grond van hoorsê. Mamma en Pappa het my kleintyd van Hom vertel, so ook Onderwysers, Predikante, Professore en oral waar jy gekom het is daar van Hom vertel. Wat dalk die draai gebring het was dat Louis nie net maar vertel het nie maar Hom GELEEF het waarvan hy vertel het. So kom 'n Tokkelok toe tot bekering! Intussen het die Here toe die amperse halwe mens kom hele mens maak deur vir hom 'n ander helfte te gee in die persoon van 'n wonderlike vrou met die naam: Lien.*

**Jan:** As reisiger op hierdie nuwe pad, watter voorbeelde kan jy gebruik van hoe die Here jou op 'n ander manier begin gebruik het?

**Kallie:**

*Vandaar het God ons toe gevat so via 1 Valskermbataljon tot in die bediening op 'n klein plattelandse dorpie. As 'n mens so ampers met die een voet in die hel was terwyl jy geglo het dat jy met alles "geboek" was in die hemel, dan wil jy met alles in jou keer dat ander mense dalk net dieselfde fout kan maak as jy. Daardie fout, van dink jy is reg terwyl jy eintlik heeltemal weg is! Met die passie van 'n Paulus het ons die bediening ingestorm en probeer om almal te bekeer. Ai weet jy, as mens toe darem net van beter geweet het. Iemand het eendag gepas opgemerk dat geen Dominee/Pastoor toegelaat moet word om*

*langer as twee jaar in sy eerste gemeente te bly nie want hy maak in daardie twee jaar al die foute waarvan hy in sewe jaar geleer is! Skaars was ons op pad toe ons hemelse Vader besluit het om die verwoede ywer en passie te temper. Nog altyd het ek geglo dat solank daar nog 'n asempie in 'n gesonde lyf is, dan kan jy die lewe veg. Juis toe kom vat die Vader 'n jong Saulus aan en maak van hom 'n Paulus.*

**Jan:** Vertel my van die grondpad en seer in jou lewe.

**Kallie:**

*Topfiks, speel ek die dag tennis toe daar ewe skielik 'n olifant homself tuis kom maak hier op my bors – 'n massiewe hartaanval. So vind hulle toe uit my bloed cholesterol is 12.5 terwyl dit 5.7 moes wees. Oorgeërfde hiper-cholesterolemie noem hulle dit in geleerde vakkundige taal. Hulle het toe so binne-aars die are oopgemaak met Angioplastie en gesê ek moet maar wegbly van alle geiligeite en vetterige kosse. Skaars was ons terug van siekverlof toe ons jongste dogtertjie gebore is. Drie maande na die hartaanval. 'n Dag of wat na haar geboorte is daar 'n biopsie gedoen op 'n knop in Lien se nek en is sy gediagnoseer met Limfoomkanker (Hodgekins). Dit was 'n gesig wat 'n mens nooit sal vergeet nie. Met 'n piepklein, nuwe lewetjie in haar arms het Lien my vertel van die doodsvonnis van Kanker wat oor haar lewe uitgespreek is! My bene kon nie meer hou nie en het so bewerig onder my gevou! Nadat die skokgolwe gaan lê het, het ek heel vroom soos 'n Job gesê: "Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here." (Job 1:21) Vir 'n jaar lank het Lien toe chemoterapie gekry, waarna sy toe in remissie (skoon) was. Hierna het sy 'n miskraam gehad en toe het die kanker aan die ander hervat! Om die kersie op die koek te sit is ons bankrot verklaar 'n ruk na die tweede keer se diagnose.*

*Soos 'n digte mis het die donkerte oor my menswees ingerol want skielik het ek nie meer verstaan nie. Al daardie maklike antwoorde wat jy so maklik op die moeilike vrae van ander gegee het, het ewe skielik nie meer sin gemaak nie. Dan was daar ook nog die felle veroordelings antwoorde van mense. "Die dinge gebeur omdat daar nog sonde in julle lewe is!" en "Julle geloof is nog nie sterk genoeg nie!" en … "Onthou, die Here tugtig die*

*wat Hy liefhet!" Ek glo dat ons as kinders van die Here soos Job se vriende soms meer skade aanrig en verwarring veroorsaak met ons goed bedoelde raad as wat ons ooit kan dink of verstaan! Job se vriende het goed weggespring. Hoor hoe hanteer hulle aanvanklik sy seer: "Toe hulle hom op 'n afstand sien, het hulle hom eers nie herken nie. Daarna het hulle hardop begin huil, hulle klere geskeur en stof in die lug en op hulle koppe gegooi. Sewe dae en sewe nagte lank het hulle op die grond by hom gesit sonder om 'n woord met hom te praat, want hulle het gesien dat sy smart baie groot is." (Job 2:12,13) As ons tog net kan leer dat al wat God van ons verwag, is om net daar te wees vir mekaar en om net te sê wat Hy wil hê ek moet sê. Dan moet die sê ook so in liefde geweek wees dat dit soos salf op die wonde sal wees.*

**Jan:** Hoe voel dit as 'n dominee moedeloos raak en hoe het jy dit hanteer?

**Kallie:**

*Hierdie dominees se kop het toe so ernstig aan die raas gegaan dat hy nie meer reguit kon dink nie! Niks wat ek geleer is, en al die baie boeke wat oor seer geskryf is, en wat mense oor seer gesê het, het meer sin gemaak nie. Om die waarheid te sê selfs God en geloof het nie meer sin gemaak nie. Ek kon nie meer Bybel lees en bid nie, so kwaad was ek vir God! Dit alles terwyl jy Sondag na Sondag op die kansel moet staan en vir mense moet vertel van hierdie wonderlike God waarin ons glo, terwyl jy dit self nie eers meer kan glo nie!*

*So het ek gekom op 'n punt dat ek nie meer verder kon gaan nie en het ek vir die Here gesê dat Hy nou maar moet wys waarmee Hy besig is anders kan ek nie meer sin sien daarin om so aan te gaan nie. Dit is mos nou juis wanneer ons op daardie punt kom dat ons moet erken; "ek kan nie meer nie!" dat God ingryp om in ons swakheid Sy krag te volbring! Dis wanneer ons wegkyk van mense, dinge en ons idees oor dinge, om met 'n oop gemoed na Hom te begin soek wat die Waarheid is dat Hy ons oortuig van wat Sy waarheid is. So het God my na Sy Woord toe gevat en so vêr soos wat ek gelees het, het ek net gelees van woestyne . Dit was Abraham, Josef, Dawid en selfs Jesus! Ewe skielik het dit begin deurbreek! God stroop mense van alles en almal om hulle en vat hulle dan*

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

*woestyn toe om daar te ontdek wie hulle is maar bo alles, wie Hy is ! In hierdie tyd het God begin om Homself aan my te openbaar wat my hele dunk van Hom en my verhouding met Hom radikaal verander het. Hy het my kom oortuig deur Sy Gees dat ek Hom nie kan inperk met my "gesonde verstand" nie! Verder het Hy kom oortuig dat Hy God is en dat NIKS vir Hom onmoontlik is nie.*

**Jan:** Soms moet jy soek na goud …. Het jy so 'n stukkie ontdek?

**Kallie:**

*In hierdie tyd het iemand so 'n juweel uit God se hart aangegee. Sy het gesê; "Laat God toe om God te wees!" Ietwat uit die veld geslaan het ek gevra; "Nou hoe bedoel jy dan nou?" Sy het gevra; "As Lien vandag sou sterf, dink jy sy sou hemel toe gaan?" waarop ek geantwoord het; "Verseker!" Hierop het sy gevra; "Dink jy die hemel gaan 'n beter plek wees as die aarde?" Ek het geantwoord; "Baaaaaie beter!" Toe vra sy my; "Is dit dan nie so 'n bietjie selfsugtig om haar by jou en die kinders te wil hou nie?" "Sjoe, ek het nog nooit so daaraan gedink nie!" het ek geantwoord. Sy gaan toe verder en sê; "Maar dit sal ook darem baie lekker wees as God haar vir julle spaar!" "Inderdaad!" het ek geantwoord. Sy vra toe; "Nou wat kies jy?" Nadat ek 'n hele ruk hieroor gedink het, moes ek antwoord; "Ek weet nie!" Toe sê sy; "Nou laat God toe om God te wees! Hy weet presies wat die beste is vir almal van julle en net soos wat jy as pappa niks minder as net die beste vir jou kinders wil gee nie, weet God presies ook wat is die beste vir julle!" Met trane in my oë het ek gesê; "Dankie Here dat ek nou Lien vir U kan teruggee, want dit is U wat haar vir my gegee het. U weet wat is die beste en nou weet ek dat wat U ook al besluit SAL die beste ook vir my wees." Jy sien dit is in die noutes van die lewe dat ons geloof voete kry! Dit is wanneer jy worstel met God soos 'n Jakob by die Jaboksdrif dat jy nooit as dieselfde mense daar sal weggaan nie. Jy gaan altyd met 'n hunk weg! Soos Job kan jy dan ook nie anders as om te sê; "Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien" (Van aangesig tot aangesig – Job 42:6)*

**Jan:** Wat het jy uit jou moedeloosheid en hopeloosheid geleer?

**Kallie:**

*Eendag het iemand na my gekom en vir my gevra; "Is jy op die plek waar God wil hê jy moet wees?" So in my stilligheid het ek gedink dat dit darem nou 'n baie dom vraag was om vir 'n dominees te vra! Ek is dan voltyds in die bediening, hoe kan ek dan anders as om binne die wil van God te wees. Die Heilige Gees het egter 'n onrustigheid op my lyf laat groei en ons het begin om die wil van die Here vir ons verdere bediening te soek. Die Here het baie duidelik op wonderbare wyses vir ons kom bewys dat Hy wil hê dat ek voltyds in berading moet gaan. Ek moes vanuit die seer wat ek op my vel gevoel het ander mense met hulle seer gaan help. 'n "Wounded healer" word. Dit was so reg in lyn met waarmee ek besig was, want op daardie stadium was ek juis besig om verder in berading te studeer. Die ander deel was egter 'n totale verrassing! Ek moes weer begin sing. Nog nooit in my lewe het ek begeer en geaspireer om te sing nie. Op Universiteit tydens my studiejare moes ek op kort kennisgewing by 'n baie groot geleentheid sing. Toe ek by vers 2 kom was ek daar maar nie vers 2 nie - Ek het my woorde vergeet! Daar het ek myself belowe dat ek NOOIT weer voor mense in die openbaar sou sing nie. Vir 12 jaar het ek opgehou sing. Ek het op ALLE moontlike maniere probeer om my daaruit te wikkel maar God het weereens net oortuig dat dit wel Sy wil is en Hy het waenhuisdeure oopgemaak as bevestiging van hierdie roeping op ons lewens. Na agt jaar in die gemeentebediening het ons verhuis na 'n groter plattelandse dorp waar ek 'n Pastorale Spreekkamer begin het en by 'n Psigiatriese hospitaal as deel van 'n professionele span gewerk het. Intussen is ek 'n kontrak aangebied deur 'n groot platemaatskappy en is die eerste CD gesny.*

**Jan:** Watter interessante dinge het toe oor jou pad gekom?

**Kallie:**

*'n Maand na die vrystelling van die eerste CD het ek 'n drie-vat-hartomleiding ondergaan. Dit was vir my onverstaanbaar. Ek het nie gevra en begeer om 'n CD te maak nie! Hoekom moes dit gebeur na al die inspanning om die CD te laat maak? In daardie intensiewe eenheid het Vader God weer Sy hart kom openbaar. Hy het vir my kom wys dat Hy 'n jaloerse God is en dat Hy Sy eer met niemand deel nie! Ook tydens optredes en alles waarvoor Hy my in die toekoms gaan gebruik moet Hy die eer kry!!! Ons is maar net*

*die instrumente waardeur Hy Homself aan die wêreld wil openbaar vir wie HY IS! Die Heilige Gees het dit ook op my hart kom lê om liedere te komponeer. Siende dat my musikale vermoeë bykans nul was, kon ek dit nie verstaan nie! Ek het my bes probeer maar niks het gebeur nie, tot op 'n punt dat die Gees my kom wys het dat ek te hard probeer. Dit gaan nie oor wat ek en jy kan nie maar wat God deur ons tot stand wil bring. Toe ek dit besef en myself net aanbied as beskikbare en gewillige instrument waardeur Hy kan doen wat Hy wil, het die dinge begin gebeur! Na vier jaar se verblyf in die groter plattelandse dorp het die Here ons, letterlik swart op wit gelei om na Gauteng te verhuis. Sedert Desember 1999 het ons toe Gautengelenge geword. Tans bedryf ek 'n voltydse Pastorale Spreekkamer, is vryskut-aanbieder by 'n radiostasie en bied landswyd seminare in gemeentes aan, bedien met Woord en Sang die evangelie oor alle kerkgrense heen en sedertdien is nog drie CD's vrygestel.*

**Jan:** Wat nou van die pad vorentoe?

**Kallie:**

*Na die hartaanval het ek permanente hartskade gehad. Die Vader het my egter oortuig dat ek weer moet begin oefen en deur die genade van die Here kon ek in 1993 en 1996 die Comrades-marathon suksesvol voltooi! In Sy Goddelike welbehae het God Lien vir ons teruggegee en sy is nou al vir meer as nege jaar in remissie (skoon/gesond). As dit die Heer se wil is, beplan ons om Junie/Julie te gaan optree in Engeland, Amerika en Kanada. Bid saam met ons ook dat God hierdie onderneming ryklik sal seën en voor ons sal uittrek en die paaie gelyk sal maak.*

**Jan:** Hierdie is waarlik 'n storie van hoop!

**Kallie:**

*Ja, ons eindig waar ons begin het. Die wonderlikste wete vir elke mens in die noutes is die vaste sekerheid dat hoewel ons nie altyd kan verstaan waarmee God besig is nie, kan ons weet dat Hy presies weet waarmee Hy in liefde besig is. In en deur alles is Hy in die noutes altyd besig om ons net dieper te anker in Jesus as die rots en tegelykertyd is Hy ook besig om ons toe te rus om net al hoe meer en beter diensbaar te wees tot Sy eer!*

*Breek Sy pottebakkershande die kruik oop, soos wat Hy ons van onsself stroop sodat Jesus as die skat net al hoe meer sigbaar kan word. GEEN groei is ooit maklik nie maar sonder groei kan daar ook nie vrug wees nie! Mag die gebarste erdekruik dan net al hoe minder word sodat die skat binne al hoe meer sigbaar sal kan word!*

Uit hierdie gesprek met Kallie het hy die volgende momente as stories van hoop uitgelig:

- Sy herstel na hartaanval (Comrades)
- Lien se volkome herstel na kanker
- Sy herstel na hartomleiding
- ‘n Lewe na die gemeentebediening in afhanklikheid van God
- Sy vier CD’s

Ek het ook gevra dat Kallie vir my een besondere storie van hoop as mediator sal vertel vanuit ‘n egskeidingsituasie. Hier volg ‘n kriptiese weergawe van die storie:

Die kliënt het presenteer met engtevrees in ‘n baie ernstige graad, tot so ‘n mate dat hy nie in ‘n vertrek kon sit met toe vensters of in ‘n motor kon ry as die vensters nie oop was nie. Duidelik ‘n major Clausterfobiese reaksie. Dit het gedreig om die huwelik te vernietig en daarom het hulle vir hulp gekom.

Nadat daar breedvoerig geluister is na die behandelingsprosedures waardeur die kliënt al is, is begin om ‘n gedetailleerde weergawe van sy lewenstorie te rekonstrueer. Oënskynlik was daar GEEN definitiewe aanduiders in sy storie van die onderliggende oorsaaklike faktore tot die toestand nie.

Na raadpleging van ALLE moontlike bronne en menige gesprekke met ander professionele persone kon die ondeliggende oorsaak van die toestand nog steeds nie vasgestel word nie. Uit een van die gesprekke het dit duidelik geblyk dat daar ‘n besonderse noue band tussen hom en sy ma was. Hy is onder meer ook gevra om met sy ma haar belewenis van

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

haar, swangerskap met hom, asook die geboorteproses deur te werk. Met die deurwerk hiervan het daar baie groot deurbrake gekom.

Sy moeder het hom vertel hoe sy op agt maande met sy swangerskap in kraam gegaan het. Hulle het op ‘n plaas gewoon ongeveer 30km. vanaf die naaste dorp. Sy pa was met besigheid weg toe sy ma in kraam gegaan het. Teen die tyd dat die bediendes die buurman kon opspoor, het haar water reeds gebreek en was sy vol in kraam hoewel sy nog nie ten volle ontsluit was nie. Hy is dus letterllik met elke kontraksie stukkie vir stukkie dood gedruk. Dit het baie duidelik geblyk die oorsprong van die engtevrees te wees.

Die onderliggende dinamika van die toestand is aan die kliënt verduidelik. Daarna is die kliënt begelei tot insig in sy vrese, gehelp om snellers te identifiseer, nuwe gedagteprosesse te formuleer en om dan die daaropvolgende emosionele reaksie/belewenis op ‘n verantwoordelike en gepaste wyse te hanteer. Die huwelik het sodanig herstel dat dit as een van dié stories van hoop in my spreekkamersituasie beskou kan word.

Met verloop van tyd het die kliënt sodanig gestabiliseer dat hy sy emosies en vrese op gepaste funksionele wyse kon hanteer.

As medenavorser en mediator kon Kallie sinvol aan die navorsingsproses en gesprekke deelneem. Deur die loop van ons gesprekke het ek ‘n tiental vrae aan hom gestel rondom sy spreekkamer en die mediasiewerk wat hy daar doen. Die feit dat stories van hoop in die mediasieproses voorkom, is met behulp van die vrae deur hom bevestig.

**Jan:** Jy werk die afgelope ses jaar voltyds in die pastorale spreekkamer met stories van hoop ……

**Kallie:** *Ja*

**Jan:** Was daar enige stories van hoop wat vir jou uitgestaan het?

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

**Kallie:** *Hoewel elke persoon sy eie unieke storie het en elke deel van die terapeutiese pad sekere hoopmomente het, was daar beslis sekere gevalle waar die hoop-faktor duideliker sigbaar en meetbaar was. Aangesien hoop primêr gesetel is in 'n lewende verhouding met Jesus Christus, is/bly die vind van sin in Jesus (wedergeboorte) absoluut een van die wonderlikste hoogtepunte en stories van hoop.*

**Jan:** Hoekom het die spesifieke storie(s) vir jou uitgestaan?

**Kallie:** *Om bloot gedrags-veranderend te werk te gaan is simptomaties sonder dat die wortel van die kwaad aangespreek word. Gedrag se motiveringsbasis volgens die Skrif is die hart van die mens en eers wanneer dit van klip na 'n hart van vlees verander, kan die vrug van die Gees ook begin realiseer. Die permanente karakter van die verandering is wat hierdie stories die meeste laat uitstaan. Die mens se eie storie kan eers in diepte dimensies verstaan word as dit teen die agtergrond van God se handelinge met hom in die verlede gesien word (God se storie-pad). Dan word verstaan dat letterlik ALLES deel was van die "ten goede meewerk" waarvan Paulus praat.*

**Jan:** Hoe het julle saam die stories ontdek en watter rol het jy asook die kliënte/medenavorsers daarin gespeel?

**Kallie:** *In die gevallestudies is 'n paar van vele "uitsonderlike" stories hanteer. Vanweë die feit dat kliënte dikwels sekere erge traumatiese belewenisse uitblok, was die "ontdekking" van hierdie stories ook geweldig interessant. Meestal het dit 'n drieledige betrokkenheid nl. die terapeut, die kliënt en die Gees van God. Wanneer gedrag binne storie-kontekste verreken word, kom 'n mens agter dat daar nog sekere "wortels" van die kwaad gemis word. Opwindend om te ontdek hoe die Gees dikwels sekere fasette van die storie blootlê wat deur beide terapeut en kliënt gemis is. Sensitiewe inspeel met strategiese vrae waardeur die kliënt begelei word tot relevante fasette in sy ontdek en vertel van die storie asook die "openbaring" van die Gees is dus beslis baie noodsaaklike momente.*

**Jan:** Hoe het hulle stories van hoop ontstaan?

**Kallie:** *Wanneer God, as die outeur van die lewe en Sy alomteenwoordigheid in die storielyn raakgesien word, asook hoe selfs negatiewe ervaringe verskansde hoop momente gehad het, groei insig en word blywende verandering 'n groter werklikheid.*

**Jan:** Hoe kom jy gewoonlik in die terapeutiese situasie by kliënte/medenavorsers se stories uit?

**Kallie:** *Kliënte word aangemoedig om hulle lewenstorie te vertel terwyl die terapeut sensitief inspeel om begripsverheldering ten opsigte van sekere momente te weeg te bring.*

**Jan:** Is daar genoeg ruimte vir storie ontwikkeling in jou terapeutiese aanslag?

**Kallie:** *Baie beslis. Dit vorm 'n integrale deel van my terapeutiese benadering. Elke mens het 'n storie en hoewel niemand "slaaf " van sy storie hoef te wees nie (BLAME GAME), het ons storie momente tog 'n ingrypende uitwerking op ons menswees funksionering gehad.*

**Jan:** Wat se verandering bring stories van hoop in die kliënte/medenavorsers se lewe mee?

**Kallie:** *Soos hierbo gesê is Jesus die bron van hoop en in 'n lewende verhouding met Hom kry die terug kyk deur Sy bril van hoop op die lewenstorie nuwe perspektiewe.*

**Jan:** Watter verband is daar vir jou tussen hoop en verbeelding?

**Kallie:** *Hoop is gesetel in Christus, verbeelding in die mens.*

**Jan:** Wat se verskil maak heler en hoopvoller mense in ander mense se lewens?

**Kallie:** *Wanneer die groot gebod soos deur Jesus gegee (Matt.22) realiseer in liefde vir die self, dien dit as beginpunt vir sinvolle verhoudinge met God en ook met my medemens. Verder lei insig/begrip in eie storie en lewenservaring tot "wounded healers".*

**Jan:** Maak stories van hoop ‘n verskil in mense se lewens?

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

**Kallie:** *Beslis! Dit laat mense verstaan daar is lig voor in die tonnel, en dit is nie die volgende trein wat hulle gaan trap nie!*

- **BEN – die een-en-twintigjarige jong man wat deel was van 'n gesin met wie ek 'n terapeutiese pad geloop het en met wie ek bevoorreg was om al hul stories te kon deel.**

**Jan:** Vertel my bietjie meer van jouself.

**Ben:**

*Al die fyn details kan ek nie onthou nie, maar my ouers het ontmoet op Stellenbosch waar hulle albei geswot het. Maar dit is hulle storie. Ek het op 'n plattelandse dorp grootgeword in die Vrystaat, waar my ma se ouers en ander familie gewoon het. In Sub A het ek na 'n plaasskool toe gegaan waar my ma en al haar broers en susters skoolgegaan het. Ek was daar tot St 5. Ek kan nie baie daarvan onthou nie. Wat ek wel onthou, is dat my ouers geskei het toe elf was. Daar het 'n klomp dinge gebeur wat my kop op daardie ouderdom nie kon verstaan nie. Ek kan nie sê dat ek ooit bang, bekommerd of hartseer was nie. Ek het op daardie stadium by my pa gebly en hy het my altyd verseker dat alles fine sal wees. En dit was, vir my. Dit is eers later dat ek uitgevind het dat dit nie altyd fine was nie. Om die waarheid te sê, het dit niks anders as kak gegaan nie. Vir hom het sy kinders altyd eerste gekom en ek het eers toe ek ouer was, besef hoe baie hy vir my opgeoffer het.*

**Jan:** Hoe voel jy nou oor die hele storie?

**Ben:**

*Ek is party dae bly ek was te jonk om te verstaan wat aangaan. Ek is nie seker of ek dit sou kon hanteer om toe te sien hoe swaar hy finansieel en emosioneel gekry het nie. Wat op daardie tyd in my ma se lewe aangegaan het, weet ek nie veel van nie. Sy het in die pienk huis oorkant die hospitaal gebly en ek het net daar gekom om vir my broers te kuier, veral Issie. Ek het agtergekom dat dit nie so sleg gegaan het daar nie, maar ek het nie vrae gevra nie. Ek glo dat al het ek, sou ek nie die waarheid gehoor het nie. Ek het dit net gevat soos dit kom. Dit is soveel as wat ek kan onthou van hul egskeiding en ek is*

*dankbaar dat ek nie al die feite ken nie. Dit maak in elk geval nie meer saak wat gesê en gedoen is nie, dis verby!!! Ek weet net dat dit die res van my lewe verander het en toe ek weer bykom, was niks dieselfde nie. Ek was nie meer dieselfde nie. Ek het nie geweet wat om te dink, doen of sê nie. Ek het dit gevat soos dit kom, geen vrae.*

**Jan:** Dit was nie altyd 'n maklike pad om te loop nie né? – Vertel my 'n bietjie meer daarvan.

**Ben:**

*Aan die begin van my standerd vyf jaar het ek en my suster saam met my pa na 'n huis in 'n buurdorp ingetrek. Ek het dit geniet daar. Hy het toe net 'n nuwe werk begin by die munisipaliteit as 'n boekhouer of iets . Met die salaris wat hy daar verdien het, het dinge weer beter gegaan. Hy het by 'n vriend van my ma begin kuier, tannie Elsie. Ek was toe al bewus van sy drankprobleem maar dit het nie saak gemaak nie. Ek het dit probeer ignoreer en gehoop dit sal weggaan. Ek wou niks sê nie. My broers het weer kom kuier nadat hulle vir 'n lang ruk nie met my pa gepraat het nie en ek wou dit nie opmors nie. Ons was amper weer 'n gesin. Ek het gedink dat dinge weer normaal sal wees, min wetend dat dit net gaan erger word. My pa was vir 'n ruk verloof aan daai vrou maar sy probleem het so erg geraak dat niemand dit kon mis nie. Selfs ek kon dit nie meer ignoreer nie. Nie lank nie en die verlowing was uit en dinge by die huis het ook nie meer glad verloop nie. Ek was toe al in standerd sewe en heeltemal bewus van wat aangaan. Ek was moeg vir al die uittrappe en kon dit nie meer vat nie. Issie was nooit meer daar nie, en waar Flip was, sal net hy weet. Ek het hulle baie min gesien. Ek het eendag opgestaan en besluit dat ek dit nie meer nodig het nie, sonder om te dink wat my pa nodig het. Daardie selfde middag het Issie my kom haal. Ek is daar weg met een of ander dom verskoning. Ek het gedoen wat ek my broers so lank voor kwalik geneem het. Ek is na my ma toe. Ek voel, nou dat dit te laat is, dat sy dit gebruik het om my pa te slaan waar dit seer maak.*

**Jan:** Wat het al die trauma en seer aan jou as jongmens gedoen?

**Ben:**

*Ek was ‘n rebelse 15-jarige en ek moes toe besef waarmee ek eintlik besig was. Maar ek het nie. Ek het lekker gebly by my ma tussen my broers, al die vryheid en ek kon my vriende meer gereeld sien. Ek het steeds by my pa gaan kuier en gereeld met hom gepraat. Ek het spyt geword oor wat ek gedoen het. My suster was alleen saam met hom daar en ek het haar jammer gekry. Ek was net so verbaas dat niemand iets omtrent my pa se toestand wou doen nie. Nie lank daarna nie het ek en my ma ‘n helse uitval gehad. Omtrent ‘n maand na haar en Issie se uitval waartydens sy hom gevra het om te loop, in ‘n brief waarin sy gesê het dat Issie en Debbie se verhouding ‘n slegte voorbeeld is vir my en Gretel. Na ons uitval het sy gehuil en gesê dat sy dink dat dit beter sou wees as ek weer by my pa gaan bly. Dit is wat ek gedoen het. Ek het my goed gepak en gewaai. My suster het toe by haar gaan bly. Ek het hulle net daar gelos saam met vriende en terug gegaan na my pa toe. Dit het my nie gepla nie, ek was kwaad en het vir langer as drie maande nie haar oproepe beantwoord nie. Ek het ‘n hele ruk by my pa gebly en dinge was fine. Intussen het hy al sy probleem erken en het gegaan vir behandeling. Ek is nie seker hoeveel keer dit gebeur het nie. Ek het ook intussen weer met my ma begin praat, ek was moeg om kwaad vir alles en almal te wees. My pa was die een wat my aangemoedig het om vrede te maak, ten spyte van die stryd wat my ma met hom gehad het.*

**Jan:** Hoe het al hierdie gebeure jou optrede by die skool beïnvloed?

**Ben:**

*Dit het weereens begin beter gaan by albei huise maar dinge by die skool was nie so lekker nie. Ek was toe in standerd agt en en het toe begin uitblink in rugby maar my skoolwerk het agtergebly. Alhoewel ek al my vakke deurgekom het, was my ouers bekommerd oor my rapport. Ek was ook gereeld in die moelikheid by die skool daaroor sowel as oor gereelde bakleiery. Van die ouer rugbyspelers het nie daarvan gehou dat ek hulle uit die span hou nie. Hulle en hul vriende het my lewe gereeld probeer hel maak. Gelukkig was my vriende altyd daar vir my en saam het ons vinnig ‘n reputasie opgebou as die skool se swartkol volgens die skoolhoof. Ek en my vriende is gereeld uitgetrap deur die personeel en soms die beheerraad oor partytjies waarnatoe ons gegaan het en die*

*vuisgevegte by die skool. Ek skrik as ek terugdink aan die dinge wat ek en my vriende gedoen het. My ouers het wonderbaarlik nooit hiervan te hoor gekom nie, of dalk het hulle. Maar ek het gereken hulle sou iets sê as hulle dit sou uitvind. Drank, sigarette en heavy metal was ons gunsteling tydverdryf en natuurlik om daai windgatte by die skool pak te gee. Dit is hoe die res van my skoolloopbaan verloop het tot aan die einde van matriek. Tog het dit nooit my sport beïnvloed nie. Dit was die enigste ding op skool waarvoor ek regtig tyd gehad het. Ek het in standerd nege baie besig geraak met my na-skoolse aktiwiteite en met my pa se toestemming en goedkeuring is ek terug na my ma toe, sonder ‘n fight of stywe atmosfeer.*

**Jan:** Vertel my hoe jy jou aggressie op ‘n positiewe manier begin hanteer het.

**Ben:**

*Ek het toe al bekend gestaan as ‘n aggressiewe kalant en dit is hoe my vriende my aanvaar het. Om die waarheid te sê, het hulle asook die skoolhoof, my aggressie op die sportveld waardeer. Daar was steeds dinge by die huis waarmee ek nie tevrede was nie. My pa se probleem was steeds daar en ek en my ma het ook nie altyd eye to eye gesien nie. Maar ek het ‘n uitlaatklep gehad vir die kwaad, hartseer en aggressie, rugby. Ek het eerstespan krieket ook gespeel, maar daaroor was ek nie baie erg nie. Ek het uiteindelik ‘n kans gehad om soos Issie te wees, iets wat ek van kleins af wou doen. My pa het baie van Issie en sy rugby gepraat. Dit was duidelik dat ek nooit die hoofseun sou word nie en akademie was ook nie regtig my ding nie. Ek het gereken dat as ek dieselfde prestasies op die sportveld as Issie kan behaal, dat my pa iets sou gehad het waaroor hy op my ook trots kan wees. Ek het al my probleme saam met my skoolwerk eenkant toe geskuif en harder en harder geoefen. Die rugby. Maar ek kon nie minder omgee nie, ek het dit gedoen om my pa se respek te wen en vir my was dit ‘n uitlaatklep, eindelik, ek was soos Issie. Nee, ek was nie. Ek was Ben wie se pa steeds ‘n probleem gehad het ten spyte van alles wat ek op en af van die veld af gedoen het. Nie eers toe ek Vrystaat Platteland o/19 gespeel het is daar ‘n wenkbrou gelig nie. Niks wat ek gedoen het, kon die omstandighede verander nie. Ek was magteloos en ek moes my begin gereed maak vir dit waarvoor ek lank bang was. Ek het dit vir myself bly sê en geweet dat dit oppad is, en*

*in die middel van my matriekeindeksamen is hy dood. Dit maak nie saak hoe reg jy dink jy is nie, as dit tref, is niemand reg nie.*

**Jan:** Wie het jou gehelp om hierdie moeilike situasie te hanteer?

**Ben:**

*By die begrafnis was al my vriende daar, in 'n ry. Hulle het 'n paar meter weg gestaan en nie nader gekom nie. Ek kon sien dat hulle my baie jammer gekry het. Hulle was oor die jare bewus van my omstandighede by die huis, en hulle was altyd daar vir my, veral ná die begrafnis. My ma was ook baie bekommerd oor my en wou eers nie gehad het dat ek my eksamen so moes klaarmaak nie. Dit het aan my wat my eksamen aanbetref, geen verskil gemaak nie, ek was in elk geval nie van plan om te leer vir daai nonsens nie, ek het dit gehaat en het ook glad nie daarin belang gestel nie. Ek het nie geweet wat ek na skool wou doen nie en dit het toe ook nie saak gemaak nie. Ek het genoeg gehad, wat daarna sou gebeur kon my nie minder pla nie. Ek het daai eksamen klaargemaak en deurgekom en toe op vakansie gegaan saam met my vriende en tot vandag toe vir niemand vertel wat daar gebeur het nie. Niks het saak gemaak nie.*

**Jan:** Watter stories van hoop het toe begin ontwikkel in jou lewe?

**Ben:**

*Na daardie Desember, op een of ander wonderbaarlike manier, het ek by die Open Window opgeëindig, en begin graphic design swot. Ek het nie 'n idee gehad wat daar aangaan nie, maar ek het dit geniet. Ek het geweet die dag toe ek daar instap, dat dít is wat ek wil doen. Ek moes baie harder werk as die res van die studente wat in kunsskole was, maar dit was die moeite werd. Ek weet nou wat daar aangaan en ek weet presies waarheen ek oppad is. Ek was nog nooit so seker oor myself in my hele lewe nie. Ek gaan ook nie toelaat dat enigiemand dit van my wegvat nie. Ek is baie dankbaar vir dit wat my ma vir my doen wat my studies aanbetref maar vir die res van hulle almal se twak is ek moeg. Ek het my maniere om alles wat gebeur het, te hanteer. Ek swot hard en ek het amper geen sosiale lewe nie. Volgens my het ek niks van my slegte gewoontes van skool oorgehou nie. Ek vermy konflik en so ver drankmisbruik gaan, het ek my les geleer. Ek*

*kom baie goed oor die weg met die mense saam met wie ek bly en ek het regtig niks om oor te kla nie. Natuurlik gaan dit nie altyd goed nie, maar ek het ander maniere gekry om my aggressie en hartseer te hanteer. Kuns en ontwerp is, glo ek, baie beter maniere om van my frustrasies ontslae te raak as die metode wat ek op skool gebruik het.*

**Jan:** Wat het jou stories van hoop aan jou gedoen?

**Ben:**

*Ek is baie positief oor my toekoms, ek weet nou wat ek wil hê, wat nie die geval was toe ek jonger was nie. Ek is vir niemand kwaad nie en ek sluit myself in. Wat gesê en gedoen is, is verby. Ek weier om myself vir altyd te verwyt oor als wat gebeur het. Die lewe is nie 'n Walt Disneyverhaal geskryf deur Stephen Spielberg nie. Elke persoon moet die gevolge van sy/haar aksies dra. Ek gaan klaar swot en 'n sukses van my lewe maak, met wie ek dit gaan deel, weet ek nog nie. Vir nou vertrou ek so min mense as moontlik en lewe ek vir myself. Ek wil die res van die tyd wat ek studeer gebruik as 'n "time out" van al die dinge wat my lewe kompliseer. Ek voel dat geen kind verdien wat met my gebeur het as kind nie, maar dit het. Ek voel dat alhoewel dit nie lekker was nie, dit my meer verstandig en volwasse gemaak het. Ek sal net nie dat dit my lewe verder onplesierig maak nie, dis fine as hulle wil fight, maar nie met my tyd nie, ek het ander dinge om te doen.*

**Jan:** Wie het die stories van hoop in jou lewe versterk?

**Ben:**

*Wat ek gekry het by my ouers en God is meer as wat ek verdien en ek is van plan om die beste daarvan te maak. Ek is amper 21 en ek voel dat die besluite oor my toekoms myne is om te maak. Ek het my familie lief, maar ek moet konsentreer op my toekoms en ek sal enige iets doen om dit te laat werk want ek moet net soos almal die gevolge van my besluite en aksies dra.*

- ***JULY* – 'n vroulike medenavorser wat deur 'n baie moeilike egskeiding is en wat ook bereid was dat daar met haar twee kinders gesprekke gevoer kon word om by hul stories as gemarginaliseerdes uit te kom.**

**Jan:** Vertel my bietjie meer van jouself.

**July:**

*Ek is in Pretoria gebore, Mei 1964. As die oudste van drie kinders en ook die oudste kleinkind en agterkleinkind van albei kante van my familie, moes ek my merk maak. Ek het 'n broer, twee jaar jonger as ek, en 'n kleinsus vyf jaar jonger. Ons het in Benoni aan die Oos-Rand grootgeword. Ek het by Laerskool Rynfield skoolgegaan, en was in Hoërskool Brandwag tot aan die einde van standerd agt. Aangesien albei my ouers voldag gewerk het, was daar 'n baie hegte verhouding tussen ons drie kinders. Naweke het ons as gesin gewoonlik alles wat daar te doen was, saam gedoen, en Saterdag-aande afgesluit met 'n vleisie op die vuur. Eintlik, wat ons nooit toé besef het nie, was dat ons so beskermd groot geword het. Aan die einde van my standerd agt jaar verhuis ons na Pretoria, waar ons uiteindelik naby my Oupa en Ouma gaan woon het. Almal se wêreld verander, want skielik deel ons ons gesin met die res van ons familie, almal woon toe in Pretoria. Oupa en Ouma was vir my 'n heerlike toevlug, by hulle het die lewe net soveel anders gelyk. Die laaste twee jaar van my hoërskool loopbaan voltooi ek by die Hoërskool C.R. Swart.*

**Jan:** Hoe het jou pad verder, na skool verloop?

**July:**

*Vakansies en naweke het ek as apteek-assistent gewerk. Teen die einde van matriek was ek so onseker oor my toekoms dat ek vir eers by 'n kommersiële bank gaan werk het. Vier jaar later ontmoet ek my toekomstige man, en ons is albei baie verlief en baie gelukkig. Kort na my een en twintigste verjaardag is ons getroud. Skielik neem my lewe 'n ander vorm aan. Ek is nou getroud, werk voldag. Saans studeer my man, ek skryf in vir verdere studies. My grootste droom was om kinders van my eie te hê, en drie maande na ons huwelik raak ek swanger. Aanvanklik nogal geskok, is ons altwee baie opgewonde oor die baba. Met 'n dreigende miskraam moet ek my studies opgee, asook my werk. Skielik is ek nou tuis, bedags en saans studeer my man. Nooit weer betree ek 'n pos waar ek 'n salaris verdien nie. Ek is nou afhanklik van my man, en gou is daar nou twee dogters en 'n seun in ons gesin. Ek beskou dit altyd as 'n groot voorreg om by die kinders te wees, en*

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

*hulle te sien grootword. Ons verhuis na Vanderbijlpark, waar my man 'n nuwe pos aanvaar. Die aanpassing in die nuwe dorp gaan met stampe en stote. Maar toe die kinders begin skoolgaan, raak ek betrokke by al die buitemuurse aktiwiteite en gou is die vreemde dorp nie meer so vreemd nie. Die kinders hou my bedags so besig, ek doen my eie huiswerk, en doen baie naaldwerk. My man se werk hou hom so besig dat ek agterkom ons dryf al verder uitmekaar. Die kere wat ons as gesin bymekaar was, was nie sonder vonke nie, en dit het baie stremming geplaas op ons verhouding, asook ons verhouding met die kinders. Stadig maar seker eis die omstandighede sy tol. Met 'n groot finansiële teleurstelling verhuis ons terug Pretoria toe. Met soveel negatiewe gebeure vererger die eens goeie verhoudung tussen my en my man so, dat ek 'n besluit neem wat ons lewens dramaties sou verander. Ons is na 'n huwelik van sestien jaar geskei.*

**Jan:** Watter emosies het jy beleef?

**July:**

*Hartseer, woede, magteloosheid, werkloosheid, drie getraumatiseerde kinders, is maar ván die emosies waarmee ek nou te doen kry. Met twee wonderlike ouers wat my steeds deur dik en dun bystaan, is dit vir my moontlik om saam met die kinders uit ons huis te trek na 'n baie vreemde nuwe tuiste. Nooit het ek kon dink aan al die emosies en omstandighede wat nou voor my deur sou lê nie. 'n Egskeiding wat nie sonder baie trane en baie seer afgehandel is nie, maak die lewe vir my nutteloos om aan te gaan. Al wat my nog laat aanhou en uithou, is die toekoms van my drie kinders. Sonder 'n inkomste, maar met baie liefde en steun van my ouers, hou ek moed, en ek en die kinders werk deur elke nuwe krisis. Ses maande na die finale egskeiding, is my enigste sterk steunpilaar skielik oorlede - my pa.*

**Jan:** Hoe het jou stories van hoop jou in die moeilike omstandighede gehelp?

**July:**

*Tree vir tree probeer ons weer om die omstandighede baas te raak, soms voel dit of ons dit regkry, andersins verval ek weer in 'n put van totale magteloosheid. Finansieel gaan dit maar raap en skraap, werk is skaars, soveel meer omdat ek sestien jaar laas gewerk het.*

*Na 'n paar rekenaarkursusse, kry ek 'n pos en kan weer probeer om die lewe in die oë te kyk. My voorland is lang ure, min geld, maar drie kinders wat my werklik só bystaan en ondersteun dat ek nie anders kan, as om saam met hulle te bou aan 'n nuwe begin nie. 'n Ma wat steeds altyd daar is, al het sy nou ook baie pyn om te verwerk.*

**Jan:** Is dit moontlik om na só 'n traumatiese egskeiding steeds sinvol/hoopvol voort te leef?

**July:**

*Ja, alle eer aan my Hemelse Vader, wat my deur elke oomblik gedra het, vir gesondheid en krag om elke dag, hoe moeilik ookal, op te staan en die dag in die oë te kyk. Vandag, 'n jaar na my egskeiding, is ek op die heelword pad, ek sien weer kans vir nuwe uitdagings, en verseker is daar rede om aan te hou, maklik is dit nie aldag nie, maar ek het soveel om voor dankbaar te wees.*

**Jan:** Hoe bevestig die Here se beloftes jou storie van hoop?

**July:** *Die Here se belofte aan my is: My genade is vir jou genoeg!*

- ***JULY* – opvolg sessie**

**Jan:** Toe jy die eerste keer hiernatoe gekom het, wat het jou laat besluit om hiernatoe te kom?

**July:** *Ek dink moedeloosheid. Ek wou iewers kom raad vra want ek het nie geweet wat ek gaan doen nie.*

**Jan:** En op daardie stadium, hoe het jy gevoel oor die hele situasie?

**July:** *Baie seer, baie verward.*

**Jan:** Met hierdie seer en verwardheid in jou, het jy toe al begin besluit of jy gaan skei of bly?

**July:** *Ja…. ek dink tog 'n mens het in 'n mate besluit, nou maak ek klaar. Dit help nie om aan te gaan nie ……………… en daar ís ander maniere.*

**Jan:** En nou, as jy terugdink aan daai trauma van daai tyd, die seer en krisis, hoe dink en voel jy vandag daaroor?
**July:** *Nagmerrie…. Ja, ek kan nie glo ek is deur dit alles nie en mens voel of jy nooit deur dit gaan kom nie.*

**Jan:** En dan aan die anderkant, as jy baie keer terugdink, hoe voel jy nou daaroor bietjie hartseer, opgewonde, rustig, of wat se emosies sou 'n ou beleef as jy terugdink aan daardie trauma en seer?
**July:** *Iets van alles, verligting, baie seer, verlange, alleen, ja …*

**Jan:** Daar is baie goed wat 'n ou beleef. Aan die einde van die dag as 'n ou terugkyk dink jy jy het verander sedert ons daai tyd gepraat het? So, waar ons vandag hier sit, het ek verander in my menswees en hoe lyk my lewenstorie op die oomblik?
**July:** *Ja verseker, ek dink mens besef net uiteindelik is jy tot meer in staat as wat jy daai tyd gedink het. Elke dag het jy rêrigwaar krag gekry om jou dag te vat soos hy kom.*

**Jan:** Wie of wat het jou die seerste gemaak daai tyd as jy nou terugdink?
**July:** *Heel eerste my man, en dan die ……(huil)*

**Jan:** Dis nie lekker om terug te dink aan al daai seer nie, en as jy nou terugdink, dink jy jy verstaan jouself nou beter na die hele seersituasie en drama wat jy deurgegaan het? Het dit jou gehelp om jouself beter te verstaan en jou lewenstorie beter te verstaan?
**July:** *Ja, maar ek dink steeds nie mens het al die antwoorde waarna mens soek nie, maar jy verstaan dat dit eintlik nog so vlak in 'n ou se geheue en in jou gedagtes is, jy probeer nog self daarmee deel.*

**Jan:** En wie dink jy verstaan jou nou die beste?

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

**July:** *My kinders, verseker.*

**Jan:** Ja, want jy doen moeite met jou kinders en is dit lekker as jy weet jou kinders verstaan jou?

**July:** *Ja-nee, ek dink dis die enigste plek waar ek kan gaan om te ontvlug, na jou huis toe, waar jy die maklikste is om te verstaan.*

**Jan:** Het jy hierdie afgelope tyd nuwe stories of kante van jouself ontdek wat weer na vore kan kom en wat jy kan ontwikkel?

**July:** *Ja dalk, so min soos wat daar was, vertrou jy weer in jouself en het jy geloof in jouself en het jy besef maar jy kan dit eintlik maak. Ek moes baie keer gehoor het ek is nie in staat tot so iets nie, en dan kom ek agter maar eintlik kan ek werklikwaar nogsteeds die wa deur die drif trek.*

**Jan:** Wat het jy alles gedoen, noem 'n paar goed?

**July:** *Pa en ma gespeel.*

**Jan:** Ja, en soos met die kinders, het jy soos altyd baie moeite gedoen en eintlik nog baie meer …..

**July:** *Ja, ek probeer om die nuwe plek waar ons bly in te rig vir die kinders sodat hulle ook kan tuis voel, veral om hulle te help dat hulle weer van voor af kan aanpas.*

**Jan:** En as huisvrou, wat het jy daarna gedoen, jy wat al die jare huisvrou was?

**July:** *Uitgespring en 'n paar rekenaarkursusse gaan doen en rêrigwaar moeite gedoen om te werk, sodat ons karretjie kon regkom en toe 'n werk gekry. Ek het 'n geweldige aanpassing gemaak om na sestien jaar as huisvrou te begin werk, en skielik is daar nie 'n naelstringetjie nie, en die kinders moes gewoond raak aan my werk van agt tot vyf, en dan is daar nog die kinders se buitemuurse aktiwiteite en die huiswerk en jy moet nog die gewone huiswerk ook self doen .*

**Jan:** As jy na jouself kyk en na al die goed wat gebeur het, watter persone of mense in jou lewe het vir jou hoop gegee, was bakens van hoop gewees?

**July:** *Definitief my ouers, hulle het vir my hoop gegee, het my moed ingepraat en ook my familie, my broer en suster het my altyd moed ingepraat. En die kinders is definitief my baken van hoop, hulle was daar gewees en as mens kan sê as dit nie vir my was nie, was dit vir my kinders waarvoor ek vasgebyt het, aangegaan het, om daar te wees vir hulle en hulle vir my.*

**Jan:** Hierdie stories van hoop, goed wat vir jou uitstaan in jou lewe, en mense wat gehelp het, hoe dink jy het dit jou sterker gemaak? Ek dink jy het jouself weer ontdek, en dit nadat jy gedink het jy dit nie sal maak nie, toe jy so hopeloos en moedeloos was?

**July:** *Ja ek dink partykeer staan jy self verbaas en kan nie dink dat jy dit self kan doen nie en te besef dinge wat jy gedink het dis net ander mense wat dit kan doen, en skielik besef jy dat as jy moet, jy dit self ook kan doen.*

**Jan:** Ek weet jy is 'n kind van die Here en die Here kom met sy stories van hoop en Hy ís ons bron van hoop. Sy verhaal van liefde en aanvaarding in 'n mens se lewe, watter rol het dit in jou lewe gespeel tydens daardie krisisdae?

**July:** *Ja, ek dink omdat mens so baie hoor dat skei sonde is, was dit nogal 'n ding waarmee jy jouself verwyt het, en jy voel die Here is nou nie meer lief vir jou nie. Om dit eers uit die weg te ruim, dan weet jy Hy is nogsteeds daar, dit gaan nie daaroor dat Hy nie meer lief is vir jou nie, en dat Hy jou nie sal vergeet nie, en dan stap jy maar 'n pad, partykeer is dit 'n moeilike pad waar Hy regtig daar is om dit makliker te maak vir jou.*

**Jan:** En as mens nou na jou stories van hoop luister, dink jy ander mense kan daaruit leer? Hoe gaan jou stories van hoop ander mense help om weer perspektief te kry?

**July:** *Ja, mens hoor so baie keer 'n ander ou se storie en dan dink jy, haai maar dis dan amper dieselfde! As jy in die moeilikheid is, dan dink jy daar is niemand anders met so 'n storie nie, maar dan kom jy agter daar is baie wat deur dieselfde probleem gaan. En dit maak jou sterk, want daar kom iewers mense op jou pad met wie jy daaroor kan praat met*

*min of meer dieselfde situasie, en vir wie jy kan sê: byt vas of probeer dit of probeer dat, want uiteindelik is daar 'n uitweg alhoewel mens nie altyd so voel nie.*

**Jan:** Ja dis die wonderlike dat as 'n ou terugkyk, dan sien ons die Here wás getrou, Hy hét my gehelp, maar ek het self ook hard gewerk. Daarom kan my eie storie van hoop vir myself inspirerend wees, vir my kinders en ander mense rondom my, en dít gaan 'n groot verskil maak daarbuite.

**July:** *Ja, ek dink die belangrikste is om nie te gaan sit nie en nie te wag dat die goed jou onderkry nie, om elke keer weer op te staan en te sê dat dit jou nie sal onderkry nie, maak nie saak hoeveel wil en krag dit vat nie.*

- **MARIE – die sewentienjarige dogter van July**

**Jan:** Welkom hier en dis lekker om jou hier te hê. Jy is 'n jong vriendin wat nou in standerd nege, graad elf is, en nie meer 'n kind is nie. Ek sê altyd, as jy daai ouderdom bereik het, is jy 'n volwassene en dis lekker om saam met jou te wees. Ek ken jou al so drie jaar direk of indirek. Gee my 'n bietjie agtergrond, wie is jy en waar kom jy vandaan asseblief?

**Marie:** *Ek is 17 jaar oud en ek kom van Pretoria af en is in die Hoërskool Oos-Moot.*

**Jan:** O dis okay, ek het jou so paar jaar gelede leer ken toe pa en ma bietjie in die dieptes was en 'n krisis beleef het in die huwelik, en toe later geskei is, en met al die seer en trauma het jy ook hier by my uitgekom. Gee my 'n bietjie agtergrond daaroor, oor die probleme daardie tyd en hoe jy hier uitgekom het.

**Marie:** *Ek wou maar net bietjie met iemand gesels oor wat gebeur het, oor wat besig was om te gebeur en so aan.*

**Jan:** Was dit die moeite werd om te gekom het?

**Marie:** *Ek dink so ja, 'n mens moenie altyd alles opkrop en vir niemand sê wat jou pla nie en hoekom dit jou pla nie .*

**Jan:** Het jy iets verloor?
**Marie:** *Nee*

**Jan:** Pa het uitgetrek, en hier is ek en ma en die ander twee kabouters nou alleen, dis nogal 'n groot aanpassing nê?
**Marie:** *Nogal.*

**Jan:** Wat was vir jou die grootste aanpassing in daai tyd met die egskeiding?
**Marie:** *Jy kan nie altyd vir haar iets vra as sy daar is nie. Daar is net nie altyd tyd vir jou om iets te vra of om net te gesels of te "chat" nie.*

**Jan:** En nou's ek en ma en die ander twee alleen, en jy's ousus wat nou die verantwoordelikheid moet neem, en dit is nogal 'n groot verskil. Gelukkig dat julle nie van skool verander het nie, julle moes wel van huis verander het, was dit vir jou 'n groot aanpassing?
**Marie:** *Nie rêrig nie, ek was nogsteeds naby my vriende en so aan.*

**Jan:** So dit was eintlik 'n groot pluspunt gewees.
**Marie:** *Ja.*

**Jan:** As jy terugkyk na daardie tyd, en ek gaan nou nie die heeltyd karring op die verlede en op verledestories nie, maar wat dink jy, was daar spesifieke mense of omstandighede wat jou seergemaak of terleurgestel het?
**Marie:** *Ja as ek moet sê, ek kan nie verstaan hoekom my pa was soos hy altyd was nie, so kwaad en ongelukkig, en dan sommer kwaad vir ons ook.*

**Jan:** As jy terugkyk, wat se stories van hoop of enigiets wat positief uitstaan, dra jy vandag, na twee of drie jaar, saam?
**Marie:** *Solank as jy vriende het kan hulle jou help, jou ma en pa gaan jou nogsteeds ook daardeur help, dis nie asof jy alleen gelos was nie.*

**Jan:** Ja, en vriende is belangrik in julle ouderdom, en jy sê hierdie vriende was daar as 'n netwerk, 'n mens kan amper sê dis soos 'n net onder jou om jou te help en te dra want baie van hulle ouers is ook geskei, maar party van hulle verstaan nie presies wat gebeur nie, want hulle ouers is gelukkig, maar hulle is ten minste daar vir jou en jy kon met hulle gepraat het soos jy met my gepraat het, en dit help nê?
**Marie:** *Ja, baie.*

**Jan:** As jy nou gaan kyk waar jy vandag is, dink jy daar is een storie of dalk 'n paar stories van hoop wat vir jou uitstaan? Hoe het jy hierdeur gekom? Jy het gesê jou vriende en ouers het jou gedra maar is daar nog een of ander ding wat vir jou spesifiek uitstaan wat jou gedra het in daardie tye?
**Marie:** *Ja, jy kon altyd in God vertrou, Hy sou jou altyd deurhelp op een of ander manier.*

**Jan:** Dis wonderlik dat juis jongmense op God kan vertou. Ek dink dis die wonderlike, Hy kom juis en skep vir my hoop. As Hy nie daar was nie, wat dan?
**Marie:** *Dan was ek ook nie hier nie.*

**Jan:** Ja, dan was ons almal hopeloos en in 'n krisis. Het jy nuwe stories van hoop in jouself ondek?
**Marie:** *Ja, jy kan nie net op ander mense staat maak nie, jy het jouself ook nodig en moet nie alles net opkrop nie.*

**Jan:** Het al hierdie gebeure jou as mens sterker gemaak?
**Marie:** *Ja dit het, almal sal jou altyd snaaks aankyk, maar jy is eintlik baie sterker as wat hulle is want jy weet hoe om goeters te hanteer, beter as hulle.*

**Jan:** Ja en jy het geleer om emosies ook te hanteer in hierdie situasie. Jy kan nie elke dag by die skool of daar by die sport aankom met rooi gehuilde oë nie en partykeer moet jy maar jou "pouse" hou, is dit nie?
**Marie:** *Ja die meeste van die tyd.*

**Jan:** So dit het jou sterk gemaak en dit het jou ook geleer om sekere mense te vertrou of naby jou toe te laat en ek dink dis die wonderlike! As jy nou na jouself moet kyk, wat het jy van jouself geleer die afgelope tyd, sterk punte wat uitgekom het?
**Marie:** *Dat ek ander mense ook kan help wat deur dieselfde situasie gaan of gegaan het, ook te help met hulle probleme.*

**Jan:** Hoekom dink jy kan jy hulle help?
**Marie:** *Want ek het dit self hanteer en ek moes dit self deurkom.*

**Jan:** Ek wil gou hoor, as jy kyk na mense naby jou wat vir jou hoop gegee het, wat in die tyd spesifiek naby jou was, mense wat rêrig stories van hoop in jou lewe bevestig het of uitgebou het, wie sou jy kon uitsonder?
**Marie:** *My ma en my ouma en vriendinne.*

**Jan:** Hoekom sê jy jou ma?
**Marie:** *Sy was altyd daar om my te help. Sy het altyd geluister as jy nodig gehad het om te praat, as sy ook nodig gehad het om te praat kon jy ook vir haar luister. Ouma het altyd getroos en oupa het ook altyd net getroos en geluister.*

**Jan:** Ja, en oupa is intussen ook oorlede. Ek dink die wonderlike is dat mens baie "sweet memories" oor hom het, mooi stories oor oupa wat daar was en saam met hom die pad kon geloop het. En maats?
**Marie:** *Ja my vriendin is ook al daardeur. Sy was nog klein toe haar ouers ook geskei is, so sy kon my ook help en raad gee oor hoe dit werk en alles.*

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

**Jan:** Ja dit help so bietjie net om te praat, en dan sê ek altyd hierdie krissise het my sterker gemaak soos jy tereg gesê het. Jy sê jy's 'n kind van die Here, as jy gaan kyk na gedeeltes in die Bybel of spesifieke verse wat vir jou uitstaan of wat vir jou hoop gegee het, hierdie God van hoop wat iewers jou pad kruis elke dag, kan jy vir my 'n gedeelte of verse gee wat vir jou kan help of vir jou hoop gegee het in hierdie krisisse?

**Marie:** *Ek weet nie watter vers dit is nie maar "jy is tot alles in staat deur Hom wat jou krag gee". Hy gee jou altyd krag om deur alles te kom, as jy "down" is, sal Hy jou altyd op een of ander manier opbeur.*

**Jan:** Al verstaan 'n ou nie altyd hoe goed werk nie, dink ek die wonderlike is hoe jou storie van hoop ander jongmense kan help wat ook deur dieselfde krisis gaan né?

**Marie:** *Al voel jy hoe sleg, al klink dit stupid, as iemand vir jou sê maar jy kóm daardeur, jy sál daardeur kom, jy moet net op God vertrou want Hy sal jou daardeur help.*

**Jan:** Ek dink dis lekker om te sê hierdie storie van my kan vir ander mense hoop gee, iemand wat miskien sy polse wil sny of pille wil drink en heeltemal depressief is en geen toekoms het nie omdat hy hopeloos of hulpeloos is, dan kom jou storie, Marie se storie, en kan ek ander help om hoop te kry. Dis wonderlik! Het jy ooit gedink dit kan gebeur?

**Marie:** *Ja.*

**Jan:** Nou vra ek, as jy terugdink, drie jaar gelede, en ek toe vir jou moes vra: Marie, kom sit hier en vertel vir my jou storie van hoop, wat sou jy gesê het?

**Marie:** *Ek sou gesê het vlieg weg.*

**Jan:** Vanaand maak ek en jy saam 'n nuwe storie. Dit wat ek opneem is 'n nuwe storie oor my en jou verhale wat saamspeel omdat dit vir ander ouens hoop gaan gee. Ek sê dis die wonderlike!

**Marie:** *Ja, beslis, dit is wonderlik om dit te besef.*

**Jan:** Baie dankie vir jou tyd en ek hoop dat ek nog verder hierdie dinge kan gebruik om 'n verskil te kan maak aan ander mense se lewens saam met jou, dat ons stories van hoop juis vir ander mense hoop sal gee, dat hulle kan opkyk, glimlag en 'n verskil kan gaan maak daar buite.

- **LELANIE – die veertienjarige dogter van July**

**Jan:** As jy nou terugdink hier waar jy vanaand sit, dit is 'n hele rukkie na alles, na die moeilike pad, hoe voel jy oor alles wat gebeur het?
**Lelanie:** *Ek voel goed want ek is bly dis nou verby.*

**Jan:** Ja maar toe 'n ou ín die storie was, hoe was dit toe?
**Lelanie:** *Dit was nie lekker gewees nie.*

**Jan:** Ja dit het nie altyd lekker gevoel nie. Hoe het dit jou as jongmens laat voel en hoe het dit jou geraak?
**Lelanie:** *Nie goed nie want ek dink dit het my skoolwerk beïnvloed.*

**Jan:** Wat het wel vir jou hoop gegee?
**Lelanie:** *My ma en God.*

**Jan:** As jy kyk na die verlede en dit wat gebeur het, wat se goed het jou partykeer hopeloos en moeg gemaak?
**Lelanie:** *As mamma en pappa die hele tyd baklei en ja……..*

**Jan:** Het jy partykeer as jongmens gevoel jy moet nou eintlik kies tussen jou pa en jou ma en 'n mens wil nie eintlik kies nie né? Het jy partykeer so gevoel?
**Lelanie:** *Ja.*

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

**Jan:** God het jou gehelp in hierdie krisis. Wat sal jy sê is die belangrikste, die mooiste storie in die Bybel van hoop of die mooiste storie in die Bybel of gedeelte of versie wat jou elke dag help?
**Lelanie:** *Psalm 23 en Fillipense 3:4.*

**Jan:** En wat staan daar?
**Lelanie:** *Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.*

**Jan:** Hoe kan jou storie wat jy vanaand hier met my deel ander jongmense help, want hier sit baie jongmense by my wat moedeloos is, wie se ouers ook skei wat depressief is, hoe kan jou storie hulle help?
**Lelanie:** *Ek kan vir hulle moed inpraat want ek is al deur dit.*

**Jan:** Het jy sterker geword en sien jy uit na die toekoms?
**Lelanie:** *Ja, beslis.*

**Jan:** Hoekom sê jy so?
***Lelanie:*** *Ek het geleer uit die foute en het myself goed leer ken in hierdie tyd……….*

**Jan:** Is daar 'n klomp goed waartussen ek kan kies om 'n sinvolle storie van hoop te skryf vir die res van my lewe?
**Lelanie:** *Ja, beslis. Ek kan elke dag met hoop lewe en 'n verskil daarbuite maak.*

Uit bogenoemde navorsingsgesprekke het ek kortliks probeer aandui deur middel van 'n geïntegreerde proses hoe die probleem hanteer is. Müller (2000:92) sê tereg dat nie een van hierdie bewegings in die narratiewe pastorale proses regtig waterdig van mekaar geskei kan word nie. Allermins hierdie laaste twee. Ons is gedurig besig om in 'n sirkulêre beweging gelyktydig met die verlede en toekoms om te gaan. 'n Herformulering op die een punt behels 'n verbeelding op die ander, en andersom.

### 5.16 'n Kritiese refleksie op die klimaks van die navorsing

- **Eksternalisering** - In al die navorsingsgesprekke het ek in 'n mindere of meerdere mate gebruik gemaak van eksternalisering. In die proses is daar na die probleem/aksiestories gekyk en is dit sinvol hanteer. White (1998:8-28) gee 'n uitgebreide uiteensetting van vrae wat benut kan word. Die eerste groep noem hy vrae oor die relatiewe invloed van die probleem en onderverdeel dit in twee groepe: vrae wat die kliënt aanmoedig om die invloed van die probleem op sy/haar lewe en verhoudinge het, raak te sien (to map). Tweedens, vrae waardeur die persoon gelei word om die invloed wat sy/hy op die "lewe" van die probleem het, in te sien. Vrae oor die relatiewe invloed van die probleem op sy/haar lewe en verhoudinge is byvoorbeeld: Kan julle my help om te verstaan hoe die feetjie die volgende beïnvloed: jul lewensgeluk, jul geluk en werksbevrediging by die werk, jul fisiese en emosionele geluk, die kwaliteit van jul vryetydsbenutting en jul verhouding met mekaar.
- **Dun en dik beskrywings** - Die navorsingsgesprekke word gewoonlik as dun beskrywings beskou omdat daar nie vreeslik baie inligting rondom stories van nood beskikbaar is nie. Deur middel van dik beskrywings moet die navorser saam met die medenavorsers daartoe kom om alternatiewe stories te ontwikkel. Ruimte moet geskep word waarbinne dit moontlik is. Nooney (2001:1) stel dit soos volg: "If I really prefer one of these alternate stories, and I want to bring such a story forward as more influential in my life, then it is necessary for the plot of the story to be thickened. If the plot becomes thicker or richer, then it will be more prominent and defining of my life and of my identity, of who I am as a person".
- **Hoop op die Verbondsgod** - In al die navorsingsgesprekke het die medenavorsers elkeen afsonderlik bevestig dat hulle hul hoop vestig op God as die Verbondsgod. Uit hierdie persoonlike verhouding met Hom kan hulle hierdie trauma van die egskeiding beter hanteer. Dit sluit aan by wat Brueggemann (1987:67) sê dat hoop primêr 'n teologiese konsep is wat in die taal van die Verbond tussen 'n persoonlike God en 'n gemeenskap gevoer word. Dié hoop word ook deur die Christen in sy

persoonlike lewe intiem beleef. Fuller Rogers (2002:29) sê oor hoop die volgende: "Therein lies our hope, and hope is a powerful force for change. Hope involves new perspectives and possibilities when all seems lost. Hope is an antidote for despair. It is the faith that life will rise out of death".

- **Dominante diskoerse** - Talle dominante diskoerse kan uit die verskillende navorsingsgesprekke geïdentifiseer word. Van die uitstaande diskoerse wat uit die stories na vore kom, is onder meer Wanda se "belewing van die dood", Wouter se belewing van Wanda se "sterkwees", Kallie se beklemtoning van "desperaatstraat", July se klem op "om ten alle koste 'n goeie ma te wees", Ben, Lelanie en Marie, die minderjarige kinders, se "vrees vir verwerping" en "stryd om aanvaarding", speel ook 'n rol. Moedeloosheid, die verwerking van die trauma, nuwe stories van hoop, is almal diskoerse wat uit die navorsingsgesprekke gekristaliseer het.
- **Dekonstruksie** - Deur middel van dekonstruksie is daar saam met die medenavorsers gepoog om die dominante diskoerse te dekonstrueer. Die dekonstruksie het ook bygedra dat die stemme van die gemarginaliseerdes, in dié geval die drie kinders, ook in die navorsingsgesprekke gehoor is. Powell (1998:103) sê dat die dekonstruksie van mag, dominante diskoerse en daarmee saam die soeke na gemarginaliseerde stemme, alles 'n belangrike rol in die navorsingsproses speel.
- **Deeglike begrip van die egskeiding** - Dit is belangrik dat daar in die hele mediasieproses baie aandag gegee word aan die feit dat die medenavorsers nie outomaties alle kennis in pag het rondom die proses van egskeiding nie. Die voor- en nadele, gevolge, die trauma van die egskeiding asook alles wat voor, tydens en na die egskeiding kan gebeur, moet hier verreken word. Die navorsingsgesprekke waarby die kinders betrek is, is en bly 'n geweldige ervaring vir hulle. As medenavorsers is kinders gewoonlik goeie leermeesters. Volgens Fick (1999:192) is "kinders altyd bereid om te vergewe en 'n mens nog 'n kans te gee. Hulle nooi jou uit om blind vir die bevoordeelde magsposisie van 'n volwassene te wees, net sodat jy hulle kinderwêreld kan betree en in hulle skoene kan staan". Botha (2001:154) haal vir Naudé aan wat sê: "ons is 'weet-en-seker-mense'. Alles moet

University of Pretoria etd – Botha, J A  (2004)

volgens ‘n bepaalde plan verloop anders verloor ons ons sekureit en rigting tog so maklik. Met ‘n tydsgees soos dié waarin ons tans lewe, het ons juis mense nodig wat hoop het, want ons as weet-en-seker-mense bewerk eerder die ondergang van egte hoop”. Daarom is dit uiters belangrik om die volwassenes asook die kinders volledig voor te berei en in te lig oor die seer, trauma en moontlike uitkomste van die egskeidingsituasie.

- **Deeglike hantering van narratiewe pastorale egskeidingsmediasie** - In die navorsingsgesprekke het ek saam met die medenavorsers baie aandag en tyd aan moontlike storie-ontdekking en storie-ontwikkeling spandeer. In die gesprekke met Wouter en Wanda het ons al drie as reflekterende span opgetree in die navorsingsgesprekke. Op dié wyse het hulle bewus geraak van albei se trauma en seer en vir die eerste keer na mekaar se stories daar rondom geluister. Die pastorale het ook in die navorsingsgesprekke na vore gekom en daar is veral gebruik gemaak van Louw (1998:204) se metafoor van “God as Vriend”, Landman (2001:86) se HIV (heelmaak, innig en verrassing) as metafore in die preek maar ook in die pastoraat, asook Müller se teologie van “touch”. Die hele proses rondom egskeidingsmediasie asook die verskillende fases en moontlike uitkomste, is deeglik met al die medenavorsers bespreek. Daaruit het ek ook die voor- en nadele van die mediasieproses aan hulle voorgehou. Die moontlikheid dat mediasie die geleentheid bied tot ‘n “suksesvolle” egskeiding en die moontlike ontwikkeling van stories van hoop, was ook deel van die navorsingsgesprekke.
- **Die egskeiding raak almal wat daarby betrokke is** - Uit die talle navorsingsgesprekke was dit vir die medenavorsers almal duidelik dat hul lewens nooit weer dieselfde sal wees nie, omdat dit direk deur die egskeidingstorie geraak word. Coetzee (1999:283) stel dit soos volg: “As gevolg van die noodstorie (egskeiding van die ouers) lyk die toekomsverhaal van die adolessent verduister .... Die verbintenis tussen die adolessent en sy/haar ouers bepaal of hy/sy die waardes van die ouer aanvaar of nie. Die adolessent met ‘n nabye emosionele verbintenis aan sy ouers kan makliker met die ouer, en dit wat hy doen, identifiseer”. Taffel (2001:54) sê dat die wêreld waarin die adolessente leef en beweeg, vir hul ouers

onbekend en vreemd is. Vriende, asook die wêreld waarin hul vriende leef, het vir talle adolessente meer belangrik as die ouerhuis geword. Die adolessent asook sy vriendekring word direk deur die egskeiding geraak. Prins (2001:108) sluit ook hierby aan as hy 'n aantal faktore noem wat die vorming van waardes oor die algemeen bemoeilik: die funksionering van die ouers as rolmodelle, die oorbelasting van die kind, die retrososialisering van volwassenes, die vermyding van konfrontasie, toekomsverwagting en sinvolheid, asook die invloed van die elektroniese media. Al bogenoemde faktore word direk beïnvloed deur die trauma van die egskeidingsituasie.

- **Geen ideale gesinne bestaan nie** - Volgens Müller (2002:106-109) bestaan daar geen ideale gesinne nie want "die Christelike godsdiens is 'n onvoltooide godsdiens en daarom is Christelike huisgesinne onvoltooide gesinne. .... Die Christengesin moet as't ware voltyds besig wees met 'telling a past and dreaming a future' (Brueggemann). ... Veral die lang geheue moet lewendig gehou word. Telling a past het veral met God se heilsgeskiedenis te doen. .... Daar moet ook dreaming a future wees. ... Christengesinne bestaan uit mense wat droom, wat dinge sien wat ander nie opmerk nie, wat hoop .....". Dit is dus belangrik dat daar in die pastorale egskeidingsmediasieproses saam met die medenavorsers gedink word oor die nuwe vorme wat die gesin kan aanneem. Gesinne word dan omskryf as verhalende kultuur ("storying culture"). Dit kan ook vervang word met die begrip interpreterende gemeenskap (Müller 2001:14-15). Volgens bogenoemde moet al die gespreksgenote saam met die navorser tot nuwe insig kom rondom die hele samestelling en funksionering van die gesin, voor, tydens en na die egskeiding.
- **Om saam tot stories van hoop te kom** - In die navorsingsgesprekke moet daar saam gepoog word om tot nuwe stories van hoop te kom. Dit gaan volgens Bester (2000:10) in hoop oor "'n lewensoriëntasie en nie oor 'n tegniek of metode nie. Hierdie lewensoriëntasie is egter nie altyd by mense teenwoordig nie, veral nie by diegene wat hulle in 'n doodloopstraat op hul lewensweg bevind nie. Daarom is die uitdaging in pastorale sorg juis om mense met vasgeloopte lewensverhale te begelei in die verbeelding van 'n nuwe toekomsverhaal - 'n verhaal van Christelike

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

hoop". Lester (1995:127) en Müller (1996:194) beklemtoon dat verandering in menselewens altyd toekomsgerig is. Lester (1995:126) omskryf hierdie gedagte deur te sê: "Some change or transformation in future stories is necessary for a satisfactory resolution and recovery of hope". Daar is ook met behulp van "reframing" gevorder om moontlike nuwe stories van hoop, saam met die medenavorsers, te ontgin. "Reframing" is volgens Lester (1995:139): "to reshape one's perceptions, to change the cognitive sets by which one interprets an event or a relationship. Reframing is the process of helping a person, family, or group to transform the way in which they conceptualize a life situation".

- **Toekomsstories moet saam verbeel word** - Die navorser probeer nou spekulasie ontlok oor watter soort toekoms verwag kan word van iemand of 'n gesin wat so sterk en bevoeg teen die probleem kan optree. 'n Toekomsstorie moet verbeel(d) word (Müller 2000:98). Hoop en verwagting word nou gevestig as gevolg van hul betrokkenheid by mekaar en op die storie. Vrae kan gevra word soos: hoe kan julle aanhou om weerstand te bied teen feetjie na die egskeiding? en hoe sal julle lewe oor twee jaar verder daar uitsien? al is julle geskei, watter drome en ideale het julle vir julleself maar ook ten opsigte van die kinders? watter prioriteite stel julle vir julle elkeen afsonderlik en gesamentlik as ouers ten opsigte van die kinders, want al is julle 'n "ex-husband" en "ex-wife" is julle tog nie 'n "ex-father" en "ex-mother" nie.
- **Die groter sosiale gemeenskap en meta-verhale speel ook 'n rol** - Die rol van die groter sosiale gemeenskap en die meta-verhale moet ook saam met die medenavorsers verreken word. Volgens Bosman (2001:124) is dit nodig om by dikker beskrywings van verhale uit te kom. "Ryk beskrywings wil alternatiewe stories van mense se hede verbind met alternatiewe stories uit hulle verlede. Ryk beskrywings wil mense ook help om hulle alternatiewe verhale in verband te bring met die verhale van ander mense op grond van gemeenskaplike temas. Hierdie temas spreek dinge soos gemeenskaplike waardes, doelwitte en verbintenisse aan. .... Op hierdie manier word ryker en dikker beskrywings die fondasies vir nuwe selfnarratiewe en uitdrukkings wat kan volg. Ryk beskrywings help die konteks vir die vertel en hervertel van stories en ook weer die hervertel van hervertellings. Op

die manier kom meta-tekste tot stand waardeur die self al meer in sy/haar veelkantigheid en rykdom beskryf word. (White 1998:227)". Hoop word gegenereer binne bepaalde menslike sisteme. Nydam (1997:4) sê dat hoop vir Lynch nie 'n individuele en privaat proses is nie, want dit word binne bepaalde menslike sisteme gegenereer. Betekenisvolle gemeenskappe genereer hoop omdat daar basiese vertrouensverhoudinge tussen daardie mense bestaan. Hoop kan dus nooit in isolasie of op sy eie bestaan nie. Uit al die navorsingsgesprekke met die medenavorsers het ons voortdurend bogenoemde situasies en punte verreken.

- **Wie het die stories van hoop in jou lewe versterk?** - Dit is interessant om daarop te let dat die meeste medenavorsers God en hul persoonlike verhouding met Jesus Christus as hul Verlosser, aangedui het as die hoof-hoopdraers in die egskeidingsituasie. Verskeie ondersteuningstelsels soos ouers, man/vrou, vriende, maats asook mede-Christene, het ook na vore getree. Coulehan, Friedlander & Heatherington (1998:28) wys daarop dat die sukses van narratiewe gesinsterapie in 'n groot mate afhang van die navorser se vermoë om hoop by die gesin te skep, en dat verandering sodoende kan plaasvind. Waar daar hoop aanwesig is, is daar gewoonlik ook groter empatie en ondersteuning tussen die gesinslede. Dit bewerkstellig meer liefde en groter onderlinge verbintenis aan die gesin. Om hoop te skep, hang ten nouste saam met 'n verandering in die emosionele klimaat. Die navorser se besorgdheid, warmte en geloof, dra daartoe by dat die medenavorsers verandering van emosionele klimaat binne die gesin, baie positief beleef.
- **'n Gehoor moet gesoek word om die stories van hoop mee te deel** - 'n Gehoor moet ontdek of geskep word wat "applous" kan gee vir die nuwe identiteit en storie wat besig is om te ontwikkel. Aangesien die probleem binne 'n sosiale konteks ontwikkel het, is dit nodig dat sake so gereël moet word dat die sosiale omgewing op 'n manier ter ondersteuning ingestel kan word. Daar kan gevra word na familie of vriende wat die persone geken het voordat die probleem hom/haar beïnvloed het. Die ideaal is dat die persoon vir iemand moet kan vertel wat reeds bereik is en sodoende word daardie ander persoon of persone nie alleen 'n gehoor wat applous gee nie, maar 'n ondersteuningstelsel (Müller 1996:171).

## 5.17 ‘n Aantal gemene delers in die navorsingsgesprekke

Uit die sewe navorsingsgesprekke met die medenavorsers, was daar ‘n aantal gemene delers wat na vore getree het en wat ek net kortliks gaan noem:

- Almal was direk geraak deur ‘n egskeiding of dié egskeiding.
- Al die medenavorsers is meelewende lidmate van gemeentes wat ‘n persoonlike verhouding met Jesus Christus as hul persoonlike Verlosser het, en daarvolgens lewe.
- Almal het moontlike stories van hoop uit die navorsingsgesprekke ontdek en ontgin.
- Almal het uit die trauma van die egskeiding sekere lesse geleer en sterker asook meer doelgerig daaruit gekom.
- Almal, en veral die drie kinders, het onderneem om ander mense wat in soortgelyke situasies beland en trauma beleef, te help en te ondersteun, omdat hulle self daardeur is.
- Die medenavorsers het almal toekomsdrome wat hulle verbeeld en waarom hulle hul hoop ook kan uitbou.
- Pastorale narratiewe egskeidingsmediasie, asook die manier waarop daar saam in die navorsing gesoek is na antwoorde, het vir almal baie beteken.
- Hulle het ook almal vertroue in hulself opgebou en is bereid om hul stories van hoop met ander te deel.
- Al die medenavorsers het dit ontsettend baie geniet om deel van die navorsingsproses te wees, en het saam met my uitgesien na die moontlike stories van hoop wat ontwikkel het.
- Hulle het ook almal hul dank betuig aan die manier waarop ek as navorser met hul trauma en stories van nood omgegaan het.
- Hulle het vertroue, respek, waardering en integriteit belewe in die situasie waar hulle hul stories kon vertel en nuwe stories van hoop kon ontwikkel.

University of Pretoria etd – Botha, J A  (2004)

### 5.18 Om op te som - enkele gedagtes

Dit was 'n voorreg om as navorser saam met die medenavorsers deur middel van die navorsingsgesprekke deel te wees van die hele navorsingsproses. Dit wat ons saam gedeel het, was oor en oor die moeite werd. Ek wil graag kortliks 'n paar hoogtepunte van die navorsingsproses uitlig:

- Ten spyte van die trauma, seer en krisis, beleef ek tog dat daar by al die medenavorsers, selfs aan die begin reeds met die stories van nood, reeds tog 'n bietjie hoop teenwoordig was.
- Die voorreg om met die kinders as gemarginaliseerdes te werk, het my weer aangegryp. Hul opregtheid, lojaliteit en eerlikheid asook hul hoopvolheid, het net bevestig dat hul stemme altyd gehoor moet word in die mediasieproses. Die feit dat hul stemme as gemarginaliseerdes gehoor is, het myself verryk en weereens onder die besef gebring van die waardevolle bydrae wat hulle in die navorsingsgesprekke kan lewer.
- Die feite wat gedeel is, is belangrik, maar die emosies wat beleef is deur saam na oplossings te soek, het al die navorsingsgesprekke baie sinvol gemaak en ons saamgebind in 'n sinvolle navorsingspan.
- Prentjies en metafore het 'n baie belangrike funksie in die navorsingsgesprekke vervul. Deur die prentjies en metafore kon die emosies rondom die trauma beter uitgedruk word. Daar is makliker tot verstaan gekom as gevolg van die prentjies en metafore. Dit het ook die verbeelding aangegryp en meegehelp om stories van hoop te ontdek en te ontwikkel.
- Persoonlike netwerke het tot stand gekom tussen my en die medenavorsers. Ander persone het ook indirek 'n rol gespeel omdat hulle as steunstelsels vir die medenavorsers in die navorsingsproses opgetree het.
- Uit die navorsingsgesprekke het dit duidelik geword dat ons uit die hele navorsingsproses saam gegroei het en die hele proses as 'n leerervaring kon beskou.

- Wat vir myself baie hoop en moed in die navorsingproses gegee het, is dat al die medenavorsers klaar 'n verskil maak en hulle daartoe verbind het om ook in die toekoms in ander mense wat ook trauma en seer beleef of sommer net ondersteuning nodig het, se lewens 'n verskil te maak.
- Die rol wat die Bybel in die medenavorsers se lewe speel was vir my ook opvallend. Hulle het nie biblisisties daarmee omgegaan nie, omdat hulle 'n lewende verhouding met Jesus Christus het.
- Ek het saam met die medenavorsers opnuut weer onder die indruk gekom van die Lewende God wat die Bron van Hoop is. Hy werk nogsteeds elke dag deur die Heilige Gees in en deur ons en bevestig Sy beloftes deur die Soenverdienste van Jesus Christus, Sy Seun.
- As brose mense wat elke dag in 'n gebroke werklikheid moet lewe, kan ons almal saam uitsien na daardie dag wanneer Hy weer sal kom, en ons saam met Hom 'n nuwe lewe in die nuwe hemel en aarde vir ewig sal deel.

Ek wil opsom deur met Müller (1996:154) saam te stem wat preek uit Spr.15:12-17 en dan die volgende lyn trek deur te sê: "Liefde groei binne 'n bepaalde verpakking, Liefde kan net bestaan binne 'n bepaalde lewenstyl .... Liefde is soos 'n orgideëplantjie, dit groei net in 'n bepaalde soort groeimedium. As iemand vir jou 'n orgideë persent gee en jy plant dit oor in 'n groter pot met grond daarin, moet jy nie die volgende jaar blomme verwag nie. Die plante groei net as hulle geplant staan in die regte groeimedium van hoofsaaklik boombas".

Ons het saam uitgesien om na moontlike stories van hoop te soek en dit te ontgin. As ek reflekteer en terugkyk, was ek bevoorreg om saam met my medenavorsers, die klimaks van hierdie navorsing te beleef, met die feit dat talle stories van hoop 'n werklikheid in ons lewens geword het. Die klimaks van die stories kon nie vooraf bepaal word nie, en het eers gedurende die navorsingsproses tot volle ontplooiing gekom. Dit sal dan ook die stories van hoop wees wat die medenavorsers op hul lewenspad vorentoe moet dra.

Alleen die stories van hoop, kan die verpakking of groeimedium verskaf waarin daar weer liefde in hul lewens kan gedy.

### 5.19 Skep 'n wen-wen-situasie

McKenzie & Monk (1996:273) toon aan dat mediasie gewoonlik 'n beter toekoms bied.

> "The field of mediation has developed over the last few decades on the basis of a number of untested assumptions about conflict, human needs and motivation, the nature of "community", and the nature of resolution. A narrative approach to mediation is more than a stylistic variation on previous approaches. Rather, it marks a theoretical shift from the individualist and objectivist assumptions of the problem-solving model to a postmodern perspective that acknowledges the social construction of reality. Conflict develops in a social context; meanings are created and negotiated by individuals in conversation with one another. In a narrative approach to mediation, the conflict story is unraveled or deconstructed to reveal the themes or discourses within it. The fact that the different discourses exist alongside each other created a source of tension and conflict. But it is this lack of discursive unity that also creates spaces and the potential for change. In these spaces, alternative preferred stories can be developed. A narrative approach to mediation thus entails an intricate weaving together of positions and the meanings that go with them."

'n Wen-wen-situasie word deur die navorser en partye geskep omdat die navorser altyd bewus is van die gespreksagenda en prosedures wat benut kan word tydens die egskeidingsmediasie. Volgens Müller (1996:104) is die navorser se taak om vyf groot bewegings uit te voer in die navorsingsgesprekke:

- Help die gesin om die storie van nood so geartikuleerd as moontlik te vertel.
- Lei die gesin om die storie van die verlede (gesinne van herkoms en huidige gesin se geskiedenis) te vertel.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Help die gesin om die storie van die toekoms te vertel sodat die aard van die verduisderde toekomsbeeld uitgespreek word. Nou moet daar ‘n omleidingsoperasie gedoen word, daar moet kanale opgemaak word sodat “bloed” tussen hierdie twee stories kan vloei. Hierdie omleidingsoperasie vind vanself plaas sodra die stories bevredigend geherstruktureer is. Sodra daar ‘n vloei tussen die stories van die toekoms en die verlede is, word daar eintlik ‘n nuwe of teenwoordige storie geskep. Om dit te bewerkstellig moet die vierde beweging uitgevoer word.
- Herstruktureer die verledeverhaal. Met ‘n positiewe herstrukturering en nuwe punktuasie word - met dieselfde stel feite - ‘n ander meer aanvaarbare storie geskep.
- ‘n Rekonstruksie van die toekomsverhaal is die laaste punt op die agenda. Deur middel van verbeelding moet ‘n nuwe toekomsbeeld geskep word. Dit is nou moontlik op grond van ‘n geherstruktureerde verledeverhaal.

Indien mediasie hoop aan die individu bring, kring dit ook wyer uit na die huwelik, gesinslewe, verhoudings in die algemeen en na die breë gemeenskap. Die vaardighede wat hierdeur aangeleer word, moet dus doeltreffend geïmplimenteer word in alle verhoudings om sodoende ‘n oper en meer ontvankliker individu en gemeenskap daar te stel. Winslade & Monk (2000:250) vat dit goed saam deur te sê:

> “We also imagine that this practice can contribute to the production of a different kind of conversation, and in the end, to a different kind of community, the kind of community we speak of is founded on a commitment to dialogue, to the shared creation of meaning, rather than on the priviledging of individuals in competition with each other to have their needs met. It is a community in which power relations are always open to contest and where respect flourishes. It is a place where people are curious about one another and where new meanings are also been created in response to the challenges provided by constantly changing contexts. It is a world in which people are encouraged to have a voice in the production of the discouse that shapes them.”

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

## 5.20 Die skep van verwagting en hoop

Soos telkemale reeds aangedui, skep narratiewe pastorale egskeidingsmediasie juis hoop en verwagting by almal daarby betrokke. Müller (2000:42) vra terreg 'n terapeutiese vraag: "hoe kan die toekomsprentjie weer heelgemaak word sodat dit 'n dryfkrag kan word om in die hede te kan verander Kan 'n mens verander as jou toekomsstorie verduister is, as die toekoms net nie wil vorm aanneem nie? 'n Mens kan nie. Jy verander na 'n toekomsbeeld toe. 'n Mens moet 'n verbeelding hê van 'n aanvaarbare toekomssituasie waarheen jy kan verander. Ek wil hierby aansluit deur te bevestig dat daar juis tydens die mediasiegesprekke met behulp van narratiewe betrokkenheid 'n beeld geskep word van hoop en verwagting. 'n Natuurlike plek ontstaan tydens die gesprekke vir Die Storie. God se Storie kan die individu, huwelikspaar en gesin help om weer hoop te kry. Vanuit God se Verhaal kan die partye hul eie storie interpreteer en hulle kan leer om regtig net op God te vertrou en deur Sy Gees staat te maak op Sy voortgesette en helende betrokkenheid by hulle op die pad vorentoe.

## 5.21 'n "Suksesvolle" egskeiding

Botha (1995:4) het reeds op verskillende plekke in die studie aangetoon dat 'n "suksesvolle egskeiding" moontlik is. "Suksesvol" beteken - dat ons in 'n gebroke werklikheid lewe waar mense, ook Christene, skei en 'n gebroke wêreldervaring in jouself, huwelik, gesins- en gemeenskapslewe beleef. Deur pastorale narratiewe egskeidingsmediasie is dit moontlik om die pynlike pad voor, tydens en na 'n egskeiding op 'n ander manier saam te loop. Soos reeds aangedui, het 35% van die aantal pare wat die spreekkamer besoek het vir egskeidingsmediasie die afgelope tien jaar, wat beslis sou geskei het, het nie geskei nie maar saam begin werk aan 'n nuwe toekomsverhaal binne 'n bestaande huwelik. Dit is verblydend dat soveel persone deur die mediasie en opvolg-mediasiegesprekke tog die nabyheid van God en Sy handelinge met hulle, kon beleef. Die wat wel geskei het na die gesprekke, het "suksesvolle egskeidings" beleef want ons kon saam die aksies, emosies, finansies, kinders ens. hanteer deur die egskeidingsmediasie.

Alle partye was dus gesamentlik medeverantwoordelik vir die bereiking en opstel van ‘n skikking waarby almal baat vind. Sou daar in die toekoms enige verhoudingsprobleme, onderhoud, toesig en beheer ens. gedinge ontstaan, dan neem dit gewoonlik een mediasiegesprek om dit te hanteer en sodoende word ‘n voortdurende “suksesvolle egskeiding” gewaarborg.

Die verhalende pastor/navorser verskil van die moraliserende pastor soos ‘n dokter van ‘n apteker. Wanneer ‘n siek persoon dokter toe gaan, teken hy in die eerste plek eers die geskiedenis van die pasiënt aan. Eers daarna sal die dokter dit waag om ‘n diagnose te maak en ‘n voorskrif te gee. Die uitgangspunt is dat alles wat vooraf gebeur het, relevant is vir die siektestoestand en in ag geneem behoort te word. Die apteker verkoop bloot medisyne van die rak af: een soort vir hoofpyn, ‘n ander vir sooibrand ens. (Peterson 1992:85).

Müller (2000:76) sê dat die verhalende pastor/navorser “takes a history” en met daardie rou materiaal werk hy aan ‘n persoonlike verhaal wat by die Groot Verhaal van God ingesluit is. Daar kan nie “story making” plaasvind voordat die verhaal eers deeglik vertel is nie. ‘n Mens kan alleen verstaan hoe jou eie klein geskiedenis inpas en deel is van die Groot Geskiedenis (Heilsgeskiedenis) as albei, die klein verhaal én die Groot Verhaal, eers goed vertel is nie.

# HOOFSTUK 6

# ‘N TYD OM TE REFLEKTEER .... ‘N MOONTLIKE EINDE ....

## 6.1 Inleiding

In hierdie navorsing het ek gebruik gemaak van die narratiewe paradigma en aansluiting gevind by die ABDCE-skryfformule van ‘n fiksieskrywer, Alice Adams (Müller et al 2001:78; vgl. Lamott 1995:62). Ruimte word hierdeur geskep waarbinne narratiewe navorsing gedoen kan word. Binne hierdie ruimte het ek probeer om reg te laat geskied aan die narratiewe pastorale egskeidingsmediasie. Om na stories te luister en die taal daarvan te verstaan, het meegehelp om ‘n meer breedvoerige beskrywing van die tema te bewerkstellig. Alternatiewe stories het ook aan die orde van die dag gekom aangesien daar genoeg ruimte was vir die ontwikkeling daarvan. Indien dié alternatiewe stories ontwikkel, vind daar iets nuuts plaas omdat ons nuwe vorme van lewe konstrueer deur doelbewus ons sosiale strukture en prosesse saam te skep (Shawver 2001:251). Die navorser, medenavorsers asook die relevante literatuurstudies, kon alles meewerk om gedeelde betekenis te skep en sodoende saam stories te ontdek en te ontwikkel.

Alle stories moet iewers tot ‘n einde kom. In die narratiewe navorsing is dit reeds aan ons bekend dat daar nie noodwendig ‘n einde aan die navorsingsproses kom nie. Oor die einde van die navorsing haal Müller et al (2001:89) weer vir Lamott (1995:62) aan: “And then there is the ending: What is our sense of who these people are now, what are they left with, what happened, and what did it mean?” Die navorser kan terreg vra: Wat het ek met die navorsing bereik en was alles tog die moeite werd? Dit handel in die eerste plek nie nou oor ‘n refleksie van die verskillende stories of ‘n moontlike samevatting van alles nie, want daar is altyd iets nuuts. Aan die einde word daar ook ruimte gelaat vir nog meér nuwe stories om te ontwikkel. Die einde van die navorsing is dus oop en bly oop sodat verdere ruimtes vir verdere navorsing in die toekoms nog ontgin kan word.

Aan die einde van die studie is dit ‘n tyd om te reflekteer oor dit wat in die vorige hoofstukke geskryf is. Daar is nog geen finale woord nie, want in die narratiewe terapie is daar altyd ‘n openheid en ‘n verdere soeke na antwoorde. Freedman & Combs (1996:169) sê die volgende: “It is through the experience of reflecting on our experiences, that we make meaning of it”. Kritiese refleksie is daarom nodig want dit verskaf die nodige perspektief wat nodig is om aan die spesifieke studieveld reg te laat geskied. Die belangrikheid van kritiese refleksie word weereens onderstreep deur Freedman & Combs (1996:186) met die volgende woorde: “A characteristic of our therapy (the whole research process I would say) and probably the therapy (and research) using narrative ideas - is a movement between direct experience and reflecting ... (Emphasis mine)”. Snidle & Welsch (2001:150) bevestig die belangrikheid van refleksie deur te sê: “The purpose of pastoral care is not merely interviewing, but to provide conditions that facilitate voluntary change and growth. Always remember pastoral care is not the giving of information, .... and it is not just the giving of advice. Neither is it the influencing of attitudes by persuading, leading or arguing. It does not change behaviour by admonishing, threatening, warning or compelling”. Die noodsaaklikheid om te reflekteer word verder deur Freedam & Combs (1996:287) beskryf as: “When we reflect .... on unique outcomes, on the effects of various practices, on preferred directions in life, or on any aspects of therapy/research, we are doing co-research and co-therapy”.

## 6.2 Narratiewe navorsing

Die navorsingsliteratuur waarsku ons dat narratiewe navorsing nie ‘n maklike opsie is nie. Narratiewe navorsing is ‘n tydrowende en moeisame proses. Die gesprekke met die medenavorsers in die navorsingsituasie neem baie tyd in beslag. Die navorsingsgesprekke wat gebruik is, is met die medenavorsers se goedkeuring opgeteken. Nadat ons dit saam geredigeer het, is verdere toestemming aan my verleen om dit in die navorsingstudie te gebruik. Skuilname is gebruik om die persone se identiteit en die vertroulikheid van die gesprekke te handhaaf. Die voordeel van die hantering van die materiaal op genoemde wyse is dat daar direk van ‘n praatstyl tot ‘n skryfstyl oorgegaan

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

word sonder dat belangrike inligting en emosies verlore gaan. Uit die konteks van die navorsingsgesprekke was dit dus moontlik om die "oomblik van waarheid" te beleef en weer te gee. Watson (1996:9-10) sê dat dié metode van navorsing baie duur is. Groot hoeveelhede papier, tikwerk asook drukkostes moet verreken word. Ten spyte van bogenoemde is dit 'n baie bevredigende manier van navorsing aangesien dit die afgelope paar jaar reeds 'n deel van my navorsingsveld was en ek elke dag in die pastorale spreekkamer daarmee werk.

Kontak met my medenavorsers wat my toegelaat het om deel van hulle stories te word, asook wyer blootstelling aan gesinslede en ander professionele dissiplines in die navorsingstydperk, het my eie menswees verryk en my ervaringsveld verbreed. Dit het my gehelp om tot 'n beter verstaan te kom van die metodiek aan die een kant, asook die praktiese implementering daarvan aan die ander kant. Praktiese teologie wat deel uitmaak van hierdie navorsing, kom uit die praktyk en fokus vandaar op die teorie en loop weer uit op die praktyk. Browning (1991:7) beskryf bogenoemde verloop as 'n proses ("from practice to theory and back again"). Daar word altyd met vrae of probleme begin wat uit die sekulêre en godsdienstige praktyke waarin die navorser staan, na vore kom. Dié praktiese vrae loop dan uit op die teoretiese besinning wat dan uiteindelik weer neerslag vind in 'n nuwe praktyk. Bogenoemde proses, van praktyk na teorie na praktyk, hou dus nooit op nie. Browning (1991:6) stel dit soos volg: "Religious communities go from moments of consolidated practice to moments of deconstruction to new, tentative reconstructions and consolidations. Then a new crisis emerge and the community must launch into the entire process once more".

Die oplossing van probleme/konflikte deur narratiewe pastorale mediasie in die egskeidingsproses is 'n "ongoing business" (Van Staden 1992:52). Dit wat voortgaan ná die finalisering van die egskeiding en die betekening van die geskrewe skikkingsooreenkoms, plaas nie 'n punt na al die werk nie. In die meeste gevalle kom die persone vir opvolgmediasie om kleinere probleme/konflikte uit te sorteer.

Oor die algemeen word aanvaar dat die meeste mediasiemodelle rigied en lineêr is. Dit word as rigied beskryf, want bepaalde doelwitte moet gewoonlik per fase bereik word, sodat daar van een fase na die ander fase oorbeweeg kan word nadat 'n bepaalde fase afgehandel is. Die narratiewe model van betrokkenheid het ook bewegings wat uitgevoer moet word, maar die bewegings is nie rigied en lineêr nie. Daar is ook 'n moontlike eindpunt, al is die bewegings vloeibaar en oorvleuel dit.

## 6.3 Enkele kritiese opmerkings oor die narratiewe benadering

Die kritiese aanslag van die narratiewe benadering tot terapie en navorsing, kan beslis as een van die sterk punte van die narratiewe benadering beskou word. Die kritiese vraagstelling wat hierby aansluit, het my dan ook gedwing om nie bloot net beskrywend en integrerend met die navorsing waarmee ek besig was, te werk te gaan nie. Kritiese bevraagtekening was daarom een van die belangrikste elemente in die navorsingsproses.

Volgens Bosman (2001:445) moet daar egter meer krities omgegaan word met die uitgangspunte wat ten grondslag lê van die narratiewe beskouing. Dit geld ten opsigte van die siening van taal, die beskouing van die self en die betekenis van selfnarratiewe. Daar word soms tog in absolutes gepraat, veral ten opsigte van die uitgangspunte daarvan. Die narratiewe benadering is immers ook maar 'n teorie in 'n bepaalde konteks.

Aandag moet ook geskenk word aan die waardes wat in die narratiewe benadering gerealiseer word. Volgens Bosman (2001:445) is die volgende noodsaaklik: "dat daar meer kritiese refleksie vanuit die teologie nodig is oor hierdie waardes. 'n Kritiese vraag vanuit die gereformeerde teologie, wat gevra moet word, is die vraag oor persoonlike verantwoordelikheid. Dit is een van die dominante kenmerke van die gereformeerde etiek en die klem val op die persoonlike verantwoordelikheid van die individu. Die klem word soms eensydig in die narratiewe benadering gelê op die effek van die meta-narratiewe op die individu, en te min op die persoonlike verantwoordelikheid van die gespreksgenoot ten opsigte van sy/haar eie lewe".

## 6.4 ‘n Kritiese evaluering van die positiewe en negatiewe in die narratiewe benadering

Neuman (2000:399) sê dat die narratiewe benadering sekere sterk en swak punte het:. Hy identifiseer die sterk punte soos volg:

- “The narrative method is colourful and interesting to read.
- It describes life from a different era so that people would experience it as if they had been there.
- It communicates the past subjectively and assists people in experiencing the past emotionally.
- Individuals and specific events are encircled by a variety of the social reality.”

Die geïdentifiseerde swak punte is:

- “It hides causal theories and concepts, or leave it to be implicit.
- It makes use of rhetoric, ordinary language, and common sense logic to persuade, and therefore is subject to logical fallacies of semantic distortion.
- The tendency is to emphasise the unique and dramatic elements and to ignore the normal and ordinary aspects.
- Prior knowledge is usually not taken into account and it usually neglects new general knowledge.
- The tendency is to be overly individualistic and to over-emphasise the role played by the individual, as well as his/her influence on the events.”

Die narratiewe benadering is ‘n relatiewe nuwe benadering en daarom is die metodologie van die benadering nogsteeds aan die ontwikkel. Die drie basiese vereistes in die metodologie naamlik betroubaarheid, geldigheid en veralgemening sal ook nog verder ontwikkel moet word binne die raamwerk van die narratiewe benadering. “Compelling narratives push us to look holistically at the world by urging us to make connections and

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

identify complex and non-linear relationships" (Rodriques 2002:3). Die uitdaging is om dit op 'n deeglik deurdagte metodologiese wyse te doen.

### 6.5 Die navorsingsproses

Wat kon ek in hierdie navorsingstudie anders of beter gedoen het? Aanvanklik sou 'n blote literatuurstudie miskien genoeg inligting kon versamel om sinvol mee te help in die navorsing oor narratiewe pastorale egskeidingsmediasie. Dit is egter 'n nuwe veld in Suid-Afrika wat maar die afgelope paar jaar deur professionele persone soos prokureurs, advokate, maatskaplike werkers, sielkundiges en teoloë, ontgin is. Daar is dus nog nie veel navorsing daar rondom gedoen en/of op skrif gestel nie. Ek was hoofsaaklik aangewese op oorsese literatuur asook navorsingsgesprekke wat nie altyd toepaslik en kultuursensitief aangebied is, om nét so binne ons Suid-Afrikaanse konteks te gebruik nie. Dit het die navorsing aansienlik bemoeilik.

Ek sou graag meer tyd aan 'n literatuurstudie oor die onderwerp wou wy maar die bronne daaroor is redelik beperk soos reeds aangedui. Meer navorsingsgesprekke sou 'n wyer verskeidenheid persone as medenavorsers in die navorsingstudie, betrek het. Moontlike tekortkominge is die feit dat daar in die navorsingstudie nie opvolgsessies kon plaasvind nie. Goeie terugvoer uit die opvolgsessies sou as handige navorsingsinligting gebruik kon word.

Die beperkings van die kwalitatiewe empiriese navorsing wat gedoen is, is dat daar net sewe navorsingsgesprekke gebruik is om navorsingsinligting te bekom. Die kwalitatiewe benadering is egter nie ingestel op hoeveelheid nie, en daarom is die verandering wat teweeggebring is deur die egskeidingsmediasie, moeilik bepaalbaar en uitdrukbaar in terme van persentasies.

In die narratiewe navorsing word daar klem gelê op die medenavorsers se eie verhale. Soos reeds gesê in bostaande paragraaf, het ek met die kwalitatiewe empiriese navorsing

met sewe medenavorsers, navorsingsgesprekke gevoer. Binne die kwalitatiewe benadering kan dit soms ook sekerlik as te veel medenavorsers gesien word omdat daar baie klem gelê word op die tipe en diepte van die navorsingsgesprekke. Dit kan wel bevestig word dat die sewe navorsingsgesprekke aan die einde van die navorsing soms te veel blyk te wees. Te veel in die sin dat daar soveel temas na vore gekom het, dat dit soms die navorsingsproses baie wyd en oop gemaak het. Aan die ander kant is daar tog baie tyd en aandag gespandeer aan die diepte en dik beskrywings waarmee die medenavorsers en die navorser die temas hanteer het.

Die medenavorsers is nie 'n homogene groep nie, want dit is saamgestel uit mans, vrouens, gemarginaliseerde kinders asook 'n mede-mediator. Die groep is nie divers in dié opsig dat slegs blanke, Afrikaanssprekende medenavorsers in die navorsingstudie gebruik is. Sou die groep meer divers wees deur anderkleuriges, andertaliges en ander godsdienstiges te betrek het, sou die temas in die navorsingsgesprekke te wyd en uiteenlopend geraak het. 'n Voordeel met hierdie medenavorsers as gespreksgenote, is dat almal reeds voor die aanvang van die navorsingstudie goed aan my bekend was. Die keuse van die bepaalde medenavorsers het dus beslis 'n invloed op die temas en navorsingstudie gehad. Die navorsing is kontingent en het in 'n bepaalde kontekstuele situasie vorm aangeneem.

In dié navorsingsproses het verskillende persone en groepe 'n groot invloed uitgeoefen op die konstruksie van die navorsingsverhaal soos dit in die proefskrif vorm aangeneem het. Die volgende groepe en persone kan uitgelig word:

- Die doktorale studiegroep waarby ek die afgelope twee en 'n half jaar betrokke was, het 'n positiewe en verrykende invloed op my navorsingsdoelwitte, beplanning asook die finale produk gehad.
- Die gesprekke met my studieleier, prof. Julian Müller, dr. Wilhelm van Deventer en die afgelope paar maande met dr. Lourens Bosman, het my gedagtes verruim en my aan nuwe perspektiewe blootgestel.

- Die navorsingsgesprekke met my medenavorsers asook ander kliënte in die pastorale spreekkamer die afgelope vyftien jaar, het my eie lewe baie verryk en my perspektiewe op seer, trauma en die hele egskeidingsituasie verbreed en verdiep.
- Talle gesprekke met my kollegas in die gemeente en ander teoloë het bygedra tot my eie teologiese vorming en denke.
- Talle gesprekke die afgelope twaalf jaar met verskeie mediators wat elke dag in die praktyk staan, asook met die bestuurslede van SAAM (Suid-Afrikaanse Assosiasie van Mediasie) het my weereens laat besef dat mediasie as 'n beroep en 'n hulpmiddel, heeltemal onderbenut is in die Suid-Afrikaanse konteks.
- My omgang met talle boeke, internetverwysings, proefskrifte, artikels en ander geskrewe middele, het my kennis verbreed en my geleentheid gebied om wyer en met 'n oper gemoed na die hele onderwerp van my navorsing te kyk.
- My vrou, asook die dames wat die tikwerk en proefleeswerk gedoen het, het almal 'n positiewe bydrae gelewer in die opskryfproses van die navorsingstudie.
- My persoonlike verhouding met my Verlosser en die leiding van die Heilige Gees asook die ongelooflike waardering van 'n misterieuse en grote God, het my opnuut weer gekonfronteer met my eie menslikheid, tekortkominge maar ook onbegrensde moontlikhede wat geskep word deur die hoop wat daar in en deur Jesus Christus is, vir my maar ook vir almal wat daardeur aangeraak wil word.

### 6.6 Navorsingsvrae en navorsingsdoel

My eie egskeiding en die betrokkenheid by mediasie het my al meer bewus gemaak van die trauma tydens egskeiding. Om die gedagtes te verfris, dui ek net weer die volgende vrae aan wat reeds in Hoofstuk 1 uitgelig is om sodoende weer die prentjie meer volledig vir die leser te verhelder. My eie belewenis asook talle sessies in die spreekkamer en gesprekke met ander rolspelers het die volgende vrae na vore laat kom:

- Talle mense skei soos aangedui in die voorafgaande statistiek. Hoe hanteer hulle hierdie trauma?

- Is mense bewus van mediasie as 'n alternatiewe metode van egskeiding?
- Kan konflik voor, tydens en ná die egskeiding nie méér sinvol hanteer word nie?
- Moet daar gefikseer word op die probleme?
- Is die rolspelers soos die gesinsadvokaat, kinderkommissaris, prokureurs, sielkundiges, maatskaplike werkers, beraders en predikante voldoende opgelei en toegerus om die behoeftes van die partye asook die trauma ten opsigte van die egskeiding, te hanteer?
- Hoe kan mediasie met behulp van die narratiewe metode meewerk en of bydra om meer sinvol tot 'n "suksesvolle" egskeiding aanleiding te gee?
- Watter rol kan goed opgeleide en toegeruste terapeute speel in die mediasie-proses?
- Hoe kan stories van hoop ontwikkel word tydens die mediasie-sessies?
- Hoe sal die stories van hoop hulle/ons eie stories raak en beïnvloed?

Uit die bogenoemde kan ek my navorsingstema soos volg formuleer:
**Narratiewe pastorale egskeidingsmediasie: Stories van hoop**

Die bogenoemde vrae dien as dryfveer vir my navorsing. Drie vrae word gestel as kompas of rigtinggewende vrae vir die studie:

- Kan pastorale narratiewe mediasie benut word om die trauma van 'n egskeiding beter te hanteer? – Uit die navorsing is daar aangetoon dat pastorale narratiewe mediasie beslis positief benut kan word om die trauma van die egskeiding beter te kan hanteer.
- Is die sinvolle hantering van die nood en vasgeloopte verhale voor, tydens en ná die egskeiding moontlik? – Dit is uiters noodsaaklik dat die nood en vasgeloopte verhale voor, tydens en na die egskeiding, met die nodige versigtigheid en openheid hanteer word. Al die partye/medenavorsers asook die gemarginaliseerde kinders moet deeglik ingelig word en saam betrek word in die proses van narratiewe

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

egskeidingsmediasie. Sinvolle hantering hang dus af van die betrokkenheid van die navorser/mediator en die medenavorsers/partye by die hele proses.

- Is verbeelde toekomsverhale, waar stories van hoop geskep en ontwikkel word, moontlik? – Soos in Hoofstuk 5 aangedui, is verbeelde toekomsverhale dus moontlik. Die stories van hoop wat saam daaruit ontwikkel het, maak dit moontlik dat 'n "suksesvolle" egskeiding wel moontlik en haalbaar is.

Die oogmerke met my studie is dus om:

- Egskeidingsmediasie as sulks te omskryf deur middel van die geleefde ervaring van my medenavorsers/partye.
- Samewerkend met die medenavorsers deur die verstaan en vertolking van die egskeiding, 'n "suksesvolle" egskeiding te ervaar/beleef, waar stories van hoop beleef word.
- Om te reflekteer oor die positiewe bydrae wat die stories van hoop in die hele verhaal gespeel het.

## 6.7 Moontlike verdere navorsing

Aangesien daar so 'n groot behoefte bestaan om mense in die egskeidingsproses te help en by te staan met behulp van narratiewe pastorale egskeidingsmediasie, sou dit sinvol wees indien meér persone in die onderwerp wil spesialiseer. Verdere literatuurstudie, empiriese navorsing en 'n wye verskeidenheid navorsingsgesprekke sou dit 'n baie interessante onderwerp maak vir verdere navorsing. Persoonlik dink ek dat pastorale narratiewe egskeidingsmediasie self as tema vanuit 'n teologiese oogpunt deur meer predikante, binne die veld van mediasie, nagevors kan word. Die invloed wat pastorale narratiewe egskeidingsmediasie op die kinders en ondersteuningstelsel van die medenavorsers het, kan ook as tema hanteer word. Die samewerking en koördinering van professionele beroepe soos prokureurs, advokate, maatskaplike werkers, sielkundiges en teoloë, ten opsigte van egskeidingsmediasie, kan ook verder nagevors word.

## 6.8 Etiese verantwoordelikheid

Die aanklag word dikwels teen navorsers gebring dat hul navorsingsresultate nie aan die gemeenskap teruggegee word in die vorm van logiese, verwerkte en verstaanbare inligting wat ‘n verskil kan maak nie. Ons het egter ‘n etiese verpligting om ons gemeentes asook die gemeenskap met ons navorsingsresultate te dien. As gelowige en vir die geloofsgemeenskap lê die verpligting in God se liefdesgebod.

Ek sou graag my bydrae tot die medenavorsers, die geloofsgemeenskap en die breë gemeenskap wil nakom deur die inhoud van bogenoemde studie in ‘n bruikbare en verstaanbare vorm te boekstaaf. Talle mense sukkel om die trauma rondom egskeiding te verwerk, en hulle sou baie waarde kon put uit so ‘n boek. Ek sou graag ook meer skakelwerk wou doen tussen die professionele beroepe wat betrokke is by egskeiding, en dan meer spesifiek, egskeidingsmediasie. Die geloofsgemeenskap, kerkrade asook predikante en sinodale strukture, moet ook ingelig word rondom die voordele en werkbaarheid van pastorale narratiewe egskeidingsmediasie. Dit sou sinvol wees indien gemeentes meer moeite sou doen om geskeides, enkellopendes asook die gemarginaliseerde kinders spesiaal by kerklike aktiwiteite en in besonder by spesialisgroepe wat hulle kan bystaan en ondersteun, te betrek. Omgeegroepe kan in dié opsig positief benut word. Talle persone wat nie die fooie van mediasie kan bekostig nie, word gratis in die pastorale spreekkamer geakkommodeer en begelei op die pad na heelwording in Christus.

Die pastorale terapeutiese verhouding is ‘n tweerigtingverhouding waarin die terapeut/navorser kan gee, sowel as ontvang (SteinhoffSmith 1999:184). Hiermee word daar ruimte geskep vir die behoefte van die terapeut/navorser om ook ander mense lief te hê en vir hulle iets te beteken. Volgens Bosman (2001:423) is die narratiewe, idees van: sentrering van die gespreksgenoot en desentrering van die terapeut; die respek vir die

gespreksgenoot; en van ‘n houding dat die gespreksgenoot die kundige is op die gebied van sy/haar eie lewe is sleutelbegrippe in die verstaan van gestruktureeerde liefde. Die liefde vind neerslag in ‘n persoonlike etiek wat die taal en verhale van die gespreksgenoot werklik sentraal plaas. In die pastoraal terapeutiese verhouding vind liefde op so ‘n wyse neerslag, dat mense daardeur groei. Bridger & Atkinson (1998:195) stel dit soos volg: “... love extending itself for the sake of another’s growth”.

### 6.9 Wat het ek hieruit geleer?

Uit die literatuurstudie, die PhD-groep by Universiteit Pretoria asook my medenavorsers se akkommodering van my as navorser, het ek net weereens besef hoe seer en traumaties ‘n egskeiding is, en wat die gevolge daarvan op al die betrokke persone kan wees. Ek sou graag wou sien dat ons in die toekoms meer mediators oplei wat sal registreer by SAAM (Suid-Afrikaanse Assosiasie van Mediators). Dit sal die groot nood wat ontstaan as gevolg van egskeidings, soos statisties aangedui is, aanspreek. Groter koördinering en samewerking is ‘n voorvereiste om sinvolle mediasie op alle vlakke, deur alle professionele beroepe te laat slaag.

Soos reeds aangedui verwys Müller (2002:14-15) saam met verskeie ander skrywers na die gesin as ‘n verhalende kultuur (“storying culture”). Die gesin word dan omskryf as ‘n interpreterende gemeenskap. Dit is ‘n groep mense wat binne ‘n bepaalde konteks hul lewens op dieselfde manier verstaan en interpreteer. Tydens ‘n egskeiding gaan die huwelik dood en bestaan nie meer nie. As gevolg van bogenoemde situasie bestaan daar nou net ‘n besigheidsbeginsel. Müller (2002:102) sê dat die geskeides “ ...... nog lewenslank gesamentlike ‘besigheid’ gaan hê waarna hulle moet omsien. En daardie ‘besigheid’, hul kinders, lê albei na aan die hart. As hulle dit kan regkry om ‘n gesonde en vriendelike ‘besigheidsverhouding’ te onderhandel, maak hulle dit vir hulleself, maar veral vir die kinders, soveel makliker”. In die navorsing is daar juis gepoog om deur middel van narratiewe pastorale egskeidingsmediasie by so ‘n gepaste oplossing uit te kom, deur

middel van stories van hoop. Indien dit bereik word, is daar beslis sprake van ‘n “suksesvolle” egskeiding.

Die Christelike godsdiens is volgens Müller (2002:106-111) ‘n onvoltooide godsdiens en daarom is Christelike huisgesinne onvoltooide gesinne. Omdat dit waar is, kan ons elke dag leef in die Christelike hoop.

Winslade & Monk (2000:251) skryf oor mediators en sê: “we imagine people who work as mediators taking up these ideas and developing them further so that we too can learn more about them. It is in this sense that we look forward to your response”. Ek wil afsluit en daarmee aansluit by Du Toit (2000:182) wat sê: In hierdie sin is geloof in God in ‘n postmoderne tyd gemakliker met die idee om ”nie presies te weet nie”, juis omdat dit om God as die Skepper van die Heelal gaan, juis omdat ons met soveel verwondering bewus raak van God as die Een wat onmoontlik deur die mens met sy/haar beperktheid aan ruimte en tyd, presies beskryf en verstaan kan word. Geloof in ‘n postmoderne tyd is daarom gemakliker met onsekerheid. Ons het egter nie by ‘n “punt” gekom nie, maar ‘n komma, want alles is nog nie oor narratiewe pastorale egskeidingsmediasie gesê nie,.........

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

## BIBLIOGRAFIE

Ahrons, C.R. 1994. *The good divorce. Keeping your family together when your marriage comes apart*. Bloomsbury: London.

Anderson, W.T. 1990. *Reality isn't what it used to be: Theatrical Politics, Ready-to-wear Religion, Global Myths, Primitive Chic, and Other Wonders of the Postmodern World*. Harper & Row: San Francisco.

Anderson, H. 1997. *Conversation, language and possibilities. A postmodern approach to therapy*. Harper Collins: New York.

Anderson, H & Goolishian, H. 1988. Human systems as linguistic systems: Preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. *Family Process* 27(4):371-393.

Andrews, J. & Kotzé, E. 2000. New metaphors for old: healing spiritual talk. In Kotzé, E. (ed.). *A chorus of voices. Weaving life's narratives in therapy and training*. Ethics Alive: Pretoria.

Aucamp, H. 1994. Só word Afrikaans 'n Stradivarius. *Insig*. Oktober, B, 4.

Babbie, E.R. & Mouton, J. 2001. *The practice of social research*. Oxford University Press, South Africa Edition: Cape Town.

Balswick, J.O. & Balswick, J.K. 1990. *The family. A Christian perspective on the Contemporary Home*. Baker Book House: Michigan.

Bester, A. & Müller, J.C. 2002. Hoop en Verbeelding. *Practical Theology in SA* 15(2):1-20.

Billikopf, E.G. 2002. Narrative mediation. *The International Journal of Conflict Management* 13(1):100-104.

Bird, J. 2001. *To do no harm*. Keynote address given at the inaugural Pan Pacific Family Therapy Congress, 4-7 September 2001, Melbourne Australia.

Bisbey, S. & Bisbey, L.B. 1998. *Brief therapy for Post-Traumatic stress disorder*. John Willey & Sons: London.

Blades, J. 1985. *Mediate your divorce: A guide to cooperative custody, property and support agreements*. Prentice-Hall: New Jersey.

Blow, K. & Daniel, C. 2002. Divorcing children. *Accosiation for Family Therapy* 24:85-103.

Bonach, K. & Sales, E. 2002. Forgiveness as a Mediator between Post Divorce Cognitive Processes and Coparenting Quality*. Journal of Divorce and Remarriage* 38(1/2):17-38.

Bons-Storm, R. 1989. *Hoe gaat het met jou? Pastoraat als komen tot verstaan*. J.H. Kok: Kampen.

Bosman, L.L. 2001. *'n Narratiewe beskouing van die pastoraal terapeutiese self in 'n postmoderne samelewing*. DD Thesis. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Boszormenyi-Nagy, I. 1965. Intensive Family Therapy as Process. In: Boszormenyi-Nagy, I & Framo, J.L. (eds.). *Intensive Family Therapy. Theoretical and practical aspects*, 87-142. Harper & Row: New York.

Boszormenyi-Nagy, I. & Spark, G.M. 1973. *Invisible Loyalties: Reciprocity in intergenerational Family Therapy*. Brunner/Mazel: New York.

Boszormenyi-Nagy, I. 1986. Transgenerational solidarity: The expanding context of therapy and prevention*.* *The American Journal of Family Therapy* 14:195-212.

Botha, A. 1998. *Pastoral Therapy and extra-marital affairs: A Narrative Approach*. Doktorale Proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Botha, J.A. 1995. *Egskeiding en Enkelouerskap* . Korrespondensie Kursus, Pastorale Krisis- en Verrykingspreekkamer, Pretoria.

Botha, J.A. 1997. *Egskeiding en die gevolge daarvan op die kinders*. Jeugberading Sertifikaat Kursus, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Botha, J.A. 2001a. *Eksternalisering in pastorale narratiewe egskeidingsmediasie*. MA Verhandeling. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Botha, J.A. 2001b. Ons moet oorgee, omgee en aangee. In: Botha, J. (red.). *Ja vir Jesus, nee vir die kerk*. Lapa Uitgewers: Pretoria.

Boyd, G.E. 1996. Pastoral conversation. A social construction view. *Pastoral Psychology* 44:215-226.

Brandon, S. 1975. Crisis Therapy. *Current Psychiatric Therapies* 15:243-246.

Bridger, F. & Atkinson, D. 1998. *Counselling in context: developing a theological framework*. Darton, Longman & Todd: London.

Brown, C. 1976. *The New International Dictionary of New Testament Theology Vol.2*. The Paternoster Press: Devon, UK.

Browning, D.S. 1991. *A fundamental practical theology: Descriptive and strategic proposals*. Fortress Press: Minneapolis.

Brueggemann, W. 1986. *Hopeful imagination: Prophetic voices in exile*. Fortress Press: Philadelphia.

Brueggemann, W. 1987. *Hope within history*. John Knox Press: Atlanta.

Brueggemann, W. 1993. *Texts under negotiation: The Bible and Postmodern Imagination*. Fortress Press: Minneapolis.

Burrett, J. 1997. *Dad's Place: A New Guide for Fathers after Divorce*. HarperCollins Publishers: Australia.

Cahoone, L.E. 1995. The ten modernisms. In Rossouw, G. (ed.) *Life in a postmodern culture*. HSRC Publishers: Pretoria.

Campbell, A.V. 1987. *A Dictionary of Pastoral Care*. Oxford: Great Britain.

Capps, D. 1990. *Reframing: A New Method in Pastoral Care*. Fortress Press: Minneapolis.

Capps, D. 1995. *Agents of Hope: A Pastoral Theology*. Fortress Press: Minneapolis.

Cigler, E. 1986. Mediation – Its Significance, Technology and Feasibility in Social Work Services Related to Divorce Issues. PhD Thesis. Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

Clandinin, D.J. & Connelly, F.M. 1987. Narrative and Story in Practice and Research. In: Schön, D.A. (ed.). *The reflective turn: Case studies in and on educational practice*, 258-281. Teacher College Press: New York.

Clements, R.E. 1989. The Messeanic Hope in the Old Testament. *Journal for the Study of the Old Testament* 43: 3-19.

Clinebell, H.J. 1981. *Contemporary Growth Therapies*. Abingdon: Nashville.

Cobb, S. 1994. Theories of responsibility. *Discourse Processes* 18:165-186.

Coetzee, B. 1999. *Die fasilitering van waardevorming by die adolessent in die egskeidingsgesin. 'n Pastoraal-Kontekstuele benadering*. PhD Proefskrip. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Cohen, O. 1999. Suitability of divorcing couples for mediation: A suggested typology. *American Journal of Family Therapy* 27(4):329-145.

Collins, G.R. 1980. *Christian Counselling: A Comprehensive Guide*. Texas: World Incorporated.

Connelly, F.M. & Clandinin, D.J. 1987. On Narrative Method, Biography and Narrative Unities in the Study of Teaching. *Journal of Educational Thought* 21(3):130-139.

Coogler, O.J. 1978. *Structured Mediation in Divorce Settlements*. Lexington. MA: Heath.

Cooney, T.M., Hutchinson, M.K. & Leather, D.M. 1995. Surviving the breakup? Predictors of parent-adult child relations after divorce. *Family Relations* 44:153-161.

Coulehan, R., Friedlander, M.L. & Heatherington, L. 1998. Transforming narratives: a change event in constructivist family therapy. *Family Process* 37:17-33.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Crites, S. 1989. The narrative quality of experience. In: *Why narrative? Readings in Narrative Theology*: 65-88. Edited by Hauerwas, S. & Jones, L.G. William B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids

Crouch, R.E. 1982. Mediation and Divorce: the Dark Side is still Unexplored. *Family Advocate* 26-35.

Daiber, K.F. e.a. 1991. *Predigt als religiöse Rede. Homoletische Überlegungen im Anschluss an eine empirische Untersuchung*. Predigen und Hören 3. München.

Dallos, R. & Urry, A. 1999. Abandoning our parents and grandparents: does social construction mean the end of systemic family therapy? *Journal of Family Therapy* 21:161-186.

Degenaar, J. 1992. Deconstruction – The celebration of language. In: Lategan, B. (ed.). *The Reader and Beyond. Theory and Practice in South Africa reception studies*. HSRC Press: Pretoria.

De Jongh van Arkel, J.T. 1987. *A paradigm for pastoral diagnosing*. DTh Thesis. University of South Africa, Pretoria.

De Jongh van Arkel, J.T. 1991a. Ekosisteemdenke as Meta-teorie in die Praktiese Teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 6(1):61-75.

De Jongh van Arkel, J.T. 1992. Sorg. In: Wolfraadt, J.A. et.al., *Praktiese Teologie: Enigste Studiegids vir TPA200-W*, 77-156. UNISA, Pretoria.

De Klerk, J.C. 1996. Situating Biblical narrative studies in literary theory and literary approaches. *Religion and Theology* 4(3):190-207.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

De Klerk, W. J. 1977. *Rousmart. Die Pastorale sorg oor bedroefdes na die oorlye van 'n dierbare*. Die Evangelis Boekhandel, De Jong (EDMS) Beperk: Johannesburg.

De Klerk, W.J. 1998. Die vreemde God en Sy mense. Human & Rousseau: Kaapstad.

Derrida, J. 1976. *Of grammatology*. Johns University Press: Baltimore.

Derrida, J. 1988. The politics of friendship. *Jounal of Philosophy* 85(11):632-644.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 1983. Vyfde Druk 1995. *Die Bybel. Nuwe Vertaling*. Nasionale Boekdrukkery. Goodwood: Wes-Kaap.

Dill, J. 1996. *'n Basis Teorie vir Pastorale Teorie in die lig van Postmoderne Epistemologie*. PhD Thesis. Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein.

Dingemans, G.D.J. 1996. *Manieren van doen. Inleiding tot de studie van de Praktische Theologie.* J.H. Kok: Kampen.

Dreyer, J.S. 1991. *Praktiese Teologie. Enigste gids vir PTA 100-T*. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Dreyer, Y. 1998. *Pastorale interaksie met vroue. 'n Prakties-teologiese begronding*. Ongepubliseerde DD Proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Du Toit, B. 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. CLF Drukkers: Bloemfontein.

Eberhardt, M.S. 1996. Storytelling and Pastoral Care. *Journal of Pastoral Care* 50(1):23-32.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Emery, R.E. 1994. *Renegotiating family relationships: Divorce, child custody and mediation*. Guilford Press: London.

Engelbrecht, R. & Rencken-Wentzel, A. 1999. *Divorce: A South African Guide*. Zebra Press: Rivonia.

Erikson, E.H. 1980. *Identity and the life circle*. Norton: New York.

Erickson, M.J. 1998. *Postmodernizing the faith: evangelical responses to the challenge of postmodernism*. Baker Books: Grand Rapids.

Estés, C.P. 1992. *Women who run with the wolves*. Rider. London, Sydney, Auckland, Johannesburg.

Fay, J. 2000. *A Narrative Approach to Critical and Sub-Critical Incident Debriefings.* http://www.narrativeapproaches.com/narra…%20papersfolder/narrativepolicing.htm.

Fick, A.R. 1999. *Die pastorale begeleiding van gesinne waarin kindermishandeling voorkom: 'n Narratief-gesinsterapeutiese perspektief*. PhD Proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Firet, J. 1987. *Spreken als een leerling. Praktisch-teologische opstellen*. J.H. Kok: Kampen.

Firet, J. 1988. *Het Agogisch Moment in het Pastoraal Optreden*. J.H. Kok: Kampen.

Folberg, J. & Taylor, A. 1984. *Mediation: A Comprehensive guide to Resolving Conflict without Litigation.* Jossey-Bos: San Francisco.

Folberg, J. & Milne, A. 1988. *Divorce Mediation: Theory and Practice*. Guidford Press: New York.

Fourie, D.P. 1991. Family hypnotherapy: Erickson or systems? *Journal of Family Therapy* 13:53-71.

Freedman, J. & Combs, G. 1996. *A Narrative Therapy. The Social Construction of Preferred Realities*. Norton: London.

Fuller, G. & College, I. 2001. Positive Psychology: A Paradigm shift. *The Journal of Pastoral Counseling* Vol XXXVI: 7-20.

Fuller Rodgers, D.C. 2002. *Pastoral Care for Post-Traumatic Stress Disorder*. The Haworth Pastoral Press: Binghamton, New York.

Fulton, E. Viv, Ray & Kotzé, E. 2000. Washing anxiety out of her hair: Viv's story. In: Kotzé, E. (ed.). *A chorus of voices. Weaving life's narratives in therapy and training*. Ethics Alive: Pretoria.

Gergen, K.J. 1994. *Realities and relationships: soundings in social construction.* MA. Harvard University Press: Cambridge.

Gergen, K.J. 1999. *Social Phychology as social construction: The emerging vision*. [Aanlyn]. Beskikbaar by: http://www.swarthmore.edu/SocSci/kgergenl/textl.html

Gerkin, C.V. 1984. *The Living Human Document: Re-Visioning Pastoral Counselling in a Hermeneutical Mode.* Abingdon Press: Nashville.

Gerkin, C.V. 1986. *Widening the horizons*. Philadelphia: Westminister.

*Gerkin, C.V. 1991. Prophetic pastorale practice. A christian vision of life together*. Abingdon Press: Nashville.

Gerkin, C.V. 1997. *An introduction to pastoral care*. Abingdon Press: Nashville.

Giroux, H.A. 1997. *Pedagogy and the politics of hope. Theory, culture and schooling. A Critical Reader.* Westview Press: Oxford.

Goldberg, M. 1982. *Theology and narratives*. The Parthenon Press: Nashville.

Goodliff, P. 1998. *Care in a confused climate: Pastoral care and postmodern culture*. Longman & Todd: Darton.

Gouws, J.C.G. 2002. *'n Postmoderne, pastoraal-narratiewe perspektief op seksueel-verwante gesinsgeheime*. PhD. Thesis. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Graham, E. 2000. Practical Theology as Transforming Practice. *The Blackwell Reader in Pastoral and Practical Theology.* USA: Blackwell Publishers. 104-117.

Groome, T.H. 1987. Theology on Our Feet: A Revisionist Pedagogy for Healing the Gap between Academia and Ecclesia. In: Hestenes, M. (comp). *Kaleidoscope for Practical Theology*, 1-24. Unisa: Pretoria.

Guba, E.G. & Lincoln, Y.S. 1994. Competing Paradigms in Qualitative Research. In Denzin, N.K. & Lincoln, A.S. (eds.). *Handbook of Qualitative Research*, 105-117. Thousand Oaks, Sage: California.

Hauerwas, S. & Jones, L.G. 1989. Introduction: Why Narrative? In: Hauerwas, S. & Jones, L.G. (ed.). *Why Narrative? Readings in Narrative Theology*, 1-18. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids.

Heitink, G. 1979. *Pastoraat als hulpverlening. Inleiding in de pastorale theologie n psychologie*. 2nd ed. H.J. Kok: Kampen.

Heitink, G. 1993. *Praktische Theologie*. H.J. Kok: Kampen.

Heitink, G. 1998. *Pastorale zorg. Theologie, differentiatie, praktijk*. Handboek Praktische Theologie. J.H. Kok: Kampen.

Heitink, G. 1999. *De Praktisch Theologiese Onderzoek*. Voorlesing gehou by die Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Heitink, G. 2000. *Pastorale Zorg: theologie - differentiatie - praktijk*. J.H. Kok: Kampen.

Henau, E. 1976. *Inleiding tot de praktische homiiltiek*, Averbode.

Henry, C.F.H. 1995. *Postmodernism: The new spectre?* In: Dockery 1995:34-52.

Heyns, J.A. 1981. *Dogmatiek*. NG Kerkboekhandel: Pretoria.

Heyns, J.A. 1986. *Teologiese etiek*, deel2/1. NG Kerkboekhandel Transvaal: Pretoria.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1990. *Eerste treë in die praktiese teologie*. Gnosis: Pretoria.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1998. *Eerste treë in die praktiese teologie*. *4de druk*. Gnosis: Pretoria.

Hoffman, L. 1990. Constructing realities: An art of lenses. *Family Process* 29(1):1-12.

Hoffman, S.D. & Ledford, D.K. 1995. Adult children of divorce: Relationships with their mothers and farthers prior to, following parental separation, and currently. *Journal of Divorce and Remarriage* 24: 41-57.

Hoffman, W. 1987. *Divorce Mediation: An approach to Family Conflict Resolution*. Maatskaplikewerk Praktyk, 2. Galvin & Sales: Cape Town.

Hoffman, W. 1992. *Family Mediation in South Africa*. SAAM Aucklandpark, Johannesburg.

Hoffman, W. & Wentzel, A. 1992. Family Mediation in South Africa: Development and Promotion. Papers from the Third National Conference of the SA Association of Mediators in Family Matters. In: Hoffman, W. (ed.). *Family Mediation in South Africa*. SAAM: Johannesburg.

Isherwood, L. & McEwan, D. 1993. *Introducing feminist theology*. Sheffield: Sheffield Academic Press.

Janson, M. 1984. *Gevorderde pastorale sorg en beraad*. Studiegids 1 vir PTH415-D. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Jensen, M. 1984. Some Implications of Narrative Theology for ministry to cancer patients. *Journal of Pastoral Care* 38(3):216-225.

Jensen, R.H. 1997. Divorce – Mediation Style. *ABA Journal*, February:55-58.

Jessani, A.D. 2002. A step-by-step approach to the divorce mediation process. *American Journal of Family Law* 16(2):128-127.

Johnson, L.T. 1985. Friendship with the world/friendship with God: A study of discipleship in James. In: Segovia, F.F. (ed.). *Discipleship in the New Testament*. Fortress: Philadelphia.

Jordaan, W. 2002. Jou meditasiemat of my feng shui bed? In: Muller, P. (ed.). *Die Nuwe Hervorming*. Protea Boekhuis: Pretoria.

Joubert, S. 2003a. *Beheer God jou denke?* CUM: Vereeniging.

Joubert, S. 2003b. *Dit kos guts om te bly glo.* Lux Verbi.BM: Wellington.

Kaplan, L.J. 1995. *Lost children. Separation and loss between children and parents*. HarperCollins Publishers: London.

Keith, D.V. & Whitaker, C.A. 1988. *Family Transitions*. Guilford Press: New York.

Kirk, A. 2002. The Effects of Divorce on Young Adults' Relationship Competence: The Influence of Intimate Friendships. *Journal of Divorce and Remarriage* 38(1/2):61-89.

Klein, H.L. 2002. *Pastoral-therapeutic work with family members infected and affected by HIV/AIDS: A narrative approach*. PhD Thesis. University of Pretoria, Pretoria.

Klages, M. 1997. *Postmodernism*. [Aanlyn]. Beskikbaar by: http://www.colorado.edu/English?ENGL2012Klages/pomo.html

Kotzé, D.J. 1992. *Verantwoordelikheid as Antropologiese essensie*. DD Thesis. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Kotzé, D.J. & Kotzé, E. 1993. Die Predikant se Storie: 'n Narratiewe Benadering tot die Ontwikkeling van die Persoon van die Predikant. *Ned. Geref. Tydskrif* xxxiv(3):363-370.

Kotzé, E. 1994. *The Social Construction of a Family Training Program*. D Lit. et Phil Thesis. Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

Kotzé, E. & Kotzé, D.J. 1997. Social construction as a postmodern discourse: An epistemology for conversational therapeutic practice. *Acta Theologica* 17(1):27-50.

Kotzé, D.J. & Roux, J. 1997. *Spirituality Re-invented. Meaning that Matters*. Unpublished Conversation Presented at the Sixth International Conference at SAAMFT. Helderfontein, Johannesburg.

Krasner, B.R. & Joyce, A.J. 1995. *Truth, trust and relationships. Healing interventions in Contextual Therapy*. Brunner/Mazel: New York.

Krone, L.C. 1983. Justice as a relational and theological cornerstone. *Journal of Psychology and Christianity* 2, 36-46.

Kübler-Ross, E. 1969. *On death and dying*. New York: MacMillan Publishing Co.

Lachs, M.S. 2002. Divorce: Help with the aftermath. *Prevention* 54(12):145.

Lamott, A. 1995. *Bird by bird. Some instructions on writing and life*. Anchor Books: New York.

Landman, C. 1999. *Telling Sacred Stories: Eersterust and the forced removals of the 1960's*. Unpublished report: Research Institute for Theology and Religion, University of South Africa, Pretoria.

Landman, C. 2001. Verveeld en ontnugter met die kerk. In: Botha, J. (red.). *Ja vir Jesus, nee vir die kerk.* Lapa Uitgewers: Pretoria.

Larner, G. 1995. The real as illusion: Deconstructing power in family therapy. *Journal of Family Therapy* 17:191-217.

Le Roux, J.H. 1996. Eksegese is 'n Spel. *Acta Theologica* 16(1):41-56.

Le Roux, P. 1987. *Autonomy and competence in families with a child at risk: An ecosystemic approach*. PhD Thesis. University of South Africa, Pretoria.

Lester, A.D. 1995. *Hope in Pastoral Care and Counselling*. Westminister John Knox Press, Louisville: Kentucky.

Loder, J.E. 1981. *The Transforming Moment: Understanding Convictional Experiences*. Harper & Row: San Francisco.

Lötter, H.P.P. 1995. Modernity, postmodernism and politics (in places like South Africa). In: Rossouw, G. (ed.). *Life in a postmodern culture*. HSRC Publishers: Pretoria.

Louw, D.A. (red) et al. 1990. *Menslike Ontwikkeling*. HAUM Tersiêr: Pretoria.

Louw, D.J. 1983. *Die volwasse huwelik*. Butterworh: Durban.

Louw, D.J. 1984. Pastoraat aan die adolessent op pad na volwassenheid. In: De Villiers, J.L. & Prins, J.M.G. (samests). *Die Kerk en sy jeug op weg*, 127-146. NG Kerk Uitgewers: Kaapstad.

Louw, D.J. 1986. *Geen mens mag skei nie(?) Riglyne vir die pastorale hantering van egskeiding.* Stellenbosse Teologiese Studies 13, 1-71.

Louw, D.J. 1993. *Pastoraat as ontmoeting. Onderwerp vir 'n basisteorrie, antropologie, metode en terapie.* RGN, Pretoria.

Louw, D.J. 1998a. *Hoe teologies is die Praktiese Teologie en hoe prakties is die Teologie?* Ontwerp vir 'n Prakties-Teologiese hermeneutiek. PTSA 13, 43-63.

Louw, D.J. 1998b. "God as friend": Metaphoric theology in pastoral care. *Pastoral Psychology* 46(4):233-242.

Louw, D.J. 2002. What about "human soul" in *cura animarum*? The paradigmatic revolution in care, counselling and practical theology. Uitdeelstuk: Praktiese Teologie Werksgemeenskap, Universiteit van Pretoria.

Lynch, F. 1965. *Images of Hope: Imagination as Healer of the Hopeless*. Helicon Press: Baltimore.

Macquarrie, J. 1983. *In Search of Humanity: A Theological and Philosophical Approach*. Crossroad Publishing Co.: New York.

Matsakis, A. 1994. *Post Traumatic Stress Disorder: A Complete Treatment Guide*. Oakland: New Harbinger Publications.

Matthysen, E. 1994. *Ekosistemiese Denke*. M.Div. (Pastorale Gesinsterapie) Klasaantekeninge. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Max, D.A., Brokaw, D.A. & McQueen, W.M. 1997. The effects of marital disruption on the intergenerational transmission of religious values. *Journal of Psychology and Theology* 25: 199-207.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

McGee, T.F. 1968. Some Basic Considerations in Crisis Intervention. *Community Mental Health Journal* 4:319-325.

McIntosh, J. 2000. Child-Inclusive Divorce Mediation: Report on a Qualitative Research Study. *Mediation Quarterly Fall* 18(1):55-69.

McKay, H.A. 1987. Jacob makes it across the Jabbok: An Attempt to Solve the Success/Failure Ambivalence in Israel's Self-consciousness. *Journal for the Study of the Old Testament* 38: 3-13.

McKenzie, W. & Monk, G. 1996. *Learning and teaching narrative ideas.* In: Monk et al 1996:82-117.

Mishler, E.G. 1986. *Research interviewing: context and narrative*. Harvard University Press, Cambridge: Mass & London.

Moltmann, J. 1974. *The crucified God*. SCM Press: London.

Moltmann, J. 1978. *Theology of Hope*. Lowe & Brydone Printers Limited: Thetford, Norfolk.

Moltmann, J. 1988. Love, Death, Eternal Life: Theology of Hope. In: Burnham, F.B; McCoy, C.S; Meeks, M.D. (ed.). *Love: The Foundation of Hope*. Theology of Jürgen Moltmann and Elisabeth Moltmann-Wendel. San Francisco: Harper & Row Publishers.

Monk, G., Winslade, J., Crocket, K. & Epston, D. (eds.) 1997. *Narrative therapy in practice. The archaelogy of hope*. San Francisco: Jossey-Bass.

Morgan, A. 2000. *What is narrative therapy? An easy-toread introduction*. Dulwich Centre Publications: Adelaide.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1985. *Studies in navorsingsmetodologie*. RGN-Uitgewers: Pretoria.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1993. *Basic concepts in the methodology in the social science*, third impression. HSRC: Pretoria.

Mouton, J. 1996. *Understanding Social Research*. JL van Schaik: Pretoria.

Müller, J.C. 1991. Eko-hermeneutiese pastoraat en gemeenskapsontwikkeling: 'n Afrika perspektief. In: *Acta Theologica* 2:91-97.

Müller, J.C. 1993. *Die gebruik van rituele in pastoraat*. PTSA 8:1-13.

Müller, J.C. 1996a. Die huwelik, gesin en lewenstyl: Spreuke 15:17. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 11(2):150-157.

Müller, J.C. 1996b. *Om tot verhaal te kom – Pastorale Gesinsterapie*. RGN Pretoria.

Müller, J.C. & Maritz, B. 1998. Die waarde van metafore binne die hermeneutiese-pastorale sisteem. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 13(1):64-71.

Müller, J.C. 1999. *Geestelike Oorlogvoering: Bevryding of pastorale begeleiding?* Ongepubliseerde aantekeninge. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Müller, J.C. 2000. *Reis-geselskap – Die Kuns van Verhalende Pastorale Gesprekvoering*. Lux Verbi.BM: Wellington.

Müller, J.C. 2001. Therapy as fiction writing. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* 42(1-2):64-70.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Müller, J.C., van Deventer, W. & Human, L. 2001. Fiction writing as methaphor for research: A narrative approach. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 16(2):1-13.

Müller, J.C. 2002a. *A narrative-based pastoral conversation following the experience of trauma*. Ongepubliseerde aantekeninge. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Müller, J.C. 2002b. *Gesinne van binne – Vertel die verlede en droom oor die toekoms van jou gesin*. CLF-Drukkers: Bloemfontein.

Müller, J.C. 2002c. *On a narrative journey: Assumptions of narrative research*. Ongepubliseerde aantekeninge. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Müller, J.C. 2002d. *Theology of Touch*. Ongepubliseerde aantekeninge. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Myburg, J.L. 2000. *Deconstructing identity in a landscape of ideology, culture, belief and power*. Unpublished DTh Thesis. University of South Africa, Pretoria.

Nardelli, E.L. 2003. Using mediation to protect Children. *New York Law Journal*, January 21:1-27.

Naudé, P. 2002. *Stories vir die lewe: Omnibus*. NBD/Paarl Print: Kaapstad.

Navone, J. 1990. *Towards a theology of story*. Slough Bucks: St. Paul.

Nel, J. 2000. *Die pastorale versorging van die gesin wat 'n miskraam beleef het – 'n prakties-teologiese perspektief*. PhD. Thesis. Universiteit of Pretoria, Pretoria.

Nel, S.D. 1998. *Emosionele geweld as faktor in huwelikskonflik: 'n prakties-teologiese studie*. PhD. Thesis. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Neuman, W.L. 2001. *Social research methods. Qualitative and Quantitative approaches*. Allyn and Bacon: Boston.

Newman, B.M. 1971. *A concise Greek-English dictionary of the New Testament*. United Bible Societies: London.

Nicol, W. 1994. *'n Christelike Lewenstyl in 'n gesekulariseerde (postmoderne) sameleweing – 'n etiese perspektief*. Paper presented at ministers' meeting. Pretoria.

Nicol, W. 2000. *Godsdiens wat wérk*. Lux Verbi.BM: Wellington.

Nwoye, A. 2002. Hope-healing communities in contemporary Africa. *Journal of Humanistic Psychology* 42(4):58-81.

Nydam, R.J. 1997. Fantasy and Hope in the lives of Adptees. *Journal of Pastoral Care* 51(1):65-78.

Oele, W. 1989. De praktijk van de contextuele therapie van Ivan Boszormenyi-Nagy: het verdienen van vrijheid. In *Handboek Gezinstherapie*. Afl.10.C1. Oele 1-20.

O'Hanlon, B. 1994. The third wave. *The Family Therapy Networker* 18(6):19-29.

Paré, D.A. 1995. Of families and other cultures: The shifting paradigm of family therapy. *Family Process* 34:1-19.

Parry, A & Doan, R.E. 1994. *Story re-visions: Narrative therapy in the postmodern world*. Guilford Press: New York.

Pattison, S. 2000. Some Straw for the Bricks: a Basic Introduction to Theological Reflection. In: Woodward, J. & Pattison, S. (eds.). *The Blackwell Reader in Pastoral and Practical Theology*. Blackwell Publishers: Malden, Mass.

Petterson, A. 2000. Antecedents of the Christian Hope of Resurrection, Part 1: The Old Testament. *The Reformed Theological Review* 59(1): 1-15.

Petterson, A. 2000. Antecedents of the Christian Hope of Resurrection, Part 2: Intertestamental Literature. *The Reformed Theological Review* 59(2): 53-64.

Pieterse, H.J.C. 1991. *Gemeente en prediking*. Halfway House: Johannesburg.

Pieterse, H.J.C. 1993. *Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingsteorie*. RGN: Pretoria.

Pocock, D. 1995. Searching for a better story: harnessing modern and postmodern positions in family therapy. *Journal of Family Therapy* 17:149-173.

Poling, J.N. 1991. *The abuse of power. A theological problem*. Nashville: Abingdon.

Polkinghorne, D.E. 1988. *Narrative knowing and the human science*. State University of New York Press: Albany, New York.

Polkinghorne, D.E. 1995. Piaget's and Derrida's contributions to a constructivist psychotherapy. *Journal of Constructivist Therapy* 8: 269-282.

Powell, J.N. 1998. *Postmodernism for beginners*. Writers and Readers Publishing Inc. New York: London.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Prins, J.M.G. 1995. *Intensionele geloofsosialisering binne intergeneratiewe verhoudings – 'n grondvereiste vir effektiewe jeugbediening*. PTSA 10:51-62.

Prinsloo, J.D. 1999. *'n Diskoers in Narratiewe Pastorale Huweliksverryking*. PhD Proefskrif, Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein.

Ricoeur, P. 1981. *Hermeneutics and the human science*. Cambridge University Press: Cambridge.

Ricoeur, P. 1992. *Oneself as another*. University of Chicago Press: Chicago.

Roberts, M. 1994. Who is in Charge? Effecting a Productive Exchange between Researchers and Practitioners in the Field of Family Mediation. *Journal of Social Welfare and Family Law:* 439-454.

Rodgers, B. & Pryor, I. 1998. *Divorce and Separation; The Outcomes for Children*. Joseph Rowntree Foundation: York.

Rodriques, A. 2002. *Redefining our understanding of narrative*. The Qualitative Report 7(1).

Rossouw, G.J. 1993. Theology in a postmodern culture: ten challenges. *Hervormde Teologiese Studies* 49(4):894-907.

Rossouw, G.J. 1995. Theology in a postmodern culture: ten challenges. In: Rossouw, G.J. (ed.). *Life in a postmodern culture*. HRSC Publishers: Pretoria.

Rubin, H.J. & Rubin, I.S. 1995. *Qualitative interviewing: The art of hearing data*. SAGE Publications: California.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Rumbold, B.D. 1986. Helplessness and Hope: Pastoral Care in Terminal illness. SCM Press: London.

Scheepers, R. 1998. *Koos Prinsloo. Die skrywers en sy geskryfdes*. Tafelberg: Kaapstad.

Schoeman, W.J. 2002. *A prakties-teologiese basis teorie vir gemeente-analise.* D.Th. Proefskrif. Universiteit van Oranje Vrystaat, Bloemfontein.

Schrag, C.O. 1997. *The self after postmodernity*. Yale University Press, New Haven: London.

Sevenhuijsen, S. 1998. *Citizenship and the ethics of care. Feminist considerations on justice, morality and politics*. Translated by savage from the Dutch manuscript. London: Routledge.

Shawver, L. 1998. On the clinical relevance of selected postmodern ideas: With a focus on Lyotard's concept of "Differend". *Journal of the American Academy of Psychoanalysis* 26(4):617-640.

Short, J.L. 2002. The Effects of Parental Divorce during Childhood on College Students. *Journal of Divorce and Remarriage* 38(1/2):143-155.

Silverman, D. 2001. *Interpreting Qualitative data*. SAGE Publications: London.

Slaikeu, K.A. 1990. *Crisis Intervention: A Handbook for Practice and Research*. 2nd ed. Boston: Allyn and Bacon.

Smit, D.J. 1997. *Lofprysing, aanbidding en die Gereformeerde spiritualiteit*. Voorlesings gehou by die Sinodale Konferensie van die Sinode van Oos-Transvaal, Orpen.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Smythe, W.E. & Murray, M.J. 2000. Owning the story: Ethical Considerations in narrative research. *Ethics and Behaviour* 10(4):1-30.

Snidle, H. & Welsch, R. 2001. *Meeting Christ in HIV/AIDS: A Training Manual in Pastoral Care*. Methodist Publishing House: Salt River.

Solomon, G. 2003*. Mediation is quicker, easier and less expensive than litigation*. [Aanlyn]. Beskikbaar by: http://www.divorcemediation.co.za/

Statistiek Suid-Afrika. 2003. *Marriages and divorces 1999 and 2000*. Statistiek Suid-Afrika Drukkery: Pretoria.

Steinhoffsmith, R.H. 1999. *The mutuality of care*. Chalice Press: St. Louis.

Stinnett, J. & Walters, N. 1977. *Relationships in Marriage and Family*. Macmillan Pub.Co., Inc.: New York.

Stone, H. 1976. *Crisis Counselling*. Philidelphia: Fortress.

Stott, J. 1994. The world's challenge to the church. In: Zuck, R.B. (ed.). *Vital ministry issues*. Kregel Resources: Grand Rapids.

Streib, H. 1991. *Hermeneutics of metaphor, symbol and narrative in faith development theory*. Peter Lang: New York.

Strunk, O. 1993. *A prolegomenon to a history of pastoral counseling.* In Wicks, et al 1993:14-25.

Sullender, R.S. 1985. *Grief and Growth – Pastoral Resources for Emotional and Spiritual Growth*. New Jersey: Paulist Press.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Taffel, R. 2001. The wall of silence. Reinventing therapy to reach new teens. *Psychotherapy Networker* May/June 2001. VSA.

Tashakkori, A. & Teddlie, C. 2000. *Mixed methodology*. SAGE Publications: California.

Toulmin, S. 1990. *Cosmopolis: the hidden agenda of modernity*. Free Press: New York.

Van Aarde, A.G. 1993. Paradigmaverandering: Wat word daarmee bedoel? *Die Hervormer* 86(16):5-6.

Van den Berg, J. 1998. *Metaforiese Gesinsterapie*. PhD Thesis. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Van den Eerenbeemt, E. & Oele, B. 1987. De contextuele therapie: verdiende vrijheid. In: Reader: *Master Class Contextuele Therapie*, October 1996. B.1.2, 1-24. Hogeschool van Amsterdam.

Van den Eerenbeemt, E. 1995. *Alle dochters! Drie generaties vrouwen en hun familiekwesties*. De Toorts: Harlem.

Van der Ven, J.A. 1994. Empirical methodology in practical theology: Why and how? *Practical Theology in South Africa* 9(1):29-44.

Van der Westhuizen, C.H.J. 1994. *Gesinsterapie*. Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Van Huyssteen, W.J. 1995. Is there still a realist challenge in postmodern theology? *Hervormde Teologiese Studies* 51(1):3-12.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Van Niekerk, E.A. 1981. *Die Pastorale Begeleiding van die Oorlogbeseerde – met spesiale verwysing na die Sinvraag*. DTh Proefskrif. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Van Niekerk, A.S. 1996. *Anderkant die reënboog*. Tafelberg Uitgewers: Kaapstad.

Van Rensburg, G.F.J. 1996. *Die NG Gemeente in 'n Postmoderne Omgewing*. Unpublished Paper.

Van Rhijn, A. & Meulink-Korf. 1998 [1997]. *De context en de Ander. Nagy herlezen in het spoor van Levinas met het oog op pastoraat*. Boekencentrum: Zoetermeer.

Van Staden, S. 1987. *My huwelik het misluk*. Owen Burges Uitgewers: Hillcrest.

Van Staden, S. 1992. *Om heel te word. Huweliks- en Egskeidingsberaad vanuit 'n gesinsperspektief*. De Jager-Haum: Pretoria.

Van Wyk, A.G. 1999. Practical theological discourse: Modernism and beyond. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 14(1):74-98.

Van Zyl, H.C. 2000. *Verbeelding en hoop by Walter Brueggemann en die pastoraal-terapeutiese benutting daarvan*. MA Verhandeling. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Van Zyl, H.C. & Müller, J.C. 2002. Verbeelding en Hoop by Walter Brueggemann en die terapeutiese benutting daarvan. *HTS* 58(1): 355:368.

Van Zyl, L. 1997. *Divorce Mediation and the Best Interest of the Child*. RGN: Pretoria.

Veith, G.E. 1994. *Guide to Contemporary Culture*. Crossway Books: Leicester.

Veltkamp, H.J. 1988. *Pastoraat als Gelijkenis. De gelijkenis als Model voor Pastoraal Handeling*. Kampen. Kok.

Vos, C.J.A. 1989. Verbond – verbinding of verblinding? In: Vos, C.J.A & Müller, J.C. (reds.). *Geboorte en kindwees*. Pretoria.

Vos, C.J.A. 1995. *Die Blye Tyding*. RGN: Pretoria.

Wallerstein, J.S. 1986. *Children of divorce: The psychological tasks of the child*. In: Moos, R.H. (ed.). Coping with life crisis, 35-38. Plenum Press: New York.

Wallerstein, J.S. & Blakeslee, S. 1989. *Second Chances*. Ticknor & Fields: New York.

Watson, S. 1996. *The stories people tell: Teaching Narrative Research*. Massey University College of Education: Department of Human Development Studies.

Weingarten, K. 2000. Witnessing, wonder, and hope. *Family Process* 39(4):389-402.

Weingarten, K. 2001. Making sense of illness narratives: braiding theory, practice and the embodies life. In Dulwich Centre Publications (comp.). *Working with the stories of woman's lives*. Dulwich Centre Publications: Adelaide, South Australia.

White, M. 1989. The process of questioning: a therapy of literary merit? In White, M. *Selected Papers:* 37-45. Dulwich Centre Publications: Adelaide, South Australia.

White, M. 1991. *Deconstruction and Therapy*. Dulwich Centre Newsletter 3:21-40.

White, M. 1998. Notes on narrative metaphor & narrative therapy. In: White, C. & Denborough, D. (eds.) *Introducing narrative therapy. A collection of practice-based writings*:225-227. Dulwich Centre Publications: Adelaide, South Australia.

White, M. 2000. *Reflections on Narrative Practice: Essays and Interviews*. Dulwich Centre Publications: Adelaide, South Australia.

White, M. 2001. *Narrative Practice and the unpacking of identity conclusions*. [Aanlyn]. Beskikbaar by: http:///www.dulwichcentre.com.au/narrativepractice.html.

White, M. 2002. *Workshop Notes*. [Aanlyn]. Beskikbaar by: http://www.dulwichcentre.com.au/workshopnotes.html

White, M. & Epston, D. 1990. *Narrative Means to Therapeutic Ends*. New York: Norton.

White, M. & Epston, D. 1995. *Re-authoring Lives: Interviews and Essays*. Dulwich Centre Publications: Adelaide, South Australia.

Winslade, J. & Monk, G. 2000. *Narrative mediation: A new approach to conflict resolution*. Jossey-Bass Publishers: San Francisco.

Wiseman, R.S. 1975. Crisis Theory and the Process of Divorce. *Social Casework* 56(4): 295-312.

Woodyard, D.O. 1972. *Beyond Cynicism: The Practice of Hope*. Westminster Press: Philadelphia.

Wright, L.M., Watson, W.L & Bell, J.M. 1996. *Beliefs: the heart of healing in families and illness*. Basic Books: New York.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

# NARRATIEWE PASTORALE EGSKEIDINGSMEDIASIE: STORIES VAN HOOP

**J.A.BOTHA**

***Abstract: Narrative pastoral divorce mediation: Stories of hope***

*This article has been conducted from a postmodern, narrative-pastoral point of view. By using a developed ABDCE-formula, a space is created in which narrative-based research can be done. It focuses on action (the problem) and action stories that have been the object of the research. The research has been undertaken with "action" as backdrop and to use the "background" to explore the action and then to develop it, looking for a possible "climax" as well as a process or developing to an "ending" was developed. In the article the researcher pays attention to the action stories of the co-researchers, post-modernism, narrative divorce mediation, pastoral theology and possible stories of hope. The research has been evaluated against the identified terms and the possible development of stories of hope. As a team the co-researchers and the researcher look for a climax in the research process. Is a "successful" divorce possible by means of narrative, pastoral divorce mediation?*

## 1. ORIËNTERING

In hierdie navorsing het ek gebruik gemaak van die narratiewe paradigma en aansluiting gevind by die ABDCE-skryfformule van 'n fiksieskrywer, Alice Adams (Müller et al 2001:78; vgl. Lamott 1995:62). Ruimte word hierdeur geskep waarbinne narratiewe navorsing gedoen kan word. Binne hierdie ruimte het ek probeer om reg te laat geskied aan die narratiewe pastorale egskeidingsmediasie. Om na stories te luister en die taal daarvan te verstaan, het meegehelp om 'n meer breedvoerige beskrywing van die tema te bewerkstellig. Alternatiewe stories het ook aan die orde van die dag gekom aangesien daar genoeg ruimte was vir die ontwikkeling daarvan. Indien dié alternatiewe stories

ontwikkel, vind daar iets nuuts plaas omdat ons nuwe vorme van lewe konstrueer deur doelbewus ons sosiale strukture en prosesse saam te skep (Shawver 2001:251). Die navorser, medenavorsers asook die relevante literatuurstudies, kon alles meewerk om gedeelde betekenis te skep en sodoende saam stories te ontdek en te ontwikkel.

Müller (2001:64) se artikel “ Therapy as fiction writing” het die metafoor van skryf, veral vir verhaalskrywing, gebruik om vir hom ‘n deur oop te maak ten opsigte van verhale en terapie. Hierdie skat vir die skryfkuns het dus ‘n skat vir terapie geword. In 1995 het Lamott in haar boek “Bird by Bird” na Alice Adams verwys wat ‘n formule vir verhaalskrywing ontwikkel het, wat uiters bruikbaar was vir verhaalontwikkeling. Müller het die verhalende benadering tot terapie en navorsing verder ontwikkel in ‘n volgende artikel “Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach” (Müller, van Deventer en Human 2001). Die ontwikkeling van stories word hier voorop gestel.

Die metafoor wat in hierdie navorsing gebruik is, is dié van Müller et al (2001:1-9) en staan bekend as die ABDCE-metafoor. A staan vir aksie (action), B vir agtergrond (background), D vir ontwikkeling (development), C vir klimaks (climax) en E vir einde (end). Die metafoor plaas volgens Müller (2001:65) die klem op “the wholeness” van die terapeutiese proses. Dit het die ontwikkeling van een aaneenlopende of konstante storie in gedagte. Die ruimte word nou geskep waarin die storie volledig kan ontwikkel.

Egskeiding is sekerlik een van die mees traumatiese gebeure. Albei partye, kinders, families en vriende word direk daardeur geraak. Talle verhale van vernietiging, beskuldiging, gebrokenheid, leuens, haat, teleurstelling en hopeloosheid is goed aan ons bekend. Die trauma van egskeiding raak ons almal.

Fay (2000:2) sê: “When individuals experience critical events that challenge their understanding of their world and their place in the world, they use language (stories) to describe those experiences. The terms trauma or traumatic are often used. These terms refer to the experience of an individual that is having difficulty in integrating his/her preferred worldview with the worldview related to a specific (traumatic) experience. These

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

individuals ..… construct a self-story to make sense of all experiences, including those that do not make sense.”

Omdat egskeiding ‘n geweldige krisis of trauma is, word dit gewoonlik verskillend beleef en geïnterpreteer deur die betrokke partye, die kinders, familie en vriende. Dit word deur almal as ‘n verlies beleef, ‘n verlies aan verhoudings, soms vertroue, finansies, intimiteit, liefde en respek asook emosionele en fisiese sekuriteit.

Trauma word op verskeie maniere gedefinieer. Bisbey (1998:27) formuleer dit soos volg: “A trauma is any event or experience that is outside the person’s usual or ordinary experience and expectations about the way in which the world works and/or the way in which people treat each other”. Gerkin (1984:12) bevestig dit deur die volgende te sê: “Persons in crisis were caught between a hermeneutic of despair and a hermeneutic of hope and experience was … a loss of the sense of continuity, with the accompanying difficulty in moving into the open-ended future with hope and faith”

Twee van my medenavorsers bevestig bogenoemde verlies en trauma in hul aksieverhale. Dit wat so intens beleef word, word deel van die aksie wat geverbaliseer word. Kallie stel dit soos volg: “In ‘n stadium in my lewe het ek op ‘n punt gekom wat ek graag DESPERAATSTRAAT wil noem. Dit is nou daardie punt waar al jou maklike antwoorde op moeilike vrae nie meer sin en saak maak nie. Daar waar jy omsingel word deur vraagtekens en gekonfronteer word met jou eie totale magteloosheid en onvermoë om die gedagtes en weë van die almagtige God te verstaan. Dit bring jou op ‘n punt dat jy met ‘n roggelkreet moet uitbulder: “Ek kan nie meer nie!” Vir ‘n Predikant om op daardie punt te kom, kos nogal baie, want sien, ons is geleer om andere by te staan wanneer hulle in die noutes sou land. Maar, inderdaad is dit ‘n perd van ‘n totale ander kleur die dag as die seer voor jou deur kom parkeer. Dis dan wat jy so die indraai vat van die doodloopstraat genaamd, DESPERAATSTRAAT”.

Ben vind aansluiting by bogenoemde as hy sê: “Ek is party dae bly ek was te jonk om te verstaan wat aangaan. Ek is nie seker of ek dit sou kon hanteer om te sien hoe swaar hy

finansieel en emosioneel gekry het nie. Wat op daardie tyd in my ma se lewe aangegaan het, weet ek nie veel van nie. Sy het in die pienk huis oorkant die hospitaal gebly en ek het net daar gekom om vir my broers te kuier, veral Issie. Ek het agtergekom dat dit nie so sleg gegaan het daar nie, maar ek het nie vrae gevra nie. Ek glo dat al het ek, sou ek nie die waarheid gehoor het nie. Ek het dit net gevat soos dit kom. Dit is soveel as wat ek kan onthou van hul egskeiding en ek is dankbaar dat ek nie al die feite ken nie. Dit maak in elk geval nie meer saak wat gesê en gedoen is nie, dis verby!!! Ek weet net dat dit die res van my lewe verander het en toe ek weer bykom, was niks dieselfde nie. Ek was nie meer dieselfde nie. Ek het nie geweet wat om te dink, doen of sê nie. Ek het dit gevat soos dit kom, geen vrae".

Ondanks die gebrokenheid en trauma is daar tog ook verhale van hoop en verwagting. Verhale wat vertel van nog 'n kans. Nog 'n kans om geluk te vind, te leer uit die foute van die verlede, maar ook nog 'n kans om doelgerig en sinvol te lewe; 'n lewe wat sinvol gelewe word en waar liefde, drome, en hoop 'n lewenswyse word. Talle "suksesverhale" bevestig dat iets soos 'n "suksesvolle" egskeiding moontlik is. Stories van hoop is een van die hoofkomponente van die verhale. Groei en heelwording kan plaasvind ondanks smart en verhale van trauma in die mens se lewe. Egskeidingsmediasie kan dien as 'n diskoers wat funksioneel aangewend word binne die egskeidingsituasie.

Talle verhale van hoop dien as stille getuienis van die helende proses. Met behulp van narratiewe pastorale egskeidingsmediasie word die nood en vasgeloopte verhale en stories deur middel van 'n verbeelde toekomsverhaal omgeskakel in stories van hoop.

Met die nodige begeleiding kan verhale van nood en moedeloosheid/wanhoop omgeskep word in toekomsverhale van hoop en verwagting. Egskeidingsmediasie kan geplaas word teen dié breë agtergrond oor die aktualiteit van die navorsing en navorsingsarea. Dit vind binne 'n bepaalde huweliksverband (konteks) plaas wat binne 'n bepaalde tyd (geskiedenis) ontstaan en afgespeel het. In dié mediasieproses leef dit voort in die verhale (narratiewe) van die mense.

Deur stories van hoop te konstrueer, word heler en gelukkiger mense toegerus vir die verantwoordelikhede voor, tydens en ná die egskeiding. In die narratiewe mediasie word albei partye en al die rolspelers as medenavorsers betrek.

Die narratiewe verleen hom daartoe dat die persone en prosesse wat nagevors word, deel word van die gesprek/navorsing. Sodoende word die "stem" van die navorsing gehoor. Dit verseker dat die navorser nie die kopiereg van die verhaal vir homself/haarself toe-eien nie, maar geleenthede skep waar al die betrokkenes (navorser, medenavorsers en materiaal) deelneem om 'n nuwe verhaal te skep. Die tipe navorsing is dus nie klinies en koud nie, maar vars, oop en dinamies. Ek tree op as 'n gespreksgenoot. 'n Gespreksgenoot wat respek het vir die ander gesprekgenote. Ek wil nie my ander gespreksgenote "pathologize or victimize" (Graham 2000:112) nie. Hiervolgens gebruik ek ook nie begrippe soos "navorsingsopjekte" of "navorsing-populasie" nie, maar eerder aanspreekvorme soos "deelnemende navorsers" of "medenavorsers".

## 2. AKSIE – EN AKSIESTORIES

Die ABDCE skryf formule wat reeds aangeraak is in die oriëntasie, word nou kortliks verder belig.

### 2.1 Aksie ("Action")

Dit is hier waar die aksie navorsing/storie begin. Müller, Van Deventer en Human (2001:2) haal vir Lamott (1995:62) aan wat die volgende sê: "you begin with action that is compelling enough to draw us in, make us want to know more". In 'n modernistiese aanslag word daar gewoonlik met die probléém gewerk, en dít word in die navorsing spesifiek nagevors, met die moontlikheid van oplossings. In 'n narratiewe paradigma word daar verkies om eerder nie van 'n probleem te praat nie, maar word daar eerder met aksies, en spesifiek die aksiestories van die medenavorsers, gewerk. Indien daar met die aksiestories gewerk word, het die narratiewe navorser gewoonlik 'n dekonstruktiewe agenda. Met behulp hiervan kan alles in die stories "unpacked" word, en kan daar na alternatiewe stories gesoek word. Dié stories word dan gesamentlik in die

navorsingsproses ontwikkel. Hiervolgens word nie net die probleemareas van die lewe of van die medenavorsers nagevors nie, maar wel elke aksie wat ‘n moontlike alternatiewe storie kan bevat. Deel van die aksie gaan juis oor die feit dat die “nou” van die storie aangespreek word. Dit is ‘n fyn kuns wat die navorser moet bemeester om juis in die “nou” te funksioneer in die navorsings en terapeutiese proses.

### 2.2 Agtergrond (“Background”)

Dit is belangrik dat elke aksie in hierdie storie en in die navorsing teen ‘n bepaalde agtergrond gesien en verstaan moet word. Ek het reeds by die aksie gedeelte beskryf hoe ek by hierdie aksie uitgekom het, en gaan dit dus nie weer herhaal nie. Müller et al (2001:4) haal vir Lamott (1995:62) aan wat die volgende sê: “background is where you let us see and know who these people are, how they’ve come to be together, what was going on before the opening of the story”. Sy verduidelik dit baie prakties deur die voorbeeld van die vervaardiger van ‘n verhaal, ‘n storie of ‘n film.

### 2.3 Ontwikkeling (“Development”)

Indien ons met die agtergrond begin besig raak, moet die navorsingstorie ook verder ontwikkel. Lamott (1995:62) sê: “then you develop these people so that we learn what they care the most about. The plot - the drama, the actions, the tensions - will grow out of that”. Müller et al (2001:5) haal vir Lamott (1995:39) aan as sy oor die waarde van skryf praat, en dit verglyk met die metafoor van ‘n “Polaroid”, ‘n foto wat besig is om te ontwikkel.

### 2.4 Klimaks (“Climax”)

Al die los punte word nou bymekaar gebring en vasgeknoop, om sodoende by die klimaks uit te kom. Dit is hiér waar die navorsingsproses as’t ware sy klimaks bereik, en waar verstaan plaasvind.

### 2.5 Die einde ("Ending")

Lamott (1995:62) stel dit soos volg: "and then there is the ending: what is our sense of who these people are now, what are they left with, what happened, and what did it mean?" Die navorser en medenavorsers kan soms moedeloos raak in die navorsingsproses en dit is wanneer die navorser soos 'n skrywer, die mootlikheid moet benut om vír en mét mense te droom.

## 3. 'N NOODSAAKLIKE PARADIGMASKUIF – AGTERGROND EN VERDERE ONTWIKKELING

### 3.1 Inleiding:

Smit (1997:11) huldig die mening dat Suid-Afrika glad nie as 'n postmoderne samelewing getipeer kan word nie, omdat die groot oorgange na modernisme op makro sosiale vlak eers in die laaste dekade van die twintigste eeu gemaak is. Cahoone (1995:3-4) maak 'n belangrike onderskeid in die verband waarmee rekening gehou moet word as daar oor groot verskuiwings in 'n samelewing gepraat word:

- verskuiwings in die **gemeenskap self**. Dit het te doen met veranderinge op tegnologiese gebied of ook met die manier waarop 'n gemeenskap georganiseer word deur middel van die politieke stelsel, sekere waardes en norme, ekonomiese stelsel, ens.
- Verskuiwings in die **kultuur** van die gemeenskap. Hier gaan dit om die veranderings in die wyse waarop mense in verskillende gemeenskappe hul werklikheid interpreteer. Dit kan waargeneem word in hul woorde, taalgebruik en belewenis van die werklikheid.
- Verskuiwings in die **diskoers** van die gemeenskap. Dit handel hoofsaaklik oor veranderinge in die dominante beskouings wat lede van 'n gemeenskap of intellektuele oor die gemeenskap het.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

In Suid-Afrika is dit belangrik om ook bogenoemde in ag te neem omdat 'n groot gedeelte van die samelewing nog in 'n pre-moderne gemeenskap lewe. Belangrike politieke oorgange na 'n post-modernistiese bestel het eers die afgelope dekade plaasgevind.

'n Tipiese kenmerk van die postmoderne werklikheid en samelewing is die "global village" (Rossouw 1995:14). Hiervolgens het ons wêreld baie klein geword en kan daar deur middel van satelliete, internet, selfone en vliegtuie alles/almal moontlik denkbaar bereik word. Ons land is nie hiervan uitgesluit nie en daarom is talle invloede van buite ook direk op ons gerig.

Dit is teen hierdie agtergrond dat Müller, van Deventer & Human (2001:1) sê: "As narrative therapists, pastors, and researchers, we position ourselves within the social constructionist (some would say: post-modern) paradigm, which has implications not only for the way in which we think about truth, but also for the way in which we try to be truthful in doing research."

### 3.2 Prosesse van oorgang:

Volgens Anderson (1990:6) is die Westerse Wêreld tans in die midde van 'n oorgang van een manier van dink (modernisme) na 'n volgende (postmodernisme).

Hy noem drie prosesse wat aan hierdie oorgang vorm gee:

- Die ineenstorting van 'n enkele geloofsisteem. Daar is vandag geen universele konsensus oor wat waarheid is nie. Ons situasie is eerder vergelykbaar met 'n mark waar al die verskillende geloofsisteme uitgestal word met die oog op openbare verbruik.
- Die geboorte van 'n wêreldkultuur. Elke geloof raak bewus van ander gelowe. Met elke geloof gaan daar natuurlik ook 'n hele moreel-etiese kode gepaard. Die gevolg is dat dit al moeiliker vir enigiemand word om die eie geloofsisteem as die absolute waarheid te aanvaar.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- ‘n Nuwe polarisasie ontwikkel. Konflikte oor die aard van gemeenskaplike waarhede en waardes ontwikkel. Daar ontstaan “cultural wars” - gevegte oor kritiese sake soos opvoeding en morele ontwikkeling.

Volgens Müller (1996:56) is al drie hierdie verskynsels aanwesig in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing. Ons beleef dit selfs meer intens as in die res van die Westerse wêreld - dit is asof die strome van die postmodernisme opgedam het en met die geboorte van die Nuwe Suid-Afrika is die sluise meteens op ons oopgetrek. Tans is dit asof ons in Suid-Afrika deur die “rapids” beweeg. Die postmodernisme plaas ongekende druk op alle sisteme, maar in besonder op die gesinsisteem. Die verbrokkelende huwelike asook die hoë egskeidingsyfer is tipiese tekens van die “rapids” wat soveel skade aanrig.

Dill (1996:101) omskryf die verandering van modern na postmodern as volg: “wat na vore gekom het, was ‘n totale nuwe paradigma met ‘n totaal nuwe epistomologie, breedweg getipeer as *postmodernisme.* Kritiese realisme, ‘n nuwe kritiese hermeneutiek; ‘n nuwe, beperkte taak vir wetenskapsfilosofie; epistimologiese klem op holisme en pluralisme; ontdekking van taal se kommunikatiewe waarde; en die besef dat die mens wesenlik ‘n narratiewe wese is wat in en vanuit bepaalde diskoerse lewe – dit is alles deel van hierdie nuwe era van postmoderniteit.“

### 3.3 Die gemarginaliseerde stemme moet gehoor word

“Die stem van die ekspert is nie die enigste stem wat belangrik is om gehoor te word en alle kennis in pag het nie. Daar is soms ontnugtering met die uitkomste van goed bedoelde projekte wat deur eksperts beplan en geloods is” (Van Niekerk 1996:76-78). Die postmoderne denkers en navorsers wys gereeld uit hoe verskillende diskoerse deur die ekspert en persone met mag, gedomineer word. Dit gebeur gewoonlik ten koste van die kennis en insig van mense wat nie ‘n stem in die diskoerse het nie. Eksperts en die dominante diskoerse van die samelewing moet nie alleen gehoor word nie. Daar moet veral geluister word na diegene wat direk geraak word deur die besluite en invloedryke menings van die eksperte.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Persone wat deur modernisme gemarginaliseer is deur middel van die dominante diskoerse en eksperts se stemme moet nou weer gehoor word. Hulle moet 'n plek en stem kry in die diskoers. Die kinders, die stil, goeie man/vrou, die ouer wat nie toesig en beheer oor die kinders verkry het nie, kan almal as gemarginaliseerde stemme beskou word. Spesifieke aandag moet aan die gemarginaliseerdes gegee word deur na hul stories te luister en dít pas in by die Bybel se Etos waarin God op 'n baie besonderse manier besorgd is oor diegene wat uitgeskuif is.

### 3.4 Taal skep betekenis

Betekenis en verstaan kom in die gebruik van taal na vore (Anderson & Goolishian 1988:377). Ons gebruik taal om betekenis te gee aan ons ervarings. Met die woorde en grammatika waaroor ons beskik, interpreteer ons ons ervarings. Dit is stories want interpretasies kan net gemaak word as daar verbande tussen dinge gelê en dit binne 'n tydsraam geplaas word. Sodra 'n mens dit doen - om ervarings te interpreteer en tyd daaraan te koppel - skep hy/sy 'n verhaal. Die ervarings is rou en betekenisloos totdat ons woorde en begrippe gebruik om daaraan betekenis te gee (Müller 2000:13). Tydens die eksternaliseringsproses in egskeidingsmediasie word hierdie rou ervarings in betekenisvolle woorde en begrippe uitgedruk sodat daar saam 'n sinvolle toekomsverhaal gekonstrueer kan word tussen die pastor/navorser en die betrokke partye/medenavorsers. Nuwe betekenis word gegee aan die seer, dramatiese gebeure en dominante diskoerse. Die implikasie is dat dit moontlik is om nuwe betekenis te gee deur nuwe taal daarvoor te gebruik (Müller 1996b:130).

### 3.5 Eksternalisering

White & Epston (1995:19) gebruik eksternalisering as 'n narratiewe hulpmiddel deur in taal die probleem te skei van die identiteit van die persoon. Kenmerkend van die narratiewe paradigma is die credo: "die persoon is nooit die probleem nie; die probleem is die probleem." Dié paradigma plaas die fokus op die verhouding en werking van die

dominante verhaal se mag en hoe dit mense se lewens konstitueer (O'Hanlon 1994:21,23). Met eksternalisering word mense gehelp om aan hul probleem te dink as iets buite hulleself. Die probleem word as't ware geneem en buite jouself neergesit en dan word daaroor gepraat. Dit is 'n hulpmiddel tot terapie wat mense aanmoedig om die neerdrukkende probleme wat hulle ervaar, te objektiveer en te personifieer. Die probleem word dus 'n aparte entiteit en dit help mense om daaroor te praat asof dit iets buite hulleself, iets eksterns is (Müller 2000:95).

### 3.6 Aannames ten opsigte van narratiewe navorsing

Volgens Müller (2002c:1) is dit belangrik dat ons as narratiewe terapeute, pastors en navorsers onsself posisioneer in die sosiaal kontruksionistiese paradigma. Dit het implikasies vir die manier waarvolgens ons ons navorsing doen. Die volgende vyf aannames is voortdurend verreken in die navorsing:

- Respek vir die deelnemer/kliënt/medenavorser. "We want to be researchers who do not "pathologize or victimize their narrators" (Graham 2000:112). Daarom verkies ons om nie taal soos "navorsingsobjekte" of "navorsingspopulasie" te gebruik nie maar eerder woorde soos "medenavorsers" of "ko-navorsers". Dit is ook belangrik dat ons seker maak dat ons nie ons eie belange as navorser dien nie maar die belange van dié wat nagevors word - ons medenavorsers. Dit is dus nie belangrik dat daar in die eerste plek van verandering van buite gebruik gemaak word nie, maar om na stories van hoop te luister en dat ons daardeur ingetrek word. As narratiewe navorsers word subjektiewe integriteit hoog aangeslaan en word daar gestreef na deelnemende interaksie. Tydens die mediasieproses moet daar ten alle tye respek, wedersydse respek getoon, word ten spyte van die trauma, seer en pyn wat beleef word.
- Klem op die "nou". In die narratiewe navorsing word die "nou" as die eerste stap beskryf. Die navorsers moet in die eerste plek vasstel wat aan die gebeur is. Dit is alleen moontlik as daar 'n goeie empiriese insig is in mense en die aksie waarby hulle betrokke is. Dit gaan dus om die "nou" van die aksie te beskryf en nie te konsentreer

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

op die verlede of op die toekoms nie. Die partye en betrokkenes wil die egskeiding so gou as moontlik afhandel. Die rou emosies, woede, teleurstelling, verwerping ens. wat op die oomblik teenwoordig is, moet "nou" hanteer word.

- Die nie-weet-posisie: Om toe te laat dat persone en gemeenskappe hul volle stories vertel, is dit belangrik dat die navorser 'n nie-weet-posisie inneem. Dit laat die medenavorsers toe om hul stories te vertel soos hulle dit elke dag belewe. Dit help die navorser ook om die stories van die medenavorsers te volg omdat hulle dit binne 'n sekere sosiale omgewing gevorm het. Almal se stemme moet ook gehoor word sonder dat die stories onderbreek word. Alle diskoerse van mag moet veral hier in die egskeidingsmediasie verreken word.
- Interpretasie in plaas van analise: Net die navorser het die mag en spesiale kennis om te analiseer. Die begrip analise berus op 'n hiërargiese sisteem wat aan hom/haar die vryheid gee om diskoerse daar te stel wat nie noodwendig van pas is nie. Die narratiewe navorsing handel juis daaroor om saam met die medenavorsers tot verstaan te kom. Gesamentlike gekonstrueerde interpretasie vind plaas want die medenavorsers en die navorser kom saam tot verstaan. Die navorser is in die narratiewe benadering meer 'n fasiliteerder van interpretasies. Daar word geluister en uitgenooi dat elkeen saam sy eie storie kan interpreteer. Met behulp van interpretasie word daar saam tot 'n sinvolle skikking gekom.
- Klem word geplaas op die geheel: Die klem word verskuif van die fyn detail na die geheel. In plaas daarvan om 'n storie in verskillende dele op te deel volgens verskillende temas, laat die navorser toe dat die storie homself interpreteer. Die betekenis van die storie as 'n geheel word nou beklemtoon. Daardeur word respek aan die storieverteller betoon deur nie sy/haar storie in fyn detail te ontleed of op te breek nie, maar juis na die boodskap daarvan te luister. Daar word nou gefokus op almal se belange en 'n "suksesvolle" egskeiding word saam in die vooruitsig gestel.

## 4. EGSKEIDINGSMEDIASIE – AGTERGROND EN VERDERE ONTWIKKELING

### 4.1 Narratiewe egskeidingsmediasie

Narratiewe egskeidingsmediasie word as 'n proses beskryf. Winslade & Monk (2000:57) sê: "The word process focuses on the dynamic, shifting, and changing elements of mediation rather than on abstractions, facts or structures. By concentrating on process, the mediator is invited to think about and work with the responses of the conflicting parties rather than follow some static, preconceived plan. Any experienced mediator knows that mediation cannot be carried out in a predictable straight line. People are not that simple".

Die narratiewe leen homself juis uitstekend daartoe dat al die partye/medenavorsers se stories en verhale gehoor kan word. 'n Narratiewe benadering tot mediasie behels die volgende: Winslade & Monk (2000:250):

- "The privileging of stories and meanings over facts
- The hearing of people's stories of conflict as they are produced in discourse
- The clear separation of conflict-saturated stories from stories of respect, cooperation, understanding, and peace
- The use of externalizing conversations to help disputants extract themselves from problem stories that have helped them in thrall
- The creation of a relational context of change as a primary task of mediation in preference to the pursuit of an agreed-upon solution
- The selection of alternative stories for development as pathways out of disputes".

Volgens Billikopf (2002:101) is narratiewe egskeidingsmediasie belangrik want: "through narrative mediation each stakeholder gets the opportunity to hear the story from the perspective of the other individual, and finds out, in the process, that the other person does not want to be in the conflict either, and prefers a new story in which the conflict is moved aside. People who are deeply involved in conflict may well think the other person wants to remain in, or somehow enjoys, the conflict. Finding out that the conflict is also affecting the other individual in negative ways also assists in the process of detaching oneself from the conflict story."

University of Pretoria etd – Botha, J A  (2004)

Freedman & Combs (1996:97) asook Paré (1994:15) verwys na die gesin as ‘n **verhalende kultuur** (“storying culture”): “Wanneer ‘n groep(ie) mense hulleself konstrueer en hulle in stand hou as ‘n gesin, omdat hulle gesamentlik identiteit vind in die verhale wat hulle oor hulle “gesin” vertel, is hulle ‘n gesin. Dit maak nie saak watter vreemde samestelling hulle in terme van geslag, ouderdom, ras en kultuur verteenwoordig nie. Die gesin word gevorm deur die verhale wat hulle deel en waarmee hulle hul identiteit konstrueer en nie deur sogenaamde objektiewe maatstawwe wat van buite gebruik word nie. Die begrip verhalende kultuur as ‘n metafoor om die gesin mee te beskryf, sou ook met die begrip **interpreterende gemeenskap** vervang kon word. Dit is ‘n groep mense, wat binne ‘n bepaalde konteks, hul lewens op dieselfde manier verstaan en interpreteer. Hulle lewe uit dieselfde konstellasie van metafore, uitdrukkings, simbole en verhale. Hulle heg waarde en betekenis aan dieselfde dinge. Soos alle ander kulture vertel hierdie kultuur (gesin) stories oor hulleself.” Enkelouer en her-saamgestelde gesinne pas ook goed in by bogenoemde beskrywing van ‘n gesin.

### 4.2 Die egskeidingsproses

Van Staden (1992:6) het die begrip egskeiding soos volg omskryf: “Egskeiding is die wetlike beëindiging van die huwelik deur ‘n hofbesluit waar dit die traumatiese proses van vernietiging van die huweliksverhouding impliseer, met die gepaardgaande verandering van die gesinstruktuur – en funksionering asook die onderlinge interaksie van die gesinslede, wat aanpassings in kommunikasie en die ondersteunende netwerk meebring.”

Die term “egskeidingsgesin” wys heen na ‘n gesin wat in, of reeds deur die proses van egskeiding is. Dit sluit almal in wat deur hierdie reuse draaipunt in die lewe van ‘n gesin geraak word. Indien ‘n vriendskap verbreek word, bestaan daar geen verbintenis meer nie. Na ‘n egskeiding word daar dikwels verwys na die gewese eggenoot, maar daar kan nooit gepraat word van die gewese kinders of ouers (“ex-husband/ex-wife” en nooit “ex-vader/ex-moeder of ex-kinders”) nie. Die kind bly altyd die kind van sy ouers en die ouers

bly altyd die ouers van sy kinders (Boszormenyi-Nagy & Spark 1973:3; Van den Eerenbeemt 1995:41).

Ek sluit by Müller (2002b:6) aan wat 'n egskeiding beskryf as vasgeloopte en/of noodstories binne 'n verhalende kultuur/interpreterende gemeenskap waar daar nie meer tot dieselfde verstaan en interpretasie gekom word nie. Hierdie gebeure lei daartoe dat hierdie kultuur of gemeenskap vervreem word en vernietig word. Nou ontstaan daar krisisstories en elke krisisgebeurtenis roep by elke mens 'n eie unieke verhaal na vore.

### 4.3 Die gemarginaliseerdes in die egskeidingsproses

Gerkin (1991:54) sê dat algemene waarhede ("common sense") van die samelewing nie sonder meer aanvaar kan word nie. Dit is uiters belangrik dat dit bevraagteken moet word. Dit sou beteken dat daar nie net na die dominante diskoerse en eksperts geluister moet word nie, maar ook na die gemarginaliseerde stemme wat nie inpas by dít wat as vanselfsprekend aanvaar word as die waarheid nie. 'n Gemeenskap het dikwels alternatiewe idees en visies van wat goed en reg is ten opsigte van die gemarginaliseerdes. Dit is daarom uiters belangrik om doelbewuste aandag te gee aan die persone, soos die kinders, die ander partye asook ander verhalende kulture en gemeenskappe wat direk of indirek 'n rol van mag speel in die proses van mediasie en wat dus buite die dominante diskoers staan. Indien daar na die stemme geluister word en aan hulle die geleentheid gegee word om deel te neem aan die gesprek, word 'n volledige prentjie geskilder van die situasie. Persone wat in modernisme gemarginaliseer geraak het deur die dominante diskoerse, se stemme moet doelbewus gehoor word en hulle moet 'n plek en stem kry in die diskoers (Rossouw 1995:87).

Dit is van uiterste belang om juis aandag te gee aan die gemarginaliseerde stemme van die kinders in die egskeidingsituasie. In die verlede het die klem dikwels net op sekere diskoerse geval wat deur die ouers op die tafel geplaas was. Met die koms van die Gesinsadvokaat, gesinshowe en mediasie het dit meer realisties geword om die kinders te bemagtig en sodoende hul stem vóór, týdens en ná die egskeiding duidelik te hoor.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

### 4.4 Die rol van mag tydens die mediasieproses

Mág, as 'n diskoers, speel baie keer 'n bepalende en deurslaggewende rol in die mediasieproses. Indien dit nie reg hanteer word nie, kan dit die hele proses verongeluk. Verskillende magstipes kan onderskei word (Botha 1997:71):

- Geslagsmag
- Geldmag/mag om inkomste te beheer
- Kulturele mag
- Kerklik/godsdienstige mag
- Politieke mag
- Mag om te verwerp/mag van weerstand
- Mag as 'n gesagstruktuur.

## 5. TEOLOGIESE EN PASTORALE VERANTWOORDING – AGTERGROND EN VERDERE ONTWIKKELING

### 5.1 Inleiding

Sommige beleef groot ongemak met die nuwe paradigma en probeer daarom aan die ou bekende paradigmas vashou, om sodoende nuwe "orthodoxy" daar te stel (Polkinghorne 1995:17). Postmoderne teologie moet die uitdagings aanvaar wat gestel word terwyl daar met nuwe oë gekyk word na die openbaring van God in die Bybel. Dit skep 'n nuwe geleentheid vir teologie en die besinning sowel as 'n nuwe openheid vir geloof en dit kan soos volg saamgevat word: "While this new pluralistic, postmodernistic situation is perceived by many as a threat to 'mainline' churches … it is my judgement and my urging that the new situation is in fact a positive opportunity to which church interpreters of the Bible may attend with considerable eagerness" (Van Aarde 1993:19).

Die mense van vandag wil graag weet wat dit beteken om in die wêreld daarbuite as gelowige op te tree. Die mens wil vandag ontsnap uit die kennis, feite en logikagreep van modernisme. Mense wil deur 'n emosionele belewing en uitlewing gedra word deur simbole en rituele en stories van hoop. As gelowiges glo ons in een saambindende storie wat alle mense deur die eeue insluit. Dié storie is die Bybelse narratief van 'n handelende God wat verlore mense red en meer nog: in die inkarnasie van Jesus Christus bewys God Sy oneindige liefde vir die mens.

Die boodskap bring vir stukkende en verwarde mense met noodverhale en doodloopstories weer nuwe hoop in hul omstandighede. Vanuit 'n postmoderne teologie kan nuwe begrip en openheid ontwikkel word vir dié persone en die gemarginaliseerdes in die egskeidingsituasie.

Teen die agtergrond van die postmoderne tyd waarin ons leef, word die pastor/navorser oper en gemakliker met talle onsekerhede. Du Toit (2000:182) sê dan tereg: **"in hierdie sin is geloof in God in 'n postmoderne tyd gemakliker met die idee om nie presies te weet nie".** Geloof is dus gemakliker met onsekerhede in die postmoderne tyd. Die voorlopigheid van ons insigte moet dus altyd verreken word.

Vos (1995:445, 453) praat oor die Bybel as volg: "Die Bybel is 'n verhaalboek. In dié Boek gaan dit om God se Verhaal met mense en die wêreld. Daarom is dit ook nie vreemd dat die verhalende preek 'n uitstekende manier is om God se Verhaal met mense vir vandag te vertel nie. Die Christelike Godsdiens leef ook van verhale".

## 5.2 Die rol van die Heilige Gees in ons teologie

Die Christelike antropologie kan nie beskryf word sonder besinning oor die Christelike pneumatologie nie. Vos (1989:203-204) stel dit duidelik deur die teologie met 'n spinnerak te vergelyk. Wanneer die teoloog die pneumatologie aanraak, kom die Christologie en antropologie in beweging. In die spinnerakbeweging raak dit duidelik dat die Gees die mens laat deel kry, in die heil wat Christus verwerf het. Dit is die simbiotiese werk van die

Heilige Gees en beteken dat die Gees dit moontlik maak dat die gelowiges se saamleef met Christus, ‘n daaglikse werklikheid word. Die mens word deur die Heilige Gees vernuwe en verander. Die vernuwende werk van die Gees binne ‘n stukkende mens, laat hom/haar weer toe om te droom en aan stories van hoop te bou vir ‘n wonderlike toekoms. Indien die pastoraat die misterieuse werk van die Heilige Gees misken, kan die belangrike rol van die Gees as Brugbouer en Parakleet, maklik verloën word. Heyns (1981:292) sê dat die betekenis van die Brugbouer juis is om by mekaar te bring. Tydens die mediasieproses word daar gepoog om alle verhale, emosies en persone bymekaar te bring onder leiding van die Gees. Die Gees wil die mens en die Woord, die mens en die toekoms asook God en die wêreld, by mekaar uitbring. Die Gees begelei die mens in nood en help hom/haar om toekomsgerig te word. As gevolg hiervan ontwikkel daar hoop, ‘n nuwe groeipotensiaal en oorwinning (Müller 1996:85). Die mens ontdek homself/haarself onder die leiding van homself/haarself en word toegerus om sodoende sy/haar bestemming as kind van God te bereik. Die Heilige Gees pas die werklikheid van die verlossingslewe, op alle aspekte van die gelowige se daaglikse lewe toe (Louw 1990:140).

Die Heilige Gees is onmisbaar in die skepping en onderhouding van verhoudinge tussen God en mens asook mens en mens. Daar kom verandering en bevryding in mense se lewens en die Koninkryk van God breek aan (Pieterse 1991:52). Cavanagh (1993:207) sê dat pastorale berading daarop ingestel is om mense te verander. Hierdie verandering is nie in die eerste plek op behavioristiese vlak nie. Dit is ‘n verandering wat vanuit die toekoms en nie uit die verlede nie, plaasvind. God is altyd deur die Heilige Gees besig om ‘n nuwer begin te maak, afgesien en ten spyte van die verlede (Müller 1996:29). Verandering vind plaas deur die grondige herskryf van ‘n persoon se lewensverhaal, tot in die kern. Die Heilige Gees help met die omkeer, delf en herontdekking van al die latente potensiaal en dít maak opsigself verandering moontlik. Deur die Heilige Gees word die navorser en medenavorsers gelei tot selfinsig, insig in hul eie gebroke werklikheid asook die belewing van die wonder van die verlossing in Jesus Christus.

Die verhouding tussen die navorser en die medenavorsers is afhanklik van die krag van die Heilige Gees. Dit is ‘n verhouding wat onderneem word met die verwagting dat in die soeke na nuwe rigting, die soekers vergesel sal word van die Gees. Sodoende word die krag van God in die lewens van dié persone geopenbaar (Gerkin 1984:71). Hierdie dieptedimensie (verwysende na God en die werking van die Heilige Gees) word nie beskou “…as iets afsonderliks wat eenkant en na die tyd ook nog ontgin moet word nie, maar as ‘n soort infrarooilig wat op die gesinstoneel gewerp moet word en wat heeltemal nuwe perspektief na vore bring” (Müller 1996:85).

“In die narratiewe teologiese paradigma gaan dit ook en verál oor God se Verhaal en dáárdie Verhaal word eers deur die Gees vir ons werklik ontvou. Wat uit die ontvouing blyk, is dat God inderdaad nie ‘n God van afstand is nie, maar van betrokkenheid….. Die Heilige Gees sluit nie ons oë vir die werklikheid van die lewe nie, maar open dit juis daarvoor. Die Heilige Gees maak ons sensitief vir die empiriese werklikheid rondom ons, maar verskerp tegelyk ons geloofsoë, en só word Hy die Bron van hoop (Rom 15:13). Die Christelike hoop behels immers nie ‘n blindheid vir realiteite nie” (Müller 1996:51).

In ons teologie sal ons altyd moet rekening hou met die kragtige en onvoorspelbare werking van die Heilige Gees. Stories van hoop kom gewoonlik tot stand nadat die Heilige Gees die medenavorsers in die egskeidingsmediasiesituasie aangeraak het. Vasgeloopte en doodloopstories kry nuwe betekenis in die terapeutiese proses (Botha 1997:12).

Stories is vensters. Dit open gewoonlik ‘n blik op wat binne ‘n ander persoon se kop aangaan. Hoe beter jy diegene rondom jou leer ken, hoe meer kan jy uit al die verhale wat hulle vertel, agterkom hoe en wat hulle dink en ook waaroor hul die graagste dink. Hoe meer jy jou eie stories met hulle deel, hoe meer openbaar jy jouself teenoor hulle (Joubert 2003a:45). Hy gebruik ook ‘n ander, baie toepaslike metafoor as dit handel oor stories in Christene se lewens. “Wanneer die videobande oud word neem hulle somtyds twee beelde oor mekaar op. Die gevolg is spookbeelde: huidige beelde en vorige beelde wat gelyktydig op die TV wys. Dit is helaas ook die hartseerstorie van baie Christene se lewens. Hulle laat toe dat twee teenstrydige stories oor God gelyktydig in hul kop afspeel

soos spookbeelde" Joubert (2003b:43). Dit vind dikwels plaas in die hele egskeidingsproses omdat almal so getraumatiseer is. Hul verskillende Godsbeelde en die belewing van hul Christenskap word soms geheel en al of gedeeltelik verduister en slegs "spookbeelde" word afgespeel.

### 5.3 Pastorale betrokkenheid en hoop

Gerkin (1997:114) en Müller (1998:177) gebruik treffende metafore om die rol van die pastor/navorser in die narratiewe pastoraat uit te lig. Gerkin beskou die narratiewe pastor as interpreterende gids wat die mense in hul verhale begelei om self sin en identiteit te vind. Hierdie rol van die pastor is daarop gerig om te fasiliteer in die dialogiese proses tussen die eie, unieke lewensverhaal van die pastor en die Christelike verhaal, asook tradisie, oor hoe die lewe geleef moet word. Müller sê in die verband dat die narratiewe pastor gewoonlik die uitdaging het om die gespreksgenoot drome te laat droom en 'n hoopvolle toekomsverhaal te verbeeld. Lester (1995:22) beklemtoon juis die rol van die pastor omdat mense se verhale van nood volgens hom primêr verband hou met die verduisterde toekomsverhale. Volgens Jensen (1984:224) moet die pastor die hoop kommunikeer dat God, wat aktief betrokke was by die vormgewing van die religieuse verhaal, reeds aktief betrokke is by die verhale van die individu en die gemeenskap binne die dampkring van 'n bepaalde tradisie. Die pastor is dus 'n hoopdraer wat die medenavorsers gedurig daaraan moet herinner dat daar hoop is – 'n hoopvolle toekomsverhaal wat op 'n unieke wyse God se betrokkenheid in die unieke lewensverhaal sal verbeeld (Capps 1995:75).

In die pastoraat gaan dit vir Müller (1996:24) om 'n teologie van betrokkenheid: "ware verstaan, vra betrokkenheid 'an encounter' en betrokkenheid lei tot verstaan". Daarom dat die pastorale betrokkenheid dan juis 'n hermeneutiese avontuur is (Bons-Storm 1989:11). Verandering is 'n narratiewe saak wat deur middel van die pastoraat/navorsing ruimte skep om nuwe geleenthede te identifiseer en te benut om sodoende stories van hoop te konstrueer. Omdat gesinne, of dit 'n enkelouer of 'n her-saamgestelde gesin is, ge-interpreteerde gemeenskappe of "storying cultures" is, moet daar na al die

University of Pretoria etd – Botha, J A  (2004)

gemarginaliseerdes asook dominante stemme en stories geluister word in die pastorale mediasieproses.

## 6. MOONTLIKE STORIES VAN HOOP ….. – 'N MOONTLIKE KLIMAKS

### 6.1 Moontlike stories van hoop ……

Hier gaan dit juis oor moontlike stories van hoop wat deur die medenavorsers vertel en beleef is. Dit word beleef in die navorsingsproses waar daar gewoonlik met stukkende, verwarde, getraumatiseerde en selfs hopelose mense gewerk word. Die medenavorsers moet, soos in die storie, weer iets begin beleef, deur die gesamentlike toekomsverhaal wat tot stand moet kom, van God se hoop in hul lewens. 'n Persoon wat desperaat is, onttrek hom of haar dikwels van mense rondom hulle as gevolg van die gebeure rondom die egskeiding. Lester (1995:98) haal vir Royal Synwolt aan wat die volgende gepaste woorde sê: "The pastoral caregiver 'hopes with' suffering persons and allows these persons to 'borrow' hope. The hopeful encounter becomes the stone quarry from which despairing persons find materials to build life anew".

Fuller Rodgers (2002:99) sê oor hoop die volgende: "hope is a powerful force for change. Hope involves new perspectives and possiblities when all seems lost. Hope is an antidote for despair. It is the faith that life will rise out of death".

Hierdie hoop is dus nie wensdenkery of blote verbeelding nie. Hierdie hoop groei uit die terapeutiese situasie en moet saam met die medenavorsers geskep word. In die egskeidingsmediasie het al die betrokke partye gewoonlik geen of baie min hoop, voor tydens en na die egskeiding. Dit is veral die kinders, wat as gemarginaliseerdes, dikwels nie in hierdie hopelose situasie gehoor word nie.

## 6.2 Bybelse hoop

Bester & Müller (2002:10) wy verder uit oor die lewensoriëntasie: "Hierdie lewensoriëntasie is egter nie altyd by mense teenwoordig nie, veral nie by diegene wat hulle in 'n doodloopstraat op hul lewensweg bevind nie. Daarom is die uitdaging in pastorale sorg juis om mense met vasgeloopte lewensverhale te begelei in die verbeelding van 'n nuwe toekomsverhaal - 'n verhaal van Christelike hoop." Dit is egter nie 'n maklike proses nie, maar dikwels 'n lang proses van wag en doen (Müller & Maritz 1998:44). Verantwoordelikheid en verwagting is dus belangrik, die verantwoordelikheid om te lewe "asof", en dan die verwagting op 'n beter toekoms wat volgens Müller (1996:64 en 66), Christelike hoop is. Ons hoop nie op hoop nie, sê Newman (1998:10). Ons hoop op God en Sy opstandingskrag. Newman (1998:10-11) sê verder: "Hope comes from God and is anchored by the Resurrection. In fact, the Resurrection configures our hope – it breaths the breath of life into our hopeless souls. We hope in God and His power".

## 6.3 Dekonstruksie en die "reframing" van toekomsstories as belangrike hulpmiddels in die skep van hoop

Deur middel van dekonstruksie moet daar nuwe hoop geskep word. Dit is alleen moontlik indien die proses van dekonstruksie sinvol benut word. Die skep van nuwe toekomsstories en stories van hoop is ten nouste gekoppel aan die dekonstruksie van strories van mense in die egskeidingsituasie. Dit is een van die belangrikste hulpmiddels om stories van hoop wat op die toekoms gerig is, te konstrueer. Lester (1995:139) haal vir Capps aan wat dit soos volg stel: "'Reframing' is a concept from neuro-linguistic programming and family therapy theory. Frames of reference are those internal structures for understanding reality constructed through the narrative structuring process. These internal structures are the mind-sets, structures of reality, belief systems or cognitive maps (depending on one's theoretical roots) that a person constructs to provide guidelines for turning events into personal stories. Frames of reference are the core narratives that we use to put events in perspective and make sense out of life. To *reframe*, then, is to

reshape one's perceptions, to change the cognitive sets by which one interprets an event or a relationship". Lester (1995:139) sê dan verder dat die terapeutiese proses, "reframing", nuttig is om persone te help om die volgende te bereik: "to rearrange the furniture and 'change the decorations' that make up a 'certain room' in their memory". Hierdie proses kan nuttig gebruik word in die mediasieproses waar al die partye en veral die kinders, anders moet begin dink rondom die toekoms en hul nuwe situasies.

### 6.4 'n Kritiese refleksie op die klimaks van die navorsing

- **Eksternalisering** - In al die navorsingsgesprekke het ek in 'n mindere of meerdere mate gebruik gemaak van eksternalisering. In die proses is daar na die probleem/aksiestories gekyk en is dit sinvol hanteer. White (1998:8-28) gee 'n uitgebreide uiteensetting van vrae wat benut kan word.
- **Dun en dik beskrywings** - Die navorsingsgesprekke word gewoonlik as dun beskrywings beskou omdat daar nie vreeslik baie inligting rondom stories van nood beskikbaar is nie. Deur middel van dik beskrywings moet die navorser saam met die medenavorsers daartoe kom om alternatiewe stories te ontwikkel. Ruimte moet geskep word waarbinne dit moontlik is. Paré (1995:11) stel dit soos volg: "If I really prefer one of these alternate stories, and I want to bring such a story forward as more influential in my life, then it is necessary for the plot of the story to be thickened. If the plot becomes thicker or richer, then it will be more prominent and defining of my life and of my identity, of who I am as a person".
- **Hoop gevestig op 'n getroue God** - In al die navorsingsgesprekke het die medenavorsers elkeen afsonderlik bevestig dat hulle hul hoop vestig op God as die getroue God. Uit hierdie persoonlike verhouding met Hom kan hulle hierdie trauma van die egskeiding beter hanteer. Dit sluit aan by wat Brueggemann (1987:67) sê dat hoop primêr 'n teologiese konsep is wat in die taal van die Verbond tussen 'n persoonlike God en 'n gemeenskap gevoer word. Dié hoop word ook deur die Christen in sy persoonlike lewe intiem beleef.

- **Dominante diskoerse** - Talle dominante diskoerse kan uit die verskillende navorsingsgesprekke geïdentifiseer word. Van die uitstaande diskoerse wat uit die stories na vore kom, is onder meer Wanda se "belewing van die dood", Wouter se belewing van Wanda se "sterkwees", Kallie se beklemtoning van "desperaatstraat", July se klem op "om ten alle koste 'n goeie ma te wees", Ben, Lelanie en Marie, die minderjarige kinders, se "vrees vir verwerping" en "stryd om aanvaarding", speel ook 'n rol. Moedeloosheid, die verwerking van die trauma, nuwe stories van hoop, is almal diskoerse wat uit die navorsingsgesprekke gekristaliseer het.
- **Dekonstruksie** - Deur middel van dekonstruksie is daar saam met die medenavorsers gepoog om die dominante diskoerse te dekonstrueer. Die dekonstruksie het ook bygedra dat die stemme van die gemarginaliseerdes, in dié geval die drie kinders, ook in die navorsingsgesprekke gehoor is. Powell (1998:103) sê dat die dekonstruksie van mag, dominante diskoerse en daarmee saam die soeke na gemarginaliseerde stemme, alles 'n belangrike rol in die navorsingsproses speel.
- **Deeglike begrip van die egskeiding** - Dit is belangrik dat daar in die hele mediasieproses baie aandag gegee word aan die feit dat die medenavorsers nie outomaties alle kennis in pag het rondom die proses van egskeiding nie. Die voor- en nadele, gevolge, die trauma van die egskeiding asook alles wat voor, tydens en na die egskeiding kan gebeur, moet hier verreken word. Die navorsingsgesprekke waarby die kinders betrek is, is en bly 'n geweldige ervaring vir hulle. As medenavorsers is kinders gewoonlik goeie leermeesters. Volgens Fick (1999:192) is "kinders altyd bereid om te vergewe en 'n mens nog 'n kans te gee. Hulle nooi jou uit om blind vir die bevoordeelde magsposisie van 'n volwassene te wees, net sodat jy hul kinderwêreld kan betree en in hul skoene kan staan". Botha (2001:154) haal vir Naudé aan wat sê: "ons is 'weet-en-seker-mense'. Alles moet volgens 'n bepaalde plan verloop anders verloor ons ons sekuriteit en rigting tog so maklik. Met 'n tydsgees soos dié waarin ons tans lewe, het ons juis mense nodig wat hoop het, want ons as 'weet-en-seker-mense' bewerk eerder die ondergang van egte hoop". Daarom is dit uiters belangrik om die volwassenes asook die kinders volledig voor te berei en in te lig oor die seer, trauma, moontlike uitkomste en veral die moontlike onsekerhede van die egskeidingsituasie.

- **Deeglike hantering van narratiewe pastorale egskeidingsmediasie** - In die navorsingsgesprekke het ek saam met die medenavorsers baie aandag en tyd aan moontlike storie-ontdekking en storie-ontwikkeling bestee. In die gesprekke met Wouter en Wanda het ons al drie as reflekterende span opgetree in die navorsingsgesprekke. Op dié wyse het hulle bewus geraak van albei se trauma en seer en vir die eerste keer na mekaar se stories daar rondom geluister. Die pastorale het ook in die navorsingsgesprekke na vore gekom en daar is veral gebruik gemaak van Louw (1998:204) se metafoor van "God as Vriend", Landman (2001:86) se HIV (heelmaak, innig en verrassing) as metafore in die preek maar ook in die pastoraat, asook Müller (2002d:7) se teologie van "touch". Die hele proses rondom egskeidingsmediasie asook die verskillende fases en moontlike uitkomste, is deeglik met al die medenavorsers bespreek. Daaruit het ek ook die voor- en nadele van die mediasieproses aan hulle voorgehou. Die moontlikheid dat mediasie die geleentheid bied tot 'n "suksesvolle" egskeiding en die moontlike ontwikkeling van stories van hoop, was ook deel van die navorsingsgesprekke.
- **Die egskeiding raak almal wat daarby betrokke is** - Uit die talle navorsingsgesprekke was dit vir die medenavorsers almal duidelik dat hul lewens nooit weer dieselfde sal wees nie, omdat dit direk deur die egskeidingstorie geraak word. Coetzee (1999:283) stel dit soos volg: "As gevolg van die noodstorie (egskeiding van die ouers in die geval) lyk die toekomsverhaal van die adolessent verduister .... Die verbintenis tussen die adolessent en sy/haar ouers bepaal of hy/sy die waardes van die ouer aanvaar of nie. Die adolessent met 'n nabye emosionele verbintenis aan sy/haar ouers kan makliker met die ouer, en dit wat hy/sy doen, identifiseer". Taffel (2001:54) sê dat die wêreld waarin die adolessente leef en beweeg, vir hul ouers onbekend en vreemd is. Vriende, asook die wêreld waarin hul vriende leef, het vir talle adolessente meer belangrik as die ouerhuis geword. Die adolessent asook sy vriendekring word direk deur die egskeiding geraak. Prins (2001:108) sluit ook hierby aan as hy 'n aantal faktore noem wat die vorming van waardes oor die algemeen bemoeilik: die funksionering van die ouers as rolmodelle, die oorbelasting van die kind, die retrososialisering van volwassenes, die vermyding van konfrontasie,

toekomsverwagting en sinvolheid, asook die invloed van die elektroniese media. Al bogenoemde faktore word direk beïnvloed deur die trauma van die egskeidingsituasie.

- **Geen ideale gesinne bestaan nie** - Volgens Müller (2002b:106-109) bestaan daar geen ideale gesinne nie want "die Christelike godsdiens is 'n onvoltooide godsdiens en daarom is Christelike huisgesinne onvoltooide gesinne. .... Die Christengesin moet as't ware voltyds besig wees met 'telling a past and dreaming a future' (Brueggemann 1993:5). ... Veral die lang geheue moet lewendig gehou word. 'Telling a past' het veral met God se heilsgeskiedenis te doen. .... Daar moet ook 'dreaming a future' wees. ... Christengesinne bestaan uit mense wat droom, wat dinge sien wat ander nie opmerk nie, wat hoop .....". Dit is dus belangrik dat daar in die pastorale egskeidingsmediasieproses saam met die medenavorsers gedink word oor die nuwe vorme wat die gesin kan aanneem. Gesinne word dan omskryf as verhalende kultuur ("storying culture"). Dit kan ook vervang word met die begrip interpreterende gemeenskap (Müller 2001b:14-15). Volgens bogenoemde moet al die gespreksgenote saam met die navorser tot nuwe insig kom rondom die hele samestelling en funksionering van die gesin, voor, tydens en na die egskeiding.
- **Om saam tot stories van hoop te kom** - In die navorsingsgesprekke moet daar saam gepoog word om tot nuwe stories van hoop te kom. Dit gaan volgens Bester & Müller (2002:10) in hoop oor "'n lewensoriëntasie en nie oor 'n tegniek of metode nie. Hierdie lewensoriëntasie is egter nie altyd by mense teenwoordig nie, veral nie by diegene wat hulle in 'n doodloopstraat op hul lewensweg bevind nie. Daarom is die uitdaging in pastorale sorg juis om mense met vasgeloopte lewensverhale te begelei in die verbeelding van 'n nuwe toekomsverhaal - 'n verhaal van Christelike hoop". Lester (1995:127) en Müller (1996:194) beklemtoon dat verandering in menselewens altyd toekomsgerig is. Lester (1995:126) omskryf hierdie gedagte deur te sê: "Some change or transformation in future stories is necessary for a satisfactory resolution and recovery of hope".
- **Toekomsstories moet saam verbeel word** - Die navorser probeer nou spekulasie ontlok oor watter soort toekoms verwag kan word van iemand of 'n gesin wat so sterk en bevoeg teen die probleem kan optree. 'n Toekomsstorie moet verbeel(d) word

(Müller 2000:98). Hoop en verwagting word nou gevestig as gevolg van hul betrokkenheid by mekaar en by die storie. Vrae kan gevra word soos: hoe kan julle aanhou om weerstand te bied teen feetjie na die egskeiding? en hoe sal julle lewe oor twee jaar verder daar uitsien? al is julle geskei, watter drome en ideale het julle vir julleself maar ook ten opsigte van die kinders? watter prioriteite stel julle vir julle elkeen afsonderlik en gesamentlik as ouers ten opsigte van die kinders, want al is julle 'n "ex-husband" en "ex-wife" is julle tog nie 'n "ex-father" en "ex-mother" nie.

- **Die groter sosiale gemeenskap en meta-verhale speel ook 'n rol** - Die rol van die groter sosiale gemeenskap en die meta-verhale moet ook saam met die medenavorsers verreken word. Volgens Bosman (2001:124) is dit nodig om by dikker beskrywings van verhale uit te kom. "Ryk beskrywings wil alternatiewe stories van mense se hede verbind met alternatiewe stories uit hul verlede. Ryk beskrywings wil mense ook help om hul alternatiewe verhale in verband te bring met die verhale van ander mense op grond van gemeenskaplike temas. Hierdie temas spreek dinge soos gemeenskaplike waardes, doelwitte en verbintenisse aan. .... Op hierdie manier word ryker en dikker beskrywings die fondasies vir nuwe selfnarratiewe en uitdrukkings wat kan volg. Ryk beskrywings help die konteks vir die vertel en hervertel van stories en ook weer die hervertel van hervertellings. Op die manier kom meta-tekste tot stand waardeur die self al meer in sy/haar veelkantigheid en rykdom beskryf word. (White 1998:227)". Hoop word gegenereer binne bepaalde menslike sisteme. Nydam (1997:4) sê dat hoop vir Lynch nie 'n individuele en privaat proses is nie, want dit word binne bepaalde menslike sisteme gegenereer. Betekenisvolle gemeenskappe genereer hoop omdat daar basiese vertrouensverhoudinge tussen daardie mense bestaan. Hoop kan dus nooit in isolasie of op sy eie bestaan nie. Uit al die navorsingsgesprekke met die medenavorsers het ons voortdurend bogenoemde situasies en punte verreken.
- **Wie het die stories van hoop in jou lewe versterk?** - Dit is interessant om daarop te let dat die meeste medenavorsers God en hul persoonlike verhouding met Jesus Christus as hul Verlosser, aangedui het as die hoof-hoopdraers in die egskeidingsituasie. Verskeie ondersteuningstelsels soos ouers, man/vrou, vriende,

maats asook mede-Christene, het ook na vore getree. Coulehan, Friedlander & Heatherington (1998:28) wys daarop dat die sukses van narratiewe gesinsterapie in ‘n groot mate afhang van die navorser se vermoë om hoop by die gesin te skep, en dat verandering sodoende kan plaasvind. Waar daar hoop aanwesig is, is daar gewoonlik ook groter empatie en ondersteuning tussen die gesinslede. Dit bewerkstellig meer liefde en groter onderlinge verbintenis aan die gesin. Om hoop te skep, hang ten nouste saam met ‘n verandering in die emosionele klimaat. Die navorser se besorgdheid, warmte en geloof, dra daartoe by dat die medenavorsers verandering van emosionele klimaat binne die gesin, baie positief beleef.

- **‘n Gehoor moet gesoek word om die stories van hoop mee te deel** - ‘n Gehoor moet ontdek of geskep word wat “applous” kan gee vir die nuwe identiteit en storie wat besig is om te ontwikkel. Aangesien die probleem binne ‘n sosiale konteks ontwikkel het, is dit nodig dat sake so gereël moet word dat die sosiale omgewing op ‘n manier ter ondersteuning ingestel kan word. Daar kan gevra word na familie of vriende wat die persone geken het voordat die probleem hom/haar beïnvloed het. Die ideaal is dat die persoon vir iemand moet kan vertel wat reeds bereik is en sodoende word daardie ander persoon of persone nie alleen ‘n gehoor wat applous gee nie, maar ‘n ondersteuningstelsel (Müller 1996:171).

### 6.5 Die skep van verwagting en hoop

Soos telkemale reeds aangedui, skep narratiewe pastorale egskeidingsmediasie juis hoop en verwagting by almal daarby betrokke. Müller (2000:42) vra terreg ‘n terapeutiese vraag: “Hoe kan die toekomsprentjie weer heelgemaak word sodat dit ‘n dryfkrag kan word om in die hede te kan verander? Kan ‘n mens verander as jou toekomsstorie verduister is, as die toekoms net nie wil vorm aanneem nie? ‘n Mens kan nie. Jy verander na ‘n toekomsbeeld toe. ‘n Mens moet ‘n verbeelding hê van ‘n aanvaarbare toekomssituasie waarheen jy kan verander”. Ek wil hierby aansluit deur te bevestig dat daar juis tydens die mediasiegesprekke met behulp van narratiewe betrokkenheid ‘n beeld geskep word van hoop en verwagting. ‘n Natuurlike plek ontstaan tydens die gesprekke vir Die Storie. God

se Storie kan die individu, huwelikspaar en gesin help om weer hoop te kry. Vanuit God se Verhaal kan die partye hul eie storie interpreteer en hulle kan leer om regtig net op God te vertrou en deur Sy Gees staat te maak op Sy voortgesette en helende betrokkenheid by hulle op die pad vorentoe.

### 6.6 ‘n “Suksesvolle” egskeiding

Botha (1995:4) het reeds op verskillende plekke in die navorsing aangetoon dat ‘n “suksesvolle” egskeiding moontlik is. “Suksesvol” beteken - dat ons in ‘n gebroke werklikheid lewe waar mense, ook Christene, skei en ‘n gebroke wêreldervaring in jouself, huwelik, gesins- en gemeenskapslewe beleef. Deur narratiewe pastorale egskeidingsmediasie is dit moontlik om die pynlike pad voor, tydens en na ‘n egskeiding op ‘n ander manier saam te loop. Die afgelope tien jaar het 35% van die aantal pare wat die spreekkamer besoek het vir egskeidingsmediasie en beslis sou geskei het, nie geskei nie maar saam begin werk aan ‘n nuwe toekomsverhaal binne ‘n bestaande huwelik. Dit is verblydend dat soveel persone deur die mediasie en opvolg- mediasiegesprekke tog die nabyheid van God en Sy handelinge met hulle, kon beleef. Die wat wel geskei het na die gesprekke, het “suksesvolle” egskeidings beleef want ons kon saam die aksies, emosies, finansies, kinders ens. hanteer deur die egskeidingsmediasie. Alle partye was dus gesamentlik medeverantwoordelik vir die bereiking en opstel van ‘n skikking waarby almal baat kon vind. Sou daar in die toekoms enige verhoudingsprobleme, onderhoud, toesig en beheer ens. gedinge ontstaan, dan neem dit gewoonlik een mediasiegesprek om dit te hanteer en sodoende word ‘n voortdurende “suksesvolle” egskeiding gewaarborg.

## 7. ‘N TYD OM TE REFLEKTEER … - ‘N MOONTLIKE EINDE

### 7.1 ’n Moontlike einde

Alle stories moet iewers tot ‘n einde kom. In die narratiewe navorsing is dit reeds aan ons bekend dat daar nie noodwendig ‘n einde aan die navorsingsproses kom nie. Oor die

einde van die navorsing haal Müller et al (2001:89) weer vir Lamott (1995:62) aan: "And then there is the ending: What is our sense of who these people are now, what are they left with, what happened, and what did it mean?" Die navorser kan tereg vra: Wat het ek met die navorsing bereik en was alles tog die moeite werd? Dit handel in die eerste plek nie nou oor 'n refleksie van die verskillende stories of 'n moontlike samevatting van alles nie, want daar is altyd iets nuuts. Aan die einde word daar ook ruimte gelaat vir nog méér nuwe stories om te ontwikkel. Die einde van die navorsing is dus oop en bly oop sodat verdere ruimtes vir verdere navorsing in die toekoms nog ontgin kan word.

Kontak met my medenavorsers wat my toegelaat het om deel van hul stories te word, asook wyer blootstelling aan gesinslede en ander professionele dissiplines in die navorsingstydperk, het my eie menswees verryk en my ervaringsveld verbreed. Dit het my gehelp om tot 'n beter verstaan te kom van die metodiek aan die een kant, asook die praktiese implementering daarvan aan die ander kant. Praktiese teologie wat deel uitmaak van hierdie navorsing, kom uit die praktyk en fokus vandaar op die teorie en loop weer uit op die praktyk. Browning (1991:7) beskryf bogenoemde verloop as 'n proses "from practice to theory and back again". Daar word altyd met vrae of probleme begin wat uit die sekulêre en godsdienstige praktyke waarin die navorser staan, na vore kom. Dié praktiese vrae loop dan uit op die teoretiese besinning wat dan uiteindelik weer neerslag vind in 'n nuwe praktyk. Bogenoemde proses, van praktyk na teorie na praktyk, hou dus nooit op nie.

## 7.2 'n Aantal gemene delers in die navorsingsgesprekke

Uit die navorsingsgesprekke met die medenavorsers, was daar 'n aantal gemene delers wat na vore getree het en wat ek net kortliks gaan noem:

- Almal was direk geraak deur 'n egskeiding of dié egskeiding van ouers.
- Al die medenavorsers is meelewende lidmate van gemeentes wat 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus as hul persoonlike Verlosser het, en daarvolgens lewe.

- Almal het moontlike stories van hoop uit die navorsingsgesprekke ontdek en ontgin.
- Almal het uit die trauma van die egskeiding sekere lesse geleer en sterker asook meer doelgerig daaruit gekom.
- Almal, en veral die drie kinders, het onderneem om ander mense wat in soortgelyke situasies beland en trauma beleef, te help en te ondersteun, omdat hulle self daardeur is.
- Die medenavorsers het almal toekomsdrome wat hulle verbeeld en waarom hulle hul hoop ook kan uitbou.
- Narratiewe pastorale egskeidingsmediasie, asook die manier waarop daar saam in die navorsing gesoek is na antwoorde, het vir almal baie beteken.
- Hulle het ook almal vertroue in hulself opgebou en is bereid om hul stories van hoop met ander te deel.
- Al die medenavorsers het dit ontsettend baie geniet om deel van die navorsingsproses te wees, en het saam met my uitgesien na die moontlike stories van hoop wat ontwikkel het.
- Hulle het ook almal hul dank betuig aan die manier waarop ek as navorser met hul trauma en stories van nood omgegaan het.
- Hulle het vertroue, respek, waardering en integriteit belewe in die situasie waar hulle hul stories kon vertel en nuwe stories van hoop kon ontwikkel.

### 7.3 Om op te som – enkele gedagtes

Dit was ‘n voorreg om as navorser saam met die medenavorsers deur middel van die navorsingsgesprekke deel te wees van die hele navorsingsproses.  Dit wat ons saam gedeel het, was oor en oor die moeite werd.  Ek wil graag kortliks ‘n paar hoogtepunte van die navorsingsproses uitlig:

- Ten spyte van die trauma, seer en krisis, beleef ek tog dat daar by al die medenavorsers, selfs aan die begin reeds met die stories van nood, reeds tog ‘n bietjie hoop teenwoordig was.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

- Die voorreg om met die kinders as gemarginaliseerdes te werk, het my weer aangegryp. Hul opregtheid, lojaliteit en eerlikheid asook hul hoopvolheid, het net bevestig dat hul stemme altyd gehoor moet word in die mediasieproses. Die feit dat hul stemme as gemarginaliseerdes gehoor is, het myself verryk en weer eens onder die besef gebring van die waardevolle bydrae wat hulle in die navorsingsgesprekke kan lewer.
- Die feite wat gedeel is, is belangrik, maar die emosies wat beleef is deur saam na oplossings te soek, het al die navorsingsgesprekke baie sinvol gemaak en ons saamgebind in ‘n sinvolle navorsingspan.
- Prentjies en metafore het ‘n baie belangrike funksie in die navorsingsgesprekke vervul. Deur die prentjies en metafore kon die emosies rondom die trauma beter uitgedruk word. Daar is makliker tot verstaan gekom as gevolg van die prentjies en metafore. Dit het ook die verbeelding aangegryp en meegehelp om stories van hoop te ontdek en te ontwikkel.
- Persoonlike netwerke het tot stand gekom tussen my en die medenavorsers. Ander persone het ook indirek ‘n rol gespeel omdat hulle as steunstelsels vir die medenavorsers in die navorsingsproses opgetree het.
- Uit die navorsingsgesprekke het dit duidelik geword dat ons uit die hele navorsingsproses saam gegroei het en die hele proses as ‘n leerervaring kon beskou.
- Wat vir myself baie hoop en moed in die navorsingproses gegee het, is dat al die medenavorsers klaar ‘n verskil maak en hulle daartoe verbind het om ook in die toekoms ‘n verskil te maak in ander mense wat ook trauma en seer beleef of sommer net ondersteuning nodig het, se lewens.
- Die rol wat die Bybel in die medenavorsers se lewe speel, was vir my ook opvallend. Hulle het nie biblisisties daarmee omgegaan nie, omdat hul ‘n lewende verhouding met Jesus Christus het.
- Ek het saam met die medenavorsers opnuut weer onder die indruk gekom van die Lewende God wat die Bron van Hoop is. Hy werk steeds elke dag deur die Heilige Gees in en deur ons en bevestig Sy beloftes deur die Soenverdienste van Jesus Christus, Sy Seun.

- As brose mense, wat elke dag in ‘n gebroke werklikheid moet lewe, kan ons almal saam uitsien na daardie dag wanneer Hy weer sal kom, en ons saam met Hom ‘n nuwe lewe in die nuwe hemel en aarde vir ewig sal deel.

Ek wil opsom deur met Müller (1996:154) saam te stem wat preek uit Spr.15:12-17 en dan die volgende lyn trek deur te sê: “Liefde groei binne ‘n bepaalde verpakking, Liefde kan net bestaan binne ‘n bepaalde lewenstyl .... Liefde is soos ‘n orgideëplantjie, dit groei net in ‘n bepaalde soort groeimedium. As iemand vir jou ‘n orgideë persent gee en jy plant dit oor in ‘n groter pot met grond daarin, moet jy nie die volgende jaar blomme verwag nie. Die plante groei net as hulle geplant staan in die regte groeimedium van hoofsaaklik boombas”.

Ons het saam uitgesien om na moontlike stories van hoop te soek en dit te ontgin. As ek reflekteer en terugkyk, was ek bevoorreg om saam met my medenavorsers, die klimaks van hierdie navorsing te beleef, met die feit dat talle stories van hoop ‘n werklikheid in ons lewens geword het. Die klimaks van die stories kon nie vooraf bepaal word nie, en het eers gedurende die navorsingsproses tot volle ontplooiing gekom. Dit sal dan ook die stories van hoop wees wat die medenavorsers op hul lewenspad vorentoe moet dra. Alleen die stories van hoop, kan die verpakking of groeimedium verskaf waarin daar weer liefde in hul lewens kan gedy.

### 7.4 ‘n Komma bly oor ……

Soos reeds aangedui, verwys Müller (2002b:14-15) saam met verskeie ander skrywers na die gesin as ‘n verhalende kultuur (“storying culture”). Die gesin word dan omskryf as ‘n interpreterende gemeenskap. Dit is ‘n groep mense wat binne ‘n bepaalde konteks hul lewens op dieselfde manier verstaan en interpreteer. Tydens ‘n egskeiding gaan die huwelik dood en bestaan nie meer nie. As gevolg van bogenoemde situasie bestaan daar nou net ‘n besigheidsbeginsel. Müller (2002b:102) sê dat die geskeides “ ...... nog lewenslank gesamentlike ‘besigheid’ gaan hê waarna hulle moet omsien. En daardie

'besigheid', hul kinders, lê albei na aan die hart. As hulle dit kan regkry om 'n gesonde en vriendelike 'besigheidsverhouding' te onderhandel, maak hulle dit vir hulleself, maar veral vir die kinders, soveel makliker". In die navorsing is daar juis gepoog om deur middel van narratiewe pastorale egskeidingsmediasie by so 'n gepaste oplossing uit te kom, deur middel van stories van hoop. Indien dit bereik word, is daar beslis sprake van 'n "suksesvolle" egskeiding.

Die Christelike godsdiens is volgens Müller (2002b:106-111) 'n onvoltooide godsdiens en daarom is Christelike huisgesinne onvoltooide gesinne. Omdat dit waar is, kan ons elke dag leef in die Christelike hoop en heelwording beleef wat die Heilige Gees voortdurend bewerk.

Winslade & Monk (2000:251) skryf oor mediators en sê: "we imagine people who work as mediators taking up these ideas and developing them further so that we too can learn more about them. It is in this sense that we look forward to your response". Ek wil afsluit en daarmee aansluit by Du Toit (2000:182) wat sê: In hierdie sin is geloof in God in 'n postmoderne tyd gemakliker met die idee om "nie presies te weet nie", juis omdat dit om God as die Skepper van die Heelal gaan, juis omdat ons met soveel verwondering bewus raak van God as die Een wat onmoontlik deur die mens met sy/haar beperktheid aan ruimte en tyd, presies beskryf en verstaan kan word. Geloof in 'n postmoderne tyd is daarom gemakliker met onsekerheid. Ons het egter nie by 'n "punt" gekom nie, maar 'n komma, want alles is ook nog nie oor narratiewe pastorale egskeidingsmediasie gesê nie,.........

# BIBLIOGRAFIE


Anderson, H. 1997. *Conversation, language and possibilities. A postmodern approach to therapy*. Harper Collins: New York.

Anderson, H & Goolishian, H. 1988. Human systems as linguistic systems: Preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. *Family Process* 27(4):371-393.

Bester, A. & Müller, J.C. 2002. Hoop en Verbeelding. *Practical Theology in SA* 15(2):1-20.

Billikopf, E.G. 2002. Narrative mediation. *The International Journal of Conflict Management* 13(1):100-104.

Bisbey, S. & Bisbey, L.B. 1998. *Brief therapy for Post-Traumatic stress disorder*. John Willey & Sons: London.

Bons-Storm, R. 1989. *Hoe gaat het met jou? Pastoraat als komen tot verstaan*. J.H. Kok: Kampen.

Bosman, L.L. 2001. *'n Narratiewe beskouing van die pastoraal terapeutiese self in 'n postmoderne samelewing*. DD Thesis. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Boszormenyi-Nagy, I. & Spark, G.M. 1973. *Invisible Loyalties: Reciprocity in intergenerational Family Therapy*. Brunner/Mazel: New York.

Botha, J.A. 1995. *Egskeiding en Enkelouerskap* . Korrespondensie Kursus, Pastorale Krisis- en Verrykingspreekkamer, Pretoria.

Botha, J.A. 1997. *Egskeiding en die gevolge daarvan op die kinders*. Jeugberading Sertifikaat Kursus, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Botha, J.A. 2001a. *Eksternalisering in pastorale narratiewe egskeidingsmediasie*. MA Verhandeling. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Botha, J.A. 2001b. Ons moet oorgee, omgee en aangee. In: Botha, J. (red.). *Ja vir Jesus, nee vir die kerk*. Lapa Uitgewers: Pretoria.

Browning, D.S. 1991. *A fundamental practical theology: Descriptive and strategic proposals*. Fortress Press: Minneapolis.

Brueggemann, W. 1987. *Hope within history*. John Knox Press: Atlanta.

Brueggemann, W. 1993. *Texts under negotiation: The Bible and Postmodern Imagination*. Fortress Press: Minneapolis.

Cahoone, L.E. 1995. The ten modernisms. In Rossouw, G. (ed.) *Life in a postmodern culture*. HSRC Publishers: Pretoria.

Capps, D. 1995. *Agents of Hope: A Pastoral Theology*. Fortress Press: Minneapolis.

Coetzee, B. 1999. *Die fasilitering van waardevorming by die adolessent in die egskeidingsgesin. 'n Pastoraal-Kontekstuele benadering*. PhD Proefskrip. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Coulehan, R., Friedlander, M.L. & Heatherington, L. 1998. Transforming narratives: a change event in constructivist family therapy. *Family Process* 37:17-33.

Dill, J. 1996. *'n Basis Teorie vir Pastorale Teorie in die lig van Postmoderne Epistemologie*. PhD Thesis. Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein.

Du Toit, B. 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. CLF Drukkers: Bloemfontein.

Fay, J. 2000. *A Narrative Approach to Critical and Sub-Critical Incident Debriefings.* http://www.narrativeapproaches.com/narra…%20papersfolder/narrativepolicing.htm.

Fick, A.R. 1999. *Die pastorale begeleiding van gesinne waarin kindermishandeling voorkom: 'n Narratief-gesinsterapeutiese perspektief*. PhD Proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Freedman, J. & Combs, G. 1996. *A Narrative Therapy. The Social Construction of Preferred Realities*. Norton: London.

Fuller Rodgers, D.C. 2002. *Pastoral Care for Post-Traumatic Stress Disorder*. The Haworth Pastoral Press: Binghamton, New York.

Gerkin, C.V. 1984. *The Living Human Document: Re-Visioning Pastoral Counselling in a Hermeneutical Mode.* Abingdon Press: Nashville.

*Gerkin, C.V. 1991. Prophetic pastorale practice. A christian vision of life together*. Abingdon Press: Nashville.

Gerkin, C.V. 1997. *An introduction to pastoral care*. Abingdon Press: Nashville.

Graham, E. 2000. Practical Theology as Transforming Practice. *The Blackwell Reader in Pastoral and Practical Theology.* USA: Blackwell Publishers. 104-117.

Heyns, J.A. 1981. *Dogmatiek*. NG Kerkboekhandel: Pretoria.

Jensen, M. 1984. Some Implications of Narrative Theology for ministry to cancer patients. *Journal of Pastoral Care* 38(3):216-225.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Joubert, S. 2003a. *Beheer God jou denke?* CUM: Vereeniging.

Joubert, S. 2003b. *Dit kos guts om te bly glo.* Lux Verbi.BM: Wellington.

Lamott, A. 1995. *Bird by bird. Some instructions on writing and life*. Anchor Books: New York.

Landman, C. 2001. Verveeld en ontnugter met die kerk. In: Botha, J. (red.). *Ja vir Jesus, nee vir die kerk.* Lapa Uitgewers: Pretoria.

Lester, A.D. 1995. *Hope in Pastoral Care and Counselling*. Westminister John Knox Press, Louisville: Kentucky.

Louw, D.J. 1993. *Pastoraat as ontmoeting. Onderwerp vir 'n basisteorrie, antropologie, metode en terapie.* RGN, Pretoria.

Louw, D.J. 1998b. "God as friend": Metaphoric theology in pastoral care. *Pastoral Psychology* 46(4):233-242.

Müller, J.C. 1996a. Die huwelik, gesin en lewenstyl: Spreuke 15:17. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 11(2):150-157.

Müller, J.C. 1996b. *Om tot verhaal te kom – Pastorale Gesinsterapie*. RGN Pretoria.

Müller, J.C. & Maritz, B. 1998. Die waarde van metafore binne die hermeneutiese-pastorale sisteem. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 13(1):64-71.

Müller, J.C. 1999. *Geestelike Oorlogvoering: Bevryding of pastorale begeleiding?* Ongepubliseerde aantekeninge. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Müller, J.C. 2000. *Reis-geselskap – Die Kuns van Verhalende Pastorale Gesprekvoering*. Lux Verbi.BM: Wellington.

Müller, J.C. 2001. Therapy as fiction writing. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* 42(1-2):64-70.

Müller, J.C., van Deventer, W. & Human, L. 2001. Fiction writing as methaphor for research: A narrative approach. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 16(2):1-13.

Müller, J.C. 2002b. *Gesinne van binne – Vertel die verlede en droom oor die toekoms van jou gesin*. CLF-Drukkers: Bloemfontein.

Müller, J.C. 2002c. *On a narrative journey: Assumptions of narrative research*. Ongepubliseerde aantekeninge. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Müller, J.C. 2002d. *Theology of Touch*. Ongepubliseerde aantekeninge. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Newman, C.C. 1998. *A hope that Can Sustain: A Pastoral Response to Suffering*. Wayne E. Oates Institute. Beskikbaar by: http://bsd.oates.org/hope/nov_98_online_conference/papers/newman.htm

Nydam, R.J. 1997. Fantasy and Hope in the lives of Adptees. *Journal of Pastoral Care* 51(1):65-78.

O'Hanlon, B. 1994. The third wave. *The Family Therapy Networker* 18(6):19-29.

Paré, D.A. 1995. Of families and other cultures: The shifting paradigm of family therapy. *Family Process* 34:1-19.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Pieterse, H.J.C. 1991. *Gemeente en prediking*. Halfway House: Johannesburg.

Polkinghorne, D.E. 1995. Piaget's and Derrida's contributions to a constructivist psychotherapy. *Journal of Constructivist Therapy* 8: 269-282.

Powell, J.N. 1998. *Postmodernism for beginners*. Writers and Readers Publishing Inc. New York: London.

Prins, J.M.G. 1995. *Intensionele geloofsosialisering binne intergeneratiewe verhoudings – 'n grondvereiste vir effektiewe jeugbediening*. PTSA 10:51-62.

Rossouw, G.J. 1995. Theology in a postmodern culture: ten challenges. In: Rossouw, G.J. (ed.). *Life in a postmodern culture*. HRSC Publishers: Pretoria.

Shawver, L. 1998. On the clinical relevance of selected postmodern ideas: With a focus on Lyotard's concept of "Differend". *Journal of the American Academy of Psychoanalysis* 26(4):617-640.

Smit, D.J. 1997. *Lofprysing, aanbidding en die Gereformeerde spiritualiteit*. Voorlesings gehou by die Sinodale Konferensie van die Sinode van Oos-Transvaal, Orpen.

Taffel, R. 2001. The wall of silence. Reinventing therapy to reach new teens. *Psychotherapy Networker* May/June 2001. VSA.

Van Aarde, A.G. 1993. Paradigmaverandering: Wat word daarmee bedoel? *Die Hervormer* 86(16):5-6.

Van den Eerenbeemt, E. 1995. *Alle dochters! Drie generaties vrouwen en hun familiekwesties*. De Toorts: Harlem.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

Van Niekerk, A.S. 1996. *Anderkant die reënboog*. Tafelberg Uitgewers: Kaapstad.

Van Staden, S. 1992. *Om heel te word. Huweliks- en Egskeidingsberaad vanuit 'n gesinsperspektief*. De Jager-Haum: Pretoria.

Vos, C.J.A. 1989. Verbond – verbinding of verblinding? In: Vos, C.J.A & Müller, J.C. (reds.). *Geboorte en kindwees*. Pretoria.

Vos, C.J.A. 1995. *Die Blye Tyding*. RGN: Pretoria.

White, M. 1998. Notes on narrative metaphor & narrative therapy. In: White, C. & Denborough, D. (eds.) *Introducing narrative therapy. A collection of practice-based writings*: 225-227. Dulwich Centre Publications: Adelaide, South Australia.

Winslade, J. & Monk, G. 2000. *Narrative mediation: A new approach to conflict resolution*. Jossey-Bass Publishers: San Francisco.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

# STELLINGS

## STELLING 1

Hierdie navorsing is vanuit 'n **narratiewe paradigmatiese** hoek aangepak. Die narratiewe paradigma se filosofiese wortels is geleë in die **post-modernisme, sosiaal konstruksionistiese** beginsels. Navorsingsresultate vanuit sekere modernistiese paradigmas word ook binne die navorsing gebruik aangesien die post-moderne diskoers genoeg ruimte laat daarvoor. Die metafoor wat in die navorsing gebruik is, is die **ABDCE-metafoor**. In dié metafoor staan A vir aksie (action), B vir agtergrond (background), D vir ontwikkeling (development), C vir klimaks (climax) en E vir einde (end). Dit het die ontwikkeling van een aaneenlopende of konstante storie in gedagte. Ruimte is geskep waarin die stories ontdek en ontwikkel is.

## STELLING 2

**Narratiewe navorsing** skep die ruimte waarbinne mense/medenavorsers betekenis gee aan hul lewens deur verhale wat hulle konstrueer. Mense/medenavorsers ken betekenis aan hul lewenservaringe toe wat geïnterpreteer word. Dié proses is in die navorsing aangewend en as die **hoofbron** van inligting, gebruik. Hoopvolle toekomsverhale is in die navorsingsproses gekonstrueer. Om na verhale te luister en die taal daarvan te probeer verstaan, het gehelp om 'n meer **breedvoerige, ryker beskrywing** van die navorsingstema te bewerk. **Alternatiewe stories** is saam ontdek en gedeelde betekenis is verkry tydens die navorsingsproses.

## STELLING 3

Die navorser het nie die **kopiereg** ten opsigte van die navorsing/verhale nie. Die ruimte word geskep waarbinne al die betrokkenes die navorser, medenavorsers asook die materiaal/literatuur aktief deelneem aan die skep van 'n nuwe verhaal. Die navorsing is dus 'n **ko-produksie** tussen die navorser, medenavorsers en die materiaal/literatuur. Hier is eerder **beskrywend** as krities-argumentatief gewerk en sodoende is die

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

materiaal/literatuur sekondêr geplaas tot die proses van storie-ontdekking en ontwikkeling in die navorsingsproses.

**STELLING 4**

Die narratiewe navorsing leen hom by uitstek daartoe dat die **"stem" van die navorsing** gehoor word. Al die betrokkenes neem deel aan die navorsingsproses om sodoende 'n nuwe verhaal te skep. In die navorsing is daar gekies om **kwalitatiewe navorsing** te doen. Die tipe navorsing is nie klinies of koud nie, maar juis vars, oop en dinamies. Die kwalitatiewe navorser word deel van die proses. Kritiese self-ondersoek van die navorser se rol in die hele navorsingsproses is dus noodsaaklik. Die volgende moet daarom altyd deur die narratiewe navorser verreken word: respek vir die medenavorsers, klem op die nóú (dit wat op die oomblik aan die gebeur is), 'n nie-weet-posisie, 'n gesamentlike interpretasie om saam tot 'n beter verstaan te kom en die klem wat op die geheel geplaas word. Die betekenis van die verhaal as geheel word dus beklemtoon. Met **kwantitatiewe navorsing** is die teendeel waar ten opsigte van die bogenoemde manier van doen en daar word gestreef na objektiewe betroubaarheid. Subjektiewe integriteit word voorop geplaas deur die kwalitatiewe navorser.

**STELLING 5**

Teen die agtergrond van die post-moderne tyd waarin ons leef, is die navorser oper en gemakliker met **talle onsekerhede** en die idee om nie presies te weet nie. Die **voorlopigheid** van ons insigte en navorsing moet dus altyd verreken word. In die navorsing is daar na verhale geluister en is verhale saam ontdek en ontwikkel. Die Bybel is 'n **Verhaalboek** wat handel oor God se Verhaal met mense en die wêreld. In die pastoraat gaan dit juis om betrokkenheid. Ware verstaan vra betrokkenheid en betrokkenheid lei tot verstaan. Die **pneumatologie** is ook verreken want die mens word deur die Heilige Gees vernuwe en verander. Dit is juis die vernuwende werk van die Heilige Gees in stukkende en gebroke mense se lewens wat hul weer toelaat om te droom en nuwe stories van hoop te konstrueer. So word hul lewensverhale grondig herskryf, tot in die kern.

University of Pretoria etd – Botha, J A (2004)

## STELLING 6

Egskeiding is sekerlik een van die mees traumatiese gebeure in mense se lewens. Die **trauma en verlies** as gevolg van 'n egskeiding raak soveel mense se lewens en niks is gewoonlik weer dieselfde nie. Verskillende verhale ontwikkel en dit word soms selfs totaal en al verskillend geïnterpreteer en beleef. **Narratiewe egskeidingsmediasie** word as 'n proses beskryf. Die proses leen homself uitstekend daartoe dat al die medenavorsers se verhale gehoor word. Die gesin word as 'n **verhalende kultuur of 'n geïnterpreteerde gemeenskap** beskryf. Gesinne word gevorm deur die verhale wat hul deel en waarmee hulle hul identiteit konstrueer. Dit is 'n groep mense wat binne 'n bepaalde konteks hul lewens op dieselfde manier verstaan en interpreteer. Egskeiding is 'n vasgeloopte en/of noodverhaal binne 'n verhalende kultuur/interpreterende gemeenskap waar daar nie meer tot dieselfde verstaan en interaksie gekom word nie. In die proses van narratiewe pastorale egskeidingsmediasie kom die navorser en medenavorsers tot nuwe insigte deur middel van hul verhale rondom die hele samestelling, funksionering en her-samestelling van die gesin voor, tydens en na die egskeiding.

## STELLING 7

**Dekonstruksie, "re-framing" en eksternalisering** word in die navorsing as **hulpmiddels** aangewend om stories van hoop in die narratiewe pastorale egskeidingsmediasie proses te konstrueer. Deur die dekonstruksie van die nood en vasgeloopte verhale van die medenavorsers, kan nuwe toekomsstories en stories van hoop gekonstrueer word. Met behulp van "re-framing" kan die persepsies van die medenavorsers verander word en dit beïnvloed hul interpretasie van gebeure of verhoudings. Eksternalisering is 'n hulpmiddel wat deur middel van taal, die probleem van die identiteit van die persoon skei. Die persoon is nie die probleem nie, want die probleem is die probleem. Die probleem is iets buite die persoon wat hanteer moet word.

University of Pretoria etd – Botha, J A  (2004)

## STELLING 8

Die navorser is 'n **hoopdraer** wat die medenavorsers daaraan moet herinner dat daar hoop is, 'n hoopvolle toekomsverhaal wat op 'n unieke wyse God se betrokkenheid in elkeen se lewensverhaal sal verwoord. Medenavosers met vasgeloopte/noodstories moet saam met die navorser 'n nuwe toekomsverhaal konstrueer – 'n verhaal van Christelike hoop. Hoop en verwagting word gevestig as gevolg van hul betrokkenheid by mekaar en by die storie. In die navorsingsproses word daar nie gehoop op die hoop nie, maar daar word gehoop op God en Sy **opstandingskrag**.

## STELLING 9

Die navorsingsproses word dikwels oorheers deur die stem van die **"expert"/navorser**. Die "expert"/navorser en **dominante diskoerse** kan nie alleen gehoor word nie. Die **gemarginaliseerde stemme** moet veral geïdentifiseer en ontwikkel word. Die kinders, die stil, goeie man/vrou, die ouer wat nie toesig en beheer oor die kinders verkry nie, kan almal as gemarginaliseerde stemme beskou word. In die navorsing is drie minderjarige kinders en twee vroue gebruik as medenavorsers wat die geleentheid gebied het om 'n vollediger prentjie te skilder van die hele proses omdat hul stemme ook gehoor en hoog geag is gedurende die navorsingsproses.

## STELLING 10

Ondanks die gebrokenheid, verlies en trauma van 'n egskeiding is daar tog talle **stories van hoop**. Stories wat vertel van nog 'n kans. Stories van hoop is een van die hoofkomponente van die verhale in die navorsing. Groei en heelwording kan plaasvind ondanks die verlies en verhale van trauma in die medenavorsers se lewens. Deur stories van hoop te konstrueer is heler en gelukkiger mense toegerus vir die lewe. Die stories van hoop bevestig dat 'n **"suksesvolle" egskeiding** tog moontlik is.